TR 79-25

# 'N STUDIE VAN DIE HOUDING EN GESINDHEID TEENOOR SPESIALE ONDERWYS SOOS GEOPENBAAR DEUR 'N GROEP OUERS VAN SPESIALE KLAS-LEERLINGE IN OOS-KAAPLAND

Proefskrif

Ingelewer ter Gedeeltelike Vervulling
van die Vereistes vir die Graad

van

DOKTOR IN DIE WYSBEGEERTE

aan die Universiteit Rhodes

deur

JEREMIA CORNELIUS ESIAS BOUWER

Desember 1978

# VOORWOORD

In die eerste plaas word 'n besondere woord van dank aan prof. A. Noble gerig vir sy welwillende hulp, belangstelling en bekwame leiding. Dit was 'n baie aangename en verrykende ervaring om met sy advies te kon studeer.

Ook word met dank die geldelike bystand erken wat deur die Kaaplandse Onderwysdepartement toegeken is. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is deurgaans dié van die ondersoeker self in sy persoonlike hoedanigheid en moet nie gesien word as synde die menings of gevolgtrekkings van die Kaaplandse Onderwysdepartement te wees nie.

Ook word waardering uitgespreek teenoor die personeel van die Rhodes Universiteitsbiblioteek en die biblioteek van die Rhodes Opvoedkunde-departement. Die bereidwilligheid van hierdie persone om te alle tye hulp te verleen, word op prys gestel.

Erkenning word ook gegee aan mev. M. Horne vir keurige tikwerk en die verantwoordelikheid waarmee dit gedoen is. Taalkundige versorging is deur mevr. M. Greeff gedoen.

Ook 'n woord van dank aan die onderskeie skoolhoofde en leerkragte vir hulp in verband met hierdie ondersoek.

Aan my eggenote word dank uitgespreek vir ondersteuning en daadwerklike hulp.

## INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| DOEL VAN ONDERSOEK | | 1 |
| AFDELING A - OORSIG VAN LITERATUUR. | | |
| INLEIDING | | 2 |
| HOOFSTUK 1. | | |
| OUERLIKE REAKSIE TEENOOR VERSTANDELIKE GESTREMDHEID. | | 4 |
| 1.1 | Verhouding met gemeenskap | 4 |
| 1.2 | Verhouding van gestremde met gesin | 7 |
| 1.3 | Houding van die ouer teenoor die gestremde | 11 |
| 1.4 | Ouerlike verwagtinge ten opsigte van hul verstandelik-gestremde kind | 32 |
| HOOFSTUK 2. | | |
| MANIFESTASIES VAN OUERLIKE REAKSIES. | | 34 |
| 2.1 | Inleiding | 34 |
| 2.2 | Stadia na bewuswording van gestremdheid | 36 |
| 2.3 | Reaksie van skok | 41 |
| 2.4 | Weiering van ouers om diagnose te aanvaar | 44 |
| 2.5 | Positiewe siening van ouers se nie-aanvaarding | 56 |

Bladsy

2.6 Ambivalente gevoelens by ouers 62

2.7 Kroniese droefheid 67

2.8 Skuld- en Angsgevoel 69

2.9 Soeke van ouers na oorsprong van gestremdheid 76

2.10 Positiewe siening van die skuldgevoel 81

2.11 Onttrekking aan die Gemeenskap 82

2.12 Gevoel van verbittering 86

2.13 Gevoel van verwarring 87

2.14 Geneigdheid om blaam op andere te plaas 88

2.15 Vyandigheid teenoor professionele persone 89

2.16 Effek op huweliksverhouding 91

2.17 Begeerte tot meer kinders 93

HOOFSTUK 3.

HULPVERLENING AAN OUERS. 97

3.1 Inleiding 97

3.2 Toeligting van terme: psigoterapie en beraad 98

3.3 Besoeke aan ouers 106

3.4 Oueropvoeding 106

Bladsy


3.5 Die waarde van terapie 108

3.6 Behoefte van ouers aan voorligting 113

3.7 Die verhouding tussen voorligter en ouer 121

3.8 Riglyne by ouer-voorligting 127

3.9 Groepwerk en skakeling met ander ouers 145

3.10 Die skool en die ouer 157

3.11 Verslaggewing aan die ouer 162

3.12 Ten besluite 165

HOOFSTUK 4.

SPESIALE ONDERWYS IN KAAPLAND. 167

4.1 Uitkenning van leerlinge vir Spesiale Onderwys 167

4.1.1 Standpunte betreffende oorerwing en omgewingsfaktore (175 - 181)

4.2 Kenmerke van die leerling 196

4.3 Vooroordeel teen Spesiale Klasse 208

4.4 Doelstellings van Spesiale Onderwys 210

4.4.1 Basiese behoeftes van leerlinge 213

4.5 Organisasie van Spesiale Onderwys 218

Bladsy

4.6 Struktuur en omvang in Kaapland 230

4.6.1 Eksaminering en Sertifikaat-uitreiking 233

AFDELING B - DIE ONDERSOEK.

HOOFSTUK 5.

DIE INSTRUMENT, MET SPESIALE KLEM OP WERK MET DIE THURSTON SENTENCE COMPLETION FORM TSCF EN WYSIGINGS DAARVAN DEUR THURSTON EN ANDERE. 235

5.1 Beknopte samevatting van die geskiedenis van die sinvoltooiingstoets 235

5.2 Kenmerke van die sinvoltooiingstoets as 'n ondersoekmetode 241

5.3 Ondersoeke waarby die TSCF gebruik is 254

5.4 Die TSCF 262

5.5 Die gewysigde TSCF 267

5.5.1 Aangepaste items 273

HOOFSTUK 6.

OPGAWE VAN BIOGRAFIESE BESONDERHEDE. 280

6.1 Beroep van ouer 282

6.2 Skoolopleiding 285

6.3 Na-skoolse opleiding 287

Bladsy

6.4 Kerkverband 288

6.5 Lidmaatskap van Klubs of Organisasies 291

6.6 Grootte van gesin 293

6.7 Jaarlikse inkomste 294

HOOFSTUK 7.

VERKRYGING EN VERWERKING VAN GEGEWENS. 296

7.1 Verspreiding van vorms 296

7.2 Indeling van response 298

7.3 Statistiese verwerking 306

7.4 Ongeklassifiseerde response 319

7.5 Onvoltooide sinstamme 320

7.6 Ontleding van response per item 323

7.7 Samevattende bskouing na aanleiding van groepering volgens die 7 velde deur Thurston gestel 386

AFDELING C - AANBEVELINGS.

HOOFSTUK 8.

8.1 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 392

8.2 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 396

Bladsy

BIBLIOGRAFIE

GERAADPLEEGDE BRONNE WAARNA IN TEKS VERWYS WORD 402

GERAADPLEEGDE BRONNE NIE IN TEKS VERMELD NIE 423

WERKE DEUR SKRYWERS AANGEHAAL 430

BYLAE A - Modified TSCF 433

B - Doelstellings van Spesiale Onderwys 441

C - Deklarasie van Regte 472

# TABELLE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Tabel 1. | Personeeltoekenning aan Spesiale Klasse | 229 |
| Tabel 2. | Struktuur van Spesiale Onderwys in Kaapland | 231 |
| Tabel 3. | Getal ouers wat gereageer het | 281 |
| Tabel 4. | Verspreiding van beroepe | 284 |
| Tabel 5. | Verspreiding van Skoolkwalifikasies | 286 |
| Tabel 6. | Vergelyking van skoolopleiding volgens taalgroepe | 287 |
| Tabel 7. | Kerkverband van ouers | 290 |
| Tabel 8. | Deelname aan georganiseerde sosiale bedrywighede | 292 |
| Tabel 9. | Aantal kinders per gesin | 293 |
| Tabel 10. | Jaarlikse inkomste van ouers | 295 |
| | Gegewens betreffende positiewe-, negatiewe-, ongeklassifiseerde response en onvoltooide items | |
| Tabel 11.1 | Totale getal ouers | 300 |
| Tabel 11.2 | Ouers: per veld | 301 |
| Tabel 11.3 | Vaders en moeders: Engelssprekend | 302 |
| Tabel 11.4 | Vaders en moeders: Afrikaanssprekend | 302 |
| Tabel 11.5 | Moeders: Engelssprekend | 303 |
| Tabel 11.6 | Vaders: Engelssprekend | 303 |

Bladsy

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 11.7 | Moeders: Afrikaanssprekend | 304 |
| Tabel 11.8 | Vaders: Afrikaanssprekend | 304 |
| Tabel 11.9 | Moeders: Engels- en Afrikaanssprekend | 305 |
| Tabel 11.10 | Vaders: Engels- en Afrikaanssprekend | 305 |
| Tabel 12 | Response wat nie as positief of negatief ingedeel is nie | 320 |
| Tabel 13 | Onvoltooide sinstamme per item | 322 |

## Samevattende oorsig.

Die weerstand wat ouers soms teen Spesiale Onderwys bied, kan stremmend inwerk op leerlinge. Om 'n insig in die gesindheid van ouers van Spesiale Klas-leerlinge te verkry, is 'n gewysigde vorm van die Thurston Sentence Completion Form gebruik. Die vorms is deur ouers van leerlinge in 'n aantal Spesiale Klasse in Oos-Kaapland voltooi en die response is in positiewe en negatiewe reaksies ingedeel. Ook is elke item ontleed. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die meeste ouers tog wel positief ingesteld is teenoor Spesiale Onderwys en inderdaad erkenning verleen aan die werk wat in die klasse gedoen word. Die behoefte aan 'n nouer skakeling tussen die betrokke ouers en die skole het duidelik na vore gekom.

# DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die voorsiening van onderwys aan die hooggradige verstandelik-gestremde leerling is 'n faset van die onderwys wat aansienlike aandag geniet. In 'n latere hoofstuk sal daar by hierdie deel van die onderwysprogram stilgestaan word en sal daar gewys word op die erns waarmee die owerhede die belange van hierdie groep leerlinge benader. Ten spyte hiervan word dit tog gevind dat ouers dikwels heftig teenstand bied wanneer oorplasing vir die kind voorgestel word. Dit is jammer dat hierdie weerstand bestaan aangesien dit stremmend op die onderwysproses kan wees en niemand ten goede kom nie.

Aangesien die ondersoeker oor 'n tydperk van bykans 20 jaar talle onderhoude oor Spesiale Klas-plasing gevoer het en dikwels onder die indruk van die intense emosionele reaksie van ouers gekom het, is daar gevoel dat navorsing gedoen moet word om 'n beter begrip van die ouers te verkry.

Die doel van hierdie ondersoek is dan om die redes te probeer peil vir die weerstand en 'n poging om 'n insig in die ouerlike siening van Spesiale Onderwys te verkry. Die samewerking en goeie gesindheid van ouers is so belangrik dat die noodsaaklikheid hier gestel word vir 'n nouer skakeling met die ouers en dat 'n gerigte poging deur skole aangewend moet word om die Spesiale Klas-ouer by die skool se bedrywighede te betrek.

# AFDELING A.

# OORSIG VAN LITERATUUR

# INLEIDING

Dit is opmerklik dat min studies nog tot op datum gedoen is oor die ouer van die hooggradige gestremde leerling. Uit die wye veld van geskrifte oor die ouer van die verstandelik-gestremde kind was die oorgrote meerderheid van die ondersoeke gerig op die ouers van onopvoedbare kinders of dan die laaggradige vlak, met ander woorde die kind wat nie in die normale skool aangetref word nie. Literatuur oor die problematiek van die ouer van die gestremde leerling op laerskoolvlak is uiters gering. Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973) wys daarop dat in hul verkenning van die literatuur oor die ouer en die gesin van die "diepzwakzinnig kind" * vind hul dat in die eerste agt jaargange, 1964 - 1971, van die tydskrif "Mental Retardation Abstracts" van die National Clearinghouse for Mental Health Information het slegs 260, dit wil sê, 1,5% van die 17000gerefereerde boeke en artikels, op die ouer en die gesin van die "zwakzinnige" betrekking gehad.

---

* Die term "zwakzinnig" in Nederlands verwys meer na die hooggradige gestremde in Afrikaans. Word die algemene term "swaksinnig" in Afrikaans gebruik, dui dit op die Nederlandse begrip "diepzwakzinnig". Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973) stel dit dat hul studie beperk was tot "ouders van en gezinnen met diepzwakzinnige kinderen, waarbÿ we dan onder 'diepzwakzinnig' verstaan imbeciel of idioot. Elseviers (1968) stel zwakzinnigheid gelyk aan oligofrenie wat "idiotie, imbecieliteit en debiliteit" insluit. Die term debiel stem ooreen met die hooggradige verstandelikgestremde in Afrikaans.

Dalton en Epstein (1963) meld dat die probleme van die ouer van die opvoedbare verstandelikgestremde kind aanmerklik verskil van dié van die ouer van die laaggradige. Hierdie ouer het die essensiële verskil met die ouers van die meer ernstige grade van gestremdhede in soverre dat laasgenoemde toestande op 'n vroeë stadium van die kind se lewe gediagnoseer kan word. Wat van belang is, is dat diagnose by hierdie kinders reeds op die voorskoolse stadium plaasvind, byvoorbeeld gevalle van microcefalie, cretinisme, mongoloïdisme. (Van den Berg, 1967). Klassifikasies van die erggestremde word vry algemeen in die literatuur oor die psigopatologie en verstandelike gestremdheid aangetref, byvoorbeeld Henderson en Gillespie (1962), L.C. Kolb (1968), Robinson en Robinson (1965), Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973), Rothstein (1961), Lippman (1971), L.S. Gillis (1977). Die ouer van die laaggradige gestremde leerling word dus betreklik kort na die geboorte met die toestand gekonfronteer en moet sy aanpassings en hantering van die situasie op 'n vroeë stadium doen. Die gebrek van die kind is ook dikwels duidelik waarneembaar, die ouer is bewus daarvan dat die prognose swak is en dat die toestand permanent is. In die oorsig van die literatuur dui die bevindinge hoofsaaklik op die posisie van die ouer in hierdie situasie - 'n ouer wat op 'n vroeë stadium van sy kind se lewe met 'n onweerlegbare feit gekonfronteer word.

Die ouer van die Spesiale Klas-leerling bevind hom in die posisie dat die eerste manifestasie van verstandelike

gestremdheid vir die leke-waarnemer, dit wil sê die ouer, familie en vriende, eers duidelik word na die leerling op skool is. Gedurende die volle voorskoolse tydperk het die ouer dus die verwagtinge en vooruitsigte gehad dat sy kind 'n normale skoolvordering sal belewe. Die konfrontasie met die toestand geskied dus op 'n baie later stadium - wanneer die leerling reeds 'n ouderdom van tussen 7 tot ± 12 jaar bereik het. (Dit gebeur selde dat leerlinge reeds op sesjarige ouderdom vir Spesiale Onderwys geklassifiseer word). Hierdie ineenstorting van die ouer se ideale op 'n betreklik laat stadium van sy kind se ontwikkeling is 'n studieveld wat meer aandag verg.

# HOOFSTUK 1.

## OUERLIKE REAKSIE TEENOOR VERSTANDELIKE GESTREMDHEID.

Die emosionele skok by die eerste bewuswording van gestremdheid is vir die meeste ouers 'n ondervinding wat hoë eise aan die gemoedslewe stel. Na die aanvanklike nie-aanvaarding van die toestand, die hoopvolle verwagting dat die raadpleging van 'n ander persoon of instansie gerusstelling of genesing sal bring, volg die tydperk van frustrasie en ineenstorting van verwagtinge en ideale. Hierdie toestand gaan dikwels gepaard met 'n skuldgevoel - 'n selfverguising soms met sy eie probleme. Hierdie selfbeskuldiging kleur die hele lewenspatroon van die ouer in mindere of meerdere mate afhangende van die individu.

### 1.1 Verhouding met gemeenskap.

Ook die ouer se verhouding met die samelewing word beïnvloed. Dikwels is daar by die ouer 'n onbewuste gevoel van verwerping van die gestremde kind deur die gemeenskap - die ouer verklaar dat

die samelewing nie sy kind sal aanvaar nie - dat die oorplasing na die Spesiale Klas 'n verwerping deur die skool is. (Mededelings deur ouers tydens verskeie persoonlike onderhoude).

Die samelewing is ook nie geheel-en-al vry te spreek van hierdie reaksie van die ouer nie. By die breë publiek is daar 'n besliste gevoel van nie-aanvaarding van die persoon wat "anders" is. Die oplossing skyn hier te lê in "rehabilitasie" van die ouer, enersyds, en opvoeding en inligting aan die publiek, andersyds. Juis deur sy bewusmaking en beklemtoning van die andersheid van hierdie kinders bemoeilik die gemeenskap die verwesenliking van daardie kinders se potensiaal. Hierdie verskynsel manifesteer hom selfs vandag nog in enkele van ons skole. Dit is 'n bekende feit dat daar leerkragte is wat die leerling wat op Spesiale Onderwys aangewys is, of wat alreeds in die Spesiale Klas is, as't ware "afskryf" (term deur skoolhoof tydens onderhoud gebruik) en ook geen geheim daarvan maak nie. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die ouers se vrees van verwerping nie altyd ongegrond is nie. 'n Inleiding tot die studie van Spesiale en Buitengewone Onderwys skyn aangewese te wees tot insluiting by die curricula van onderwysopleiding. Dit is noodsaaklik dat onderwysstudente op alle vlakke

met die hele spektrum van die onderwys kennis maak. Dit behoort die afsydigheid wat by sommige leerkragte wat nie in Spesiale Onderwys staan nie, aangetref word, te verminder.

Die groot waarde van Spesiale Onderwys deur albei sy groot komponente, te wete, as 'n aparte klas in 'n gewone skool sowel as die beroepsgerigte Spesiale Skool, is juis daarin dat daar getrag word om die andersheid te verminder. Die leerlinge word gelei om 'n volwaardige posisie in die samelewing in te neem - 'n doel waarin die onderwysowerhede uitmuntend slaag. Tot hierdie gevolgtrekking kan gekom word op grond van die positiewe mededelings deur verskeie oud-leerlinge van Spesiale Skole wat tans verantwoordelike posisies in die samelewing beklee. In die plaaslike omgewing word hierdie persone onder meer in die volgende hoedanighede aangetref: motorwerktuigkundiges, haarkapsters, loodgieters, een persoon bedryf sy eie sake-onderneming, toonbankassistente, vakleerlinge, elektrisiëns, paneelkloppers, skrynwerkers, blokman, sweiser, handelsreisiger en boer. Slaag die onderwys daarin om die andersheid te verwyder of te verminder, verdwyn die gemeenskap se gevoel van distansiëring ook.

Mandelbaum en Wheeler (1963) het in hul werk met die erg-gestremde kind bevind dat die ouers nie alleen verward voel nie, maar ook baie gevoelig is vir blyke van verwerping deur ander. Die skrywers stel dit dat hoewel die gemeenskap deur die jare meer verdraagsaam teenoor die verstandelik-gestremde geword het in vergelyking met die opvattings van die vorige eeue het die gevoel van verwerping nog nie volkome verdwyn nie. Hierdie gevoel is ook nie net tot

die oningeligte beperk nie, maar kan by die ouer en by die professionele persoon self aangetref word. Dit is nodig om 'n goeie begrip van hierdie verskynsel te hê by hulpverlening aan ouers.

Kirk en Johnson (1957) wys daarop dat die ouer soms self die kind bewustelik of onbewustelik verwerp. Soms verskoon die ouer homself of vrywaar hom van alle blaam deur klem te lê op die kind se gestremdheid.

Gellman (1960) stel dit dat die sosiale klimaat van so 'n aard is dat verwerping deur die gemeenskap mag plaasvind. Om die vooroordeel wat daar teenoor die gestremde is, teen te werk, word 'n opvoedingsprogram aanbeveel wat die volgende sal beklemtoon: (1) aanvaarding van die gestremdheid as 'n natuurlike verskynsel wat sekere veranderinge in die gewone lewenspatroon tot gevolg het; (2) erkenning van die feit dat die gestremde 'n rol kan speel op skool, werk- of ontspanningsvlak; (3) die gebruik van positiewe werk-spesifikasies wat sekere bekwaamhede beklemtoon; (4) die vermyding van negatiewe werksbeskrywings wat tot die verwerping van die gestremde lei en (5) dat bykans elke gestremde 'n bydrae tot die samelewing kan maak.

## 1.2 <u>Verhouding van gestremde met gesin</u>.

'n Kenmerk van die laaggradige gestremde wat nie by die Spesiale Klasgeval geld nie, is die hele aangeleentheid van versorging. Die oligrofreen het dikwels nuwe probleme wat

daartoe lei dat sodanige persoon voortdurend versorg moet word met gepaardgaande verhoogde uitgawes of die verhindering van die moeder om self te werk en die gesinsinkomste aan te vul. Selfs waar 'n kind in 'n staatsinrigting opgeneem word, bring dit tog addisionele uitgawes vir die ouers mee. Ook die volwasse gestremde kan 'n finansiële probleem vir die ouer skep. Gewoonlik is hy nie in staat om te werk nie en indien daar tog wel ongeskoolde werk verrig word, is daar min sekuriteit.

Die Spesiale Klas-leerling is onafhanklik sover dit liggaamlike versorging betref; hy bied sy ouers vryheid van beweging en, veral diegene wat 'n Spesiale Skool bygewoon het of onder sekere omstandighede die Praktiese Kursus deurloop het, beskik oor opleiding wat die applikant in staat stel om geskoolde arbeid te verrig en finansieel selfversorgend te wees.

Die verhouding van die gestremde met die res van die gesin en sy posisie en status daarin is van kardinale belang in sy ontwikkeling. McMaster (1973) wys daarop dat die gesin die fundamentele faktor in die sosialiseringsproses van enige kind is. Daar word in toenemende mate waarde geheg aan die belangrike waarde van die eerste jare op die ontwikkeling van die kind. In die geval van die verstandelikgestremde is daar nog te min aandag aan die vormende invloed van die gesin gegee. Enige opvoedingsbeleid wat nie aandag aan die feit skenk dat die skool en die huis vennote in die opvoedingsproses is nie, is werklik nie volledig en realisties nie. Die opvoeding van die verstandelik-gestremde is die terrein van die sosiologie, die sielkunde, die

opvoedkunde en die mediese wetenskap. Varma (1974) kom tot die gevolgtrekking dat daar ongelukkig 'n sweem van waarheid is in die kommentaar van 'n ouer van 'n gestremde kind: "Truly a handicapped child is a handicap family". Mendelsohn (1954) wys op die spanning waaraan die ouer van die gestremde onderhewig is.

Harada (1975) haal Holt, (1958), aan wat in sy studie vind dat nie een van die gesinne wat hy ondersoek het, 'n volkome emosionele aanpassing gemaak het nie. "The parents of a mentally retarded can never fully understand and accept the situation. They make good adjustments, but some of the early feelings, doubts and hopes persist."

Die houding van die ouer teenoor die verstandelik-gestremde kind is van veel meer as akademiese belang. 'n Negatiewe houding kan 'n uiters skadelike effek op sowel die kind as die ouer hê. Indien dit nie gesond is nie, kan dit tot 'n selfopgelegde mindere of meerdere sosiale isolasie lei. Langdurige spanning en bekommernis kan ook tot siektetoestande aanleiding gee. Holt (1958) vind hierdie verskynsel veral by moeders (een derde van die gevalle). By die vaders was die voorkomssyfer aansienlik laer (11 gevalle uit 170).

Die effek van emosionele reaksies op die liggaam word ook deur Toffler (1975) gestel. Verwysende na die navorsing van Holmes en Rahe wys Toffler op die effek wat verandering kan teweegbring. Deur 'n studie van die veranderinge wat in 'n persoon se lewe plaasgevind het, en die emosionele

reaksies daarop, is dit moontlik om 'n voorspelling ten opsigte van siektetoestande te maak. Na navorsing is 'n skaal opgestel om die relatiewe graad van effek aan te dui. So is die oorlye van 'n lewensmaat 'n waarde van 100 punte, ontslag uit die werk 47 punte, verandering in finansiële toestand 38 punte en verwisseling van huis byvoorbeeld 20 punte. 'n Lys van 39 gebeurlikhede is deur Holmes opgestel. (Bourne en Ekstrand, 1973). Indien 'n persoon binne een jaar 'n totaal van 300 punte ervaar, is die kanse 80% vir patalogiese depressiwiteit, 'n hartaanval of 'n ander ernstige kwaal. Tussen 150 - 300 is die kanse 53% en 33% tot by 150.

De Leeuw-Aalbers (1954) stel dit dat die gesin met 'n gestremde kind soos 'n sfeer is waarin een pool te veel spanning na homself trek met die onvermydelike gevolg dat die ander verhoudinge ook onderling beïnvloed word. Dit gebeur soms dat die nie-gestremde kinders in die gesin as 't ware deur een of meer van die ouers verwyt word vir die feit dat die gestremde kind nie tot hulle prestasies in staat is nie. Die nie-gestremde voel veronreg hieroor en ontsê homself dikwels sekere genietinge en prestasies om 'n bedekte verwyt te vermy. Daar is kinders wat hul lewe deurbring in 'n gedempte, skuldbelaaide sfeer vanweë die aanwesigheid van 'n gestremde broer of suster. Die vyandigheid wat die moeder nie teenoor die gestremde kind mag koester nie, word na die nie-gestremde kind verplaas.

## 1.3 Houding van die ouer teenoor die gestremde.

Harada (1975) wys daarop dat 'n objektiewe ondersoek na die houdings van ouers teenoor hul kinders altyd moeilik sal bly totdat 'n duidelike definisie en omlyning van ouerlike houdings daargestel is. So 'n verskaffing van kriteria sal 'n uiters omvattende studie van groot getalle gesinne verg. Ook leen ouerlike houdings hul moeilik tot statistiese evaluering. Omdat hulle met ouers as individue te make het, is die houdings gekompliseerd, veranderlik en hoogs afhanklik van die kulturele norme van die oomblik. Die alternatief skyn die waarnemer se aanvoeling van 'n bepaalde ouerlike houding te wees waarvolgens hy sy eie kriterium vir 'n spesifieke houding kan daarstel. 'n Probleem is verdere navorsing deur andere met hierdie besondere norme as maatstaf. Dit is ook nie moontlik om 'n houding teenoor 'n gestremde kind in isolasie te bestudeer nie, maar moet die houdings van ouers teenoor nie-gestremde kinders as kontrole neem.

Ook die houding van die gemeenskap is van belang. Prins (1972) wys op die vooroordele teen die gestremde wat van die normale afwyk. Die vooroordeel dat die verstandelik-gestremde tog nie kan leer nie, het die onderwys vir hierdie leerlinge baie lank gestrem. Prins (1972) vind die meerderwaardigheidsgevoel by nie-gestremdes teenoor hierdie groep selfs al by 9-jarige kinders. Die meerderwaardigheidsgevoel by die nie-gestremdes vererger 'n gevoel van minderwaardigheid by die gestremde.

'n Belangrike bydrae tot die houding van die ouer en die effek wat dit op die kommunikasie tussen die ouer en gestremde kind het, word deur Marshall, Hegreves en Goldstein (1973) gelewer. 'n Ondersoek na die kommunikasie tussen ouers en hul gestremde kinders op verbale vlak is onderneem. Die ondersoek is gedoen op 20 moeders en hul gestremde kinders en 20 moeders met nie-gestremde kinders. Die verbale kommunikasie tussen ouer en kind is in 4 kategorieë ingedeel wat as volg aangedui word: "mand, tact, intraverbal en echoic". Dit is nodig dat die verklaring van die terme woordeliks weergegee word: "Manding verbal behaviour including demanding, commanding, requesting and asking. A tact was naming, labelling or describing as a verbal response to a stimulus. Intra-verbal responses are described as being under the control of verbal stimuli but have no point to point correspondence with them. Echoic responses are described as the repetition of a response that has been made by another person." Daar is gevind dat herhaling (echoic) meer by die gestremde kind voorkom. 'n Belangrike bevinding was die beduidende gebruikmaking van bevele, versoeke, opdragte en aanwysings in die kommunikasie tussen moeders en hul gestremde kinders. Die volgende moontlike verklarings word aan die hand gedoen: (1) Die kind se liggaamlike ontwikkeling is nader aan die normale as sy verstandelike ontwikkeling met die gevolg dat die sosialisering van die kind beperk is en dus 'n groter mate van eksterne kontrole van die ouer verg. Sulke beheer vereis bevele en opdragte (mand). Hierdie wyse van praat kon met verloop van tyd 'n gewoonte word en die oorheersende kenmerk van die kommunikasie tussen ouer

en kind word. (2) Die leerling se beperkte verbale ekspressiwiteit lei tot 'n uitsluiting van die ander. kategorieë in die moeder se verbale interaksie met hom. (3) Die moeder se opdragte word gewoonlik gevolg deur 'n liggaamlike handeling deur die kind eerder as 'n verbale respons. Hierdie reaksie lei daartoe dat die moeder se kommunikasie al meer tot die "mand" beperk is.

Hierdie studie van die skrywers is van belang aangesien dit die vlak van kommunikasie tussen die ouer en die gestremde kind raak. Die vraag word gestel of ouers nie 'n groter bydrae tot hul kinders se funksionele kommunikasievermoë kan maak deur 'n ryker en groter verskeidenheid van verbale kontakte nie. Die skrywers doen aan die hand dat verdere navorsing op hierdie terrein van ouerlike houdings gedoen word.

Gumz en Gubrium (1972) het navorsing gedoen betreffende die reaksies van vaders en moeders onderskeidelik in die persepsie van hul verstandelik-gestremde kind. Hoewel nie konstant statisties beduidend nie, blyk dit dat vaders die gestremde kind instrumenteel (instrumentally) sien, terwyl moeders se persepsie meer ekspressief (expressive) is. Die skrywers verduidelik die terme as volg: "The instrumental function focuses on relations of the system with other systems, its goals are to achieve adaptation, to maintain equilibrium and instrumentally to establish the desired relations to external goal objects. The expressive area concerns itself with the 'internal' affairs of the system, to maintain integrative relations between members and to manage tension between component parts of

the social system". In die lig van hierdie definisie kom die skrywers tot die gevolgtrekking dat die reaksies van die vader blykbaar meer gerig is op probleme met die gestremde kind ten opsigte van effek op die huishoudelike inkomste en algemene finansiële aspek terwyl die moeder se besorgdheid klaarblyklik meer geslaan het op die emosionele spanning in die versorging van die kind, die effek op die huisroetine, die ekstra tyd wat aan die gestremde bestee moet word en die vermoë van die moeder om harmonie en integrasie in die huis te bewaar. In die tweede plek blyk dit dat vaders meer bekommerd is oor die feit of die kind homself sal kan handhaaf, of hy 'n wenner sal kan wees. Die moeder is klaarblyklik meer besorgd oor sy verhouding met ander persone, of hy vriende sal kan maak en kan behou en die standpunt dat hy nie die hoogste sport hoef te bereik om gelukkig te wees nie. Betreffende toekomsverwagtinge het dit geblyk dat vaders groter ag geslaan het op vrae soos die toekomstige posisie van die gestremde kind - of hy selfstandig sal kan bestaan. Die moeder is meer geneig om bekommerd te wees oor sy aanvaarding deur andere, of hy beskermd sal wees teen emosionele spanninge en of hy gelukkig sal wees ongeag akademiese of werksprestasie. Die ouers wat in die ondersoek betrek was (50 pare), het 'n betreklik homogene groep gevorm weens vyf voorwaardes wat gestel is voor 'n ouer in die ondersoek ingesluit is. Soos die skrywers tereg opmerk, bied hierdie veld ruim geleentheid vir verdere navorsing.

Die implikasies van hierdie bevindinge word duidelik wanneer daar gedink word aan die hantering van,en onderhoudvoering met die ouer van die verstandelik-gestremde leerling wat nie op skool kan vorder nie en op spesiale onderwys aangewese is.

Kanner (1953) onderskei tussen drie groepe ouers op grond van hul reaksies op gestremdheid: (1) Die kind word aanvaar soos hy is. Die ouers volg 'n normale lewenswyse met inagneming van die behoeftes van elke lid van die gesin, insluitende die gestremde kind. (2) Die feit van die gestremdheid word aanvaar, maar die toestand word aan velerlei oorsake toegeskryf wat, as hulle verwyder kan word, die kind weer na normaliteit sal terugkeer. So word die blaam op die skool geplaas, op professionele persone of op die kind self wat dan van luiheid beskuldig word. Die kind ondergaan mangel- of ander operasies en word tot ekstra werk gedwing. Hierdie optrede lei tot spanninge by die kind. (3) Hierdie groep kan die realiteit nie insien nie. Hulle verklaar dat daar niks met die kind verkeerd is nie en dat dit normaal is dat sommige kinders laat ontwikkel. Dit is veral die reaksies by vaders wat in werklikheid min met die kind in aanraking kom. Die reaksies is diep veranker in die emosionele opset van die ouers. 'n Versmorende oorbeskerming, kille verwerping, verwaarlosing is in hul wese fundamentele reaksies wat in die gestremdheid 'n voor-die-hand-liggende verklaring vir die optrede sien.

Die houding van die ouer word ook beïnvloed deur die selfbeeld wat die ouer het. Michaels en Schucman (1962) wys op die geweldige slag vir die selfbeeld van die ouer wanneer

'n gestremde kind gebore word. Dit kan gesien word in die lig van die bykans neurotiese trots van prestasie en die volbringing van sosiale verwagtinge gedurende die swangerskap. By 'n persoon met 'n gebrekkige selfbeeld kan die ineenstorting van verwagtinge 'n aansienlike bydrae maak tot 'n allesoorheersende gevoel van waardeloosheid en kan tot selfmoordneigings lei. In sulke gevalle word die kind se gestremdheid as 'n bewys gesien van die ouer se negatiewe selfbeeld.

Rasionaliserings kan ook by sommige ouers voorkom in 'n poging om die ego-struktuur te bewaar. Dit neem die vorm aan van 'n soeke na 'n verklaring van die toestand waarin die ouer se selfbeeld ongeskonde en 'n vrywaring van skuldgevoelens sal wees. Die moeder mag die gestremdheid dan toeskryf aan 'n minder ernstige siekte of ongeluk gedurende swangerskap. Die skuld word ook dikwels op iemand anders geplaas, gewoonlik die geneesheer tydens die bevalling. Hierdie verskynsel sal breedvoeriger behandel word in 'n volgende hoofstuk.

Thurston (1959) beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n studie van die ouer van die gestremde aangesien die ouer die grootste vormende invloed op die kind het. Dit is die eerste persoon met wie hy in aanraking kom. Die houding van die ouer sal die beplanning van sy lewensloop bepaal. Kirk (1962) wys daarop dat dit eintlik moeilik is om die ouer se gedagtes te peil. Die onderwyser sien slegs die eindresultaat - die oorbeskerming of verwerping van die kind. 'n Onderwysprogram moet die ouer-kind-verhouding,

en veral die geskiedenis daarvan in ag neem. Dit is belangrik vir die ontwikkeling van sosialisering, persoonlike sekuriteit, selfbeeld en gevoel van behorende tot 'n eenheid.

Roos (1963) beskryf die traumatiese ondervinding van gestremdheid van die ouer. Dit kan tot ernstige innerlike konflikte lei. Begaandheid oor die godsdiens, die betekenis van die lewe, die tragedie van die dood, die onafwendbaarheid van eensaamheid en die betreklike onbenulligheid en hulpeloosheid van die mens kom soms by ouers voor. Hoewel nie so opvallend en duidelik soos die ander reaksies nie, moet die belangrikheid van hierdie begaandheid en die konflikte en vrese wat dit by ouers laat ontstaan, nie onderskat word nie.

Die hoë eise wat die gestremde, veral die erg-gestremde, aan die ouer stel, word deur Robinson en Robinson (1965) bespreek. Die besondere probleme van die kind, die stadiger gang van sy ontwikkeling en die aanpassings wat die ouers ten opsigte van hul toekomsverwagtinge moet doen, dra daartoe by dat die normale gesinsequilibrium verstoor word. Dit volg dus dat die gestremde se verhouding met sy ouers meer gekompliseerd en ambivalent is as die gewone, maar ook miskien meer intensief en langdurig. Die ouers van die gestremde kind het ook dikwels hulp nodig om die situasie te hanteer. Grobler (1967) wys daarop dat die kind die teleurstelling van sy ouers in hom aanvoel - 'n gevoel wat tot ernstige psigologiese reaksies kan lei. Daarom dat voorligting aan ouers so belangrik is om 'n opregte sinvolle verwerking van die situasie in die hand te werk.

Die onvermoë wat ouers het om objektief teenoor gestremdheid te staan, word deur Wardell (1952) gestel. Baie ouers dink dat 'n gestremde kind 'n refleksie op hulself of vorige geslagte is. Die ouer sal baie aandag bestee aan die oorsake van gestremdheid en waarom die lot hulle getref het.

Van Liefland (1951) wys daarop dat die ouer van die gestremde gevoelens van skroom en skaamte ervaar. Dit is in 'n mate daaraan toe te skryf dat die ouer hom in sy kind bedreigd voel - en ook nie altyd ten onregte nie. Hoewel dit waar is dat die gestremde (zwakzinnige) veel liefde en sorg ontvang, dit tog in 'n groot mate die vorm van 'n guns en toegeeflikheid aanneem. Die skrywer stel dit dat die gestremde hom op menslike regte kan beroep - die reg op 'n eiesoortige opvoeding en aangepaste onderwys, die reg op geskikte arbeid, die reg op eenvoudige ontspanning, die reg op eerbiediging van sy persoonlikheid. In hierdie verband verdien Kaaplandse Onderwysdepartement inderdaad lof vir die erkenning van hierdie menseregte sover dit die Spesiale Klas-leerling betref.

Ramfol (1972) wys ook op die verwagtinge wat die ouer koester. Die ouer se optrede teenoor die kind is uiters belangrik. Ideale wat aan die kind gestel word, moet realisties wees aangesien verwagtinge waaraan nie voldoen kan word nie, spanninge skep. 'n Kind wat in 'n atmosfeer van angs en spanning grootword, sal die neurotiese diffuse angs ook in sy volwasse lewe ondervind. Ook die onvoldoende sosiale ontwikkeling van die kind kan probleme vir die ouerlike verwagtinge skep. As die kind nie 'n

goeie sosiale aanpassing in die skool en met ander kinders in die buurt maak nie, is dit 'n ekstra emosionele las vir die ouers. (Stone, 1948).

Ook die ouer se sosiale aanpassing is van belang. Zuithoff en Schilp (1970) wys daarop dat die gemeenskap se reaksie beïnvloed word deur norme met betrekking tot menslike waardigheid, taboe's, godsdienstige opvattings en wetenskaplike insigte. Die houding van die ouers sal ook 'n afspieëling wees van die gemeenskap se siening. Hoe minder die ouer in staat is om die situasie te verwerk hoe groter sal die neiging wees om van die gemeenskap te onttrek.

Veel klem word gelê op die emosionele faktore in die ouer-gestremde kind-verhouding deur Wallin (1955). Die gevolgtrekking word gemaak dat 'n positiewe houding teenoor die gestremde van kardinale belang vir die opvoeding is. Dit word beklemtoon dat die samewerking van die ouer noodsaaklik is vir die verwesenliking van die doelstellings van Spesiale Onderwys. Die meeste ouers gee hierdie samewerking, maar tog is programme van ouer-opvoeding nodig. Sodanige programme moet die volgende insluit: inligting aan ouers betreffende die aard, oorsake en uitwerking van gestremdhede asook die sielkundige, sosiale, opvoedkundige en mediese behandeling van gestremde kinders. Aandag moet geskenk word aan die prognose en die aard en doel van die skoolprogram.

Dit is baie belangrik aangesien sekere vorms van wanaanpassing, psigiese probleme en inhibisies van gestremde leerlinge die gevolg is van die onbedagsame en foutiewe

hantering van die kind deur die ouers as gevolg van hul houdings - bewustelik of onbewustelik, verborge of openlik - en deur hul gedragspatrone. Die kinders word dikwels benadeel as gevolg van die emosionele probleme van die ouers - hul ontevredenheid, spanninge, skuldgevoelens en vyandigheid. Die outeur wys op die feit dat ouers dikwels hul emosionele probleme op die kind projekteer as 'n kompenserende reaksie of 'n oorreaksie van hul eie teleurstelling en die kind kan dus straf behandel word vir sy beweerde koppigheid, luiheid of stompsinnigheid. Hy mag die slagoffer word van onregverdige vergelykings, die blaam dra vir dinge wat verkeerd gaan, sekere voorregte ontsê word en gebuk gaan onder onredelike eise wat aan hom gestel word. Aan die ander kant kan hy ook oorvertroetel en oorbeskerm word sodat die geleentheid tot emosionele en intellektuele ontwikkeling en selfstandigwording hom ontneem word.

Die belangrikheid van die ouer se houding jeens die gestremde kind word ook deur Grebler (1952) beklemtoon. Die skrywer wys op die effek van 'n bepaalde houding op die ontwikkelingsgeskiedenis van die kind. Soos die geval met alle kinders, wil ook die gestremde weet dat hy aanvaar word. In die geval van die verstandelik-gestremde is die ouer aan addisionele spanning oor 'n langer tydperk onderhewig en word sy houding teenoor die kind meer deursigtig. Die ouer ly aan gevoelens van frustrasie en futiliteit. Die skrywer maak die stelling dat die studie van die ouerlike houding teenoor verstandelik-gestremde kinders in der waarheid 'n studie van die reaksies teenoor frustrasie is. Die ouers se persoonlikheidsprobleme word

deur die kind se probleme na vore gebring, hul gevoelens word verskerp en hul houdings het dus 'n groter impakt op die kind se ontwikkeling. Die gestremde kind op sy beurt het nie die insig om sy ouers se houdings te begryp nie en hoe moeiliker die ouers dit vind om die kind te aanvaar hoe moeiliker sal hy homself kan aanvaar. 'n Verstandelik-gestremde kind wat nie aanvaarding en sekuriteit in sy eie huis ondervind nie, sal 'n groter moontlikheid tot gedragsafwykinge hê, Ouerlike houdings fluktueer tussen die twee pole van menslike verhoudings, te wete liefde en haat wat hul uiting vind in aanvaarding en verwerping.

Na 'n studie van die ouers van 11 gevalle van kinders met 'n I.K. van laer as 75 (Hersiene Stanford-Binet Intelligensietoets en Wechler - skaal vir kinders) kom Grebler (1952) tot die gevolgtrekking dat : (1) die ouers gevoelens van frustrasie ervaar. (2) Die ouers teenoor hierdie frustrasie in terme van hul eie persoonlikheids-probleme reageer. (3) Die ouers se reaksie tot die kind se gestremdheid verwant is aan hul algemene houding teenoor die kind. (4) Ouers wat buite-instansies vir hul kind se toestand blameer, is geneig om die kind te verwerp. (5) Ouers met skuldgevoelens is geneig om ambivalente gevoelens te koester. (6) Ouers wat nie blaam toewys nie, vertoon aanvaarding van die kind. (7) As gevolg van ongunstige ouerlike houdings het verstandelik-gestremde kinders addisionele probleme wat dit vir hulle moeilik maak om selfs hul beperkte vermoëns ten volle te gebruik.

Prins (1972) beklemtoon ook die belangrikheid van die ouers se houding teenoor die gestremde kind. "Het accepteren en

het met toewÿding begeleiden leidt by het afwÿkende kind tot een gevoel van er-bÿ-te-behoren, het afwÿzen leidt tot isolatie en agressie, tot een gevoel van er-niet-by-te-behoren". Landman (1972) wys daarop dat dit bekend is dat die houding van die ouers in 'n groot mate die toekomsbelewing en "hoop-op-die-toekoms" van die jeugdige bepaal. 'n Houding wat opvoedkundig positief betekenisvol is, vereis die ouerlike aanvaarding van die gestremde kind of te wel die misdeelde kind soos dit in hierdie geskrif gebruik word. In die beroepsoriënteringsituasies moet die samewerking van die ouers verkry word om hul gevoelens van teleurstelling, angs en onsekerheid te bowe te kom. Hierdie gevoelens werk belemmerend in op die kind se ontwikkeling en toekomsperspektief. Die ouers moet gelei word om op hul beurt die gestremde te lei en te steun in sy aspirasies wat in ooreenstemming is met sy bekwaamhede en die arbeidsgeleenthede waar hy kan inskakel. 'n Negering hiervan benadeel ook dit wat wel vir hom moontlik is.
In hierdie verband wys Nel (1972) daarop dat dit begryplik is dat die affektiewe probleme van die gestremde kind soveel ernstiger is weens die feit dat baie ouers onkundig is omtrent die juiste pedagogiese hantering van hierdie kinders en die groter spanningstoestand waarin die kinders verkeer.

Worschel en Worschel (1961) stel dit dat werkers op die gebied van verstandelike gestremdheid saamstem dat die kind se houding teenoor homself grotendeels deur die ouers se houding teenoor hom beïnvloed word. Dit is dus belangrik dat diegene wat met die kind werk ook die ouers in aanmerking neem met die oog op die sosiale en emosionele ont-

wikkeling van die kind. In hul ondersoek met 22 gesinne (22 moeders en 17 vaders) kom die skrywers tot die gevolgtrekking dat die ouers oor die algemeen meer negatief teenoor hul gestremde kind ingestel is, selfs ten opsigte van persoonlikheidstrekke wat nie noodwendig met intellektuele prestasie verband het nie. Ook was die ouers se waarneming van hul gestremde kind beduidend afwykend van hul opvatting van die "ideale kind". Aan die ander kant was hul evaluering van "ander" kinders slegs in geringe mate meer positief as hul persepsie van die gestremde kind. Sommige ouers het die gestremde kind meer positief gesien as die meeste normale kinders. Die vraag ontstaan of hierdie paar ouers oorkompenseer het of met opset hul werklike evaluerings verberg het. Na ontleding van die reaksies teenoor die "ideale" en die gestremde kind kom die skrywers tot die slotsom dat daar wel van die ouers was wat basies in staat is tot aanvaarding van hul gestremde kind. Hierdie bevinding hou implikasies in vir die geestes-gesondheid en opvoeding van die gestremde. Die aanpassing van die kind word vergemaklik as die ouer hom meer geredelik aanvaar. Daar moet dus 'n poging aangewend word om die ouer tot aanvaarding te lei.

Thurston (1964) lewer 'n belangrike bydrae tot die studie van die ouer van die stadige leerder. Die skrywer wys op die gebrek van belangstelling in en belangstelling deur die ouers van hierdie groep leerlinge. Miskien lê die antwoord in die titel van sy artikel, naamlik, "Too close to Normalcy". Tekortkominge in die onderwys van hierdie leerlinge kan toegeskryf word aan die gebrek aan samewerking van die ouers. As die ouers aktief betrokke sou raak in

die voorsiening van onderwys aan hul kinders kan die situasie verander. Ouerlike inersie en weerstand plaas hindernisse in die vordering van hierdie leerlinge.

Om hierdie houding van die ouer van die stadige leerder te begryp, is dit nodig om te let op die ongewone status van intelligensie in die gemeenskap. Elke ouer verwag dat sy kind oor bo-gemiddelde intelligensie moet beskik hoewel dit statisties onmoontlik is. Ouers voel selfs verontrus en beledigd as hulle meegedeel word dat die leerling gemiddeld is. Om meegedeel te word dat hul kind onder gemiddeld is, is vir ouers uiters ontstellend. Hoewel daar groot verskille is, is dit of die stigma van uiterste verstandelike gestremdheid ook hierdie kinders insluit. Die ouer voel bedreigd en baie gaan van die standpunt uit dat 'n erkenning dat sy kind spesiale onderwys nodig het, inderwaarheid 'n erkenning teenoor die gemeenskap is dat sy kind minderwaardig is en dat die ouer self ook dus minderwaardig is.

Voorligting en opvoeding is nodig om ouers tot die begrip te bring dat hul weiering om die nodige stappe betyds te neem, die kind skade kan berokken. Hulle moet tot die besef gelei word dat dit moed en opregte liefde verg om sulke stappe in belang van die kind te neem hoewel dit ontstellend vir die ouers self kan wees. Die skrywer wys daarop dat ouers soms onder 'n verkeerde indruk gebring word betreffende die kind se vordering deur leerkragte wat nie die ouers se misnoeë op die hals wil haal nie en die kinders promoveer sonder dat hulle vir die volgende

stap gereed is. Hierdie houding van ouers en leerkragte skep 'n beleid van nie-erkenning van die situasie en 'n hoop dat die probleem self sal verdwyn. Dit doen die kind skade aan en is slegs die uitstel van 'n probleem wat later moeilik word om te hanteer.

Om die teenstelling in die reaksie en houding van die ouer van die erg gestremde en die hooggradige (Spesiale Klas) gestremde te begryp in die lig van die voorgaande bydrae deur Thurston is dit nodig om te let op 'n kort agtergrondskets deur Cruichshank en Johnson (1958). As gevolg van die negatiewe houding van die gemeenskap deur die jare het ouers weinig gedoen ter opheffing en opvoeding van hul gestremde kinders. Teen ongeveer 1940 het 'n advertensie in die New York Times verskyn waarin 'n ouer van 'n serebraal-gestremde kind ander ouers versoek om te skakel indien hulle 'n kind het wat sekere genoemde simptome vertoon. Uit hierdie beskeie begin het die New York State Cerebral Palsy Association ontwikkel. Die ouers van serebraal-gestremde kinders het 'n baie aktiewe rol gespeel en organisasies op plaaslike-, staats- en nasionale vlak gestig. Kennis van hierdie toestand was destyds beperk en geld is geskenk vir navorsing en uitbreiding van kennis en opleiding van professionele persone in hierdie veld. Ouers van verstandelik-gestremde kinders het gou gevolg en op alle vlakke georganiseer. Die terughoudendheid van ouers het in baie gevalle plek gemaak vir 'n daadwerklike program van aksie. Op georganiseerde vlak is die ouers van gestremde kinders 'n goedingeligte, belese groep wat 'n positiewe bydrae lewer tot die verligting van die probleme

van hul kinders. In die gemeenskap is hulle 'n aktiewe en belangrike groep wat die opvoeding van hul kinders op gesonde voet plaas. Hul optrede raak alle fasette van die aangeleentheid en raak probleme van die gestremde op mediese vlak, sielkundige navorsing, wetgewing, onderwysopleiding, vervoer, finansies en so meer.

Hierdie beskrywing is ook op Suid-Afrika van toepassing waar ouerverenigings bestaan tot die voordeel van die verskillende vorms van gestremdhede. Dit is 'n interessante verskynsel dat die ouer van die erg-gestremde kind 'n daadwerklike poging aanwend om saam te werk en fasiliteite in die lewe te roep ter bevordering van die kind se opvoeding en geluk. By die ouer van die Spesiale Klas-leerling word die teenoorgestelde benadering aangetref. Verenigings van ouers van Spesiale Klas-leerlinge bestaan bykans nie en geen getuienis kon ingewin word van drukgroepe van ouers op die owerhede of ander instansies om meer fasiliteite vir Spesiale Klas-onderwys daar te stel nie. 'n Verklaring hiervoor kan die feit wees dat Spesiale Onderwys 'n integrale deel van die provinsiale onderwysstelsel vorm en op die meeste dorpe aangetref word. Tog val dit op dat ouers geen georganiseerde beweging vorm ter bevordering van navorsing en ander fasette van Spesiale Onderwys nie. Moontlik is die probleem juis soos Thurston dit gestel het: "Too close to normalcy". 'n Verdere verklaring vir ouers se aanvanklike verset en teenstand teen oorplasing na die Spesiale Klas kan moontlik die feit wees dat die probleme sig eers laat in die kind se lewe manifesteer. Die grens tussen die Spesiale Klas-leerling en die stadige

leerder byvoorbeeld is baie klein en nie waarneembaar bloot deur observasie nie.

Die houding van ouers teenoor hul gestremde kind word beïnvloed deur die ineenstorting van verwagtings. Die kind word gesien as 'n voortsetting van die ouer en word hierdie voortsetting bedreig, kan dit tot negatiewe reaksies lei. Spock en Lerrigo (1965) wys daarop dat sommige ouers in staat is om hul angsgevoelens en terugslae sodanig te hanteer dat dit tot 'n hegter band tussen die ouers lei. Waar 'n huwelik egter reeds gespanne is, is die addisionele verantwoordelikheid van 'n gestremde kind 'n bydraende faktor tot 'n groter verwydering. Soos alle mense wil ouers ook graag sien dat hul ambisies verwesenlik word. Die verwagtinge wat op kinders geplaas word, is alleroorheersend en daar is die hoop dat die kind die ouer se onvervulde ideale kan bereik. Die kind word in 'n sekere sin nog as deel van die ouer beskou. Wanneer dit blyk dat hierdie verwagtinge nie bereik sal word nie, voel die ouer dit as 'n persoonlike ontoereikenheid. Die nie-bereiking van 'n ideaal kan soms 'n groter skok vir die ouer se trots wees as wat dit 'n effek op die kind self het. Grebler (1952) wys op die gevoel van frustrasie wat die ouers ervaar as gevolg van die kind se toestand en as gevolg van die beperkinge wat deur die gemeenskap daargestel word. Die ouers voel dat hul eie lewens in hul kinders voortgesit word. Die groeiproses van die kind is 'n aangename ondervinding van ouerskap, 'n bevrediging van die narsistiese wens om in die kind te bly voortleef. Hierdie ervaring

is nie die ouer van die verstandelik-gestremde kind beskore nie, afhangende van die graad van gestremdheid. Die gemeenskap kan ook tot hierdie gevoel van frustrasie bydra. Daar is die verskynsel van nie-aanvaarding, ook afhangende van die graad van gestremdheid, soms 'n gebrek aan geskikte onderwysgeriewe en beroepsopleiding. Kozier (1963) meld die verwagtinge van ouers. Die kind is 'n ekstensie van die ouer. Die geboorte van 'n normale kind is sielkundig en sosiaal belangrik vir die ouers se gevoel van eiewaarde en afdoendheid.

Die houding van die ouer kan ook beïnvloed word deur die geslag van die gestremde. Wanneer die gestremde persoon 'n seun is, kan die narsisme van die vader dubbel geraak wees vanweë die identiteit van die geslag. (Zuithoff en Schilp, 1970).

Stone (1948) wys op die effek van die sosiale stigma wat ouers aanvoel en wat tot gebrekkige kommunikasie met familiebetrekkinge, onderwysers en vriende lei. Ook die kind self ly hieronder waar hy spot moet verduur en dus moeilik sosiale aanpassings maak.

Sommige mense verwar verstandelike gestremdheid met geestes-siektes. Die leek vind dit soms moeilik om te besef dat laasgenoemde 'n siektetoestand is terwyl gestremdheid 'n onvolledige ontwikkeling van die verstandelike vermoë is. Indien 'n verstandelik-gestremde hom sou skuldig maak aan 'n misdaad of 'n oortreding van die aanvaarde norme, word dit as 'n kenmerk van gestremdes beskou - 'n veralgemening wat nie geregverdig is nie. (Wardell, 1952).

Van Liefland (1951) maak die stelling dat die buitestaander eintlik min begrip van die probleme van die ouer met 'n verstandelik-gestremde kind het as gevolg van die feit dat die ouers geneig is om hul moeilikhede te verswyg - selfs teenoor hulself soms. Die skrywer maak ook die bewering dat swaksinnigheid (waaroor die artikel gaan) nie soseer 'n absolute vasstaande begrip is nie, maar eerder 'n uitdrukking van 'n verhouding met die gemeenskap. As die kind aan die eise van die gemeenskap kan voldoen, is hy normaal, maar as hy in gebreke bly, word hy as swaksinnig beskou. Dit is dus te begrype dat namate die gemeenskap hoër eise aan die individu stel, sal die voorkoms van swaksinnigheid toeneem (Sien verklaring van term "swaksinnig" in Nederlands in vergelyking met Afrikaans op bladsy 2). Die houding van die ouer moet dus gesien word in die lig van die eise wat die gemeenskap in die bepaalde kultuur waarin hy hom bevind in die twintigste eeu, aan sy kind stel en laasgenoemde se onvermoë om daaraan te voldoen.

Daar is ook nie 'n eenvoudige antwoord op die vraag: Hoe is dit om 'n verstandelik-gestremde kind te hê en wat kan daaromtrent gedoen word? Die kinders self verskil in 'n groot mate betreffende graad van gestremdheid, temperament, liggaamlike gesondheid en hanteerbaarheid. Die gesinne verskil ook ten opsigte van ander probleme in die gesin en hul bekwaamheid om dit te hanteer. Die hulp wat deur mediese en welsynsdienste aangebied word, toon groot verskille van plek tot plek. (Tizard en Grad, 1962). Betreffende die verskaffing van fasiliteite vir sielkundige ondersoek van leerlinge en Spesiale Onderwys tot jaarvlak 2

word Kaapland besonder goed gedek. Skoolsielkundiges bereik elke skool in die provinsie en daar is 671 Spesiale Klasse aan 294 skole. Verslag van Direkteur van Onderwys, 1976 (jongste syfer beskikbaar). Spesiale Onderwys vanaf jaarvlak 3 tot 5 word aangebied by Spesiale Skole te Saldanhabaai, Claremont, Westcliff, Milnerton, George, Port Elizabeth, Uitenhage, Oos-Londen en Kimberley. Ouers wat nie naby hierdie sentra woon nie, kan voel dat daar 'n addisionele las op hulle gelê word. Leerlinge is ook soms te onryp om koshuislewe ver van die huis te hanteer en verlaat die skool. (Onderhoude met ouers en leerlinge).

Die bespreking oor die houding van ouers teenoor hul verstandelik-gestremde kinders kan afgesluit word met die bevindinge van Love (1971). Na 'n ondersoek met 140 ouers (70 ouers van verstandelik-gestremde kinders en 70 ouers van nie-gestremde kinders) word daar tot die volgende gevolgtrekking gekom:

(1) Ouers van sowel gestremde as nie-gestremde kinders het positiewe houdings ten opsigte van verstandelike gestremdheid of het die vrae op so 'n wyse beantwoord dat dit lyk of hulle positief ingesteld is.

(2) Die ouers van nie-gestremde kinders beskik oor meer kennis van verstandelike gestremdheid as die ouers van sodanige kinders.

(3) Hoewel die persentasies laer was, 70%, het dit geblyk dat vrouens 'n meer positiewe houding teenoor gestremdheid het as mans.

(4) Mans het oor gemiddeld 4% meer kennis van gestremdheid beskik as vrouens.

(5) Daar was nie 'n beduidende verskil in die houdingskaal tussen persone van onder 35 jaar en bo 35 jaar nie.

(6) Betreffende kennis van gestremdheid is daar tog wel 'n verskil tussen die twee ouderdomsgroepe. Diegene jonger as 35 was 12% meer ingelig oor verstandelike gestremdhede.

(7) Opvoeding het 'n rol gespeel in die houdings van persone. Hoe hoër die akademiese peil hoe groter die voorkoms van positiewe houdings by persone met na-skoolse opleiding.

(8) Opvoeding het 'n besliste rol gespeel in die kennis van gestremdheid waaroor die persone beskik het. Korrekte antwoorde soos verstrek deur persone met 'n elementêre skoolvlak was 40%, 52% in die geval van sekondêre vlak en 68% by persone met na-skoolse opleiding.

(9) Die ekonomiese posisie van die persone het blykbaar min verskil ten opsigte van houdings gehad.

(10) Verhoogde inkomste het wel met 'n beduidende toename in kennis saamgeval.

## 1.4 Ouerlike verwagtinge ten opsigte van verstandelikgestremde kinders.

In sy studie van verskynsel van outistiese verwronging (autistic distortion) kom Zuk (1959) tot die gevolgtrekking dat ouers geneig is om hul kinders wat minder gestremd is, se vermoëns te oorskat. Word die gestremdheid (in hierdie navorsing verstandelike gestremdheid saam met liggaamlike probleme) meer intens, word die outistiese waarneming verdring deur 'n realistiese siening van die kind se vermoëns. Die skrywer haal Levine, Chein en Murphy (1942) aan wat 'n outistiese siening as volg definieer: "It is the process which causes a person to see what he wishes to see." In teenstelling hiermee is daar die "realistic process", naamlik 'n aanvaarding van die situasie soos dit is.

Hierdie bevinding werp 'n interessante lig op die moeilike aanvaarding van ouers dat daar 'n behoefte vir Spesiale Klas-plasing bestaan.

Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973) beskryf die bevindinge van Gresnigt wat in sy ondersoek na die ouers van "diepzwaksinnige kinderen" bevind dat 75% van die ouers aan die einde van die eerste jaar reeds vind dat hul kind "anders-dan-anderen" is en 50% reeds dat die kind swaksinnig is. Na twee jaar het 25% van ouers swaksinnigheid

bevestig en ongeveer 12% na drie jaar. Ruim 30% van ouers verkeer langer as 'n jaar in onsekerheid en 'n derde hiervan selfs langer as twee jaar. Die graad van gestremdheid het 'n verband met die mate waarop ouers die kind se vermoëns oor- of onderskat. Ouers was meer geneig om 'n oorskatting te doen as 'n onderskatting. Opvallend is dit dat hoe later die gestremdheid ontdek is, hoe meer geneigd die ouers tot oorskatting was.

Hierdie verskynsel stem ooreen met die oorskatting van die skolastiese vermoë van Spesiale Klas-leerlinge deur hulle ouers. Dit is 'n verskynsel wat bykans deurgaans aangetref word. In die hantering van die ouer van die Spesiale Klas-leerling moet hierdie neiging in gedagte gehou word.

# HOOFSTUK 2.

# MANIFESTASIES VAN OUERLIKE REAKSIES.

## 2.1 Inleiding

Uit 'n oorsig van die literatuur oor ouer-reaksie by die bewuswording van verstandelike gestremdheid by hul kind word dit spoedig duidelik dat reaksies enersyds van ouer tot ouer verskil maar tog ook andersyds sekere gemeenskaplike kenmerke in meerdere of mindere mate vertoon. Reaksies wat veral sterk op die voorgrond tree, is skok, skuldgevoelens, ambivalensie en weiering om die diagnose te aanvaar.

In hierdie verband dien daar op gelet te word dat die reaksies van ouers blyk te verskil by die bewuswording van ander vorms van gestremdheid. By die erg fisiese en gestremde gevalle soos blindheid, doofheid en ortopediese probleme aanvaar die ouers dit en is dankbaar en gee erkenning aan alles wat die skool doen. Daar is minder aanvaarding by gevalle van verstandelike gestremdheid en serebraal-verlamming. Die grootste weerstand word gevind by die voorkoms van hooggradige verstandelike gestremdheid en spraakprobleme soos hakkel. 'n Moontlike verklaring is ook die verwagting dat 'n groter poging en konsentrasie deur die kind self 'n oplossing kan bied. (Baker, 1959).

McDowall (1964) wys daarop dat in 'n beskrywing van die intensiteit en die volgorde van die reaksies van die ouer moet daar noodwendig van veralgemenings gebruik gemaak

word, aangesien daar tog wel ouers is wat die situasie aanvaar en op kalme, nugtere wyse die verantwoordelikheid op hulle neem. Die volgorde van reaksies is egter ook in 'n mate op hierdie ouers van toepassing en hulp kan bes verleen word deur 'n insig in die gemoedslewe en probleme van die ouers te verkry. Daar is gelukkig 'n groot aantal ouers wat tog wel die gestremde kind aanvaar en hom behandel as nog 'n lid van die gesin, hoewel tog iemand met besondere behoeftes waarna omgesien moet word.

Zuithoff en Schilp (1975) onderskei tussen primêre en sekondêre reaksies. Met eersgenoemde word persoonlike reaksies bedoel, terwyl sekondêre reaksies na die wyse verwys waarop die buitewêreld op die gestremde en sy ouers reageer.

Die reaksie van die ouers word deur verskeie faktore beïnvloed. Een daarvan is die psigiese struktuur van die ouers self en hul vermoë om 'n intense emosionele ervaring te hanteer. 'n Ander faktor is die wyse waarop die ouers tot die ontdekking van die gestremdheid gekom het indien dit nie opvallend sigbaar is nie. Die wyse waarop die mededeling aan die ouers gedoen is, die persoon deur wie dit gedoen word, of dit gevraagd of ongevraagd is, of dit nuwe inligting vir die ouers is en of dit 'n bevestiging van 'n vermoede is, is almal faktore wat 'n uitwerking op die ouers se siening van die situasie het.

Die skrywers wys daarop dat dit streng gesproke nie reg is om van die "reaksie van ouers" te praat nie, aangesien dit van persoon tot persoon verskil.

## 2.2 Stadia na bewuswording van gestremdheid.

Cohen (1963) stel dit dat ouers moeilike aanpassings moet maak. Daar is veral vier stadia waardeur gegaan moet word voor aanvaarding plaasvind:

(1) 'n periode van droefheid

(2) erkenning en hantering van gramskap

(3) hantering van angs

(4) aanpassings in hul lewenswyse wat die hele gesin sal raak.

Die professionele werker moet hierdie stadia begryp vir empatie. Die observasies van hierdie skrywer is gebaseer op ondervinding opgedoen by die "Family Service of the Cincinnatti Area". Voorsiening word vir sowel individuele- as groepwerk gemaak.

Die bewuswording van gestremdheid word deur Robinson en Robinson (1965) behandel. Elke ouerpaar en ander gesinslede van 'n gestremde moet vroeër of later bewus word van die feit van gestremdheid. Hierdie herkenning kan vinnig of geleidelik geskied. Die besef kan reeds by geboorte wees of nadat die kind alreeds 'n paar jaar op skool was. By die meeste gevalle egter, moet die feit besef word wanneer die ouderdom van sewe of agt jaar bereik is.

Die meeste ouers ontwikkel 'n begrip van hul kind se toestand op 'n geleidelike en gewoonlik pynlik-onaangename wyse. Dikwels word 'n aansienlike hoeveelheid tyd, geld en energie aan 'n meer aanvaarbare diagnose en 'n immer ontwykende genesing

bestee. Die proses van aanvaarding skyn 'n gereelde patroon te volg afgesien daarvan of dit binne 'n kort of lang tydperk plaasvind. Die skrywers haal Rosen aan wat die gang van aanvaarding in vyf stadiums deel: die eerste is die bewuswording dat daar 'n probleem is, die tweede is die herkenning van die gestremdheid, ten derde is die soeke na 'n oorsaak daarvan, ten vierde 'n poging om 'n oplossing te vind en ten vyfde die aanvaarding van die probleem - 'n eindpunt wat egter selde volkome bereik word.

Egnal en Daneel (1977) noem drie kenmerkende fases in die reaksies van ouers na bewuswording van gestremdheid :

(1) Daar is eerstens 'n reaksie van skok, ongeloof en woede.

(2) Dit word gevolg deur 'n tydperk van kroniese droefheid, ambivalensie en gedeeltelike aanvaarding van die probleem.

(3) Die finale fase is 'n tydperk van re-integrasie en aanvaarding en lei dan tot die ontwikkeling van 'n realistiese en effektiewe hantering van die probleem.

Dit kan gebeur dat ouers nie fase 3 bereik nie, maar vassteek in fase een of twee. Dit word dikwels gesien in die gevalle van ouers wat talle klinieke en ander persone besoek sonder om van die advies gebruik te maak. Dit is duidelik dat voorligting moeilik is tensy ouers fase 3 bereik het. In die hoofstuk oor onderhoudvoering

met ouers sal weer na hierdie fases verwys word.

In sy bespreking van ouers van erg-gestremde kinders, wys Winterbourn (1958) op vier stadia waardeur die meeste ouers gaan. Ten eerste is daar die skok, dan die ongeloof, gevolg deur angs en frustrasie en uiteindelik intelligente aanvaarding van die probleem met die nodige aanpassing. Dit is 'n natuurlike patroon en eintlik onvermydelik. Dit is wanneer die ontwikkeling in een van hierdie stadiums vassteek dat dit onnodige lyding aan die ouer en gevolglik ook aan die kind bring.

Zuithoff en Schilp (1975) beskryf die stadia waartussen daar in die normale gangvan sake onderskei kan word :

(1) 'n periode van verwarring - die begrip is nog nuut en die erns van die probleem is onseker;

(2) die periode van 'n soeke na aanpassing. Die ouers probeer 'n aanpassingspatroon uitwerk;

(3) vir 'n groot aantal ouers is die derde stadium die aanvaarding van die gestremdheid van hul kind. Dit bring aanpassings van ambisies en verwagtings mee, maar tog kan baie ouers die probleem sinvol aanvaar.

Die probleem is die groot aantal ouers wat in een van die eerste twee stadiums vassteek met skadelike reaksie-patrone.

'n Bydrae tot 'n beskrywing van die algemene kenmerke van

ouerlike reaksie na bewuswording van gestremdheid word deur Vaughan (1971) gelewer. In die verslag van die Nasionale Konferensie gehou te Durban verskyn die artikel "The Psychological Aspects of the Visually Handicapped Child" waarin die skrywer onder meer ook die reaksies van die ouer van die gesigsgestremde beskryf. Dat 'n gestremdheid, ongeag die aard daarvan, sekere basiese reaksies van die ouers tot gevolg het, lyk waarskynlik as daar na die ooreenkoms tussen die betrokke beskrywing en die kenmerke soos blyk uit die literatuur oor die ouer van die verstandelik-gestremde gelet word. Vaughan vind dat die aanvanklike teleurstelling oorgaan in 'n intense besorgdheid met verhoogde spanning. Die ouers se reaksies verskil ook grotendeels en kan wissel van 'n volle aanvaarding van die kind met sy gestremdheid tot openlike verwerping. Dikwels is die moeder veral oorbeskermend en vertraag die kind se ontwikkeling tot onafhanklikheid. 'n Ander houding is 'n verborge verwerping. Die ouer is oorbesorgd oor die kind, maar staan krities teenoor alles wat deur ander instansies vir die kind gedoen word, veral die koshuis. Dit lei tot 'n breuk tussen die huis en die skool en die kind voel dit aan dat sy blindheid nie vir sy ouers aanvaarbaar is nie. Hy voel geïsoleerd omdat hy nie met die res van die gesin kan meedoen nie. Vaders veral is dikwels geneig om die effek van die gestremdheid te misken. Dit gebeur dat die vader nie die gebrek van die kind kan aanvaar nie en probeer om homself te oortuig dat die kind tot dieselfde prestasies as die ander lede van die gesin in staat is. Dit lei tot frustrasie by die kind, aangesien hy nie aan

die eise wat aan hom gestel word, kan voldoen nie. Hy raak ontmoedig en gespanne.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die ideale toestand 'n algehele en opregte aanvaarding van die kind en sy gestremdheid is. Dit verg 'n gebalanseerde en praktiese lewensuitkyk. Daar moet 'n volkome assimilasie van die kind in die familiekring wees wat aanpassings relatief maklik maak. Hierdie lewensuitkyk gaan dikwels saam met 'n sterk Godsdienssin. By gesinne waar volkome aanvaarding nie plaasgevind het nie, is daar gewoonlik emosionele spanninge.

In hul studie oor die ouers en familie van serebraal-gestremde kinders maan Hewett en Newson (1970) teen veralgemenings wanneer die gemoedstoestand en reaksies van ouers van gestremdes beskryf word. Die outeurs verwys na die navorsings van Neilson, Kelman en Boles en kom tot die gevolgtrekking dat gevoelens van skuld, angs en selfkritiek ook by die ouer van die nie-gestremde kan voorkom. Daar word ook verwys na die mening van Roith (1963) waarin beweer word dat die literatuur 'n bevooroordeelde indruk van die ouer met 'n gestremde gee. "He sat back and waited for the horde of guilty and aggressive parents to descend upon him, and after eight years was still waiting."

Dit is duidelik dat navorsing op hierdie gebied noodsaaklik is. Dit is ook nodig dat 'n beeld verkry word van die ouer wat nie onder die aandag van die professionele persoon kom nie.

Moontlik word daar 'n eensydige indruk van die ouer van die gestremde kind verkry en reaksies aan hom uitsluitlik toegedig sonder dat die algemene voorkoms van sodanige reaksies bepaal is. Daar moet ook vasgestel word wat die skeidslyn tussen normale en abnormale handeling is. Dit is moeilik om die verskil tussen oorbeskerming en normale beskerming te beskryf. Trouens die probleem in die bepaling van die verskil tussen natuurlike optrede en 'n afwyking daarvan moet in gedagte gehou word by 'n studie van die literatuur.

## 2.3 Reaksie van skok.

Die voorkoms van hierdie reaksie van ouers by die diagnose van verstandelik-gestremdheid word vry algemeen deur skrywers oor hierdie onderwerp genoem. Die navorsing wat in hierdie verband is, is hoofsaaklik tot die ouer van die erg-gestremde beperk - 'n diagnose wat op 'n vroeë stadium van die kind se lewe gedoen kan word.

McDowall (1964) wys daarop dat die eerste reaksie by die bewuswording van gestremdheid een van intense skok is. Hoewel die ouer self die vermoede gehad het, bly die diagnose 'n traumatiese ervaring - hul hoop en verwagtings stort in duie. Hierdie skok kom dikwels tot uiting in 'n gevoel van vyandigheid teenoor die persoon wat die diagnose meedeel en spreek kritiek uit oor die wyse waarop die inligting meegedeel is. Ook vind Pauw (1969) dat die ouer van die gesiggestremde kind 'n sterk emosionele skok by die eerste ontdekking ervaar. Thurston (1960) vind dieselfde in sy navorsing oor die ouer van die serebraal-gestremde kind.

Roith (1963) kom in sy ondersoek met ouers van pasiënte in die Maryhill-hospitaal, Birmingham onder die indruk van die "heartbreak and sorrow entailed in having a subnormal child". Die helfte van die ouers het in die beskrywing van hul onmiddellike reaksie na die diagnose gewag gemaak van die geweldige skok wat dit was, 'n kwart het dadelik gevoel dat die toestand genees kan word of minstens verhelp kan word, 3% het dit dadelik aanvaar. Die res het dit aanvanklik nie geglo nie of hul geloof verloor en beskaamd en teleurgesteld gevoel. Dit is interessant dat die skrywer bevind het dat oor die jare 94% van die ouers die situasie mettertyd aanvaar het.

Harada (1975) verwys na Jeffree en Cashdan (1971) wat vind dat die ouers ten tyde van die ondersoek herstel het van die aanvanklike skok, skuldgevoelens en pogings om te "vergoed" vir die kind.

Indien 'n kind met 'n gebrek gebore word, is dit 'n geweldige emosionele ondervinding vir die ouers wat in 'n toestand van skok, angs en vrees gedompel kan word. (Grimbeek, 1977). Hierdie waarneming word ook gedoen deur Farrell (1956), Cruickshank en Johnson (1958), Robinson en Robinson (1965), Grobler (1967), Worschel en Worschel (1961), Egnal en Daneel (1977) en Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973).

Michaels en Schucman (1962) vind dat die eerste reaksie van die ouers een van skok, verwarring en ongeloof is. Dit word dikwels gevolg deur 'n tydperk van uiterste wanhoop, afgewissel met oomblikke van onrealistiese hoop. Die ouers gaan van een "deskundige" na 'n ander met die

verwagting dat die diagnose gewysig kan word.

Daar kom 'n tyd wanneer die ouers nie langer hul oë vir die situasie kan sluit nie. Hulle besluit dan om 'n geneesheer te raadpleeg, aangesien hulle voel dat daar iets verkeerd is met hul kind se geestesontwikkeling. Tog is die diagnose 'n skok, hoewel dit slegs 'n bevestiging is van 'n vermoede wat die ouers reeds lank gehad het. Ongeag met watter takt, en met watter begrip die bevinding aan die ouer meegedeel word, bly dit 'n skokkende ervaring vir die ouer. Sommige herstel werklik nooit hiervan nie, terwyl ander weke en maande lank verbyster is en nie in staat is om die situasie sinvol te maak nie. (Levinson, 1965).

Die aanvanklike skok, veral in die geval van 'n pasgebore baba, word deur Winterbourne (1958) as uiters intens beskryf. Die hoop van die voorafgaande maande is vernietig. Die skok word soms gevolg deur 'n periode van 'n paar weke waarin die moeder belang in die baba verloor voor daar oorgegaan word na 'n stadium van ongeloof. In die geval van 'n ouer kind kan skok en ongeloof gelyktydig voorkom.

Hoewel die verskillende skrywers hul hoofsaaklik tot die skok by die vroeë diagnose bepaal, is dit nie minder intens by die ouer van die Spesiale Klas-leerling nie. Dit is absoluut noodsaaklik vir die professionele persoon wat met die ouers in aanraking kom om bedag te wees op die reaksie van skok wat ook by hierdie ouers aanwesig mag wees. Dit kan teenwoordig wees selfs al is die

mededeling aan die ouer slegs 'n bevestiging van 'n vermoede wat die ouer alreeds gehad het. Die aantal ouers wat inderdaad uit eie beweging Spesiale Klas-oorplasing versoek, is baie min in vergelyking met die teenstand wat ondervind word of selfs met die aantal gevalle van geredelike toestemming na die voorstel aan die ouers gedoen is. (Mededelings en waarnemings tydens onderhoude met ouers oor 'n lang tydperk).

## 2.4 Weiering van ouers om diagnose te aanvaar.

'n Probleem waarmee skole te kampe het, is die weiering van ouers om 'n diagnose van verstandelike gestremdheid, trouens bykans enige vorm van leergestremdheid, te aanvaar. Hierdie nie-aanvaarding van die probleem lei dikwels tot 'n gespanne verhouding tussen ouer en skool. Die ouer wat voortdurend die skool kritiseer, benadeel nie alleen die vertroue van ander persone in die skool nie, maar bowe-al die geluk van die betrokke kind. 'n Kind wil graag sekuriteit in outoriteit hê. Hierdie outoriteit vind hy veral by die huis, die skool en die gemeenskap - die drie groot vormende sosiale invloede in sy lewe. Indien die ouer sy vertroue in die skool ondermyn, verdwyn een van die ankers. Dit is dus noodsaaklik dat 'n goeie verhouding tussen ouer en skool die aandag van alle belanghebbendes geniet.

Die nie-aanvaarding van verstandelike gestremdheid word deur die "Associated Parents of Retarded Children" in die Verenigde State van Amerika op nasionale, staats- en

plaaslike vlak as die grootste probleem beskryf. (Baker, 1959). Dit moet in gedagte gehou word dat wanneer leerlinge swak presteer, ouers bedreigd voel.

Wallin (1955) wys daarop dat ouers die skool blameer vir die kind se gebrek aan vordering en dus 'n opstandige gevoel teenoor die leerkrag en die skool ontwikkel.

Spock en Lerrigo (1965) stel dit dat sommige ouers optree asof die gestremdheid nie bestaan nie. Hulle verwag van die kind om doelwitte te bereik wat volkome buite sy bekwaamheid val. Die kind word dan tereggewys as synde lui, stadig of onwillig te wees, terwyl hierdie aanklagte ongegrond is. Wanneer 'n ouerpaar hulle optrede rig asof daar geen probleem bestaan nie, skep dit spanninge tussen hulle, aangesien elkeen huiwerig is om die skyn van normaliteit te laat verslap. Dit word al hoe moeiliker om gesinsprobleme te bespreek met gevolglike verwydering. Ook die kind self ly onder hierdie situasie, omdat hy voel dat sy ouer hom nie verstaan nie en hy toenemend traag raak om sy werklike gevoelens met sy ouers te bespreek. 'n Voorvereiste vir hulp aan 'n gestremde is dat die ouers die probleem moet kan raaksien, dit aanvaar en hul dan toespits op positiewe stappe wat gedoen kan word om die toestand die hoof te bied.

Met 'n studie van die ouers van 44 gevalle van erg-gestremdes by die Child Centre van die Catholic University of America, kom Stone (1948) tot die gevolgtrekking dat die ouers in drie kategorieë ingedeel kan word, te wete die ouers wat

die situasie grotendeels aanvaar het, die ouers wat gedeeltelik aanvaar het en die groep met geringe aanvaarding. Kenmerke van die groep word soos volg aangedui: Aanvaarding van die situasie :

(1) Die ouers stel dit dat die situasie aanvaar word.

(2) Die ouer beraam planne vir geskikte versorging en opleiding.

(3) Die ouer blameer nie ander oorsake vir die toestand nie behalwe verstandelike gestremdheid.

(4) Die professionele werker sien die ouers se reaksie as een van aanvaarding.

Die tweede groep is ook groot, naamlik 20 gevalle. Dit is die ouer wat 'n gedeeltelike aanvaarding toon. Kenmerke is soos volg :

(1) Die ouer stem saam met die diagnose.

(2) Die ouer plaas die blaam op ander faktore as oorsaak van die simptome.

(3) Die ouer verwerp voorstelle vir geskikte sorg en opleiding.

(4) Die werker sien die persoon as iemand wat die situasie gedeeltelik aanvaar.

Die derde groep toon die volgende kenmerke :

(1) Die ouer verwerp die toetse en interpretasie daarvan. Weier om diagnose te aanvaar.

(2) Die ouer verwerp planne vir geskikte sorg en opleiding.

(3) Die ouer skryf die simptome aan ander faktore as verstandelike gestremdheid toe.

(4) Die werker sien die ouer as iemand met 'n minimale aanvaarding van die situasie.

Mandelbaum en Wheeler (1963) het bevind dat ouers wat hul kind na die Menninger-kliniek bring al dikwels alreeds 'n diagnose by een of meer ander inrigtings gehad het. Hierdie bevindinge word in twyfel getrek of die ouer kla oor die behandeling wat hulle ontvang het. Hulle vra uit oor die etiologie van die toestand en soek voortdurend onderskraging. Soms het ouers duidelikheid oor die diagnose, maar voel dat die oplossing van die probleem aan hulleself oorgelaat word. Ouers is ook huiwerig om vorige verslae te verstrek en voer as rede aan dat dit die ondersoeker sal bevooroordeel en 'n objektiewe bevinding bemoeilik. Die ouers spreek ook dikwels hul bedenkinge uit oor die ondersoek: sommige voel dat die kind op sy "swakste" gesien word en dat die bevindinge dus nie korrek is nie; andere voel weer dat die kind op sy beste gesien word en dat sy probleme nie raakgesien sal word nie.

Die skrywers wys voorts daarop dat aangesien 'n bevinding dat 'n disfunksie wat as gevolg van organiese oorsake ontstaan het, 'n element van finaliteit bevat, ouers soms 'n psigiatriese ondersoek verlang met die hoop dat funksionele oorsake gevind kan word met 'n hoop op herstel

na behandeling. Grondliggend aan hierdie angste en gevoelens van hoop is die werklike wens van die ouers dat hulle probleme werklik verstaan sal word, dat die ondersoeker bewus sal wees van hul begeerte vir 'n realistiese oplossing en dat hulle gehelp sal word om 'n waarheid en voldonge feit te aanvaar wat hulle self aanvoel, maar nie kan erken nie.

Sheimo (1951) beskou die ouer se weiering om die diagnose te aanvaar as 'n verdedigingsmeganisme en speel 'n rol in die ouer se handhawing van die self. De Leeuw-Aalbers (1954) beskryf dit as 'n afweermeganisme. Thurston (1964) en Worschel en Worschel (1961) maak gewag van die ouer se ontkenning van die situasie. Roos (1963) beskryf ook die weiering as 'n verdedigingsmeganisme wat ouers teen die pyn van bewuswording van gestremdheid beskerm. Dit gebeur dikwels dat ouers beweer dat daar niks met die kind verkeerd is nie. Die kind se onvermoë op skool word aan die optrede van 'n leerkrag toegeskryf of aan 'n siektetoestand. Ook welmenende vriende kan hierdie nie-aanvaarding in die hand werk deur die ouer se siening te beaam. Hierdie nie-erkenning van die toestand vererger die situasie van die gestremde volgens Zuithoff en Schilp (1970). Die kind word nou 'n sinvolle hantering van die situasie en doeltreffende hulpverlening ontsê.

Coleman (1953) het gevind dat dit in groepsessies geblyk het dat die ouers se gevoelens van verwerping tot aanvaarding van die kind gewissel het. Hierdie mening word deur Hamilton (1971) bevestig. Waar die kind nie volkome

aanvaar word nie, lei dit tot 'n gebrek aan warmte en spontaniëteit in die ouer-kind-verhouding. Volgens Robinson en Robinson (1965) is dit so dat een of albei ouers aanvanklik huiwerig is om die toestand te aanvaar. Daar is ook die invloed van grootouers, familie en vriende wat 'n onrealistiese hoop aan die ouers voorhou. Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973) wys daarop dat uit die reaksie van skok en daarna die ontkenningsreaksie, die verset volg omdat die ouer nie die realiteit waarmee hy gekonfronteer word, kan of wil aanvaar nie. Hierdie siening is ook deur Thurston (1960) gestel wat dit noem dat baie ouers probleme het om die onvermoë van die gestremde te aanvaar en hulle nie kan vereenselwig met die feit dat die kind nie oor sekere vaardighede beskik nie. Condell (1966) gee 'n syfer van die voorkoms van nie-aanvaarding. In sy ondersoek in 'n plattelandse gebied - Wes-Minnesota - vind hy dat ouers sterk emosionele reaksies teenoor gestremdheid toon. Een-en-twintig persent het nie die gestremdheid van hul kind aanvaar nie.

Die droefheid van die ouers neem soms die vorm aan van 'n weiering om die gestremdheid te aanvaar. (Cohen, 1963). Dit is of die ouers die moontlikheid ontken dat dit met hulle kan gebeur. Die ouers gaan ook na verskeie medici en ander persone. Dit is 'n natuurlike reaksie en nie 'n refleksie op die professionele persoon nie. Die professionele werker moet bedag wees op die periode van droefheid en soeke en moet die ouer in hierdie periode van skok so aanvaar. Die werker moet tot die ouer se beskikking wees

en hom dalk ook in aanraking bring met ander ouers wat deur 'n soortgelyke ervaring gegaan het. Hierdie raadpleging van verskeie instansies word ook deur Winterbourne (1958) beskryf. Die weiering om die diagnose te aanvaar, kan 'n vorm aanneem waar die ouers voortdurend nuwe advies probeer inwin. Daar word ook groot waarde geheg aan leke vriende se opmerkings dat die kind sy toestand sal ontgroei en dat hy later sal ontluik. Die ouers sal ook "geneesmiddels" vir die gestremdheid van onbevoegde persone aanvaar. Paola (1976) wys op die desperate versoeke wat aan verskeie medici gerig word. Daar is ook 'n soeke na 'n wondergenesing.

Levinson (1965) wys ook op die raadpleging van verskeie geneeshere, maar voeg daaraan toe dat die reaksies van die ouers kan wissel na gelang van emosionele toestand en lewensuitkyk. Sommige ouers is so gespanne dat dit moeilik is om die probleem te bespreek. Andere skyn uiterlik kalm te wees, dog het soveel opgehoopte gevoelens dat hulle soms in die spreekkamer ineenstort. 'n Poging om die dokter te oortuig dat hy verkeerd is en dat die kind nie werklik iets makeer nie, kom dikwels voor. Dit word dikwels gestel dat die kind net nie verstaan word nie. Tog is dit so dat selfs by hierdie weiering om die diagnose te aanvaar, daar by die ouer self tog die vermoede van gestremdheid is. Hierdie klaarblyklike teenstrydigheid in die ouerlike reaksie is 'n interessante verskynsel wat dikwels voorkom. Dit kan hier bygevoeg word dat hierdie beskouing van Levinson nie net tot die ouer van die erg-

gestremde beperk is nie, maar die beskrewe reaksies word dikwels by die ouer van die Spesiale Klas-leerling aangetref. (Onderhoude met ouers).

'n Interessante siening van ouerlike verwerping word deur Freed (1977) gelewer. Die skrywer onderskei tussen openlike en bedekte verwerping. In die geval van openlike verwerping kan dit die vorm van brutaliteit aanneem of in die vorm van 'n totale afbreking van die kind se persoonlikheid, in 'n miskenning van sy reg tot waardigheid en 'n voortdurende verkleinering en afbreking wat hy oor het in die vaardighede en kundighede waarmee hy so swak bedeel is. Bedekte verwerping kan die vorm van 'n kille onverskilligheid teenoor die kind se teenwoordigheid in die huis of jeens sy skoolprestasie of sy plek in die gemeenskap aanneem. Hierdie ouer beskou dit as vanselfsprekend dat die kind, nadat hy in die wêreld gebring is, geen verdere emosionele aandag nodig het nie. Bedekte verwerping kan ook onder die voorwendsel van 'n bedrywige lewe plaasvind waar die ouer klaarblyklik nie tyd aan die kind kan afstaan nie.

Die skrywer wys ook op die effek van die verwerping op die kind. Dit het 'n stremmende effek op die kind se persoonlikheidsontwikkeling en soos die meeste traumatiese ervarings beroof dit die kind van sy gevoel van eiewaarde en persoonlike waardigheid - twee fasette van die menslike opset waarsonder 'n gevoel van sekuriteit en selfvertroue wat nodig is vir sukses, nie kan ontwikkel nie. Kinders wat verwerping ervaar het, reageer op twee wyses. Ten eerste is daar onder-kompenserende gedrag in die vorm van enurese, naelbyt, trekkings in die gesig en ander simptome

van spanning. Ten tweede kan dit ook oorkompenserend wees in die vorm van agressie, leuens, steel, gekruide taal en so meer. Daar is werklik min kinders wat 'n balans kan behou na verwerping.

Blodgett (1973) wy ook aandag aan verwerping en stel dit dat ouerlike verdediging dikwels verhinder dat die beste gebruik van professionele dienste gemaak word. Sommige ouers vind dit moeilik om die probleme wat hulle met hul kind ondervind, te erken. Party ouers kan nie die feit van hul kind se gestremdheid aanvaar nie. Hulle is nie daartoe in staat nie. Word die realiteit van die situasie ontken, kan kommunikasie nie plaasvind nie, want dan word daar nie oor dieselfde omstandighede gepraat nie. Maar die werklikheid is 'n voldonge feit en moet onder oë gesien word. Ouers verkeer ook soms in konflik met mekaar oor die situasie. Soms is die vader die ontkennende ouer en soms die moeder. Die skryfster bespreek ook die grade van ontkenning. Die een uiterste is die algehele ontkenning van die gestremdheid - "die kind is reg, die wêreld is verkeerd". 'n Ander vorm van ontkenning is om te glo dat die probleme slegs tydelik is - hy sal op 10- of 12-jarige ouderdom verbeter. Intellektueel weet die ouer van beter, maar weet nie wat om daaromtrent te doen nie en glo dat die toestand sal verbeter.

Die hoop op 'n wondergenesing word as 'n verdedigingsmeganisme deur Michaels en Schucman (1962) beskryf. Ongelukkig is dit so dat daar instansies en persone is wat hiervan misbruik

maak en 'n valse hoop by ouers laat ontstaan. Daar is egter 'n positiewe aspek betreffende hierdie hoop op en geloof in 'n wondergenesing. Met die vooruitsig op genesing is die ouer vatbaar vir terapie en word hy onderskraag oor die tydperk van behandeling. Om hierdie hoop te vroeg te verwyder en hom die permanentheid van die toestand te vroeg te laat besef, kan die hele terapie verongeluk wanneer die ouer in 'n toestand van depressiwiteit en wanhoop kan verval.

McDowell (1964) stel dit dat na die aanvanklike skok by die aanhoor van die diagnose volg dikwels 'n periode van betwyfeling van die bevinding. In hierdie tydperk word 'n verskeidenheid opinies ingewin en groot waarde word aan leke-opinies geheg wat 'n mate van hoop en troos bied. Daar word ook gedink aan onortodokse behandelingsmetodes en enige advies wat die aanvaarding van die toestand impliseer, word summier verwerp. Aan enige klein prestasie van die kind word buitengewone waarde geheg en as bewys gebruik vir die verkeerdheid van die diagnose. Hierdie weiering om die diagnose te aanvaar, kan permanent word en groot skade berokken aan die kind se opvoeding waar ouers hul verset teen 'n besondere vorm van onderwys.

Die belangrikheid van die gemeenskap se bydrae tot ouerlike reaksie word deur Cruickshank en Johnson (1958) beklemtoon. Vanweë die gemeenskap se negatiewe houding teenoor die gestremde deur die geskiedenis het daar by die ouer 'n sterk teenreaksie ontwikkel. Dit is eers in die afgelope drie of vier dekades dat die gemeenskap geleidelik gestremdheid in perspektief begin sien het. Die reaksies van ouers kan

beïnvloed word deur die gemeenskap en eise wat aan die individu gestel word. By die geboorte van die gestremde kind kulmineer vir die ouers die ineenstorting van ideale, aspirasies en die oordeel van die gemeenskap. Een van die verdedigingsmeganismes van ouers is 'n ontkenning van die probleem. Vir baie jare het ouers die teenwoordigheid van 'n erg-gestremde kind soveel as moontlik probeer verbloem. Die ouers moes nie alleen hul eie teleurstelling hanteer nie, maar ook die stereotipe houding van die gemeenskap. Hoewel die gemeenskap moontlik in resente tye meer toegeeflik teenoor gestremdheid staan, is dit wensdenkery om van die ouer te verwag dat hy sy kind as 'n normale kind moet aanvaar. Dit is onmoontlik. Die meeste wat verwag kan word, is dat die kind as 'n buitengewone kind aanvaar word.

Die gemeenskap se houding word deur Efron en Efron (1971) beskryf en wel na navorsing oor die houdings van onderwysers en studente teenoor verstandelike gestremdheid - (die opvoedbare gestremde in hierdie ondersoek. I.K. minstens 50), dat die onderwysers van hierdie groep meer verdraagsaamheid teenoor die gestremde toon. Dit was ook die bevinding ten opsigte van studente in hierdie rigting in vergelyking met studente van gewone onderwys.

Afleidings wat van die ondersoek gemaak kan word, is dat kennis en kontak verdraagsaamheid en begrip in die hand werk. Die gemeenskap se afsydige houding kan in baie gevalle aan onkunde gewyt word. Dit is nodig dat studente in die gewone onderwys 'n kennis moet opdoen van die gestremde kind met wie hy noodwendig in aanraking sal kom.

Die noodsaaklikheid van gemeenskapsopvoeding word ook deur Behr (1972) beklemtoon. Dit is nodig dat die gemeenskap opgevoed word, want die negatiewe houding van die gemeenskap lei tot 'n vergroting van die probleem by die kind met 'n gevolglike devaluasie van die selfbeeld.

Groenewald (1968) wys daarop dat die aanvaarding van die verstandelike gestremde kind 'n probleem vir baie ouers is. In die geval van die fisies-gestremde kind is die gebrek duidelik sigbaar en die ouer word voortdurend gekonfronteer met die realiteit daarvan wat tot 'n uiteindelike aanvaarding van daardie realiteit kan lei. By die verstandelikgestremde kind is die situasie anders, aangesien dit slegs in die uiterste gevalle is waar verstandelike gestremdheid uiterlik waargeneem kan word. Die meeste van die kinders groei basies soos enige normale kind op en die probleem manifesteer sig eers op 'n betreklike laat stadium in die kind se lewe.

Hooggradige verstandelikgestremde kinders verskil nie wesentlik van ander kinders nie. Hulle is net minder goed bedeeld. Dit is nie 'n verskil van soort nie, maar 'n verskil van graad en die skeidslyn is moeilik om te trek. Die stadige leerder se fisiese en motoriese ontwikkeling kan na aan die normale wees.

'n Freudiaanse siening van ouerlike aanvaarding van die gestremde word deur Harada (1975) gestel. Die bewering word gemaak dat klaarblyklike uitings van 'n positiewe gevoel teenoor die gestremde inderwaarheid 'n verdedigingsmeganisme kan wees. Die gedagte word uitgespreek na

aanleiding van Freud se opvatting dat verdedigingsmeganismes beskermings is teen die konflik tussen die drange van die mens en die eise van die gevormde gewete. Na die nie-verwesenliking van die natuurlike begeerte om 'n normale kind voort te bring, kan die ouer van die gestremde die drang ervaar om die kind te verwerp. Dit is egter teen die voorskrifte van die gewete. Volgens hierdie sienswyse is die uiterlike manifestasies van toegeneentheid teenoor die kind dus in werklikheid 'n verdedigingsmeganisme.

Hierdie siening kan 'n verklaring bied vir ambivalente gevoelens, maar daar moet gewaak word teen 'n oorver-eenvoudigde verklaring.

## 2.5 'n Positiewe siening van ouers se nie-aanvaarding.

Word die indruk soms verkry dat die uitsprake in die literatuur ouer-veroordelend is oor probleme met aanvaarding, moet daar ook gewys word op die keerkant. Verskeie skrywers neem 'n ander standpunt in.

Roith (1963) stel dit dat skrywers geneig is om 'n verkeerde beeld van die ouer van die verstandelik-gestremde te gee. Dit kan die gevolg wees van veralgemenings op grond van onvoldoende gegewens. Skrywers gebruik graag emosioneel belaaide woorde soos skuldgevoel, vyandigheid, self-bejammering en beskaamdheid. Dit lei daartoe dat die leser vanuit die staanspoor bevooroordeeld teenoor die ouer staan en op die verdediging is in sy verhouding tot hulle. Die skrywer vind dat dit nie die geval is nie en dat die meeste ouers net so normaal is as die ouers van nie-gestremde kinders. Dit is slegs enkele ouers wat abnormaal reageer

en dit kan wees dat hierdie ouers se reaksies oorbeklemtoon en verkeerdelik veralgemeen word. Hierdie verkeerde interpretasie word van geskrif tot geskrif oorgedra tot dit mettertyd 'n gevestigde opvatting word.

Die weiering om die diagnose te aanvaar en na verskeie instansies te gaan, word deur Mandelbaum en Wheeler (1963) nie altyd as 'n teken van swakheid of onvermoë gesien nie. Trouens dit kan juis as 'n teken van sterkte gesien word - dat die ouer gedetermineerd is om die beste vir sy kind te verkry. Dit is goed om in gedagte te hou dat die ouer se weerstand soms 'n gesonde aanpassingsmeganisme is.

Die hele aangeleentheid van die verhouding tussen ouer en kind word sterk deur Robinson en Robinson (1965) beklemtoon. Hoe beter die verhouding tussen ouer en kind, hoe groter die moontlikheid van 'n suksesvolle aanpassing van die kind. 'n Gunstige ouer-kind verhouding dra by tot 'n stabiele, gehoorsame en selfbeheerde kind wat op sy beurt die klimaat skep vir 'n goed aangepaste verhouding met diegene om hom. Daar is verskeie faktore wat die ouer se aanpasbaarheid by die situasie beïnvloed. Hoewel navorsingsresultate in hierdie verband min is, dui waarnemings daarop dat die ouer se innerlike krag, sy bevredigings op ander terreine, geldelike omstandighede en die behoeftes van die besondere kind van die belangrikste faktore is.

'n Belangrike faktor is ook die intelligensiepeil van die ouers. Die skrywers wys daarop dat waar 'n hoë premie op akademiese prestasies geplaas word, kan dit juis die gebied wees waar die grootste aanpassing van die ouer geverg word. (Dit is veral die min-gestremde wat die swaarste

hieronder ly. 'n Gemiddelde of onder-gemiddelde prestasie is moeilik aanvaarbaar vir hierdie ouers en te hoë eise kan aan kinders gestel word. Is die gestremdheid baie opvallend is dit juis hierdie ouers wat die situasie die gouste aanvaar).

Die skrywers stel dit dat die gestremde oor die algemeen die maklikste aanvaar word by ouers wat laer op die intelligensieskaal is. Hul mindere intellektuele vermoë lei daartoe dat hulle nie soseer 'n langtermyn beplanning doen nie, meer gerig is op die kind se onmiddellike behoeftes en meer begaan is oor sy huidige tevredenheid as sy uiteindelike prestasies. By ouers wat self verstandelik gestremd is, kan 'n lig-gestremde kind selfs as intelligent beskou word. Sodanige ouers moet soms gehelp word om die nodige mediese en skolastiese geleenthede aan die kind te verskaf.

Die skrywers haal Saenger (1957) aan wat daarop wys dat daar 'n positiewe sy is, naamlik die wedersydse invloed op, en waarde wat ouer en kind vir mekaar het. Die stelling word gemaak dat slegs twee uit elke tien ouers ambivalente gevoelens teenoor hul gestremde kinders het. Slegs een uit tien het verborge of openlike verwerping verklaar. Die meeste verhoudings word gekenmerk deur 'n sinvolle en diepbevredigende wisselwerking, wat, weens die vertraagde ontwikkeling van die erg-gestremde, oor 'n veel langer tydperk kan strek as in die geval van die normale kind.

Die geredelikheid van aanvaarding en die intellektuele en opvoedkundige peil van die ouers word deur Michaels en

Schucman (1962) bespreek. Die laer intellektuele groepe is blykbaar beter daartoe in staat om die gestremdheid van hul kind te aanvaar met veel minder ernstige of langdurige emosionele versteurings. Hulle het gewoonlik nie hoë intellektuele ambisies vir hul kinders nie en aangesien sommige van hierdie groep self aangewys is op hulp van maatskaplike instansies, hospitale en klinieke, is die kind se onvermoë om in die toekoms volkome onafhanklik, te wees nie vir hulle 'n bron van groot bekommernis nie. Die meer intelligente ouer, daarenteen, voel die effek van gestremdheid veel meer. Intellektuele prestasies en die handhawing van die self op intellektuele vlak vorm 'n groot deel van hul waardesisteem. 'n Opregte aanvaarding van die gestremde kind val soms baie moeilik. Die verskil in prestasievermoë met dié van die ander kinders in die huisgesin, asook met ander kinders buite die gesinsverband is opvallend en die inter-persoonlike verhoudinge van die gestremde kind skep vele probleme vir die ouer.

Van die verdedigingsmeganismes wat die skrywers teenkom, is ontkenning van die probleem die mees algemene. Dit beteken nie noodwendig dat ontkenning op 'n patalogiese toestand dui nie, trouens dit kan 'n goeie doel dien om die aanvanklike skok te verlig en die ouer oor 'n tydperk te help tot hy geleidelik 'n meer realistiese siening van die probleem kan ontwikkel.

Daar bestaan egter wel 'n gevaar dat voortdurende weiering om die situasie te erken in 'n toestand kan ontwikkel waar dit vir die ouer moeilik word om tussen werklikheid en

skyn te onderskei en dit kan ook sy oordeel op ander terreine beïnvloed. Die voorkoms van ontkenning van die toestand word goed geïllustreer deur die opvatting van baie ouers dat die gestremdheid eintlik 'n spraakprobleem is en dat hulp op spraakgebied die gestremdheid sal verlig of laat verdwyn. Selfs waar ouers oor die situasie ingelig is, word aan hierdie gedagte van 'n spraakprobleem as synde dit die kernprobleem is, steeds vasgehou.

Insiggewende syfers word deur Lowe (1964) verstrek na aanleiding van ondersoeke uitgevoer. In die Glascow-studie is bevind dat by agt van die neëntien gevalle in die onder 5- ouderdomsgroep het die ouers die gestremdheid as permanent aanvaar, maar tog met die hoop dat die tyd verbetering sal bring. Ongeveer die helfte van die ouers het nie werklik die implikasies van die toestand besef nie. By die ouers van die 5 - 13-ouderdomsgroep het 29 van die 39 ouers nie die effek van die kind se gestremdheid besef nie. Volgens die beskrywing van die behuisingstoestand van die ouers wat in die ondersoek betrek was, val die groep hoofsaaklik in 'n laere sosio-ekonomiese groep.

Daar moet onderskei word tussen aanvaarding van die gestremdheid en aanvaarding van die kind self. Van die groep verstandelike gestremde kinders in die voorskoolse stadium het die Shropshire-ondersoek slegs een geval van verwerping van 'n kind gekry. By die ander gevalle het die navorsers onder die indruk gekom van die toewyding en liefde van die ouers. Dit is natuurlik dat ouers op die uitkyk sal wees vir die geringste teken van verbetering en daarom groot waarde sal heg aan enige positiewe

opmerking van vriende en andere met wie die ouer in aanraking kom.

Na hul studie van die ouers van die serebraalverlamde kind stel Hewett en Newson (1970) dit dat daar weer na die begrip aanvaarding gekyk moet word. Daar is die versoeking om aan die woord aanvaarding 'n positiewe konnotasie te gee en die teenoorgestelde aan nie-aanvaarding. Daar moet ook onderskei word tussen aanvaarding van die persoon en aanvaarding van die gestremdheid. Indien aanvaarding 'n fatalistiese siening van die probleem beteken met geen poging tot verbetering daarvan nie kan dit kwalik as 'n ideaal voorgehou word. As nie-aanvaarding die hoop by die ouers beteken dat ouerlike optrede sodanig moet wees om 'n verbetering in behandeling, optrede, versorging en reaksies van die kind teweeg te bring, dan het nie-aanvaarding ook sy positiewe sy. By 'n bespreking van hierdie term moet daar dus 'n gebalanseerde siening van die situasie wees. Die ouer van die gestremde verkeer in die moeilike posisie dat hy 'n balans moet handhaaf tussen aanvaarding van die feit dat die kind anders is as ander kinders en die aandrang om hom so ver as moontlik te laat konformeer. Indien die ouers sy andersheid beklemtoon, daarvoor toelaat en hom voortdurend help en beskerm, kan hulle as "oorbeskermend" bestempel word. Indien hulle die gestremdheid so min as moontlik beklemtoon, die kind as 'n gewone lid van die gesin behandel en met optimisme van sy intellektuele en fisiese vooruitsigte praat, kan hulle weer daarvan beskuldig word dat hulle nie daarin geslaag het om die toestand te aanvaar nie. Hoe om die balans te bewaar, is 'n probleem wat eintlik in die

laaste instansie net deur die betrokke ouers opgelos kan word.

Die gemeenskap is nie vry te spreek van ambivalensie nie. Enersyds word ouers allerweë aangemoedig om die gestremdheid te aanvaar en die kind soos 'n normale kind te behandel, maar andersyds maak die gemeenskap baie deure toe wanneer die kind volwassendheid bereik.

Dit is dus die taak van die onderwys om die andersheid so min as moontlik te maak.

## 2.6 Ambivalente gevoelens by ouers.

Aansluitend by die aspek van nie-aanvaarding by die ouer van die gestremde kind volg die verskynsel van ambivalensie wat vry algemeen in die literatuur beskryf word.

Die gevoelens van ouers word deur Spock en Lerrigo (1965) as volg beskryf: "Parents of disabled children suffer deeply. Their feelings are turbulent, full of conflicts, hard for them to understand. Most parents at first have great difficulty in establishing a comfortable relationship with their handicapped child."

Die Bureau of Educational Research van die New York City Board of Education het na onderhoude met 64 ouers van kinders met ortopediese probleme bevind dat die meerderheid ouers sterk teenstrydige gevoelens ervaar. Tesame met hul liefde vir die kinders is daar ook gevoelens van irritasie en afkeer.

Die skrywers verwys ook na die ondersoek wat by die Institute of Physical Medicine and Rehabilitation in New York in 1957 gedoen is. Van 123 kinders wat in die ondersoek betrek was, het 80 ouers verklaar dat hulle probleme met ouer-kind verhoudinge ervaar. Sommige ouers het beweer dat dit moeilik is om die kinders onafhanklik te laat ontwikkel. Ander het in opstand gekom teen die eise wat aan hulle as ouers gestel is vanweë die kind se gebrek. By meer as 50 gevalle het die ouers onrealistiese ideale vir hulle kinders gestel.

Die voorkoms van ambivalente gevoelens word vermeld deur Cruickshank en Johnson (1958), Nadal (1963), Hewett en Newson (1970), Joubert (1973), Kleyn (1976), Levinson (1967), Robinson en Robinson (1965), Dalton en Epstein (1963), Cummings en Stock (1962), Egnal en Daneel (1977) en Stratford (1977).

Die ouers se ambivalente gevoelens word deur Roos (1963) toegeskryf aan die feit dat die kind se optrede soms irriterend is. Die ouers is teleurgesteld in sy onvermoë. Die ouers ervaar gevoelens van teenkanting en verwerping wat op hul beurt tot skuldgevoelens aanleiding gee waarvoor die ouer dan deur oordrewe sorg kompenseer. Hierdie verwarring van gevoelens word deur die kind aangevoel en skep by hom 'n gevoel van onsekerheid met 'n gevolglike optrede wat die ouers verder ontstel. Hierdie kringloop kan die kind se intellektuele vermoë nog verder verminder. Die ouer kan ook gevoelens van depressiwiteit ervaar. Die ouer se ambivalente gevoelens kan tot depressiwiteit lei.

De Leeuw-Aalbers (1954) wys daarop dat ambivalente gevoelens by alle ouers aanwesig is, maar uiters verskerp word in die geval van die ouer van die gestremde kind.

'n Ouerlike reaksie van nie-aanvaarding en 'n gebrek aan natuurlike liefde word deur Grimbeek (1977) genoem. Die gevolg kan 'n kettingreaksie van verwerping wees wat nie altyd bewustelik is nie en op subtiele wyse kan manifesteer. Daar is die gevaar dat ouers wat hul kinders emosioneel verwerp ook oorbeskermend kan optree. Sulke oorbeskerming kan belemmerend op die kind se ontwikkeling inwerk. In sy uiterste vorm kan die oorbeskerming tot so 'n volkome sentrering op die belange van die gestremde kind lei dat die ouer hul van die gemeenskap onttrek.

Wyse van oorbeskerming sonder inagneming van die totaliteit van die kind word deur Pieterse (1963) beskryf. Dit kan ook gebeur dat ouers in werklikheid in 'n verhouding van verwerping tot die kind kan lewe. Die verwerping kan bedek of openlik wees. Die gevoelens van ambivalensie is nie net tot die ouers beperk nie: ook die ander broers en susters kan ambivalente gevoelens ervaar.

Die emosionele toestand van die ouers wat die uitvloeisel van 'n bewuste of onbewuste skuldgevoel kan wees, kan tot ambivalente gevoelens lei wat van verwerping tot oorbeskerming wissel. Dit kan strek van 'n onbewuste emosie wat tot uiting kom in blyke van irritasie, kritiek, straf en pruttel tot so 'n oormatige koestering van die kind dat dit die spil raak waarom die huisgesin beweeg. (McDowall, 1964).

In sy werk met die gesigsgestremde kind vind Pauw (1969) dat die ouers gevoelens van verwerping kan ervaar. Verwerping kan op verskillende wyses manifesteer - van openlike verwaarlosing of ontkenning van die gebrek tot oormatige versorging.

Die ambivalente gevoelens word deur Michaels en Schucman (1962) beskryf. Wanneer onderdrukte vyandigheid teen die kind gerig is, kan dit bedek wees met oorversorging en oorbeskerming deur die ouer. By sommige gevalle is daar 'n neurotiese aanvaarding van die gestremdheid deur die ouer wat weet dat die kind altyd hul hulp sal benodig. Dit gee sin aan hul lewe. Ander ouers ervaar 'n gevoel van onwerklikheid. Dit is vir hulle of dit met iemand anders gebeur.

Daar is 'n neiging tot depersonalisering, afsydigheid en onttrekking wat op sosiale vlak merkbaar word. Die onttrekking van die gemeenskap kan oorgaan tot 'n simbiotiese afhanklikheid tussen ouer en kind wat in sy uiterste vorm as die enigste werklike verhouding aanvaar word. Die skrywers haal 'n moeder aan wat verklaar : "I love this child and this child loves me. Nothing else in the world really seems to exist."

Spock en Lerrigo (1965) maak die stelling dat enige ouer soms gemengde gevoelens omtrent sy kind het, maar die irritasie is van korte duur en daar is geen twyfel aan die onwrikbare positiewe gevoel teenoor die kind nie. Die ouer van die gestremde kind egter stel 'n ideaal van perfeksie teenoor homself wat nie vervul kan word nie. Hy

voel dat hy nooit sy humeur moet verloor nie, nie hardhandig optree nie en altyd bereid moet wees om groter opofferings te maak. Tog kan hy nie verhelp dat gevoelens van ontevredenheid met die kind op die voorgrond kom nie. Hierdie bewuswording lei ook tot skuldgevoelens, want die positiewe gevoel teenoor die kind is ook teenwoordig. Waar die gestremdheid uiterlik waarneembaar is, lei dit tot groter spanning by ouers.

Die effek wat nie-aanvaarding deur die ouer op die kind het, word deur Grobler (1967) gestel. Die probleme wat die ouer het om die gestremde te aanvaar, lei tot 'n situasie waar die kind dit aanvoel en homself kan haat. Wat ook kan gebeur, is dat die ouer sy gevoel van verwerping met oorbesorgdheid kan bedek - 'n optrede wat die kind verhinder om tot sy beste en onafhanklik te ontwikkel.

Hierdie mening word ook deur Radley (1962) gestel wat daarop wys dat waar die kind die voorwerp van oordrewe simpatie of verwerping is, kan sy persoonlikheid geskaad word. In sy werk met verstandelik-gestremde kinders met gesigsprobleme kom Bluhm (1968) tot die gevolgtrekking dat sommige ouers neig om die kind te verwerp wat toestande vir die betrokke gestremde kompliseer.

'n Reaksie van aggressie word deur Zuithoff en Schilp (1970) beskryf. Hierdie reaksie kan op verskeie wyses tot uiting kom. Die oorsaak hiervan sien die skrywers in die verankerde neiging van die mens om die gestremde te verwerp. In die geskiedenis van die mens het dit deur die eeue tot

die beskaafde vorm van vandag ontwikkel waar daar nie teen die gestremde opgetree word nie, maar "toch blÿken inhumane agressiewe neigingen in de mens niet verdwenen." Die gekrenkte narsisme van die ouer plus die ekstra probleme wat die gestremde op psigiese sowel as materiële vlak bring, kan tot optrede van frustrasie-aggressie lei. Hierdie gevoelens kan ook uiting vind in die vorm van verwenning en oorbeskerming. Die neiging kan ook van die kind af keer na die huweliksmaat, die ander kinders, familie of die gemeenskap. Die nut vir professionele hulp om die ouer in staat te stel om hierdie gevoelens van aggressiwiteit sinvol te hanteer, is duidelik.

Lowe (1964) wys daarop dat in die Glascow-studie is enkele gevalle van verwerping deur veral die vader gevind, maar by die meeste gevalle het die vader sy rol in die versorging gespeel. In die Shropshire-ondersoek is baie min verwerping van die kind teengekom en waar dit wel plaasgevind het, was dit nie noodwendig aan die graad van die defek gekoppel nie.

Om die ouers met hul teenstrydige gevoelens teenoor die kind te help, duur baie lank en is moeilik. (Sheimo, 1951).

## 2.7 Kroniese droefheid.

'n Waardevolle bydrae tot 'n insig in die reaksie van die ouer van die gestremde word deur Olshansky (1963) gelewer. Die skrywer het vanweë sy werk met die ouer van die erggestremde by die Children's Developmental Clinic by Cambridge, Massachusetts tot die gevolgtrekking gekom dat

die meeste ouers van hierdie kinders aan 'n deurdringende sielkundige reaksie ly wat hy beskryf as "chronic sorrow" - kroniese of voortdurende droefheid. Hierdie gevoel kan wissel na gelang van omstandighede en kan beïnvloed word deur persoonlikheid, etniese groep, godsdiens en sosio-ekonomiese vlak. Sommige ouers probeer dit verberg, by andere is dit duidelik waarneembaar.

Die professionele werker sien dikwels die kroniese droefheid as 'n neurotiese manifestasie terwyl dit inderwaarheid 'n normale en verstaanbare reaksie tot 'n tragiese feit is. Wanneer daar verwys word na 'n ouer se ontkenning van die probleem,kan dit tog wel 'n ontkenning van sy kroniese droefheid wees. Die ouerlike reaksies van skuld, angs en beskroomdheid is uiterlik baie nou verweef met hierdie droefheid. Die aanwesigheid van hierdie toestand sluit nie die blydskap uit wat by die geringste prestasie van die kind ervaar word nie. Die gestremdheid kan ook vir die ouer 'n simboliese betekenis inhou. Hierdie gevoelens kom egter slegs in gevorderde psigo-terapie na vore.

Die skrywer stel die vraag of die professionele werker se beheptheid met aanvaarding werklik so nodig is. Dit maak eintlik nie saak as die ouer vir 'n tydperk nie die toestand gelate aanvaar nie. In sy ondervinding het die skrywer gevind dat die meeste ouers tog wel deeglik bewus is van die kind se gestremdheid, maar alle pogings aanwend om die toestand die hoof te bied. Die meeste ouers het 'n nugtere siening van die probleem, maar ongelukkig het dit so gebeur

dat die klein getal ouers wat wel neurotiese reaksies getoon het, die meeste aandag ontvang het en as verteenwoordigend beskou is.

Die professionele werker wat bewus is van die verskynsel van kroniese droefheid en besef dat dit 'n natuurlike reaksie is, sal 'n beter begrip van die ouer hê. Hy sal daarop ingestel wees dat 'n langer tydperk nodig is vir die ouer om sy probleem te verwerk.

## 2.8 Skuld en Angsgevoel.

Hierdie reaksie van die ouer geniet aansienlike prominensie in die literatuur. 'n Groot aantal skrywers behandel dit en die reaksie skyn vry algemeen voor te kom. Dit is ook nie beperk tot die ouer van die verstandelik-gestremde nie, maar word beskryf in studies van ouerlike reaksies by ander vorms van gestremdheid. In hierdie oorsig sal daar ook na bydraes van sodanige skrywers verwys word. Waar die bevindinge van skrywers hoofsaaklik gegrond is op studies van die ouer van die erg-gestremde is hierdie gevoelens van skuld en angs nie tot hierdie groep beperk nie. In talle onderhoude met ouers van Spesiale Klas-leerlinge het hierdie reaksie na vore gekom.

Hewett en Newson (1970) wys daarop dat die term skuldgevoel omskryf moet word. Die term word deur skrywers gebruik met die veronderstelling dat die leser weet wat dit beteken. Maar dit is nie duidelik of die skrywer bedoel dat die ouer skuldig voel omdat 'n gestremde kind in die wêreld gebring is nie; of omdat hulle nie oor hom net

so kan voel as oor 'n nie-gestremde kind; of omdat hulle voel dat hulle nie genoeg vir hom doen nie; of omdat hulle voel dat hulle hom wil wegstuur van die huis af; of omdat hulle voel dat hulle hom nie wil wegstuur nie; of omdat hulle die ander kinders verwaarloos. Die skuldgevoel kan een of meer oorsake hê.

Uit die studie van die literatuur word dit duidelik dat die skuld- en angsgevoel moeilik geskei kan word. Hierdie gevoelens skakel inmekaar en die een gee aanleiding tot die ander. Vliegenhart (1972) wys op gevoelens van skuld, minderwaardigheidsbelewing, angs en aggresiwiteit. Dit is duidelik dat hierdie "belevingen onderling verweven zÿn."

Melding van 'n angs en skuldgevoel word gemaak deur Joubert (1973), Levinson (1967), Dalton en Epstein (1963), Kanner (1953), Sheimo (1951), Stone (1948), Radley (1962), Egnall en Daneel (1977), Cummings en Stock (1972), Hamilton (1971), Farrell (1956), Worschel en Worschel (1961), Kirk en Johnson (1957), Harada (1975), Rheingold (1945), Cruichshank en Johnson (1958), Nadal (1963), Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973).

In haar bespreking van die psigiese ontwikkeling van die liggaamlik-gestremde kind wys De Leeuw-Aalbers (1954) eers op die meganismes wat die kind in werking stel om vir sy gebrek te kompenseer. Dit is nodig om hierop te let as die voor-die-hand liggende manifestasies van 'n hantering van die probleem, maar wat in werklikheid nie die kern van die verhoudingsprobleem raak nie. Laasgenoemde is gesetel in die ouer se gevoelens van skuld

en angs. Die skryfster wys op 'n aantal meganismes wat duidelik waarneembaar is. Daar is die kind wat ten spyte van byvoorbeeld 'n parese van die been na polio tog 'n behendigheid aankweek wat hom op gelyke of selfs beter liggaamlike prestasies as sy maats plaas. Hierdie kind werp alles in die stryd om die gevoel van tekortkoming te oorkom. Die skryfster wys ook op die kind met 'n hartgebrek byvoorbeeld wat van fisiese inspanning uitgesluit is en sig dan op intellektuele prestasies toelê. 'n Ander vorm van kompensering is die kind wat staat maak op die gevoelsreaksie by ouers of andere in die skoolsituasie ten opsigte van sy uitsonderingsposisie. Die ekstra hulp en aandag wat hy geniet "is een pleister op die altÿd schrÿnende wond van een lichamelÿk gebrek."

Maar hierdie verwerkingswyses van die kind het slegs 'n oppervlakkige rol in die bepaling van die kind se karakter. Die eintlike problematiek van die liggaamlik-gestremde kind is op 'n ander niveau en dit is die versteurde emosionele ewewig van die gesin. Dit is nie alleen op die maklik waarneembare vlak van verhoogde uitgawes en die meer direkte versorging wat addisionele eise stel nie - dit dra ook daartoe by, maar dit gaan eintlik veel dieper en is fundamenteel tot die ouer-kind-verhouding: Die geboorte of vroeë diagnosering van 'n ernstige liggaamlike of geestelike defek lei tot 'n wysiging of verandering aan hierdie ouer-kind-verhouding. De Leeuw-Aalbers wys op die verborge gedagtes en fantasieë, angste en sorge asook die vreugdevolle verwagtings wat voor die geboorte

van die kind aanwesig is. Daar is reeds 'n verhouding tot die kind hoewel hy nog nie 'n eie wese teenoor die moeder is nie. In die belewing van die geboorteproses is dit of die infantiele angste van die moeder, die onbewuste skuldgevoelens, hoë verwagtings ten opsigte van haar kind uit verborge hoeke en skuilplekke van haar lewensfases deur die jare kulmineer en verwek word in die uiteindelike bevrediging van die voortbrenging van 'n gesonde kind. Abnormale angste word geneutraliseer, skuldgevoelens word versoen en te hoë verwagtings word aan die realiteit getoets. Alles is egter anders met die geboorte van 'n kind met 'n gestremdheid. Dan was die skuldgevoelens en angste tog waar. Skuld en angs wat in die normale geboorteproses 'n natuurlike oplossing vind, word nou albei versterk. Dit is veral die moeder wat hierdie ekstra las op haar emosionele lewe die swaarste voel en neurotiese neiginge kan hulle nou manifesteer.

By die skuld en angs is ook die teleurstelling en in die moeder-kind-verhouding maak ambivalente gevoelens hulle merkbaar. Liefde en sorg het te make met gekrenkte ydelheid en groot teleurstelling. De Leeuw-Aalbers wys daarop dat ook die vader, hoewel aanvanklik in 'n mindere mate, dieselfde konflik beleef. By die ouers word van die afweermeganismes in werking gestel om die probleem die hoof te bied as daar nie 'n aanvaarding van die probleem is nie. Die verloëning van die werklikheid, die weiering om die toestand te besef, die verberging van vyandigheid deur oormatige sorg en aandag maak sig kenbaar. Hierdie siening dat ambivalente gevoelens tot skuldgevoelens aanleiding gee, word ook deur Spock en Lerrigo (1965) gestel.

In die bespreking van die ouer van die outistiese kind gee Des Lauriers en Carlsen (1969) die volgende verklaring vir die skuldgevoel by die ouer van die gestremde kind. Dit het gedurende die afgelope 50 jaar of meer die gebruik geword om ouers verantwoordelik te hou vir die persoonlikheidsprobleme van hul kinders. Die aanname is dat met die geboorte van 'n kind die ouers gekonfronteer word met 'n hoogs ontvanklike en plooibare wese wat gelei en gevorm moet word, en op wie al die ouers se persoonlikheidsbates en -laste weerklank vind. Wat dus van hierdie kind word en wat hy bereik of nie bereik nie, of hy gelukkig is of nie, of hy suksesvol is of nie, word dan aan die ouer toegeskryf. So 'n opvatting plaas 'n geweldige verantwoordelikheid op die ouer en wanneer die eerste probleme ontstaan, is die ouer geneig om homself af te vra wat hy dan verkeerd gedoen het. By die ouer van die outistiese kind is hierdie skuldgevoel baie opmerklik omdat die kind in sy skynbare verwerping van die ouer se toenadering die angs- en skuldgevoel laat vermeerder. Die gefrustreerde pogings om tot die kind deur te dring, wek negatiewe gevoelens op wat op hul beurt tot verdere skuldgevoelens lei.

Dalton en Epstein (1963) behandel die skuldgevoel wat by die ouer van die hooggradige gestremde kind voorkom. Hoewel die impakt nie minder is as by die ouer van die erg-gestremde kind nie, is die redes verskillend. Aangesien die diagnose eers betreklik laat in die kind se lewe gedoen word, word die ouer gepla deur twyfel of hy genoeg gedoen het vir die kind, of daar te laat hulp

gesoek is, of die kind te min geleer is, of hy nie genoeg met maats in aanraking gebring is nie. Die ouers voel treurig, teleurgesteld en kwaad - nie alleen vir hulself nie, maar in empatie met die kind wat hulle weet, verward sal wees in sy soeke na 'n oplossing vir sy andersheid. Hulle probeer hom hierdie bewuswees van sy probleme spaar, maar hy is wel deeglik daarvan bewus, trouens hy begin sy probleme besef op ongeveer dieselfde tyd dat sy ouers se vermoede oor sy intellektuele onvermoë begin.

Zwerling (1954) wys op die feit dat die angs van die ouers van belang is vir die professionele persoon (die medikus in die geval van die erg-gestremde) wat sy bevindinge aan hulle moet meedeel. Daar is verskeie redes vir die angs. Die ouers is bewus van die permanentheid van die toestand, die beperkte terapeutiese vooruitsigte en die waas van negatiewe reaksie rondom die waarneming van 'n afwyking wat met die gees en die verstand te make het in teenstelling met die geredelike aanvaarding en simpatieke houding jeens liggaamlike afwykings. Gepaard met die angs gaan ook dikwels 'n skuldgevoel.

'n Heimlike skuldgevoel, hoe ongegrond dit ook mag wees, word deur Pauw (1969) by die ouer van die gesigsgestremde aangetref. Ook is daar 'n angsgevoel met 'n gewaarwording van eie ontoereikenheid vir die taak wat vir hulle wag in verband met die versorging en opvoeding van die kind.

In hul ondersoek met ouers van gestremde kinders vind Worschel en Worschel (1961) die interessante verskynsel dat die ouers betreklik negatief ingestel is teenoor ander kinders in vergelyking met hul eie kind. Die verklaring

word gegee dat dit moontlik op die teleurstelling in hul eie kind kan dui. Die angs en skuldgevoel kan minder intens wees deur ander kinders negatief te bejeën. Moontlik is die negatiewe waarneming van ander kinders een manier om by 'n mens se eie probleem aan te pas. Die gevoel van teleurstelling by die huweliksmaat en ander familielede word deur die ouer as sy of haar verantwoordelikheid ervaar. (Roos, 1963).

In sy bespreking van sekere aspekte van die opvoeding van die leergestremde kind stel Stander (1974) dat ook hierdie kind met sy probleme 'n bron van kommer vir sy ouers is. Baie van die ouers voel geïsoleer en ervaar skuldgevoelens en frustrasie. Spanninge in die gesin kom voor.

Die houding van die ouers en die hantering van skuld- en angsgevoelens word deur verskeie skrywers beklemtoon. Cohen (1963) wys daarop dat die ouer van die gestremde baie realistiese aangeleenthede het wat 'n bron van kommer is. Daar is die bekommernis of hulle altyd in staat sal wees om hom te versorg, die geldelike sy daarvan en hoe dit ander lede van die gesin sal raak. Hulle is ook besorgd oor die kind se toekoms, wat hy sal kan doen, of hy na homself sal kan omsien en sy omstandighede na sy ouers se dood.

Ook die grondslag van die skuldgevoel kan die ouer se benadering tot die gestremde beïnvloed. Zuithoff en Schilp (1970) wys daarop dat as dit 'n narsistiese selfbeskuldiging is, sal die ouer se ingesteldheid anders

wees as wanneer dit uit 'n verantwoordelikheidsgevoel spruit. Die kind is deel van die selfbelewing van die ouer en as die kind gestremd is, kan die ouer se selfwaardering geskend wees. 'n Narsistiese krenking van die ouer kan tot 'n afwerende reaksie lei met gevolglike verwaarlosing en verwerping.

Prins (1972) stel dit dat die ouers se skuldgevoelens hul houdings so beïnvloed dat die kind in 'n atmosfeer van verwenning opgroei. Dit kan sulke afmetings aanneem dat die verwende kind die huislike situasie oorheers en 'n abnormale gesinsituasie kan ontstaan. Die skuldgevoelens kan ook tot 'n letargiese lewensstyl van die ouers aanleiding gee. Die ouers neem 'n berustende houding aan en verloor alle inisiatief om voldoende maatreëls te tref. In albei hierdie gevalle word daar te min van die kind verwag.

In die eerste geval word die kind nie die geleentheid gegee om te ontwikkel nie en in die tweede geval is daar te min aandag en kan 'n neiging tot regressie ontstaan.

## 2.9 Soeke van ouers na oorsprong van gestremdheid.

Uit die verkenning van die literatuur oor skuld- en angsgevoelens word dit duidelik dat verskeie skrywers die oorsake hiervan probeer uitlig.

So wys McDowall (1964) daarop dat na 'n periode van weiering om die diagnose te aanvaar, begin die sentrale feit van verstandelike gestremdheid vir die ouers 'n werklikheid word en word hul lewensstyl daarby aangepas. Gevoelens

wat nou die oorhand kan kry, is skaamte, selfbeskuldiging en eensaamheid. Daar is eintlik min mense met wie die toestand wetenskaplik bespreek kan word en die ouers voel hul toenemend afgesonderd en 'n skuldgevoel begin hom meester maak asof een of albei ouers vir die toestand verantwoordelik is. Hierdie skuldgevoel kan hul hele lewensuitkyk beïnvloed. 'n Ander manifestasie is die groter geneigdheid tot huwelikspanning. Dit kan gebeur dat die huweliksgenote mekaar die skuld gee vir hul kind se toestand. Hierdie spanninge kan uitkring tot die ander gesinsverhoudinge en die kind self. Die noodsaaklikheid vir professionele hulp op hierdie stadium is voor-die-hand-liggend.

Cruickshank en Johnson (1958) stel dit ook dat moeders soms skuldgevoelens ontwikkel oor werklike of gewaande versuim in verband met die medikus se advies gedurende swangerskap. Die skrywers wys ook op die feit van beskuldigings teenoor die huweliksmaat.

Ouers is baie angstig om die oorsaak van die gestremdheid vas te stel. Robinson en Robinson (1965) gee twee verklarings vir hierdie verskynsel. Ten eerste is daar die hoop dat die vasstelling van die oorsaak ook 'n genesing kan aandui en ten tweede die begeerte om verlig te word van die skuldgevoel. Deur die oorsaak vas te stel, is daar die moontlikheid dat dit die blaam wat die ouers op hulself plaas uit die weg sal ruim. Die skrywers maak die stelling dat al sou die oorsaak ook vasgestel word, die moontlikheid baie sterk is dat dit geen verskil aan die situasie sal maak nie. Veel

eerder dat tyd en energie bestee word aan die beste stappe wat in belang van die kind geneem kan word.

Die stadiums van angs en frustrasie is baie beproewend vir die ouer tensy daar hulp verkry word om vrese uit die weg te ruim. Aanvaarding van die gestremde kind geskied geleidelik en dit kan ook gebeur dat dit by een ouer vroeër kan gebeur as by die ander. Ouers moet ingelig word betreffende oorerwing asook toekomsmoontlikhede van die kind. Indien ouers nie professioneel gesteun word nie, kan hul vrese lei tot skuldgevoelens en dikwels voel ouers dat hulle beskaamd staan teenoor die gemeenskap. Hulle voel dat hulle aansien in die gemeenskap gedaal het. Daar is ook besorgdheid oor die uitwerking wat die toestand op die ander lede van die gesin sal hê. (Winterbourne, 1958).

Wallin (1955) wys daarop dat ouers hulself blameer vir die kind se toestand en 'n skuldgevoel ontwikkel wat kan lei tot 'n patalogiese pre-okkupasie met die toestand, morbiede vrese en 'n gevoel van insekuriteit.

Die soeke na 'n oorsaak vir die gestremdheid en die gepaardgaande skuldgevoel word deur Spock en Lerrigo (1965) behandel. Hierdie gevoelens is veral aanwesig by ouers waar hulle onder die indruk verkeer dat die gestremdheid aan erflike faktore toegeskryf kan word. Gewoonlik is daar nie 'n logiese rede vir ouers om so te voel nie. Baie sogenoemde oorerflike gebreke is nie werklik oorerflik nie - hulle verskyn nie gereeld soos familietrekke nie. Hulle is die gevolg van die ongelukkige verbinding van onwaarskynlike kombinasies

van genes. Bioloë bereken dat elke persoon oor sekere gebrekkige genes beskik en as twee normale persone 'n baie groot getal kinders sou kon voortbring, byvoorbeeld 'n 100 - sal ten minste een kind gestremd wees. Dit is onvoorspelbaar of dit die eerste, vyfde, twintigste of laaste kind is. Indien daar egter 'n sterk vermoede is dat 'n bepaalde vorm van gestremdheid tog wel oorerflik is, moet 'n spesialis op hierdie gebied geraadpleeg word.

Is die kind se gestremdheid die gevolg van 'n ongeluk of siekte is ouers ook geneig om hulself vir die toestand te blameer. Geen kind kan egter teen alle vorme van gevare beskerm word nie.

Die skrywers gaan voort en wys daarop dat skuldgevoelens ouers dikwels daartoe dryf dat hulle te veel vir die kinders probeer doen en hom so die geleentheid ontneem en so onafhanklik as moontlik te ontwikkel. 'n Ander manifestasie is die begeerte om te veel op die kind te spandeer - soms tot nadeel van die res van die gesin. Die probleem hiermee is dat die kind self skuldig en ongemaklik voel oor die buitensporige opofferings wat om sy ontwil gedoen word. 'n Ander reaksie by die kind is dat die wêreld hom 'n bestaan skuldig is en alles vir hom doen sonder 'n poging van sy kant. Hierdie reaksies van ouers kan baie bydra om die goeie werk van psigo-terapeute ongedaan te maak.

Kleyn (1976) stel dit dat ouers in hul verlede delf en die geboorte van 'n gestremde as 'n straf vir vroeëre oortredinge sien. 'n Sterk geloof kan baie bydra tot vermindering van hierdie gevoel. Grimbeek (1977) meld ook dat die gebreke

in die familie van die vader of die moeder dikwels ondersoek word. Ouers voel ook soms dat hulle die bestrafde derde of vierde geslag is. Ouers word soms oorweldig deur toestande van wanhoop en verwarring. Hierdie atmosfeer is nie bevorderlik vir die geluk van die gesin of die gestremde nie. Coleman (1953) vind in sy groepsessies dat ouers uiting gee aan skuldgevoelens. Die ouer voel dat hy of sy 'n aandeel het in die voortbrenging van die gestremde kind weens gewaande oorerflikheidsfaktore of vroeëre misstappe. Levinson (1967) stel dit dat baie ouers aan 'n skuldgevoel ly en in die verlede delf op soek na die bron van die ramp wat hulle getref het. Die ongeregverdigheid van hierdie selfaanklag moet op professionele wyse aan die ouer gestel word. Hierdie skuldgevoel lei dikwels tot 'n oortuiging van minderwaardigheid en onvermoë met 'n gevolglike onttrekking uit die sosiale lewe.

Die skuldgevoel en soeke na 'n oorsaak vir die gestremdheid word deur van Liefland (1951) beskryf. Vele ouers ly onder 'n skuldgevoel. Die publiek soek die oorsaak van gestremdheid by voorkeur in die familie. Daar word ywerig verwys na misstappe van familielede. Nie alleen is leke hierby betrokke nie, maar ook professionele werkers vra dikwels vrae in die verkryging van 'n anamnese wat eintlik nie weer gebruik word nie - vrae oor misdadigheid, dranksug, swaksinningheid, kranksinnigheid en skoolprestasie van die familie. Die skrywer vra die vraag of daar werklik van hierdie inligting gebruik gemaak word. Dit skerp net by die ouer die skuldgevoel in.

In sy ondersoek met ouers van serebraalverlamde kinders

kom Thurston (1960) tot die gevolgtrekking dat een uit elke agt ouers akute skuldgevoelens gehad het. Hierdie ouers het gevoel dat die gestremdheid 'n straf was vir 'n sonde wat gepleeg is.

2.10 <u>'n Positiewe siening van die skuldgevoel</u>.

In teenstelling met die algemene opvatting van die skuldgevoelens by ouers neem Roith (1963) 'n ander standpunt in. Die skrywer waarsku teen die opvatting dat 'n skuldgevoel gewoonlik aanwesig is. Die skrywer wys daarop dat teenoorgesgelde optredes van ouers deur verskillende outoriteite aan skuldgevoelens gewyt kan word. So sal die feit dat 'n ouer sy erg-gestremde kind in 'n inrigting plaas, gesien word as die manifestasie van 'n skuldgevoel dat die ouer onbewustelik sy kind verwerp en die verantwoordelikheid vir sy versoging vermy. 'n Ander gesaghebbende sal beweer dat die feit dat die ouer sy kind nie in 'n inrigting plaas nie tot skuldgevoelens sal lei omdat die ouer sal voel dat hy sy kind goeie versorging ontsê. In 'n ondersoek deur die skrywer uitgevoer, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat 94% van die ouers nie 'n skuldgevoel oor hul gestremde kind gehad het nie.

Ook Bisschoff (1972) stel dit dat daar geen rede is waarom ouers van 'n geestesgestremde onder die swaard van 'n skuldgevoel hoef te lewe nie. Cohen (1963) het reeds daarop gewys dat om soms kwaad te word teenoor 'n geliefde persoon 'n normale reaksie is, net soos die gevoel van skuld wat soms daarop volg. Hierdie gevoel van skuld is groter

wanneer die persoon teen wie die gramskap gerig was, 'n gestremde is. Die gevoel van skuld is egter nie geregverdig nie, aangesien 'n blyke van afkeer deur die ouers soms nodig is in die opvoedingsproses. Ook die gestremde moet aan sekere norme waartoe hy in staat is, voldoen.

Ellingson (1967) stel dit aan ouers dat indien hulle 'n kind met 'n leergebrek het, dit nie die kind of die ouer se skuld is nie. Dit is nie die einde van die wêreld nie, trouens dit kan die begin wees van 'n nuwe wêreld vir ouer sowel as kind.

## 2.11 Onttrekking aan die Gemeenskap.

Die volgende manifestasie van reaksies by ouers word gewoonlik geassosieer by die ouer van die erg-gestremde kind, maar dit is nodig om dit hier te behandel aangesien dit 'n uitvloeisel van skuld en angsgevoelens kan wees en ook lig kan werp op sekere optredes van ouers van hooggradige gestremdes.

Mandelbaum en Wheeler (1963) wys daarop dat 'n skuldgevoel kan spruit uit onderlinge verskille tussen die ouers oor die opvoeding van die kind, veral in die geval van die erggestremde kind waar inrigtingsorg ter sprake kom. Die ouer ten gunste van plasing word soms van ongevoeligheid beskuldig. Hierdie konflik tussen ouers lei tot spanninge in die huis. Latente verskille tussen ouers kom ook

dikwels na vore uit die krisissituasie wat 'n gestremde kind bring. Hierdie steuring van die kalmte in die huis kan deurwerk na al die lede van die gesin met 'n gevolglike ontwrigting van onderlinge betrekkinge en die emosionele lewe van al die betrokke persone.

Die skrywers wys daarop dat die skuldgevoel ook kan uitbrei van een lid na 'n ander. Die moeder wat aanspreeklik voel vir die gestremde se toestand kan probeer kompenseer deur die volle verantwoordelikheid vir die versorging van die kind op haar te neem. Namate die verantwoordelikhede vermeerder, neem die moeder die houding in dat die vader nie in staat is, of nie genoegsaam belangstel, om 'n beduidende bydrae tot die versorging te maak nie. Die vader op sy beurt voel uitgesluit en soek kompensasie in sy werk en buitebelange. Dit gee aanleiding tot 'n verdere terugtrekking van die moeder, aangesien sy enersyds van die vader se belange uitgesluit voel en nie op haar beurt die kind alleen kan laat en werk aanvaar nie. Hierdie gaping tussen die siening van die situasie deur die ouers lei tot veral die moeder se emosionele afsondering, 'n terugtrekking in depressiwiteit en woede-uitbarstings.

Hierdie siening is ook deur Winterbourne (1958) gestel. Moeders veral, verwaarloos dikwels hul persoonlike voorkoms, word huisgebonde, verminder hul sosiale bedrywighede en vakansies en gee blyke van vroegtydige veroudering. Gesinsonenighede en huweliksprobleme kan voorkom as gevolg van die algemene emosionele spanning en verskille oor die gestremde kind se hantering en opvoeding. Die ouers van

normale kinders kan van hul spanninge ontslae raak deur na buite te beweeg. Die effek van die emosionele probleme is gewoonlik meer in die geval van die moeder, aangesien die vader in sy rol as broodwinner buitebelange moet behou.

'n Oordrewe gevoel dat daar 'n stigma aan verstandelike gestremdheid kleef, kan volgens McDowall (1964) by ouers ontwikkel. Dit lei tot 'n gedeeltelike of algehele onttrekking van die sosiale lewe, of 'n selfbewustheid en oorgevoeligheid vir enige verwysing na verstandelike prestasie of onvermoë. Die ouers word geteister met talle vrae wat voortspruit uit hul gespanne emosionele toestand.

Levinson (1967) beskryf die huiwering wat sommige ouers soms ontwikkel om die kind in die openbaar te bring, en onttrek nie alleen die kind nie, maar ook hulself van die gemeenskap. Die ironie van hierdie optrede is juis dat dit hierdie onttrekking is wat aanleiding tot meer bespreking deur die gemeenskap gee.

Die manifestasie van onttrekking word beskryf deur Cruikshank en Johnson (1958), Nadal (1963), Grobler (1967) en Wardell (1952). In die ondersoek van Tizard en Grad (1962) is bevind dat 60% van die families wat betrek was, normale sosiale kontakte voortgesit het. Sewe-en-twintig persent se kontakte was beperk en 10% was uiters beperk. Die waarneming is gedoen dat verskeie families hulself van die gemeenskap afsny na die geboorte van 'n gestremde. Hulle leef in 'n gefrustreerde, ongelukkige isolasie. Ook wys Grobler (1973) op die feit dat uit die oogpunt van moeders

van inrigtingsversorgde kinders huweliksverhoudings van ouers nadelig beïnvloed word deur die teenwoordigheid van 'n Downsindroom kind. Cohen (1963) verklaar die onttrekking uit die gramskap wat ouers het, maar nie openbaar kan maak nie. Uit hierdie situasie volg die onttrekking. Hierdie gevoel van kwaad wees teenoor diegene wat nie dieselfde lot getref het nie, kan vererger word deur onbedagsame optrede van lede van die gemeenskap.

'n Gevoel van skaamte word deur Roos (1963) beskryf. Die ouer verwag sosiale verwerping of bejammering en ly gevolglik aan verlies van prestige. Dit gebeur dat sulke ouers hulle geleidelik aan die samelewing onttrek om die moontlikheid van onaangename insidente te verminder. Die skrywer wys ook daarop dat sodanige ouers 'n masochistiese houding inneem waarin hulle as't ware die ekstra verantwoordelikheid wat die versorging van die erg-gestremde meebring, verwelkom - waar die ouers hulself eintlik as martelare sien. Hulle praat graag oor die groot probleem wat hulle het en vertel van die ongelukkigheid wat hulle ervaar. Sulke ouers is ook minder geneig om die kind in 'n inrigting te plaas en verwaarloos ander lede van die gesin in hul versorging van die gestremde. In beraad met die ouers word die posisie en belangrikheid van die gestremde gou duidelik in die ouers se aanpassing.

'n Ander siening van die onttrekking van die ouer word deur Zuithoff en Schilp (1970) gegee. 'n Passiewe vorm van reaksie kan ontwikkel waar ouers hulle terugtrek in 'n geestelike en ook sosiale isolasie en hulle self nie kan

beweeg om van hulp van buite gebruik te maak nie - juis die hulp wat hulle in staat kan stel om die situasie sinvol te kan hanteer. Daar kan 'n passiwiteitssindroom ontstaan. As 'n uiting van verwerping kan dit 'n vorm van lydelike verset teen die kind word. In teenstelling hiermee word soms die toestand aangetref dat die vader veral, 'n verskerpte ambisie ontwikkel en hom in sy beroep of in die gemeenskap tot altyd groter hoogtes dryf. Moontlik kan dit toegeskryf word aan 'n poging om die gemeenskap se goeie dunk te behou of om 'n eie gevoel van ontoereikenheid te bowe te kom.

## 2.12 'n Gevoel van verbittering.

Aansluitend by die manifestasie van onttrekking is daar ook die verskynsel van 'n gevoel van verbittering wat by sommige ouers aangetref word.

Die stelling word deur Roos (1963) gemaak dat die vyandigheid wat ouers teenoor die kind voel, na ander verhoudings oorgeplaas kan word. Hulle raak minder toegeneë teenoor hul medemens, meer aggressief en hierdie ongewilde optrede lei tot vervreemding deur vriende en familie. Die ouer blameer die gemeenskap vir hierdie verwydering wat op sy beurt tot verdere isolasie lei. 'n Kringloop ontstaan.

Dit gebeur by baie ouers dat 'n gevoel van verbitterdheid en opstand prominent word. (Levinson, 1967). Hulle vra hulself af waarom dit juis met hulle kind moes gebeur het. Die ouers van nie-gestremde kinders word ook beny. Hoe

hoër die intellektuele en sosiale peil van die ouer hoe moeiliker word die stille aanvaarding van die toestand. (Word daar gekyk na die ouers wat die inisiatief neem in die daarstelling van hulp aan die erg-gestremde, val dit op dat dit juis die ouers uit die boonste sosio-ekonomiese vlakke van die samelewing is. Die nie-aanvaarding van die toestand skyn eerder tot handeling te lei as tot 'n verbitterde onttrekking. Hierdie waarneming strook nie met die skrywer se bewering nie).

Die verskynsel van verbitterdheid word ook deur Kanner (1953), Winterbourne (1958), Kleyn (1976) genoem. Hierdie ouerlike manifestasie word hoofsaaklik by die gevalle van laaggradige verstandelike gestremdheid aangetref.

## 2.13 Gevoel van verwarring.

Verskeie skrywers behandel die gevoel van verwarring wat by die ouer van die verstandelik-gestremde kind ontstaan. So word dit beskryf deur Dalton en Epstein (1963) en Paola (1976). Levinson (1967) wys daarop dat hoewel ouers vermoed dat daar 'n gebrek is of selfs bewyse daarvan het, is daar die vrees om die waarheid te besef. Die hoop en verwagting dat dit slegs 'n tydelike verskynsel is en dat die kind dit sal ontgroei, is baie sterk. Die ouer verkeer in 'n staat van besluiteloosheid, verbystering en verwarring.

Wanneer 'n moeder voel dat haar kind gestremd is as gevolg van haar eie verbode begeertes, gramskap of gefantiseerde wreedhede lei dit tot 'n gevoel van verwarring en alleenheid.

Hierdie gevoel van radeloosheid, verwardheid en fatalisme word deur Grobler (1967) beskryf. 'n Hele reeks onbeantwoorde vrae oormeester baie ouers. Hulle kan aanvanklik nie logies dink nie en die gevoelens van twyfel lei tot onsekerheid en verlies van selfvertroue. Hierdie atmosfeer is nie bevorderlik vir die gesin en die gestremde nie.

## 2.14 Geneigdheid om blaam op andere te plaas.

'n Reaksiewyse teen selfverwyt of 'n gevoel van selfbestraffing kan die projektering van verwyt teen andere wees. Dit is gewoonlik die geneesheer of ander professionele persone of die huweliksmaat of ander familielede. (Zuithoff en Schilp, 1970).

Die gedagtes van die ouers kan krities en ondersoekend wees. As daar 'n suspisie is van geboortebesering is dit 'n groot versoeking om die skuld op die hospitaal, medici of verpleegsters te plaas. (Grobler, 1967 , Grimbeek, 1977, Joubert, 1973).

In die geval van die stadige leerder is dit veral die skool waarop die blaam geplaas word. Thurston (1964). Verskeie leerkragte in die kind se geskiedenis word blameer. Tog is hierdie stelling van ouers soms waar hoewel om 'n ander rede as wat die ouers bedoel. Leerkragte is soms huiwerig om die misnoeë van ouers op die hals te haal en gee aan kinders makliker werk, of laat hulle slaag,hoewel nie daarvoor gereed nie, en bring ouers oor die algemeen onder 'n verkeerde indruk. Die futiliteit van sulke optrede is voor-die-hand-liggend.

Ouers is ook soms geneig om die blaam op die ander se familie-agtergrond te plaas. 'n Ander verdedigingsmeganisme is dat 'n ouer na 'n "genie" in die familie verwys. Die implikasie is dat die verskil tussen die opset van die genie en die gestremde inderdaad baie gering is. (Mandelbaum en Wheeler, 1963).

## 2.15 Vyandigheid teenoor professionele persone.

Hierdie verskynsel kom dikwels voor. Levinson (1967), Egnal en Daneel (1977), Nadal (1963), beskryf die aanvanklike vyandigheid teenoor professionele werkers as opvallend. Die gevoel word ook veral geopenbaar teenoor die persoon wat die diagnose doen en dit aan die ouers moet meedeel. Ouers is baie gevoelig oor die wyse waarop die inligting aan hulle bekend gemaak word. (Hierdie stelling word bevestig deur reaksie op hierdie aspek deur die Spesiale Klas-ouers in hierdie navorsing. Sien bespreking van hierdie item in hoofstuk 7). Ouers gaan ook na verskeie geneeshere. Dit is merkwaardig in hoeveel besonderhede die ouers die mededeling van die diagnose kan onthou. 'n Lang tydsverloop skyn geen effek te hê nie en die ouer kan na etlike jare fyn besonderhede onthou. Volgens Levinson (1967) is die gevoel van vyandigheid wat teenoor die geneesheer wat die diagnose gedoen het, so intens dat hulle dit nooit werklik te bowe kom nie.

Die wyse waarop die diagnose meegedeel word, is ook dikwels die skyf van kritiek. So bevind Roith (1963) in sy ondersoek dat 20% van die ouers verklaar het dat hulle op 'n gevoellose en onsimpatieke wyse in kennis gestel is.

Verwronge verhoudings met die gemeenskap wat tot 'n kringloop van toenemende isolasie aanleiding gee, kan in 'n antagonisme teenoor professionele persone uiting vind. Ongeregverdigde aanvalle op die voorligter kan verklaar word as 'n manifestasie van aggressiwiteit voortspruitend uit ernstige frustrasies. Sommige ouers is oorgevoelig en is voortdurend op die verdediging. Feitelike inligting wat deur professionele persone verstrek word, word as kritiek teenoor die kind gesien.

Harada (1975) haal Maurice Chazan (1965) aan, wat bevind dat "many of the parents (van 'n ondersoek van 101 seuns en 59 dogters) regarded the ascertainment and consequent placement in a special school of their child as a negative act by "the authorities."

Daar is ouers wat, hoewel bewus van die gestremdheid, na 'n omstandigheid of persoon soek wat die blaam kan dra byvoorbeeld 'n onervare leerkrag of die leerling self wat dan, volgens hulle, hardkoppig is en weier om aan sy ouers se verwagtinge te voldoen.

In sy studie van die Spesiale Klas-leerling vind Hamilton (1971) dat die ouers van die "beter" huise dikwels die blaam vir hul kind se onvermoë in die leersituasie op "swak" onderrig plaas. Sheimo (1951) stel dit dat die ouer voel dat daar meer vir die kind gedoen kan word en doen baie advies aan die hand na aanleiding van artikels wat hulle gelees het.

## 2.16 Effek op huweliksverhouding.

Die uitwerking wat die teenwoordigheid van die verstandelikgestremde op die huweliksverhouding van die ouers het, word deur verskeie skrywers bespreek.

Daar is soms die neiging by die ouers om mekaar vir die toestand te blameer. (Michaels en Schucman, 1962). Dit lei tot 'n vertroebeling van verhoudings. Die skrywers vind dat wedersydse onderskraging baie selde gebeur. Wat meer algemeen is, is dat die krisissituasie verborge antagonismes na vore bring. Hierdie toestand is geneig om met verloop van tyd te vererger.

Die gestremde kind is dikwels 'n katalisator wat sluimerende gevoelens van antipatie na vore bring. So ontstaan huweliksprobleme dikwels na geboorte van 'n gestremde. (Roos, 1963). Hierdie waarnemings word ook deur Farrell (1956), Sheimo (1951), Stone (1948), Wardell (1953) en Kanner (1953) gestel.

Mandelbaum en Wheeler (1963) vind dat dit beter is om albei ouers te versoek om saam met die kind te kom vir die ondersoek. Daar is gevind dat ouers dikwels nie saamstem oor die gestremde se opvoeding nie en as slegs een ouer teenwoordig is, word 'n verwronge beeld gegee en die ander ouer voel dat hy uitgesluit is. Indien hierdie ouer nie saamstem met die ander ouer se interpretasie nie, verwerp hy sowel die kind as die bevindinge van die kliniek. Waar ouers oor plasing verskil, kan die ouer

wat teen plasing is, homself as die verdediger van die kind beskou. Die konflik tussen ouers kan tot huwelikskonflikte lei wat die gesinslewe kan skaad.

Hierdie siening word ook deur Cohen (1963) gehuldig. Die ouers verkeer onder geweldige spanning aanvanklik en dit kan aanleiding daartoe gee dat latente probleme en frustrasies na vore kom met 'n gevolglike effek op huweliks- en ander verhoudinge. Ouers verskil soms oor die behandeling van die kind en die moeder onttrek haar dikwels en gaan volkome op in die versorging van die gestremde. Die vader voel dat hy nie deel daarvan is nie wat op sy beurt verdere spanninge skep. So kan dit ook gebeur dat ander lede van die gesin tot so 'n mate uitgesluit voel dat psigosomatiese siektes ontwikkel in 'n onbewuste poging om ouerlike aandag te trek.

Dat die gestremde kind as 'n bedreiging vir hul huwelik beskou word, word deur sommige ouers gevoel. (Joubert, 1973). Grobler (1967) wys op die soeke na swakhede in die huweliksmaat. Ook is daar verskille oor hantering van die kind. Die emosionele spanning bring intensiteit van verskille na vore.

'n Teenoorgestelde sienswyse word deur ander skrywers gehuldig. Roith (1963) bevind dat slegs 14% van ouers verklaar het dat 'n verstandelik-gestremde kind die verhouding tussen man en vrou ontwrig het; trouens 13% het verklaar dat dit hulle nader aan mekaar gebring het. Zuithoff en Schilp (1970) maak die stelling dat die gestremde die ouers nader aan mekaar bring of dit kan latente verskille na vore bring.

Ten besluite kan daar gewys word op die bevindinge van Lowe (1964). In die Glascow-studie is bevind dat die teenwoordigheid van 'n verstandelik-gestremde kind nie die gevoel van ouers teenoor mekaar nadelig beïnvloed het nie. In die Shropshire-ondersoek is bevind dat by 19 gevalle uit 'n totaal van 29 was die gesin 'n hegte eenheid. Gevalle van spanninge in die huis wat wel voorgekom het, was as gevolg van geestes- en fisieke vermoeienis van die moeder, die blaam op die ander ouer plaas, verskille oor die behandeling en opvoeding van die kind en die raadsaamheid al dan nie van verdere swangerskappe.

## 2.17 Begeerte tot meer kinders.

Aansluitend by die voorafgaande kan daar oorgegaan word tot verskeie skrywers se siening van die effek van 'n gestremde in die gesin op die ouer se begeerte tot meer kinders. Daar is nie volkome eenstemmigheid nie en uiteenlopende menings word teengekom.

Mandelbaum en Wheeler (1963) wys op die feit dat sommige moeders huiwerig is om meer kinders in die wêreld te bring terwyl die teenoorgestelde siening ook aangetref word. Die uitgangspunt is dat die moeder wil bewys dat sy in staat is tot die voortbrenging van 'n nie-gestremde kind. Die volgende kind kan ook die aandag van die gestremde aflei, aangesien die moeder nou noodgedwonge haar kragte moet verdeel. Hierdie oplossing kan egter by die moeder tot 'n gevoel van verdeling van lojaliteit lei wat op sy beurt tot 'n skuldgevoel aanleiding gee. Die skrywers maak die stelling dat daar by moeders soms die gevoel ontstaan dat die geboorte van die volgende kind inderwaarheid

'n element van verwerping van die gestremde inhou. Waar die verdere voortbrenging nie moontlik is nie en 'n kind aangeneem word, gebeur dit dikwels dat hierdie kind se prestasies waartoe die gestremde nie in staat is nie, gevoelens van teenkanting opwek. Hy word die voorwerp waarop hul gevoelens van gramskap en frustrasie geuiter word - gevoelens wat hulle as immoreel teenoor die gestremde kind beskou.

Die begeerte tot meer kinders kan op tweeërlei wyses deur die geboorte van 'n gestremde geraak word. (Zuithoff en Schilp, 1970). Daar is die vrees vir 'n tweede kind met dieselfde probleem. Hierdie vrees kan tot spanninge in die huwelik lei en vererger word waar daar verskil van mening en kommunikasieprobleme tussen ouers bestaan. Die skrywers wys op 'n ander reaksie, naamlik dat die ouers juis nog 'n kind wil verwek uit 'n onbewuste drang om aan hulself te bewys dat die voortbrenging van 'n nie-gestremde tog moontlik is. Hierdie gevoel kan tot skuldgevoelens teenoor die gestremde aanleiding gee.

Dit gebeur soms dat waar die voortbrenging van verdere kinders nie moontlik is nie, daar tot aanneming oorgegaan word. Vir die toekoms van die ouers, die gestremde en die aangenome kind is dit belangrik dat die motiewe van die ouers in hierdie verband sorgvuldig nagegaan word.

Die vrees vir meer kinders word deur Grimbeek (1977), McDowall (1964), Grobler (1967) genoem. Moontlike genetiese etiologie lei daartoe dat sommige ouers besluit om nie die gesin te vergroot nie. (Roos, 1963).

In hul ondersoek het Tizard en Grad (1962) bevind dat minstens 'n derde van die moeders wat deur hulle ondervra is, besluit het om die grootte van die gesin te beperk as gevolg van die aanwesigheid van die gestremde. Die meerderheid van hierdie ouers was bekommerd oor die moontlikheid van die geboorte van nog 'n gestremde. Lowe (1964) het in die Glascow-studie van onder andere die ouers van die erg-gestremde (die onder 5-jaar-ouderdomsgroep) bevind dat uit die groep van 22 kinders het 7 ouers teen verdere kinders besluit, twee uit vrees vir nog 'n gestremde kind en vyf omdat die moeder nie in 'n staat sou wees om nog 'n kind saam met die gestremde te versorg nie. By die 5 - 13 jaar-ouderdomsgroep is bevind dat 19 van die 39 families in die ondersoek pogings aangewend het om nie die gesin te vergroot nie. Harada (1975) haal Holt (1958) aan wat in die Sheffield-studie bevind het dat 28% van die moeders ten gunste was van verdere swangerskappe terwyl 33% daarteen was. Hierdie bevinding verskil van 'n vorige ondersoek waar, uit 'n totaal van 160 moeders 39 'n positiewe reaksie ten opsigte van verdere kinders getoon het en 101 daarteen was. Die redes teen verdere swangerskappe was veral van tweeërlei aard, te wete die vrees vir 'n herhaling van die toestand en tweedens die aandag wat die gestremde verg.

By die studie van die ouers van die serebraal-verlamde is uiteenlopende reaksies deur Hewett en Newson (1970) verkry. In die East Midlands-studie het die helfte van die moeders verklaar dat hulle begeerte om meer kinders te hê nie, deur die geboorte van die serebraalverlamde kind beïnvloed is nie.

Ouers wie se eerste kind gestremd is, word veral deur die twyfel gepla of die gesin vergroot moet word. (Kanner, 1953). Die ouer wen inligting in deur professionele persone te raadpleeg. Dit is soms ook 'n geval dat die ouer onbewustelik die verantwoordelikheid vir die keuse op die geraadpleegde wil plaas. Die skrywer stel dit dat dit sy beleid is om aan die ouers te verduidelik dat enige geboorte 'n risiko inhou en dat niemand die gestremdheid van die eersgeborene kon voorsien het nie. Indien die ouers op 'n vergroting van die gesin sou besluit, moet dit nie met swaarmoedigheid en die verwagting van die ergste gedoen word nie - dit sou 'n onnatuurlike atmosfeer skep wat nie bevorderlik is vir onderlinge verhoudinge nie.

# HOOFSTUK 3.

# HULPVERLENING AAN OUERS

## 3.1 Inleiding.

Deur die jare was die ouer van die verstandelik-gestremde kind in werklikheid 'n eensame persoon met komplekse probleme as gevolg van die verwerping van die gestremde deur die gemeenskap. Hierdie stigma het nog nie geheel-en-al verdwyn nie, maar in die moderne tyd word dit algemeen besef dat verstandelike gestremdheid nie beperk is tot sekere lae van die samelewing of sekere sosio-ekonomiese groepe nie, maar wel oor die hele spektrum voorkom. Met hierdie bewuswording het daar 'n meer opjektiewe en nugtere siening van die gestremde gekom en dus ook 'n meer genaakbare houding.

'n Uitvloeisel van hierdie siening is dan ook die besef dat die ouers van die gestremde 'n persoon in nood is en 'n persoon wat hulp nodig het. Met die ontwikkeling van die psigoterapie is dit ook logies dat aandag aan hierdie groep van hulpbehoewendes gegee sal word. Vandag het ons die situasie dat raadgewing aan die ouer van die intensief gestremde vry algemeen voorkom. Dieselfde kan nog nie betreffende die ouer van die Spesiale Klas-leerling gesê word nie. Hierdie veld verdien beslis meer aandag. In die hoofstuk oor gevolgtrekkings en aanbevelings word weer hierna verwys.

Harada (1973) maak die stelling dat die gesin rondom die erggestremde gewoonlik soveel probleme het dat professionele hulp

en ondersteuning noodsaaklik is. In enkele gevalle kan gesinne deur interne aanpassings en onderlinge aksie sonder eksterne hulp hul situasie positief verwerk, maar hierdie gevalle is eintlik min.

## 3.2 Toeligting van terme : psigo-terapie en beraad.

Dit is nodig dat die terme "counselling" en psigo-terapie nader toegelig word. Verskeie Afrikaanse vertalings is vir eersgenoemde gevind. Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1971) word die woord "beraad" verkies en die volgende definisie gegee. "Beraad : Counselling : 'n Professionele diens wat daarop gemik is om 'n kliënt tot 'n beter begrip van sy probleme te bring met die oog op 'n oplossing en ter bevordering van sy maatskaplike funksionering." Volgens 'n mededeling deur 'n senior amptenaar van die Kaaplandse Onderwysdepartement word die term individuele voorligting, sielkundige voorligting, oorlegpleging of berading vir "counselling" gebruik en "voorligter" vir "counsellor". Die terme voorligting en voorligter word ook in universiteits-jaarboeke gebruik. In hierdie verhandeling word die terme as volg gebruik: "Counsellor" - voorligter, berader; "counselling" - beraad, berading, oorlegpleging, raadgewing, voorligting.

In die hoofstukke oor onderhoudvoering met ouers van verstandelik-gestremde kinders word die terme psigo-terapie en berading vryelik in die literatuur gebruik. Dit kan gestel word dat psigo-terapie 'n wyer begrip as berading is en dat laasgenoemde een van die tegnieke van

eersgenoemde is. Elseviers Filosofische en Psychologische Encyclopedie (1969) (Kuypers) gee die volgende definisie: "Psychoterapie, verzamelnaam voor de geneeskundige methoden waarbÿ met (niet bovenatuurlÿke) geestelÿke middelen wordt ingegrepen vooral ter behandeling van geestesstoornissen, in bepaalden gevallen echter ook van organische stoornissen. Liggaam en geest immers vormen een totaliteit waarbinnen zÿ elkaar wederzÿds kunnen beïnvloeden."

James Drever (1965) beskryf psigo-terapie kort en bondig as volg: "The treatment of disorders by psychological methods". Hierdie omskrywing word bevestig deur Kolsteren (1962).

Balthazar en Stevens (1975) haal English en English (1958) aan wat die volgende verklaring van psigo-terapie gee: ".... the use of any psychological technique in the treatment of mental disorder or maladjustment. The term is very general. It includes 'faith cure', suggestion, hypnosis, psychoanalysis, provision of rest, assurance (nearly always personal), advice, consultation (designed to relieve anxiety), psychodrama, etc. -consultation is a part of the technique, sometimes the whole of it. The term carries no implication of the seriousness of the disorder (there can be psycho-therapy for psychosis or for thumbsucking), the duration or intensity of treatment or the theoretical orientation of the therapist. But the term should be reserved for treatment by a professionally trained person - i.e. by a clinical psychologist, psychiatrist, or psychiatric social worker."

In die lig van die aanpassingsprobleme wat die ouer van die gestremde kind het in die hantering van sy probleem is dit uit die voorafgaande duidelik dat dit tog soms geregverdig is om die term psigo-terapie te gebruik by die onderhoudvoering met sodanige ouers.

In hul werk met die ouers by die Shield of David Institute for Retarded Children stel Michaels en Schucman (1962) dit dat korttermyn terapie veral 'n belangrike aspek vorm hoewel verlengings van die program ook gedoen word wanneer nodig. Die inrigting bied omvattende onderrig en hulp aan gestremdes vanaf geboorte tot 12-jarige ouderdom. Hier word dus veral met die ouer van die erg-gestremde kind in aanraking gekom. Terapie geskied in 'n een-tot-een verhouding of ook in groepsverband. Die benadering is plooibaar en word na behoeftes aangepas. Dit is dikwels nodig om van berading oor te gaan na psigoterapie waar ouers se probleme van 'n meer intense aard is.

Beraad word vry algemeen beskryf as 'n proses waarin 'n verhouding tussen kliënt en voorligter ontstaan met die doel om eersgenoemde te help om sy aanpassingsprobleme op te los. Balthazar (1975) stel dit ook as volg: "Sometimes the ultimate purposes of counseling are specialized and include educational counseling, vocational counseling, social counseling, and so on. Under some circumstances counseling can emerge into psychotherapy. In addition it can and does occur on an individual or a group basis ... General counseling to help the parents of the retarded is frequently highly desirable when it is conducted by qualified professionals."

Harada (1973) gee die volgende beskrywing van die onderhoud: Die situasie is die bymekaarkom van twee partye, te wete die kliënt met 'n probleem en die terapeut met sekere inligting en die vermoë om dit oor te dra. "Illustratively, the counselling process consists of a conversation between the two which apparently treats the issue by negotiation and discussion. Having established an atmosphere of rapport, the counsellor manipulates the "conversation" so as to encourage discussion of pertinent issues while at the same time monitoring the emotional components of these issues. By application of the theory of stimulus response; a nodding head, a knowing look or a more positive demonstration the counsellor shapes verbal behaviour, reinforcing desirable behaviour and extinguishing undesirable behaviour by nonreinforcement. But, different counsellors use different techniques and work from different premises since they cannot hope to do effective work by adherence to a particular school of counselling and the use of a particular technique to the exclusion of others.

"A second technique, and the most popular, is counselling through advice, a doctrinaire approach. This method may be used successfully if the counsellor is fully conversant with the client's background, present situation and provided the advice is psychologically sound. Basically the client is being told what to do and what to think. One major difficulty of this method is the client's not sharing in the intermediate processes in reaching a conclusion. If the advice is inappropriate and the client fails, then the blame is projected onto the counsellor and

a consequential fatal loss of confidence by the client."

Ongeag die metode wat gebruik word, is die essensiële feit dat die voorligter ondersteuning aan die kliënt gee deur 'n insig te openbaar in sy probleem. Na die aanvanklike tydperk van afhanklikheid moet die kliënt tot selfstandigheid gelei word. Dit strek dikwels oor 'n geruime tydperk, maar die bekwame terapeut sal wel weet wanneer die kliënt sy probleem positief verwerk het.

Die doelstellings van die voorligter is drievoudig volgens Harada (op. cit). Ten eerste moet die ouers gelei word om te besef en te begryp dat hul kind se toestand nie te wyte is aan enige optrede van hulle kant op enige stadium nie. Ten tweede moet hulle 'n insig verkry in die beperkinge van hul kind se vermoë - dit begryp, aanvaar en ten derde hul eise daarvolgens stel. Hierdie insig en aanvaarding sal daartoe lei dat 'n klimaat geskep word wat die maksimum groei-moontlikhede aan die gestremde bied. In sy benadering tot ouers moet die "counsellor" voortdurend bewus wees van die verskille tussen mense en die uniekheid van elke ouerpaar.

Stone (1948) vind die volgende van hulp in haar onderhoud-voering met ouers. Die skryfster bepaal eers die graad van bewuswees en aanvaarding van die probleem. Twee lyste word opgestel: Die eerste handel oor die mate waarin die ouers van die probleem bewus is. Hierdie lys word in drie dele verdeel, naamlik aansienlike, gedeeltelike en minimale bewuswees van die probleem. Die tweede lys handel oor

die mate van aanvaarding van die probleem en dieselfde indeling word gedoen. Op hierdie wyse, beweer Stone, word 'n insig verkry in die ouers se gevoelslewe in hierdie verband, waarom hulle so voel en moontlike tegnieke van hulpverlening.

Rheingold (1945) beskryf die stappe wat nodig gevind word vir 'n suksesvolle onderhoud met die ouers. Ten eerste maak die skryfster 'n eenvoudige herkonstatering van die probleem aan die ouers om hulle sodoende van haar begrip en simpatie te verseker. Ten tweede word die ouers aangemoedig om oor die kind se handelinge te praat. By die derde stap vra die ouers gewoonlik haar mening van die kind op grond van die inligting wat hulle verskaf het. Haar antwoorde is nie absoluut presies nie, maar terselfdertyd ook nie ontwykend nie. Die vierde stap is 'n uiting van besorgdheid van die ouers oor die toekoms van die kind. Die vyfde fase van die onderhoud bestaan uit vrae wat die ouers stel oor die etiologie en behandeling. Die ouers word ook toegelaat om hul eie menings oor die oorsaak van die toestand te lug. Dit gebeur ook dikwels dat die ouers op hierdie stadium oor hul gevoelens van skuld, ontoereikenheid of straf vir gedane misstappe praat. Om hul gedagtes uit te spreek en te ontlaai, help hulle om verligting te verkry en genoeg realisme en objektiwiteit aan die dag te lê om te beweeg in die rigting van 'n emosionele aanvaarding van die gestremde. In die laaste instansie keer die ouers gewoonlik terug na die implikasies van die situasie. Enige versoek tot advies en voorligting word terug verwys na die ouer om self 'n oplossing te vind. Op hierdie wyse word die

ouer aangespoor om vir die kind te beplan, nie meer in die verlede te leef nie, maar na die huidige en die toekoms te kyk. Die passiewe periode van rou oor die "gestorwe" kind kom nou tot 'n einde.

Balthazar en Stevens (1975) haal Close H.T. (1966) aan in sy beskrywing van die proses van psigoterapie: "Psychotherapy is a deliberate and intense relationship between two persons whose goal is mutual forgiveness. The patient reveals himself to the therapist so that he may be forgiven for being the way he is - particularly for his arrogance, and the therapist offers forgiveness to the patient. Each brings a need to be forgiven and to forgive. If there is no felt need for this mutual forgiveness the therapy has not really begun. But when a mutual forgiveness has been accomplished, the deeper purposes of therapy have been fulfilled."

Hierdie beskouing sluit aan by Rogers (1942) se siening van die berading-proses en meer spesifiek die nie-gerigte terapie: "If the client achieves through the counselling experience sufficient insight to understand his relation to the reality situation, he can choose the method of adapting to reality which has the highest value for him. He will also be much more capable of coping with future problems that may arise because of his increased insight and his increased experience in an independant solution of his problems."

Die skrywer beklemtoon die warmte in die reaksie van die

onderhoudvoerder wat rapport moontlik maak en geleidelik tot 'n dieper emosionele verhouding lei. Van die onderhoudvoerder se standpunt gesien, is dit egter 'n beheerde verhouding met besliste grense. Die verhouding verklaar sigself in 'n egte belangstelling in die kliënt en die aanvaarding van hom as 'n persoon. 'n Tweede kenmerk van die verhouding is die openlikheid waarmee gevoelens uitgedruk word. Geen houding is te aggressief, te skuldig, te beskamend, te privaat om gestel te word nie. Die verhouding bring 'n geleentheid waar die kliënt al sy verborge impulse en gevoelens kan lug binne die perke wat sy inhibisies hom toelaat. Ten derde is daar die kenmerk dat ten spyte van die vryhede wat die verhouding hom bied daar ook sekere beperkinge is wat die kliënt nie kan oorskry nie. Hoewel die kliënt sy gevoelens kan lug, mag sy optrede nie skadelik vir andere wees nie. Hierdie beperking geld ook in die werklike lewe - die terapeutiese situasie is 'n mikrokosmos waarin die kliënt die basiese aspekte van die lewe as 'n geheel, sy konfrontasie daarmee en sy aanpassing daarby, teëkom. 'n Vierde kenmerk van die verhouding is sy vryheid ten opsigte van enige vorm van druk of dwang. Die skrywer wys daarop dat die bedrewe terapeut hom daarvan sal weerhou om sy eie wense, reaksies of vooroordele in die situasie in te bring. Die uur van die onderhoud behoort aan die kliënt en nie aan die terapeut nie. Dit is in hierdie atmosfeer dat groei kan plaasvind. Die kliënt vind dat dit nie vir hom nodig is om aan sy sielkundige verdedigingsmeganismes vas te hou nie - hier is geen veroordeling nie,

geen oordrewe ondersteuning en geen antagonisme nie. Die kliënt kan vir die eerste keer in sy lewe werklik homself wees.

### 3.3 Besoeke aan ouers.

Afgesien van beraad en daaruit voortspruitend psigoterapie moet daar ook aandag geskenk word aan 'n ander vorm van kontak met die ouer, naamlik die huisbesoek van die leerkrag. Hoewel nie verpligtend nie, word leerkragte deur skoolsielkundiges aangemoedig om besoeke aan die huise van hul leerlinge af te lê. Vir die opstel van gevallestudies van leerlinge is sulke besoeke onontbeerlik. Uit mededelings van leerkragte blyk dit dat ouers oor die algemeen die besoeke en gepaardgaande belangstelling in hul kinders verwelkom. 'n Uitvloeisel van hierdie besoeke is dikwels 'n verbeterde leerkrag-ouer-verhouding en ook skool-ouer-verhouding in die algemeen. Die leerkrag moet daarvan bewus gemaak word dat die diagnose van 'n leerling vir Spesiale Onderwys 'n ontstellende ervaring vir die ouer is veral as daar geen ander gevalle van gestremdheid in die familie is nie. Ouers het tyd nodig om die nodige aanpassings by hierdie ervaring te maak.

### 3.4 Oueropvoeding.

'n Vierde vorm van kontak met die ouer is oueropvoeding. Brim (1965) definieer dit as volg: "Parent education can be defined as an activity using educational techniques in order to effect change in parent role performance.

Nothing is implied about this activity being directed to a specific end such as physical health of the child, on the contrary, parent education is customarily employed in the pursuit of a variety of ends."

'n Onderskeid moet getref word tussen opvoeding en terapie. 'n Soeke na 'n waterdigte skeiding dateer baie ver terug. In 1935 reeds stel Lindeman en Thurston (Brim, 1965) dit dat ouer-opvoeders nou die probleem het om vas te stel waar opvoeding eindig en psigoterapie begin. Selfs vandag is dit nog moeilik om 'n duidelike afbakening te doen.

Brim (op. cit.) gee egter self die volgende definisie: opvoedkundige tegnieke is gerig op die bewustelike aspekte van die individu en blootstelling aan opvoedkundige programme sal reaksie ontlok van bewustelike opvattings en motiewe. In teenstelling hiermee is terapeutiese tegnieke gerig op die onbewustelike en dieperliggende motiewe, verwagtinge en houdings. Die doel van terapie is om die ouer gereed te maak om te baat by opvoedkundige prosedures.

Daar moet ook onderskei word tussen opvoeding vir volwassenes en oueropvoeding. Eersgenoemde is 'n breër begrip en kan laasgenoemde insluit.

Oueropvoeding is eintlik 'n onontginde veld in Suid-Afrika. Hoewel opvoeding vir volwassenes op georganiseerde basis deur die owerhede aangebied word, is planmatige opvoedkundige programme wat spesifiek op ouers gerig is, feitlik afwesig.

Dit gaan nie in hierdie ondersoek om 'n bespreking van die rol van die ouer in die opvoeding van sy kind nie. Genoeg om te volstaan by die stelling dat die wyse waarop ouers opvoed en wat hulle onderrig,ongetwyfeld deur hul eie formele onderwys beïnvloed word. (Fantini en Weinstein, 1968). Hierdie peil van onderwys is bepaal deur sosio-ekonomiese omstandighede en organiese faktore. Die interverhouding van die Spesiale Klas-leerling en sy ouers is 'n studieveld waarop navorsing gedoen kan word.

## 3.5 Die waarde van terapie.

Die belangrikheid van die ouer in die opvoeding van die gestremde word vry algemeen in die literatuur besef. Hieruit volg dit dat voorligting aan die ouer noodsaaklik is om sodoende 'n klimaat in die huis te skep vir optimum benutting van die kind se ontwikkelingsmoontlikhede.

Pieterse (1963) wys daarop dat nie alleen moet die ouers gehelp word om hul gevoelens van ambivalensie, frustrasie, skuld en angs te verwerk en te bowe te kom nie, maar hulle moet ook insig ontwikkel in die wesenlike probleme van die kind en gehelp word in verband met sy hantering. Langs hierdie weg word die ouers vennote in die proses van rehabilitasie.

Elkeen op die terrein van die Spesiale Onderwys - onderwysers, sielkundiges, psigiaters en maatskaplike werkers - behoort hulle vertroud te maak met die probleme van die ouer. Hulle moet hulle dit ten doel stel om op simpatieke wyse hulp te verleen. Die rehabilitasie van die kind kan in baie gevalle

nie plaasvind nie tensy die ouer ook voorligting en psigoterapie ontvang nie. Die regte en voorregte van die ouer moet egter in gedagte gehou word by sodanige behandeling. (Wallin, 1955). Hierdie aspek van die probleem van gesonde kinderontwikkeling en remediëring is 'n belangrike ontwikkeling van die afgelope tyd. 'n Primêre oorsaak van psigosomatiese probleme en leergestremdhede by kinders het dikwels die oorsprong in die psigiese atmosfeer van die huis.

In die hoofstuk deur Medinnis en Curtis uit die bronneboek van Lindzey en Hall (1965) word gewag gemaak van die toenemende belang wat geheg word aan die rol van die ouer in die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Die aspek van aanvaarding of verwerping van die kind is belangrik. Die houdings wat 'n kind teenoor homself het, veral ten opsigte van sy selfbeeld en eiewaarde, speel 'n belangrike rol in sy persoonlikheidsontwikkeling. Die mate waarin 'n kind 'n positiewe beeld van homself ontwikkel, hang grotendeels af van die mate van aanvaarding deur die vir hóm belangrike persone in sy vormingsjare, dit wil sê veral sy ouers.

In 'n publikasie van dieselfde skrywers word Lundholm aangehaal wat tussen 'n subjektiewe self en 'n objektiewe self onderskei. (Hall en Lindzey, 1965). Die subjektiewe self bestaan uit daardie simbole, byvoorbeeld woorde, in terme waarvan die individu van homself bewus is, terwyl die objektiewe self uit daardie simbole bestaan wat deur ander persone gebruik word om hom te beskrywe. Met ander

woorde, die subjektiewe selfbeeld is wat hy van homself dink en die objektiewe self is wat andere van hom dink. Lundholm wys daarop dat die subjektiewe selfbeeld nie rigied is nie, maar wissel volgens faktore wat op hom inwerk soos samewerking en aanvaarding teenoor verwerping en konflik met andere. Die implikasie van hierdie siening is duidelik.

Die beste oplossing vir die ouers van die gestremde kind is om die tragedie so konstruktief as moontlik te benader en hul energie aan te wend vir 'n oplossing van realistiese probleme van die kind en die gesin. (Michaels en Schucman, 1962). Hierdie benadering vereis 'n graad van geestesgesondheid wat nie dikwels aangetref word nie, trouens, 'n neurotiese benadering manifesteer hom dikwels. Daar is egter ouers wat die toestand sonder hulp van buite verwerk, maar by die meeste gevalle is 'n mate van professionele ingryping wenslik al is dit dan ook net as 'n voorbehoudende maatreël om moontlike patalogiese toestande te voorkom. Sonder voorkoming kan latente neurotiese neigings in intensiteit toeneem. Ongelukkig is dit so dat hulp gewoonlik eers gesoek word wanneer so 'n toestand alreeds gevestig is. (Michaels en Schucman, 1962).

Winterbourne (1958) wys op die feit dat ouers troos kan put uit die wete dat hulle nie alleen is in die gevoelens van wanhoop en frustrasie wat hulle ervaar nie. Dit is menslike, normale reaksies wanneer daar voor moeilike situasies te staan gekom word. Dit moet aan ouers gestel word dat kennis van verstandelike gestremdheid en 'n intelligente aanvaarding

van die probleem 'n aansienlike verligting van hul eie spanninge teweeg sal bring. Dit kan teweeggebring word deur professionele hulp en kommunikasie met ouers wat dieselfde probleme ondervind.

Die noodsaaklikheid vir voorligting word ook deur Mandelbaum en Wheeler (1963) gestel. Verward deur die kompleksiteit van hul gevoelens gebeur dit soms dat ouers 'n onrealistiese siening van sekere aspekte van die probleem het. So gebeur dit dikwels dat 'n vader sy kind se onvermoë om te presteer daaraan wyt dat die ouer (of onderwyser) nie die tyd, geduld en strengheid het om hom te leer nie. Om die ouer op die onwerklikheid van sy opvatting te wys, sal nie sy houding laat verander nie. 'n Intellektuele benadering tot die vader (in hierdie geval) se gevoelens - die belangrikheid daarvan en die feit dat niemand hom sal dwing om daarvan af te sien nie, asook 'n soeke na 'n moontlike oorsaak daarvan en gevolglike effek op sy verhouding met die kind, kan dikwels tot 'n penetrasie van die emosionele verset lei. Die intense weerstand wat ouers soms teen die aanvaarding van gestremdheid toon, word dikwels verlig deur die empatie en warmte van die voorligter. Die ouers kom geleidelik onder die besef van die opregtheid van die werker en die begrip vir die ouer en sy kind se probleme. Die behoefte aan verdediging en verset word minder en die ouer kan sy kragte aan 'n sinvolle hantering van die situasie wy.

Die effek van die ouerlike houding word ook deur Vorwerg (1975) toegelig en wel na aanleiding van die probleme wat die

serebraalverlamde leerling by skoolverlating ondervind. Hierdie probleme kan soms tot die houding van die ouer teruggevoer word. Gedurende die skooljare was die kind versorg en beskermd gewees, maar nou word die ouer gekonfronteer met 'n situasie wat hy nie kan hanteer nie. Ouers vertoon soms 'n onrealistiese siening van die kind se beperkinge. Dit is nie ongewoon om 'n "liefde-haat" - verhouding tussen ouer en kind aan te tref nie. Oorbeskerming van die jong volwassene is algemeen. 'n Ander uiterste is 'n houding van "hy is groot en oud genoeg" om vir homself te sorg. Dit is 'n kritieke stadium in die ouer-kind-verhouding. Daar is 'n noodsaaklikheid aan voorligting met ouers terwyl die kind nog jonk is. Die eindresultaat van die skoolopleiding kan lank vooruit voorspel word en ouers moet gelei word om die situasie te hanteer wanneer die tyd aanbreek. Baie skoolverlaters stagneer by die huis op alle vlakke wat 'n negering van al sy jare van opleiding is. Ouers moet gelei word om hierdie situasie te hanteer.

Die waarde van voorligting aan ouers word kort en kernagtig deur Prins (1972) gestel: "Ouders van afwÿkende kinderen dienen therapeutisch begeleid te worden, niet alleen om hun eigen vooroordelen te doorzien, maar ook om de vooroordelen van de anderen te begrÿpen in het belang van de opvoeding van hun afwÿkend kind."

Harada (1975) wys op twee uitsprake wat die waarde van ouer-voorligting beklemtoon. In die verslag getiteld "Stress in families with a mentally handicapped child, 1967" van

"The National Society for Mentally Handicapped Children" in Brittanje word gewag gemaak van die feit dat "adverse parental reactions are not irradicable, particularly near to the diagnosis of the mental subnormality."
In sy werk met drie pare ouers met Downsindroom-kinders bevind Nurse, 'n psigiatriese sosiale werker, dat groepsessies met tussenposes van drie weke oor 'n tydperk van agtien maande gelei het tot 'n beter en meer objektiewe aanvaarding van die erg-gestremde kind.

Die samewerking van ouers moet verkry word alvorens leerlinge in 'n Spesiale Klas geplaas word. Dit is nodig dat die aspekte van Spesiale Onderwys en die ontwikkeling van die leerling met ouers bespreek word voor oorplasing geskied. Om 'n leerling sonder die ouer se toestemming oor te plaas, kan die opvoedingsproses bemoeilik en geskied slegs in hoogs uitsonderlike gevalle wanneer die Departement hom van die teendeel oortuig het.

## 3.6 Behoefte van ouers aan voorligting.

Aansluitend by die voorafgaande word daar gelet op situasies waar die nodigheid van voorligting sig voordoen, asook waar ouers dit spesifiek verlang.

'n Ernstige bron van huwelikspanning is wanneer die ouers dink dat 'n gestremdheid oorerflik is en die skuld vir die defek op die huweliksmaat se familie-afkoms plaas. Ouers moet daarop gewys word dat gestremdhede wat by geboorte alreeds waarneembaar is, nie noodwendig altyd aan oorerflike faktore toegeskryf kan word nie. Dit word

vandag algemeen aanvaar dat omgewingsfaktore, siektetoestande en beserings 'n groot rol speel. Dit word aanbeveel dat ouers gespesialiseerde menings verkry om hul eie leke-opvattings reg te stel. (Spock en Lerrigo, 1965).

'n Ander vorm van advies wat ouers van die oligofreen verlang, is die vraag of verdere swangerskappe gerade is. Hierdie aspek kom egter selde by die ouer van die Spesiale Klas-leerling ter sprake. Verskeie verklarings kan hiervoor gegee word.

(a) Teen die tyd dat 'n leerling na die Spesiale Klas verwys word is die gesin dikwels reeds gevestig.

(b) Die gestremdheid is nie van so 'n aard dat dit vasgestel word sonder druiping in 'n skoolsituasie nie.

(c) Die ouer is geneig om andere te blameer vir sy kind se onvermoë om op skool te vorder. Solank die ouer voel dat andere te blameer is, volg dit dat besware teen voortbrenging van ander kinders nie ter sprake is nie.

(d) Indien die ouer voel dat die skool vir sy kind se toestand verantwoordelik is - met ander woorde dat sy kind 'n probleem as gevolg van die optrede van ander persone het, dan vertrou hy ook op 'n oplossing verskaf deur mense.

(e) Dit is nie nodig om bedenkinge te koester oor verdere swangerskappe nie. Met die regte hantering beklee die oud-leerlinge van ons Spesiale Klasse selfstandige posisies in die samelewing en is hoogs produktiewe burgers van die land.

Na die Glascow-Sheffield- en Shropshirestudies kom Lowe (1964) tot die gevolgtrekking dat die gesin van sentrale belang is in die behandeling van die gestremde kind. Hierdie stelling is van toepassing ongeag of die behandeling gerig is op die vermindering van die gebrek self of 'n vermindering van die gevolge van die gebrek. Nie alleen is dit die gesin wat die beskerming aan die kind gedurende sy jare van hulpeloosheid bied nie, maar dit is ook die bron van sy persoonlike verhoudings, dit verteenwoordig die eerste persone by wie hy hom moet aanpas, dit word die plek vir kommunikasie van idees, konsepte en waardes. Dit verhoog ook die stabiele agtergrond waarteen die vordering na rypheid en onafhanklikheid kan plaasvind sonder verlies van sekuriteit. Die behoefte aan ouer-voorligting is dus duidelik.

Die behoefte aan voorligting en leiding aan ouers word deur Kok (1975) gestel. Die ouers kan 'n punt in die opvoeding van hul kind bereik waar hulle nie langer die selfvertroue het om die verantwoordelikheid vir die opvoeding alleen te dra nie. Die kind se vordering is nie na wense nie en voldoen nie meer aan die verwagtings nie.

Soms is die gebrek aan vordering sodanig dat dit soveel spanning en ontnugtering by die ouer meebring dat daar van goeie oordeel en hoopvolle optrede by hulle min sprake is. Hulle kind se toekoms het vir hulle duister geword en die angs wat daarmee gepaard gaan, laat ouer en kind in nood verkeer. Hierdie probleem lei tot vertroebeling van die vertrouensverhouding tussen ouer en kind. Die skrywer stel dit voorts dat ouers in nood ondersteuning soek. Hulle soek na struktuur, na lig. Hulle wil van die kundige weet hoe om voort te gaan. Ook wil hulle weet watter moontlikhede en hoop daar vir die kind is. Die ortopedagoog moet 'n deeglike ondersoek doen van alle fasette van die probleem en na hierdie omvattende benadering die ouers dienooreenkomstig inlig. Dit beteken dat daar by die ouers en ander opvoeders insig in die kind se probleme, behoeftes en moontlikhede geskep moet word en dat hulle ingelig moet word oor moontlike benaderingswyses. Ook die kind self moet gehelp word. Dit staan die ouers vry om die aangebode advies te aanvaar, te verwerk of te verwerp na goeddunke. Die finale verantwoordelikheid vir die kind berus by die ouer en nie by die opvoedkundige nie.

Grobler (1973) wys op die feit dat Downsindroom-kinders deur nabootsing leer. By die vraag of sulke kinders op vroeë leeftyd in inrigtings geplaas moet word, moet daar op gewys word dat intellektuele en sosiale groei belemmer word deur die nabootsing van ander gestremdes.

Die aanbeveling word gedoen dat die kinders liewer aanvanklik by die huis opgevoed moet word hoewel daar bykomende faktore in sekere huisgesinne kan wees wat vroeë inrigtingsorg wenslik maak. Die teenwoordigheid van die kind het nie 'n diepgaande nadelige effek op die emosionele lewe van die ander broers en susters nie. Uit hierdie bevindinge is dit duidelik dat 'n gesonde benadering deur die ouers van uiterste belang is. Professionele onderskraging is nodig waar die ouers hul probleme nie kan verwerk nie.

Wanneer ouers die eerste keer besef dat hul kind gestremd is, kan hul geloof wel 'n skok opgedoen het. In hul angs vra hulle waarom dit met hulle gebeur het, watter wêreld is dit wat soveel pyn aan ouers gee; is die lewe sinvol? Hulle vra of dit 'n strafmaatreël is. Ouers wil hierdie vrae bespreek met ander met soortgelyke probleme en met professionele persone. (Spock en Lerrigo, 1965).

De Leeuw-Aalbers (1954) stel dit dat ouers van gestremde kinders, asook die kinders self, meer as die normale kinders, 'n sekere geestelik-higiëniese sorg vereis om die psigiese konflikte waarmee hulle gekonfronteer word tot 'n harmoniese oplossing te verwerk. Of hierdie sorg in die vorm van 'n psigoterapeutiese kontak met die gesin of die kind sal wees, of in 'n voorkomende vorm deur die psigiatries-sosiale werker of ortopedagoog, sal afhang van die erns en aard van die geval - ook in hoeverre daar behoefte is aan spanwerk van ortopedagoog, psigoloog en psigiater.

Ouers wat gekonfronteer word met die traumatiese ervaring van serebraalverlamming kan dit aanvanklik nie aanvaar nie. Hulle het voorligting nodig deur die verskillende stadia van skok, frustrasie, ondersoek en dan die geleidelike aanvaarding van die fisiese en intellektuele beperkinge van hul kind. Geneeshere, maatskaplike werkers en onderwysers kan 'n bydrae maak tot hierdie begrip deur ouers en die uiteindelike deelname aan spanwerk om die kind te help. Voorligting met ouers is 'n belangrike deel van die onderrig en opvoeding van die serebraalgestremde kind. (Kirk, 1962).

Grobler (1967) beveel aan dat die maatskaplike werker aan die hele gesin moet aandag gee. Daar moet na normaliteit in die gesinslewe gestreef word. Daar is byvoorbeeld die moeder by wie 'n skuldgevoel is en wat baie alleen kan voel. Sy probeer al die fisiese en emosionele laste dra. Insgelyks ook die vader of moeder wat oortuig is dat inherente gesinswakhede by een van die ouers die oorsaak van die gestremdheid is. Onderskraging en hulp sal verleen moet word.

Kanner (1953) wys daarop dat uit 'n studie van die reaksies van ouers dit duidelik is dat 'n studie en behandeling van gestremde kinders onvolledig sal wees sonder 'n studie van die emosionele faktore onderliggend aan die gesinsverhoudinge. Dit is nodig dat daar op professionele vlak met die ouers gekommunikeer word. Ouers versoek dikwels hierdie gesprekke - soms openlik en soms deur vrae te vra wat tot volwaardige onderhoude kan aanleiding gee.

Die ontstelde ouer het die geleentheid nodig om met 'n professionele persoon te kommunikeer. (Farrell, 1956). Dit mag nodig wees vir 'n reeks onderhoude oor 'n lang tydperk. Die ouers moet eerlike en openhartige inligting ontvang. Hulle moet ook gelei word om nie te veel of te min van die kind te verwag nie.

Die feit dat daar nog 'n groot leemte by die voorsiening van leiding aan ouers van gestremde kinders bestaan, word deur Cilliers (1964) gestel. Die ouers moet gelei word om nie hul kind te verwaarloos of te oorbeskermend te laat opgroei nie. Met die regte hantering kan baie gestremde kinders hul plekke in die gesin volstaan,asook later in die arbeidswêreld.

Ook Radley (1962) wys daarop dat die regte gesindheid teenoor die kind van hom 'n waardevolle lid van die gemeenskap kan maak. 'n Voorligtingsdiens aan die ouers van sodanige kinders sal nie onvanpas wees nie.

Ouers het 'n behoefte daaraan om uiting te gee aan hul gevoelens sodat hulle 'n beter begrip kan ontwikkel en klarigheid in hul eie gemoed kan kry. (Spock en Lerrigo, 1965). Dit is hoe hulle tot groter hulp vir hul kind kan wees, want hoe die ouers oor hul kind se gestremdheid voel, sal tot groot mate sy eie houding daarteenoor bepaal.

Uit 'n studie van ouerlike houdings blyk die ingewikkeldheid van hul probleme en die belangrikheid van hul houdings teenoor die kind. Baie van hierdie ouers kan

deur voorligting en terapie gehelp word. (Grebler, 1952).

Ten besluite kan daar gewys word op die waardevolle bydrae van Dalton en Epstein (1963) en meer bepaald met hul bevindinge ten opsigte van die ouers van die opvoedbaar verstandelik-gestremde. Die leerlinge word in die I.K.-groep 50 - 80 geplaas. Dit is basies die verspreiding van Kaapland se Spesiale Klasse ook. Die skrywers se bevindinge berus op hul ondervinding met die ouers van leerlinge in die eksperimentele voorskoolse opleiding vir opvoedbare verstandelik-gestremde kinders by die "Mental Development Center of Western Reserve University". Die skool is bedoel vir kinders in die 5-7-jaar groep met 'n I.K. tussen 55 - 80 soos gemeet met Form L-M van die Stanford-Binet-skaal. Klasse met 12 kinders elk word vyf oggende per week gedurende die gewone skooljaar deur twee leerkragte behartig. Die leerlinge bly in die klasse vir een of twee jaar (die meerderheid twee jaar) en gaan daarna na die publieke skole waar hulle inskryf vir klasse vir "slow learners". Die verwysing na die sentrum word deur die kindertuin gedoen waar die kinders as onryp vir skool beskryf word. 'n Vereiste vir 'n leerling se toelating tot die voorskoolse opleiding is die aktiewe deelname van die ouers aan voorligting en beraad - onderhoude word een keer per week met die moeders gevoer en een keer per maand met die vaders. Vir die gerief van sowel die werker as die ouer word die onderhoude gedurende skoolure gevoer. Die werker (maatskaplik) tree in noue samewerking met die leerkragte op. 'n Interessante opmerking van die skrywers is dat die

ouers 'n hoogs gemotiveerde groep vorm wat self vervoer reël en alles feil het vir die kinders en die skool. Die ouers is baie bewus van die kinders se probleem en stel alles in werking om die kinders te help om dit te bowe te kom.

In 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat die ouer van die Spesiale Klas-leerling baie selde 'n aktiewe rol speel in die pogings tot verbetering van Spesiale Onderwys. Die vraag kan gevra word of 'n sistematiese voorligtingsprogram nie 'n positiewe bydrae tot 'n vermindering van die passiewe rol kan lewer nie.

## 3.7 Die verhouding tussen voorligter en ouer.

Die posisie ten opsigte van die professionele persoon en die ouer en die verhouding tussen hulle word deur verskeie skrywers behandel. Blodgett (1973) skets hierdie verhouding goed in die volgende aanhaling:
"Om ouers te help om hul kinders te help om meer doeltreffend te lewe, is een van die doeleindes van professionele mense. Ouers op hul beurt kan dit as doelwit stel om ontvanklik en beskikbaar te bly vir die hulp wat gebied word. Die hulp van professionele mense is 'n tweerigtingstraat; hulle kan net inligting, voorspellings, verduidelikings en wenke gee - die ouers moet hierdie dinge in hul eie situasie inspan.

"Ouers moet nie probeer om soos onderwysers te voel, of soos maatskaplike werksters op te tree, of hulle soos

sielkundiges te gedra nie. Hulle moet soos ouers voel en optree, sterk wees en begaan wees oor hul welsyn. Hulle het ook ander mense nodig; daar is 'n plek vir die professionele siening van die kind en vir professionele evaluasie van hoe hy funksioneer en watter soort hulp hy kan gebruik. Wedersyds aanvullende ouerlike en professionele insig kan die beste beplanning vir die kind verskaf."

Die taak van die voorligter word as volg deur Condell (1966) beskryf :

1. Die ouers van die gestremde is beangs oor die toekoms. Hulle moet gehelp word om die onbekende te verken. Hierdie verkenning kan meer betekenisvol wees as die voorligter die ouer se angs en beklemming omtrent die toekoms verstaan.

2. Groot waarde word aan onderwys deur die gemeenskap geheg. 'n Hoë akademiese peil word met agting beskou. Spesiale Onderwys word soms deur ouers as 'n plaasvervanger vir gewone onderwys beskou. Die voorligter moet hierdie mistasting uit die weg ruim en die saak in sy perspektief stel.

3. Ten spyte van 'n meer verligte houding teenoor verstandelike gestremdheid is daar tog heelwat onkunde by die algemene publiek. Ouers vind dit moeilik om die opvattinge van persone te begryp wat nie daarby betrokke is nie.

4. Die geluk van die kind is die uiteindelike doel

van die beplanning vir sy toekoms. Die voorligter kan hierin 'n groot rol speel.

5. Na die diagnose verkeer ouers in 'n sterk emosionele toestand. Die voorligter kan deur sy optrede help om die gevoelens van die ouers te stabiliseer.

6. Ten spyte van die algemene gebrek aan kennis betreffende die oorsake van gestremdheid bly dit een van die dringende vrae van ouers. Aanvanklike troos help nie om die begeerte om die oorsaak vas te stel, te verminder nie.

7. Professionele werkers help die ouers om die gestremdheid te aanvaar.

'n Bydrae oor die posisie van die voorligter word deur Thurston gelewer. (Rothstein, 1961). Die opleiding en agtergrond van die kliniese sielkundige en baie maatskaplike werkers stel hulle in staat om voorligting te doen. Die opleiding van predikante met die nodige klem op die sielkunde behoort hòm ook in staat te stel om ouers te help. Die voorligter moet, afgesien van sy teoretiese kennis, 'n goeie begrip van homself en sy eie houdings teenoor gestremdheid en die gestremde hê. Hy moet eers die gestremde kan aanvaar soos hy is, alvorens hy aan die ouers die nodige objektiewe bystand kan verleen. Hy moet bewus wees van sy eie beperkinge, asook die van die kind sowel as van sy ouers, asook van die beperkte fasiliteite wat soms beskikbaar is. Hy moet nie oorweldig

word deur die beperkinge nie, maar beskikbaar wees as 'n bron van ondersteuning en realistiese optimisme. Hy sal besef dat ten spyte van die skuldgevoelens en vrese wat ouers openbaar, daar tog geweldige innerlike krag is wat ten goede van die kind aangewend kan word. Dit is dikwels waargeneem hoe ouers wat alles vir hul kind probeer, soveel sterker uit die ervaring tree.

Die ander groot aspek is die verhouding tussen die ouers en die res van die gemeenskap. Weens die feit dat die ouers so sensitief is en gewoonlik op die verdediging is, is die aanknoop van gemaklike sosiale verhoudinge soms moeilik. Ouers maak dikwels beswaar teen die optrede van andere, maar die probleem is soms in die ouer se interpretasie van die voorval of opmerking geleë. Die publiek is ook nie altyd vry te spreek van onbedagsame optrede nie en die oplossing skyn enersyds in die voorligting aan die ouer en andersyds in 'n opvoedingsprogram van die publiek geleë te wees.

'n Interessante sienswyse van die voorligter se verhouding tot die ouer word deur Mandelbaum en Wheeler (1963) gelewer. Op grond van hul werk by die Menninger-kliniek wys hulle daarop dat die gevallewerker daarop bedag moet wees dat hy dieselfde gevoel teenoor gestremdheid kan hê as die ouer. Hy moet die ooreenkoms kan raaksien, maar bewus wees van die verskil in sy posisie en uitkyk. As hy vertroue in sy tegniese vaardigheid het, sal hy minder geneig wees om sy opvattings op die ouer af te dwing. Die basiese doel van die diagnostiese studie by die kliniek

is om die ouer te help om sy gevoelens van frustrasie, angs en skuld te bowe te kom. Indien hierin geslaag kan word, sal die ouers oor nuwe krag beskik om die probleem te kan hanteer. Té strawwe pogings van die professionele werker om die ouer oor te haal om die diagnose en aanbevelings te aanvaar, kan daartoe lei dat die ouer huiwerig word en die pogings van die werker as 'n aanval op sy kind beskou.

Ook Joubert (1973) wys op die verantwoordelikheid wat die voorligter in die Spesiale Skool teenoor die ouer het. Hy moet in noue voeling met hulle bly. Die teleurstelling van ouers vir hulle minder begaafde kind word deur hom aangevoel. Dit gebeur veral waar 'n oordrewe klem op akademiese prestasie geplaas word met uitsluiting van ander vlakke van die menslike bestaan. Die ouer moet gelei word om die kind in sy totaliteit te evalueer en die positiewe eienskappe te waardeer.

Die belangrikheid van 'n goeie verhouding tussen voorligter en ouer word duidelik wanneer daar gelet word op die positiewe uitwerking van 'n daadwerklike optrede deur ouers na voorligting. In die verslag van die Biennial Conference in Birmingham soos vervat in Growing Points in Special Education (1962) word dit gestel dat nuwe ondervindinge 'n voorvereiste is vir groei. Tydens elke ontwikkelingstadium van geboorte tot volwassendheid word die kind met nuwe take gekonfronteer en dit is die bemeestering daarvan wat hom gereed maak vir die volgende vlak. Indien hy hierdie geleenthede ontsê word, kan groei nie plaasvind nie.

Die belangrikheid van 'n stimulerende omgewing by die huis en die skool is dus belangrik. Die emosionele en kulturele klimaat van die huis, ouerlike besorgdheid en ambisie, realistiese standaarde van verwagte prestasies by die huis en die skool lewer 'n bydrae tot die kind se intellektuele groei. Die skepping van 'n gesonde klimaat in die huis is dus van die grootste belang.

Van Es (1959) wys op 'n aspek van voorligter-ouer-verhouding waaraan gewoonlik min aandag gegee word. Die skrywer haal J. Pensioen (1955) aan wat daarop let dat die vryheid van die mense tot wie die maatskaplike werker hom rig van primêre belang is. Die persone wat ondersoek word, moet die vryheid hê om "de ander te beletten in hun intimiteit door te dringen". Langs 'n omweg behoort dit ook nie te geskied nie, tensy die ondersoek in die belang van die betrokke mense self is. Die skrywer verwys hier veral na 'n omvattende en diepgaande gevallestudie van ouers met swaksinnige kinders. By die aanvanklike onderhoud word vrae gestel waarteen ouers beslis in opstand sal kom, tensy hulle nie baie goed gemotiveer is nie. Die vraelys word nie hier weergegee nie, aangesien heelwat van die verlangde inligting nie op die ouer van die stadige leerder van toepassing is nie. Wat wel hieruit gehaal kan word, is dat die werker die ouer met die grootste omsigtigheid moet benader en baie versigtig moet wees om nie die ouer se waardigheid te skend nie.

Daar kan volstaan word met die bydrae van Reuchlin (1964).

In sy bespreking van voorligting in die algemeen stel die skrywer dit dat in 'n voortgesette kontak tussen 'n onderwyser of sielkundige en ouers dit sal gebeur dat die ouers soms 'n meer objektiewe houding met betrekking tot die kind se toekoms inneem. Namate hulle die voorligter beter leer ken, word hulle meer vrymoedig en openhartig.

## 3.8 Riglyne by ouer-voorligting.

Die wyse waarop die diagnose aan die ouers meegedeel word, is uiters belangrik. "One cannot rate or assess the pain that a clumsily handled interview can cause the parents of a mentally subnormal child." (Tizard en Grad, 1962).

Hierdie feit is van belang vir skoolhoofde veral, asook skoolsielkundiges wat die feit van Spesiale Klas-oorplasing aan die ouer moet doen. In die praktyk is dit dikwels eersgenoemde wat die ouer van die beoogde stap in kennis moet stel. 'n Simpatieke benadering en begrip vir die ouer se beproewing is noodsaaklik.

Die belangrikheid van die wyse waarop die diagnose aan die ouer meegedeel word, word ook deur Zwerling (1954) behandel. Die skrywer, 'n medikus, wys daarop dat alhoewel die vasstelling van gestremdheid nie 'n diagnose in die gewone sin van die woord is nie, word dit oor die algemeen in die gewone spreektaal so aanvaar en word dan ook so in die literatuur gebruik. Indien die hantering van die

ouers ten tyde van die diagnose so geskied dat dit 'n bydrae maak tot 'n geredelike aanvaarding van en 'n meer konstruktiewe houding teenoor die kind deur die angstoestand van die ouer te verlig, kan 'n onderhoud wat dikwels 'n verpletterende ondervinding vir die ouer is, verander word in 'n ervaring wat die begin inlui van 'n bevredigende aanpassing tot die kind en die probleem.

Ouers hou nie van vinnige diagnoses nie. Die skrywer haal die geval van 'n medikus aan wat, selfs al is hy ook seker van die diagnose, tog deur al die bewegings van 'n volledige ondersoek gaan en dan eers sy bevindinge bekend maak. Die skrywer self verwerp dit egter.

In hierdie verband kan dit gestel word dat ouers bewus gemaak moet word dat die besluit om 'n leerling na die Spesiale Klas oor te plaas nie ligtelik geneem is nie en die verskillende faktore wat in ag geneem is en die toetse wat gedoen is, moet aan die ouers verduidelik word. Dit maak die aanvaarding van die situasie soveel makliker.

Die wyse waarop die mededeling aan die ouers gedoen word, is van die uiterste belang en maak 'n onuitwisbare indruk. Ouers het getuig dat elke besonderheid van die onderhoud na jare nog onthou is. Die houding en benadering van die medikus (in gevalle van die erggestremde) moet van so 'n aard wees dat die ouer meer geneig sal wees om positief teenoor die probleem ingestel te word. Die menswaardigheid van die kind moet te alle tye eerbiedig word ongeag die graad van gestremdheid. Die positiewe aspekte van die

situasie moet beklemtoon word liewer as die negatiewe.

Hierdie stelling is eweseer van toepassing op die onderhoud met die ouer van die Spesiale Klas-leerling. In die hoofstuk oor aanbevelings word weer hieraan aandag geskenk.

Die onderhoud sal ook wissel volgens die vlak van ontwikkeling wat die ouers bereik het. Hoe hoër die ontwikkelingspeil hoe meer inligting kan bekend gemaak word.

Die skrywer wys ook op die positiewe effek van godsdiens in die lewe van die ouer van die gestremde kind. Die werklik gelowige ouer vind die aanvaarding van die toestand makliker. Dit kan dus wees dat daar gevalle is waar die medikus die hulp van 'n persoon wat in die diens van die Kerk staan, kan inroep waar dit blyk dat dit in daardie bepaalde geval van waarde sal wees.

Ook moet die individualiteit van elke ouer en ouerpaar in aanmerking geneem word. Wanneer daar na algemene kenmerke by die ouer van die gestremde kind verwys word, moet dit in gedagte gehou word dat daar ook spesifieke reaksies is - reaksies wat eie is aan elke individu, want elke individu en elke ouerpaar is uniek en daarom is hulle reaksies en die manifestering daarvan ook uniek. Om hierdie rede is voorligting en 'n individuele benadering noodsaaklik. In die "East Midland Study", (Hewitt en Newson, 1970) is bevind dat ouers hierdie feit beklemtoon het. Op die vraag watter aspek van hul kind se versorging

die moeilikste is, was 'n derde van die antwoorde so uiteenlopend dat dit nie gekatagoriseer kon word nie. Wanneer moeders gevra is omtrent advies aan andere oor versorging was die reaksie huiwerig en is na spesifieke probleme van die betrokke kind verwys. Die individualiteit van die gestremde kind is voortdurend beklemtoon.

Roos (1963) wys daarop dat die sielkundige wat met die ouer van die gestremde kind werk, in gedagte moet hou dat hy met hoogs ontstelde mense te doen het. Die reaksies wissel van persoon tot persoon, maar tog is daar algemene patrone waarmee die sielkundige vertroud moet wees. Die ouer se selfbeeld ly geweldig skade by die bewuswording van gestremdheid. Die kind word deur die ouer as 'n ego-ekstensie gesien, dit wil sê die ouer identifiseer homself met sy kind en 'n ernstige tekortkoming by die kind word as 'n defek van die self gesien.

Gedurende die onderhoud gebeur daar "iets" met die ouer wat hom in staat stel om anders oor sy probleem te voel. (Stone, 1948). Wat gebeur, is moeilik om vas te stel. Dit is nie alleen die professionele werker se kennis nie, maar ook sy eie wese wat tot 'n unieke terapeutiese ondervinding bydra. In die onderhoud moet die ouer nie alleen ingelig word oor die werklikheid van die kind se gestremdheid nie, maar moet ook gehelp word om die gepaardgaande emosionele probleme te hanteer.

Die skrywer wys daarop dat daar in gedagte gehou moet word dat die groeiproses in die terapeutiese situasie dikwels 'n baie stadige een is.

Die vaardigheid van die professionele werker is moeilik om te evalueer. Hy sal moet sorg dat hy 'n deeglike kennis van die feite van verstandelike gestremdheid het asook die feite in verband met die besondere geval waarmee hy handel. Ook moet hy vertroud wees met die reaksies van die ouer van die gestremde kind en die faktore wat dit vir die ouer moeilik maak om tot aanvaarding oor te gaan.

Dit word deur Robinson en Robinson (1965) gestel dat dit vir die voorligter beter is om konserwatief in sy voorspellings te wees. Langtermyn voorspellings kan dikwels verkeerd wees. Dit geld veral in die geval van die mindergestremde kind. Dit is ook beter om liewer met voorspellings te wag tot die ouers die geleentheid gehad het om hulle by die diagnose aan te pas. Daar moet gewaak word teen die opwekking van 'n valse hoop by die ouers op herstel deur die invloed van 'n Spesiale Klas of ander terapeutiese maatreëls.

Hierdie sienswyse word ook deur Grobler (1967) gestel. Die skrywer wys daarop dat die maatskaplike werker die ouers so moet beïnvloed dat hulle nie onrealistiese vooruitsigte vir hul gestremde kind koester nie. Solank as wat die gaping tussen die kind se potensiaal en die ouer se verwagtinge groot bly, moet die ouers teleurstelling verwag en moet die kind daaronder ly. Elke geval is uniek en moet individueel behandel word.

Die eerste taak van die voorligter is dat die ouer die kind aanvaar soos hy is. (Rothstein, 1961). In die betrokke gedeelte maak Thurston die stelling dat wanneer

dit bereik is, is die eerste stap van effektiewe berading gedoen. Hierdie fase in die voorligtingsproses kan baie lank duur. Die tweede fase bestaan uit die beplanning vir die kind - kort- sowel as langtermynbeplanning. Ouers kan slegs gelei word en die belangrikheid van ouerlike verantwoordelikheid in enige besluite kan nie oorbeklemtoon word nie. Die besluite moet deur die ouers geneem word. Die ouer moet aangemoedig word om met ander ouers te kommunikeer. Na bereiking van hierdie fase, moet die ouer gelei word in sy houdings en emosionele reaksies. Hierdie reaksies kan van volle samewerking tot vyandigheid wissel, daar kan ambivalente gevoelens wees en die emosies kan van dag tot dag fluktueer.

In die advies wat Spock en Lerrigo (1965) aan die ouer van die gestremde kind gee, is die probleme vervat waarvoor die ouer te staan kom, te wete die aanvaarding en die verwerking van die probleem. Indien voorligting die ouer tot die volgende insigte kan bring, sal dit beslis geslaagd wees. Die advies word woordeliks aangehaal: "Be realistic about the extent of your child's disability. Help him to come to terms with it. Find good medical care. Help your child work hard to make the most of the abilities he has and those he can develop. That will give you both enough to do without straining after the impossible. Enjoy your child for what he is. It is unfair to yourself and to him to keep thinking of what he might have been."

In 'n vorige hoofstuk is reeds gewys op die drie fases waardeur die reaksiepatroon van ouers gaan soos deur Egnal

en Daneel (1977) beskryf. Kortliks kom dit neer op 'n eerste fase van skok, ongeloof en woede. Dan volg 'n tydperk van kroniese droefheid, ambivalensie en gedeeltelike aanvaarding van die probleem. Die finale fase is 'n tydperk van reïntegrasie wat tot die ontwikkeling van 'n realistiese en effektiewe hantering van die probleem lei. Dit kan gebeur dat 'n ouer nie fase drie bereik nie. Die skrywers wys daarop dat dit die taak van die voorligter is om vas te stel op watter vlak of fase die ouer is en sy benadering en advies dienooreenkomstig aanpas. By fase een is 'n mate van vertroosting voor-die-hand-liggend. By fase twee is dit duidelik dat die benadering geheel-en-al anders sal wees. Die ouers het gekom vir hulp en advies al slaan hulle ook geen ag daarop nie. Dit is die voorligter se taak om hulp en advies aan te bied wanneer hy daarom versoek word. Die voorligter sal daarvan bewus wees dat die ouers nie die diagnose van verstandelike gestremdheid ten volle aanvaar het nie en al wat hy kan doen, is om die diagnose te herbevestig. So 'n bevestiging, selfs al word dit nie deur die ouers aanvaar nie, kan tog 'n duidelikheid teweegbring en bepaalde onsekerhede uit die weg ruim. Die voorligter moet ook daarop bedag wees dat die ouer van die verstandelik-gestremde in 'n mindere of meerdere mate 'n skuldgevoel mag ervaar en voel dat hulle die oorsaak van die gestremdheid is. Dit is belangrik vir die voorligter om die ouers gerus te stel en die skuldgevoel te verminder.

Die skrywers wys daarop dat die voorligter ook die ouers

sal teëkom wat in opstand kom teen die feit dat hulle die vermeerderde verantwoordelikheid van 'n gestremde het. Hulle kan die blaam op andere plaas. Dit mag dan ook vir die voorligter blyk dat die ouers ook 'n afkeer in mekaar het met gevolglike huweliksonenigheid en 'n ongelukkige gesin. Die internalisering van die gevoelens kan tot skuldgevoelens en depressiwiteit lei terwyl die eksternalisering daarvan sig kan manifesteer in 'n paranoïdiese benadering teenoor instansies of persone wat in verband met hul probleem gebring kan word. Hierdie drie aspekte: huweliksprobleme, bedruktheid en 'n paranoïdiese uitkyk sal verskillende benaderings deur die voorligter vereis.

Verdere riglyne vir die voorligter word gevind in 'n ontleding van die gestremde se behoeftes. Indien ouervoorligting in die lig van hierdie behoeftes geskied, kan dit die ouer se optrede aansienlik vergemaklik en doelgerig maak. Grobler (1967) wys op 'n paar van hierdie behoeftes waaraan die maatskaplike werker aandag moet gee. Dit word hier volledig aangehaal: "(a) Daar is 'n sterk behoefte om met sy medemens te verkeer. Alhoewel hy gewoonlik ook sku is, bly dit sterk. (b) Daar is 'n behoefte om van waarde te wees. (c) Sy diepste wens is seker dat hy aanvaar wil wees. (d) Nieteenstaande die aanvaarding van 'n mate van afhanklikheid het hy 'n groot behoefte aan onafhanklikheid en veral geestelike onafhanklikheid. (f) Hy wil deel wees van 'n groter geheel, sy dit in die huis of in die inrigting of in die gemeenskap. (g) Hy wil veilig voel. Daar moet sekuriteit wees. (h) Hy wil aan spel en ontspanning deelneem." Ouers moet ingelig word oor die behoeftes van hul kinders

en in hierdie geval die Spesiale Klas-leerling op wie bostaande aanhaling eweseer van toepassing kan wees.

Geen ondersoek en geen beplanning kan as voltooid beskou word tensy daar ook 'n betekenisvolle verduideliking aan die ouers verstrek is met inagneming van hul vrae en emosionele betrokkenheid nie. Die ouers word nie meer beskou as passiewe ontvangers van professionele inligting nie, maar aktiewe deelnemers aan 'n program wat die ouer voorberei vir die taak om 'n sinvolle bydrae tot die kind se opvoeding te maak. Ouer-voorligting het tereg 'n onontbeerlike deel van die algehele kliniese prosedure geword. (Rothstein, 1961).

'n Belangrike feit is dat wanneer ouers deur professionele persone gespreek word met die oog op 'n sinvolle verwerking van die situasie, dit dikwels eers geskied na 'n geskiedenis van velerlei ander opinies met 'n gevolglike effek op die ouers se selfbeeld en hantering van die kind. Hierdie opinies is dikwels 'n mengsel van kritiek, opdragte, wanopvattings, vals hoop of ewe valse ontstellende voorspellings.

Die skrywer wys op 'n ongelukkige neiging wat homself openbaar. Weens die feit dat dit aanvaar word dat emosionele probleme intellektuele prestasie nadelig kan beïnvloed, gebeur dit dat ouers onder die indruk gebring word dat hulle verstandelik-gestremde kind se onvermoë uit 'n "emosionele blok" spruit wat met sielkundige behandeling verwyder kan word. Ouers reageer hierop nie alleen teen geweldige koste nie, maar blameer

ook hul eie hantering van die kind as oorsaak, met 'n gevolglike onnodige wroeging.

Riglyne vir die professionele werker word ook deur Pieterse (1963) beskrywe met klem op die taak van die maatskaplike werker. Afgesien van konkrete dienste is die groot taak om 'n professionele verhouding met die ouer op te bou waardeur hulp verleen kan word ten opsigte van aanvaarding en hantering van die gestremde kind. Onderskraging van en die uitspreek van vertroue in die ouers is belangrik. Die ouer kan ook probleme ondervind om sy eie ambivalente gevoelens te begryp. Die beraad moet daarop gerig wees om tot begrip en opheldering te lei. Daar kan ontwikkeling wees tot insigterapie waar daar met emosies wat reeds in die onderbewuste van die kliënt versonke was, gewerk word. 'n Verwysing na 'n sielkundige of psigiater kan in sommige gevalle aangewese wees.

Die stelling word gemaak dat die voorligter eerlik met ouers moet wees. "It is a wise counselor who knows when he does not have the answers and is willing to admit it." Hoofstuk deur Patterson in Rothstein (1961). Die skryfster, 'n ouer van 'n gestremde kind, doen die volgende aanbevelings vir professionele werkers in hul optrede teenoor ouers. Die aanbevelings word gedoen na inagneming van menings van ouers sowel as van persone op professionele vlak. Albei ouers moet gespreek word. Die vader se rol word soms onderskat of misken. Dit gebeur ook dikwels dat daar 'n belemmerde kommunikasie tussen eggenotes is

sodat die moeder nie in staat is om 'n feitelike weergawe van die onderhoude aan die vader oor te dra nie. Dit is beter dat albei tydens onderhoude aanwesig is. Die voorligter moet bedag wees op sy taalgebruik. Terme soos idioot, moroon en swaksinnig mag geskik wees as kliniese terme, maar is beslis nie vir ouers bedoel nie. Die alledaagse spreektaal het konnotasies aan hierdie terme gegee wat hulle totaal ondoeltreffend maak. Net so ook moet tegniese terme wat vir die leek onverstaanbaar is, liefs vermy word. Wanneer daar van die kind gepraat word, word dit op prys gestel as die kind op sy naam genoem word.

Die skryfster stel dit dat die probleem die verantwoordelikheid van die ouers is en dat hulle die oplossing moet vind. Die professionele persoon kan alleen die ondersteuning gee en die weg vir die keuses voorberei. Die ouer verwag van die voorligter dat die professionele kode ten alle tye gehandhaaf word, maar dat daar empatie moet wees. Die professionele werker kan objektief teenoor die probleem staan, maar nie teenoor die ouers self nie. Deur homself in hul posisie te plaas en oor die nodige aanvoeling te beskik, sal hy die beste leiding kan verskaf.

Die ouer moet nie op die verdediging geplaas word nie. Om die ouers op hul foute te wys, lei tot 'n negatiewe reaksie. Die skryfster haal die volgende definisie aan soos deur 'n medikus gegee: "Parents are good parents when to the best of their ability, understanding and circumstances, they meet as adequately as possible the needs of their children."

Daar moet in gedagte gehou word dat die ouer van die verstandelik-gestremde gewone ouers is. Die skryfster wys op die feit dat hierdie ouers in die eerste plaas ouers is met al die emosionele betrokkenheid wat daarmee saamgaan. Die ouers het dieselfde swakhede en kragte as enige ander ouer. Word die addisionele las van verstandelike gestremdheid bygevoeg, word hierdie swakhede vergroot wat op hul beurt hul eie besondere probleme skep. Dit verskil van persoon tot persoon. As 'n groep, egter, voel die skryfster dat hierdie groep nie as abnormaal beskou kan word nie.

Daar moet gewaak word teen veralgemenings ten opsigte van die ouers. Die professionele werker moet nie alleen bedag wees op individuele verskille nie, maar veral op uitsprake oor skuldgevoelens, frustrasies en angs. Die skryfster voel dat dit pseudo-wetenskaplike uitsprake is wat slegs daartoe bydra dat die ouers nog meer onbevoeg voel.

Die professionele werker moet die depressiwiteit waarin die ouer van die hooggradige gestremde soos verkeer, verlig. Die ouer se neerslagtigheid en pessimistiese uitkyk oor die kind se toekoms is 'n bydraende faktor tot swak prestasie van die kind self. 'n Positiewe ouer-kind-verhouding moet bewerkstellig word. (Dalton en Epstein, 1963). Namate die ouers 'n begrip van die permanentheid van die kind se intellektuele onvermoë ontwikkel en tot ander insigte betreffende hul skuldgevoel kom, kan 'n nuwe probleem te voorskyn kom, naamlik 'n immobiliteit aan die

kant van die ouers - 'n abdikasie van hul ouerlike rol. Tot 'n mate is dit deel van 'n depressiewe toestand, maar ook 'n manifestasie van die gebrek aan kennis van verstandelike gestremdheid. Die moeder kan byvoorbeeld voel dat sy oorbodig is in die intellektuele ontwikkeling van die kind. Sy mag haarself as onbekwaam beskou in die opvoedingsproses van die kind. Die outeurs wys daarop dat daar gewaak moet word teen verwaarlosing van die kind as 'n uitvloeisel van die immobiliteit van die ouers. 'n Ander uiterste van hierdie toestand kan oorbeskerming wees wat, hoewel dit goeie liggaamlike versorging meebring, stremmend vir geestelike ontwikkeling kan wees.

Daar word deur Dalton en Epstein (op. cit.) tot die slotsom gekom dat die werker die ouer moet help om te besef dat die kind 'n produktiewe, nuttige en gelukkige lid van die samelewing kan wees en dat die ouer se bydrae hiertoe van die uiterste belang is. Die ouer moet gelei word tot die daarstelling van realistiese mikpunte - beide kort- en langtermyn doelstellinge. Die werker bepaal die mikpunte wat hy aan die ouers kan voorhou op grond van sy kennis van die opvoedbare verstandelik-gestremde in die algemeen en die betrokke kind in die besonder, die ouer-kind-verhouding, omstandighede in die huis en sy tegniese kennis van die beskikbare opvoedkundige en beroepsgerigte fasiliteite.

Hierdie feit word ook deur Roos (1963) gestel. Die ouer moet feitelike inligting betreffende onderwys,

werksgeleenthede en so meer verskaf word. Die ouers moet ook gerusgestel word dat die voorligter altyd bereid sal wees om hulle te woord te staan indien verdere hulp verlang word. Dit geld na één of 'n reeks onderhoude.

Die belangrikheid van die vermoë om goed te kan luister, kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit word gestel dat goeie luistervermoë nie alleen aandaggee, belangstelling en sensiwiteit impliseer nie, maar ook die vermoë om nie te praat nie. Deur met aandag na die kliënt te luister, is die sielkundige beter daartoe in staat om 'n meer akkurate begrip van die ouers se stellings en reaksies te verkry. Deur die ouer die geleentheid tot uiting van sy gevoelens te gee, word dit vir die sielkundige moontlik om wanopvattings en verdraaide begrippe reg te stel.

Dit is moeilik vir die ouer om die gemeenskap se houding af te skud. (Wardell, 1952). Elke indiwidu is lid van die gemeenskap en daarom is dit vir hom belangrik hoe die gemeenskap hom sien. Die voorligter het hier 'n belangrike rol te vervul. Hy kan 'n groot bydrae maak om die gevoel van onaanvaarbaarheid wat soms by die gestremde of sy ouers ontstaan, te verlig. Die voorligter kan ook daartoe bydra om spanninge binne die huiskring in perspektief te plaas. Dit gebeur dikwels dat omrede sy kwesbare posisie die gestremde vir spanninge verantwoordelik gehou word wat in werklikheid weens ander redes teenwoordig is.

Wardell (1952) wys daarop dat vanaf die eerste onderhoud die voorligter daarop bedag moet wees om nie te vinnig te beweeg nie. Hy moet bereid wees om te luister en saam met die gesin te voel. Elke gesin is 'n nuwe situasie en die reaksie van vorige gesinne is nie noodwendig op die huidige familie van toepassing nie. Dit is sy funksie om 'n begrip te kry van die gesin se gevoel van verleentheid, skuld, angs en hulpeloosheid, maar tog terselfdertyd die gesin tot 'n aanvaarding van die werklikheid te lei.

Die voorligter moet besef dat gestremdheid 'n wye verskeidenheid van oorsake kan hê en dat niks wat die ouers kan doen 'n verskil sou gemaak het nie. Daar moet ook op gewys word dat verstandelike gestremdheid oor alle volkslae strek en nie tot een bepaalde groep beperk is nie.

Wardell (op. cit.) wys voorts daarop dat dit dikwels gebeur dat die jarelange frustrasie en ongeduld van die ouers teen die gestremde kind gerig word, veral wanneer hy die ouderdom bereik waar ander kinders begin werk, onafhanklik word en die ouerlike las verlig. Die voorligter het hier 'n groot taak met ouers sowel as kind, veral in die geval van die erg gestremde.

Die onafhanklikheid van die kind, veral na die ouer se dood, is vir elke ouer baie belangrik. Dit gaan hier veral om die opvoedbare gestremde, aangesien die erggestremde die moontlikheid van inrigtingsversorging het. 'n Probleem onstaan wanneer die ouerlike siening van die kind deur die jare een van twee uiterstes was, naamlik 'n totale gebrek aan vertroue in die kind met gevolglike oorbeskerming

en onvoldoende ontwikkeling, teenoor 'n weiering om die toestand te aanvaar en gevolglike te hoë eise aan die kind. Die skrywer wys daarop dat dit die voorligter se taak is om enersyds 'n realistiese siening by die ouer teweeg te bring en andersyds die mees geskikte opleidingsgeriewe vir die kind aan te beveel.

Die onderhoud self word deur Roos (1963) beskryf. In sy eenvoudigste vorm is die onderhoud met die sielkundige 'n geleentheid vir die ouer om aan sy gevoelens uiting te gee in 'n veilige interpersoonlike situasie. Die basiese beginsels van so 'n onderhoud sluit die volgende in :

1. Die ouer moet met aanvaarding en respek behandel word. Deur sy kliënt met waardigheid te benader, sal die voorligter daartoe bydra om die gevoelens van selfblaam, skaamte en waardeloosheid wat by die ouers aanwesig is, te verminder. Gebrek aan selfvertroue en hulpeloosheid word verlig wanneer die ouer voel dat hy aanvaar, begryp en gerespekteer word.

2. Die sielkundige moet die versoeking weerstaan om 'n gesagsposisie in te neem. Hoewel so 'n houding die sielkundige se ego mag streel, sal dit die teenoorgestelde uitwerking op die ouer hê. So 'n houding verhoed die ouer om vryelik te praat en is hy meer geneig om vir verdere inligting en gedagtes van die sielkundige te wag. Die mens se kennis van verstandelike gestremdheid is nog

so beperk dat die sielkundige hom kwalik met gesag daaroor kan uitlaat en die ouer raak ook later bewus van die sielkundige se beperkinge.

3. Die onderhoud moet die geleentheid aan die ouer bied om vrye uiting aan sy gevoelens en diepste gedagtes te gee. Die onderhoud moet dus nie-gerig wees sonder om opinies oor stellings uit te spreek. Deur dit te doen, word die ouer gehelp om sy gevoelens met minder skuld en angs te aanvaar en hulle gevolglik beter te hanteer.

4. Aangesien dit die ouer is wat met die kind moet saamleef en nie die sielkundige nie, moet eersgenoemde die besluite neem. Deur ouers aan te moedig om hul eie besluite te neem, word hul selfvertroue aangewakker en word hulle gehelp om die verantwoordelikheid vir hul handelinge te aanvaar.

5. Die onderhoud moet die ouer as middelpunt hê en nie die voorligter nie. Die doel van die onderhoud is om die ouer te help en daarom moet die onderhoud ouer-gesentreerd wees.

6. Die sielkundige moet absoluut eerlik wees in sy optrede teenoor die ouer.

Die woord "begeleiding" word deur Zuithoff en Schilp (1970) gebruik. Dit begin eintlik wanneer die ouers die mededeling die eerste keer verneem. Dit is belangrik dat

die ouers by hierdie eerste onderhoud die volle waarheid vertel word en dat hulle vrae in alle eerlikheid beantwoord word sonder om 'n valse hoop te laat ontstaan, maar ook nie met tè groot pessimisme nie.

Die onderhoud word ook breedvoerig deur Rheingold (1945) behandel. Dit is die gebruik by die Institute for Juvenile Research, Chicago om nà 'n ondersoek van die kind 'n onderhoud met die ouers te voer. Die doel van die aanvanklike onderhoud is om die ouer te lei tot 'n aanvaarding van die gestremde,aangesien geen beplanning sonder aanvaarding deur die ouer gedoen kan word nie. Emosionele aanvaarding in hierdie sin kan gedefinieer word as voldoende balans tussen die subjektiewe feite (die ouers se gevoelens) en die objektiewe feite (die feitelike situasie) om 'n sinvolle hantering en beplanning moontlik te maak.

'n Probleem wat dikwels voorkom en wat versigtige hantering verg, is die onwilligheid van ouers om feite in verband met die familiegeskiedenis te verstrek. Met die vrees dat daar 'n stigma aan hulle sal kleef, bedek een of meer ouers die aanwesigheid van geestes- of neurologiese gevalle in die familie. Dit duur soms meer as 'n jaar voor hulle die opname van 'n familiebetrekking in 'n inrigting aan die terapeut sal bekendmaak. Waar hierdie huiwering en ontwyking van vrae aangetref word, is dit beter om liewer te wag tot die ouers gereed is om die inligting te verstrek. Hoewel die familiegeskiedenis van diagnostiese en prognostiese waarde is, is dit beter om akkuraatheid voorlopig in te boet ter wille van die

ouers se emosionele toestand. (Michaels en Schucman, 1962).

Ten besluite kan daar gewys word op die stelling van Des Lauriers en Carlson (1968) in hul werk met die outistiese kind. By terapie met hierdie kinders word die ouer ook betrek. Die skrywers wys op die waarde van 'n positiewe benadering tot die ouer en die feit dat die ouer ten volle betrek moet word in die opvoedingsproses saam met die professionele persone. Die skrywers kom tot die volgende gevolgtrekking, wat eweseer op die ouer van die verstandelik-gestremde van toepassing kan wees: "and regardless of whatever we could give the child, we could also give them (die ouers) the freedom of being normal parents."

3.9 Groepwerk en skakeling met ander ouers.

Waar die voorafgaande gedeelte hoofsaaklik oor hulpverlening op 'n individuele grondslag gehandel het, kan sodanige hulp ook in 'n groepverband gedoen word en wel op tweeërlei wyses, te wete groepterapie onder professionele leiding en skakeling met ander ouers.

Bisschoff (1972) beskryf die totstandkoming van die I.L.S.M.H. (International League of Societies for Mentally Handicapped). Deur die jare het daar 'n stigma aan geestesgestremdes gekleef. Ouers het gevoel of hulle deur 'n banvloek getref is. Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n besef gekom dat hierdie persone nuttig opgelei kan word. Ouers het ook gevoel dat 'n

heenkome vir hulle kinders gevind moet word. Ouer-verenigings wat hulle vir die bestaansreg van hul kinders beywer het, is in die lewe geroep. Hierdie verenigings het met professionele mense geskakel vir voorligting. Gedurende die Wêreldgeestesgesondheidsjaar, 1960, is die I.L.S.M.H. gestig deur afgevaardigdes van professionele instansies, ouerverenigings en andere wat hulle vir die belange van die geestesgestremde beywer het. Vandag is I.L.S.M.H. met UNESCO, I.L.O., W.H.O. geaffilieer. Daar is tans 84 verenigings uit 65 lande wat aan die organisasie behoort. Suid-Afrika is nie lid van die organisasie nie.

In sy ondersoek met die ouers van serebraalgestremde kinders in die inrigting by Chippewa Falls, Wisconsin het Thurston (1960) bevind dat ouers in 'n verhouding van 12:1 die geleentheid om met ander ouers te kommunikeer, verwelkom; 38% van die ouers het daarop gewys dat die byeenkomste 'n geleentheid bied om gemeenskaplike probleme te bespreek; 31% het gewys op die gevoel van persoonlike verligting wat gevoel is - die gevoel van ondersteuning wat ervaar is; 10% het gevoel dat ander ouers 'n beter begrip van die situasie het as die algemene publiek. Van die ouers wat nie ten gunste van die byeenkomste was nie, was die besware dat die byeenkomste nie iets bereik nie en dat dit emosioneel ontstellend is - dat dit "ou wonde oopmaak" ("open old wounds"). Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n behoefte aan effektiewe voorligting aan ouers is.

Die bevinding van Roith (1963) was dat 52% van die ouers

in sy navorsing gedink het dat dit 'n goeie idee is om met ander ouers in soortgelyke omstandighede te skakel. Van die redes daarteen, was dat ouers slegs hul eie probleme op andere oordra wie se bekommernisse miskien nog groter is. Dit is ook gestel dat elke kind verskillend is.

Die mening word deur Patterson, 'n ouer van 'n gestremde, gestel dat die hantering van die situasie die ouers s'n is en dat hulle self 'n oplossing moet vind. (Rothstein, 1961). Die professionele persoon kan alleen die ondersteuning gee en die weg vir die keuses voorberei. Ouerpare kan mekaar tot hulp wees. Die onderskraging wat ouers van ander ouers kan kry, is van groot waarde. Dit kan ook in groepe gedoen word. Nie alleen die wete dat ouers nie alleen staan nie, maar ook die helende effek op die gewer wat hulp aan andere bied, bring mee dat die groep en kommunikasie met ander 'n heilsame uitwerking het.

Dit gebeur soms dat die ouers nie in staat is tot goeie samewerking nie, aangesien hul belemmer word deur skuldgevoelens, deur onbewuste aggressies jeens die kind, of omdat hulle te veel verwagtinge van die hulpverlening verwag en dan teleurgesteld is. (Zuithoff en Schilp, 1970). In al hierdie gevalle moet die posisie saam met die ouers in oënskou geneem word om die weg oop te maak vir positiewe steun. Dit kan óf individueel óf in 'n groepsituasie geskied. 'n Goeie hantering van die groepsituasie is baie belangrik, omdat dit kan gebeur dat ouers mekaar se negatiewe gevoelens

versterk. As dit egter reg hanteer word, bied die groepgesprek die geleentheid tot 'n ontlaaiing van gevoelens om van mekaar se positiewe en negatiewe ervarings te leer.

Die nut vir ouerskakeling word deur Spock en Lerrigo (1965) gestel. Dit word aanbeveel dat ouers bymekaarkom om oor gemeenskaplike probleme te praat. Die stigting van ouer-studiegroepe word ook genoem. Die skrywers behandel na aanleiding van die bevindinge van Winder, die waarde wat groepbesprekings vir ouers van serebraalgestremde kinders het. Die onderlinge bespreking van gemeenskaplike probleme het daartoe bygedra dat hul gevoel van afsondering verminder het. Elkeen het iets gebaat in sy omgang met die ander. Hulle het gevind dat deur gemeenskaplike bespreking hulle 'n groter begrip ontwikkel het, 'n verligting van spannings ervaar het wat tot 'n beter verhouding met hul kinders bygedra het. Hulle het ook begin besef dat "buitestaanders" tog wel 'n opregte begrip getoon het op voorwaarde dat hulle self 'n bydrae maak.

Die waarde van 'n groepsituasie word deur Pieterse (1963) gestel. Waar die ouers van gestremde kinders aanvanklik in die maatskaplike werk hoofsaaklik deur die individuele behandelingsmetode gehelp is, word meer en meer besef dat groepwerk as metode ook 'n taak in hierdie verband het. Groepwerk is een van die behandelingsmetodes van maatskaplike werk. Die skrywer gaan voort en stel dit dat groepterapie in hierdie verband eintlik nog nie in Suid-Afrika posgevat het nie. Sover dit die ouers van

die Spesiale Klas-leerling betref, bestaan daar klaarblyklik geen georganiseerde groepe van sodanige ouers wat onder leiding van 'n opgeleide persoon deel van 'n terapeutiese proses word nie. Pieterse (op. cit.) wys daarop dat die onderlinge kommunikasie tussen persone met 'n gemeenskaplike probleem ook onderskraging bied en van terapeutiese waarde is. "Die bespreking van die gemeenskaplike probleem in die groep bied aan die ouers 'n geleentheid om van mekaar te leer en stel die groepwerker in staat om op 'n indirekte wyse leiding te gee ten opsigte van die hantering van gestremde kinders. Basiese behoeftes word in die groep bevredig en persoonlikheidshoedanighede soos aanvaarding van realiteit word ontwikkel."

'n Interessante bydrae tot die aangeleentheid van ouerbespreking word in die Redaksionele Kommentaar uit Remedial Education 1976, gelewer. As 'n aanloop tot die behandeling van die noodsaaklikheid en waarde van ouerbyeenkomste word die volgende gegewens verstrek: Een van die bevindinge van Hunt in haar verslag "Parents of the ESN" is dat daar na die ouer gewend moet word in die soeke na meer effektiewe metodes om die leergestremde kind te help. In die verslag oor die Rathbone Project by 'n Spesiale Skool in 'n stad in Noord-Engeland (geen name word verstrek nie om identifisering van ouers te voorkom) is bevind dat daar 'n besliste korrelasie is tussen "opvoedkundige gestremdheid" en die bekende simptome van sosiale deprivasie. Tagtig persent van die kinders het gratis maaltye en toelae vir klere ontvang. 'n Kwart van die kinders woon nie by

die natuurlike ouers nie (vier keer meer as die nasionale gemiddelde), 60% van die gesinne bestaan uit meer as 4 kinders en 25% uit meer as 6 kinders. Uit onderhoude het dit geblyk dat meer as die helfte van die ouers besorgd was oor probleme rakende die kind op die skool. Baie van die kinders het emosionele probleme, angstoestande, enurese, woedebuie en uitermatige beskroomdheid. Die uitslag van die ondersoek toon dat die meeste leerlinge se ontwikkeling gestrem is deur een of meer faktore wat in gedepriveerde gebiede aangetref word: groot gesinne, gebroke huise, gebrekkige behuising, onverskilligheid van ouers, onvoldoende opleiding van ouers en swak ekonomiese toestande.

Die term opvoedkundig subnormaal (educationally subnormal) is eintlik 'n oorvereenvoudiging van 'n komplekse probleem. Die oplossing van die probleem skyn tot 'n mate ook buite die skool te lê en vereis miskien 'n sosiale verandering. Ouerlike tussenkoms en betrokkenheid is een van die hooffaktore in 'n kind se skolastiese vordering en intellektuele ontwikkeling. In die onderhawige projek is 'n poging aangewend om die ouers in die opvoedingsproses te betrek. 'n Besprekingsgroep bestaande uit 12 ouers onder leiding van 'n gemeenskapswerker is in die lewe geroep en 'n tweede groep sal later volg. 'n Evaluering van die resultate sal mettertyd gedoen word, maar ten tyde van skrywe was daar alreeds blyke van 'n positiewe gevolg. (Redaksionele kommentaar: Remedial Education, 1976).

Lowe (1964) kom tot die volgende bevindinge na aanleiding van twee ondersoeke. In die Glasgow-studie is bevind dat die ouers begerig was om inligting te verkry. Konstante en herhaalde verduidelikings was nodig om die vrese van ouers te verlig en selfvertroue tot 'n mate te herstel. In die Sheffield-ondersoek wat 21 verstandelik-gestremde kinders betrek het, het dit geblyk dat slegs 2 ouers aan die "Association for Parents of Mentally Handicapped Children" behoort het. Tien ouerpare het beweer dat hulle geen kennis van die vereniging dra nie en die res van die ouers het verkies om nie aan te sluit nie. In die aanbevelings word dit gestel dat nouer kontak tussen onderwysers en ouers in die hand gewerk moet word. Die skool moet ook beter ingelig word oor die kind se huislike omstandighede. Die aandag van leerkragte moet gevestig word op die sielkundige probleme van die ouers van gestremde kinders.

In Suid-Afrika bestaan verskeie verenigings vir bepaalde gestremdhede. Hiervan getuig die verskillende nasionale liggame. Die positiewe effek van hierdie verenigings word algemeen aanvaar. So beskryf Shneier (1974) die stigting van die ASBAH (Association for Spina Bifida and Hydrocephalus) deur die betrokke ouers in Johannesburg. Die personeel van die Kinderhospitaal getuig van die sukses van die ouerbyeenkomste. Die ouers vind ondersteuning, begrip en advies by ander ouers met 'n soortgelyke probleem. Kommunikasie met die personeel word ook vergemaklik.

In die Verenigde State van Amerika het Appell, Williams

en Fischell (1964) tot die slotsom gekom dat die noodsaaklikheid vir voorligting aan ouers die beskikbaarheid daarvan deur opgeleide personeel in baie gemeenskappe oortref. Dit het aanleiding gegee tot die gebruik van groeptegnieke waarna verwys word as groepvoorligting (group counselling), groepbespreking en groepterapie.

In hul ondersoek met 21 ouers van gestremde leerlinge by die Day Care Centre Inc., Rochester, New York, kom die skrywers tot die gevolgtrekking dat ná voorligting oor 'n tydperk van twee jaar die groepwerk as 'n katarsis vir die ouers gedien het. Die ouers het die mediese diagnose van gestremdheid makliker aanvaar. Voorligting en berading het bygedra tot 'n vryer en meer realistiese bespreking van geestesgestremdheid tussen die ouers en die ander gesinslede. Die ouers het getuig dat hulle besef het dat andere simpatiek is en nie bloot nuuskierig en bejammerend nie.

Dit is ook bevind dat die ouers se mikpunte ten opsigte van die kinders verander het van die onmiddellike en korttermyn na die meer gesofistikeerde en langtermyn. Laasgenoemde het gehandel met aspekte soos navorsing, opleiding van personeel, ko-ordinasie van dienste en langtermyn-opvoeding en versorging. Die werk van die sentrum is ook meer positief bejeen. Groepwerk het daartoe gelei dat daar oor die algemeen 'n groter optimisme ten opsigte van die toekoms geopenbaar is. Die ouers wat nog wel pessimisties was, het die probleme meer realisties gesien.

Ouers van gestremde kinders het dikwels 'n ondersteunende voorligtingsverhouding nodig om die sielkundige spanninge te verlig. Cummings en Stock (1962) verwys na die werk wat met die ouer van die erggestremde gedoen is. Dit is ouers aan wie die advies gegee is om hul kinders in inrigtings te plaas. Groepterapie op aandrang van individuele lede van 'n moedersorganisasie vir gestremdes is gereël. Die byeenkomste is gehou onder beskerming van die Child Psychiatry Clinic van die Universiteit van Chicago in die Bob Roberts Memorial Hospital. Groepe van 5 en 4 het vir 10 en 12 byeenkomste vergader. Die klein groepe is toegeskryf aan die onbekendheid van groepterapie by die ouers. Voor die eerste groepsessie is onderhoude met elke moeder afsonderlik deur die terapeut gevoer. Dit was om haar bekend te maak met minstens een persoon in die groep, asook om inligting oor die prosedure van die sessie te gee. 'n Kenmerk van die vroeëre sessie veral, is die gretigheid waarmee die moeders praat. Dit is werklik die eerste geleentheid dat hulle vryelik kan praat met andere wat dieselfde probleem het. Namate die sessie vorder, verskuif die klem van die kind na die moeder se gevoelens, die huwelik, familieprobleme en verhoudings wat binne die groep ontstaan het. Dit is natuurlik dat hierdie klemverskuiwing sal plaasvind, aangesien gevoelens teenoor die gestremde nie in isolasie ervaar word nie. So is daar die ambivalente gevoel van vyandigheid enersyds en die gevoel van teerheid andersyds.

Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat die groepterapie

nie alleen van waarde is in die korttermyn waar ouers uiting aan hul gevoelens kan gee en advies kan ontvang nie, maar ook op die langtermyn. Die ouer kom tot 'n beter besef van die werklikheid. Sommige ouers kom aanvanklik na die sessie met die opvatting dat die kind sal herstel of dat die publiek in hul houding teenoor die kind sal verander. Die sessies lei daartoe dat die moeders 'n nugtere siening van sake verkry. Die groepterapie het ook bygedra tot die verwerking van eie sielkundige probleme deur die moeders. Om hierdie situasie te bevestig, is aan die moeders die geleentheid tot individuele terapie na afloop van die twaalf sessies gebied.

In sy werk met die ouers van die erggestremde het Coleman (1953) van die groepsessies gebruik gemaak. Uitnodigings is aan ouers gerig en die grootte van die groep het tussen 20 en 35 persone gewissel. Die groep het tweekeer per maand oor 'n tydperk van ses maande vir gemiddeld 'n uur en 'n kwart elke keer byeengekom. Die term groepterapie is nooit gebruik nie en geen poging is aangewend om die situasie as 'n groepterapiesessie te reël nie. Die algemene benadering in die sessie was buigsaam en nie-gerig.

Sekere algemene probleme het na vore gekom waarop die groep veral gereageer het.

1. Aanvaarding van die situasie sonder skuldgevoelens. Die verwydering van gewaande oorsake vir die toestand asook die gemeenskaplike ondersteuning het aandag geniet.

2. Aanvaarding van die gestremde kind. Dit was moeilik vir die ouers om realistiese eise ten opsigte van die kind te stel. Die frustrasie van die ouerlike ambisie het 'n objektiewe evaluering van die kind se vermoë bemoeilik.

3. Weerstand teen die neiging van oorbeskerming. Hierdie weerstand is nodig om te verhoed dat die kind in sy ontwikkeling gestrem word.

4. Probleme met die posisie van ander huisgenote is veral bespreek. Ook probleme betreffende ouer-kindverhouding en die verhouding met bure en ander kinders het na vore gekom.

5. Die seksuele ontwikkeling en gepaardgaande probleme het aandag geniet.

6. Die hele aangeleentheid van inrigtingplasing of tuisversorging was prominent.

7. Toekomsbeplanning vir die gestremde.

8. Die ouerlike bydrae tot die opvoeding van die kind.

9. Die bydrae wat die ouers tot die skool kan maak om die kind se onderwys te bevorder.

Die skrywer het bevind dat die interaksie van die groep 'n vaste patroon oor die maande gevolg het - aanvanklik was die bespreking op die vlak van 'n intellektuele bespreking van die verskillende probleme. Daarna het dit oorgegaan

tot die meedeel van persoonlike ondervindinge en die sessies het geëindig op 'n algemene en sosiaal-georiënteerde bespreking. Dit is bevind dat die meeste ouers effektief deelgeneem het en hoewel sekere ouers uit die aard van die saak meer prominent as andere was, het almal 'n bydrae gemaak. Daar was weinig konflik en die leier het bewus geword van 'n gevoel van ondersteuning, groep-identifisering en wedersydse onderskraging en aanvaarding. Die sessies was klaarblyklik 'n sukses, aangesien dit 'n geleentheid gebied het om van die eensaamheid wat konfrontasie met gestremdheid bied, te ontkom. Ses van die ouers het na afloop van die sessies gevra vir individuele onderhoude met sielkundiges of psigiaters.

Buttrup (1966) wys op die byeenkomste wat vir ouers van liggaamlik-gestremde kinders by die Ortopediese Hospitaal in Kopenhagen gereël is. Klem is gelê op die groot hulp wat dit gebied het, aangesien ouers die geleentheid gehad het om gemeenskaplike probleme te bespreek.

Ouers wat aanvaar, is gelukkiger. Hulle werk saam met die skool, ouerverenigings en ander instansies. (Grimbeek, 1977). 'n Godsdienstige inslag by ouers is 'n deurslaggewende faktor in die proses van aanvaarding.

Ook vir die ouer van die leergestremde leerling is skakeling met ander ouers van belang. Ruijgh en Niemöller-Commijs (1975) beskryf die byeenkomste van ouers met leerlinge in LOM-skole in Nederland. Daar moet op gewys word dat hierdie skole nie vir die ooreenstemmende

groep leerlinge voorsiening maak as Kaaplandse Spesiale Klasse nie. In die LOM-skool (Leer- en Opvoedings-Moeilikheden) "zitten in de regel kinderen met een 'gemiddelde intelligentie'. Sij falen op het GLO (Gewoon Lager Onderwÿs) door andere factoren dan een tekort aan intellectuele vermogens. Zwakbegaafde kinderen komen niet voor plaatsing in aanmerking." Hoewel hierdie leerlinge nie met die verstandelik-gestremde vergelyk kan word nie, bestaan die noodsaaklikheid van ouerskakeling ook hier.

## 3.10 Die skool en die ouer.

Die waarde van kontak met ouers word veral deur Wallin (1955) beklemtoon. Verskeie voorbeelde word aangehaal van ouerweerstand wat verdwyn het nadat die skoolhoof aan gekeurde leerkragte opdrag gegee het om ouerhuise te besoek en die doel en opset van Spesiale Onderwys te verduidelik. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat die positiewe sy van Spesiale Onderwys aan ouers verduidelik moet word en veral dat die plasing daar, nie 'n verwydering uit die gewone klasse is nie. Daar is gevind dat slegs 5 tot 10% van die ouers in sommige skoolstelsels weerstand teen Spesiale Onderwys gebied het nadat die werk van hierdie klasse aan hulle verduidelik is.

Die sekerste manier om weerstand en teenkanting teen te werk, is om te verseker dat die Spesiale Klas meer vir die gestremde leerling kan aanbied as die gewone klas. Die kwaliteit van Spesiale Onderwys moet onbetwisbaar wees wanneer onderhoude met ouers gevoer word.

Wallin (op. cit.) heg groot waarde aan die kontak tussen skool en huis en spesifiek die ouer van die Spesiale Klas-leerling. Dit word gestel dat ongeag of die skoolverpleegster of psigiatriese maatskaplike werkster die inligting betreffende die leerling aan die skool verskaf het, behoort die leerkrag ook die leerling se huis te besoek met die doel om bykomende inligting te verkry en hulp en voorligting te verleen. Met sulke besoeke kan waardevolle inligting bekom word betreffende die kind se buiteskoolse lewe, sy huislike omstandighede, sy ouers en ander gesinslede, die emosionele klimaat van die huis, die sosio-ekonomiese vlak, fisiese versorging, die beheer wat oor hom uitgeoefen word, sy vryetydsbesteding en enige probleme waarmee die ouers te kampe het. Tydens sulke besoeke kan die leerkrag op taktvolle wyse wenke aan die hand doen wat op 'n verbetering van die hantering van die kind gemik is.

Op twee aspekte van die besoeke word sterk klem gelê. Die leerkrag moet daarop bedag wees om nie gevoelens van verset te laat posvat nie. In plaas van direkte vrae wat ouers in 'n verleentheid kan stel, moet die leerkrag liewer skerpsinnig luister en waarneem en die ouer aanmoedig om te praat sodat die verlangde inligting op 'n spontane en natuurlike wyse tog wel meegedeel word. Sosiale diplomasie is belangrik. Ten tweede moet daar by die ouer geen twyfel bestaan dat alle inligting en indrukke wat die leerkrag verkry, absoluut vertroulik is nie. Die onkreukbare integriteit van die leerkrag in hierdie verband moet bo alle twyfel wees. Dit geld nie

alleen ten opsigte van inligting van ouers verkry nie, maar ook van ander instansies, soos byvoorbeeld sielkundige ondersoeke, gevallestudies van maatskaplike werkers of personeelbesprekings.

Die leerkrag moet 'n begrypende, simpatieke houding openbaar, maar op haar hoede wees vir morbiede, sentimentele simpatie. Dit kan patalogies word en tot 'n depressiewe uitkyk lei. Die leerkrag moet sig beywer vir 'n gesonde, gebalanseerde, simpatieke benadering wat sal dien tot aansporing vir doelgerigte, positiewe optrede.

As een van die beginsels waarop Spesiale Klasse georganiseer moet word, stel Kirk (1962) dit dat die samewerking van ouers verkry moet word. Dit is nodig dat skoolpersoneel aan die ouers die voorgenome oorplasing moet verduidelik. Om oorplasing sonder die ouers se toestemming te doen, is stremmend vir doeltreffende onderwys.

Thurston (1964) heg groot waarde aan leerkrag betrokkenheid in die hulp aan ouers. Die skool moet 'n aktiewe rol speel om die ouer die waarde van Spesiale Onderwys vir die stadige leerder te laat insien. Ouer-onderwyser-besprekings is belangrik. Dit geld vir al die vlakke van die skool, maar by uitstek by die leerkragte van die eerste jare. Wanneer die kind die hoër skool bereik, is die prognose vir sy skoolprobleme eintlik swak.

Die belangrikheid van 'n verhouding tussen die ouer, kind en instansie wat vir die kind se opvoeding verantwoordelik is, moet beklemtoon word. (McDowall, 1964). 'n Noue

onderlinge band tussen al drie partye onderskraag mekaar tot gemeenskaplike voordeel. Sukses hang tot 'n groot mate af van 'n volle begrip van die ouers se probleme en die kind se behoeftes.

Onderwysowerhede besef die belangrikheid van ouerdeelname in die opvoeding van die kinders. Daar word besef dat wanneer ouers en leerkragte nie saamwerk nie, dit die kind is wat ly. (Cruickshank en Johnson, 1958). Wanneer ouers en onderwysers 'n wedersydse begrip en waardering het vir die onderskeie rolle wat elkeen speel, word die leerling se geleentheid vir ontwikkeling vermeerder. Persone gemoeid met Spesiale Onderwys is bedag op hierdie nood en het 'n positiewe houding teenoor hierdie ontmoeting tussen ouer en leerling ingeneem. Dit het veral gevloei uit die waarneming van opvoedkundiges dat ouers dit soms moeilik vind om die kind te aanvaar en die nodige aanpassings te doen. Dit het tot verwerping of oorbeskerming gelei.

Om aan ouers van gestremde kinders voorligting te gee, is 'n moeilike en lang proses. Emosies en gevoelens is moeilik om te wysig en dit verg die kundigheid van professionele persone oor 'n tydperk. Oorplasing na Spesiale Onderwys is 'n goeie geleentheid om die ouer in te lig oor die kurrikulum, onderwysapparaat en die kind se posisie in die Spesiale Onderwysprogram. Die outeurs wys daarop dat die ouer bewus gemaak moet word van die waarde van 'n doelgerigte samewerking tussen skool en ouer. Die eerste reaksie sal wees om advies oor hulp met huiswerk te bied. Die leerkrag moet die ouer wys op die kind se bekwaamheid

en die beperkinge op die eise wat aan hom gestel kan word. Ouers is geneig om te hoë eise te stel en die leerling te verwar en te frustreer. Die skool kan 'n groot bydrae deur kundige en geduldige voorligting lewer om die ouer sy regmatige plek in die opvoedingsproses te laat inneem.

Kirk en Johnson (1957) onderskei tussen ouerkontak op voorskoolse en primêre vlak. Ouer-opvoeding is een van die oogmerke van die program op voorskoolse vlak vir die verstandelik-gestremde en behels :

(1) 'n Waardering van die ouers en hul probleme.

(2) Onderhoude met die ouers op versoek van òf die ouers òf die skool.

(3) Besoek aan die skool om vertroud te raak met die onderrig en om hul kind in verhouding tot ander te sien.

(4) Die ouers kan verslae oor die kind se vordering ontvang.

(5) 'n Poging moet aangewend word om die vrese van ouers te verminder en hul te help om 'n begrip te kry van die gestremde se beperkinge. Die ouers se kulturele- en intelligensievlakke moet in aanmerking geneem word.

Op primêre vlak word op die volgende klem gelê:

(1) Die leerkrag moet dit in gedagte hou dat ouers liewer iets positiefs as die negatiewe wil hoor. Te dikwels gebeur dit dat daar slegs met ouers in aanraking gekom word na 'n probleem of 'n krisis ontstaan het. Die aanbeveling word gedoen

dat goeie resultate behaal kan word deur ouers te besoek met die goeie nuus van 'n blyke van vordering of goeie gedrag. In alle gesprekke met ouers moet die goeie hoedanighede van die kind na vore gebring word en die probleme objektief bespreek word, sonder om dit die oorheersende onderwerp van bespreking te maak.

(2) Die ouer moet voel dat die leerkrag werklik in sy kind belangstel. As die ouer dit aanvoel, vermeerder sy eie belangstelling ook gewoonlik. Daar is dikwels die aspek van verwerping deur die ouer. Dit is veral dan dat die leerkrag klem moet lê op die positiewe hoedanighede van die kind.

(3) Ouers se toestemming moet verkry word voor 'n leerling na 'n Spesiale Klas oorgeplaas word.

(4) Ouer-onderwyser-vergaderings word aanbeveel.

(5) Kinders moet artikels wat hulle in die skool gemaak het, saamneem huis toe.

Die volgende riglyne word deur Appleford gestel in haar bespreking van aspekte van huisbesoek :

(1) Verseker die ouers dat alle inligting vertroulik behandel sal word.

(2) Wees liewer 'n luisteraar as 'n prater.

(3) Die leerkrag se advies aan die ouer moet beperk wees tot daardie aangeleenthede waaroor hy beheer het, byvoorbeeld onderrigmetodes, gedragsprobleme,

ensovoorts. Advies wat aangebied word, moet die menings van ander professionele persone wat ook by die geval betrokke is, in ag neem.

(4) Wees versigtig met vrae wat daarop bereken is om 'n voorspelling uit te lok. Dit is baie moeilik om die stadige leerder se vordering en akademiese toekoms te voorspel.

(5) Die leerkrag moet geen reaksie toon by die aanhoor van skokkende of buitengewone inligting wat tydens die besoek verstrek word nie. (Logue, 1972).

Waar meer as een gestremdheid by 'n kind aanwesig is, lei dit tot 'n gekompliseerde situasie en maak dit nog moeiliker vir die ouer om hom aan te pas. Hoewel die meeste ouers hulle daarop toelê om in noue voeling met die leerkrag te bly en sovéél inligting in te win rakende die kind se vordering en potensiaal, is daar ander ouers wat neig om die kind te verwerp met gevolglike bykomende probleme. Waar ouers oor 'n tydperk versuim het om met die kind in verbinding te tree (gevalle waar kinders in inrigtings of skole geplaas is), is dit raadsaam vir die leerkrag om die ouers daarop te wys dat die kind se ontwikkeling aangemoedig word wanneer hy voel dat hy in noue verbinding met sy gesin staan. Ouers sowel as kinders het advies en aanmoediging nodig.

### 3.11 Verslaggewing aan die ouer.

'n Aspek van ouer-leerkrag-verhouding wat vervolgens aandag moet geniet, is die hele aangeleentheid van verslag-

gewing aan ouers. In 'n artikel deur Vollker, soos opgeneem deur Cruickshank en Johnson (1958), word daarop gewys dat die meeste ouers belang stel in die vordering van hul kinders. Die ouer wat bewus is van sy kind se probleme, is besorgd oor die kind se vlak van opvoeding en of hy in staat sal wees om in die toekoms sy plek te kan inneem in 'n komplekse gemeenskap. Om hierdie rede is dit belangrik dat die skool die ouer volledig oor die leerling se vordering inlig. Die voor-die-hand-liggende metode is die skoolrapport. Hoewel 'n algemeen aanvaarde metode wat sy waarde het, slaag dit selde daarin om die ouer van die Spesiale Klas-leerling volledig in te lig. Dit is veral waar van die tradisionele rapport wat slegs eksamenpunte aandui. Om hierdie rede is daar onderwysowerhede wat 'n meer gespesifiseerde rapport opgestel het wat ook ander fasette van die kind se skoollewe belig. Hierdie kaarte gee nie alleen eksamenprestasie nie, maar ook inligting oor sosiale, emosionele en gesondheidsaspekte.

Selfs die mees volledige rapport kan nie 'n geheelbeeld aan die ouer gee nie. Ander metodes van verslaggewing moet ook in werking gestel word. Een hiervan is samesprekings tussen die skool en die ouer. Nie alleen kan baie meer inligting verskaf word nie, maar dit gee aan die ouer 'n beter insig in die hele aangeleentheid van sy kind se opvoeding. Die skrywer wys daarop dat hierdie besprekings sekere administratiewe probleme oplewer. Dit moet noodwendig plaasvind wanneer die leerkrag nie in die klaskamer besig is nie en los periodes skyn die aangewese tyd te wees. Om dit na-ure in die gebou te doen, is soms

vir leerkragte vermoeiend, veral as dit vroeg na sluiting gebeur. Ouers moet dan ook dikwels omsien na die res van die gesin wat van die skool af kom.

Sommige skole reël 'n besoekersdag wanneer ouers die skool kan besoek en met die personeel kan praat. Dit is so oppervlakkig en kort dat hierdie besoeke meer 'n frustrasie vir leerkrag en ouer is. Die skrywer heg groot waarde aan huisbesoek, aangesien so 'n besoek nie alleen die geleentheid tot verslaggewing bied nie, maar die leerkrag ook in staat stel om waarnemings betreffende die huislike opset te doen wat op sy beurt tot 'n beter begrip van die kind sal lei. Daar is min twyfel oor die noodsaaklikheid van doeltreffende skakeling tussen leerkrag en ouer.

Volgens verskeie mededelings van ouers word die skoolrapport verwelkom. Dit kan enersyds die werklike belangstelling in die kind se vordering wees en andersyds is dit ook 'n vorm van konformering met die res van die skool. Hoewel daar soms deur leerkragte bedenkinge uitgespreek word oor die wenslikheid van rapporte vir veral die laaggradige groep, sal die staking daarvan net 'n verdere bedreiging vir die ouer skep - nog 'n bevestiging van die andersheid van die kind.

Wallin (1955) maak gewag van hierdie feit en stel dit dat leerkragte soms sterk standpunt inneem teen die uitstuur van rapporte aan ouers van leerlinge in Spesiale Klasse. Onderwysers spreek hul uit teen die opstel van "true to life"-rapporte wat noodwendig die werklike gebrek aan, of dan die uiters geringe vordering, van hul leerlinge

sal uitbeeld. Hulle voel dat dit die onguns van ouers kan verwek en vind dit ook moeilik om noukeurige evaluerings van leerlinge te maak wie se vordering soms moeilik bepaalbaar is. Tog sal ouers ontevrede wees as daar nie een of ander vorm van verslag gestuur word nie. Om die teleurstelling in die gebrek aan vordering te verminder of te versag, kan die leerkrag wys op positiewe aspekte soos ywer, opgewektheid, netheid, eerlikheid, hulpvaardigheid en so meer. 'n Opregte en eerlike opmerking in hierdie trant kan wondere verrig.

Ook gedurende onderhoude met ouers moet daar getrag word om positiewe kenmerke te beklemtoon. Wanneer daar wel ongunstige trekke bespreek word, moet dit wees in die gees van 'n benadering om dìt te verwyder wat die leerling sal verhinder om sy moontlikhede ten volle te benut. Die klem moet eerder val op dìt waaroor die leerling beskik as op sy tekortkominge. Dit beteken nie dat gedragsprobleme oor die hoof gesien word nie, maar dit wat verhelp kan word, moet wel deeglik in oënskou geneem word. Daar moet 'n verwisseling van inligting en gedagtes wees om wedersydse hulp aan die leerling te vergemaklik.

Noukeurig opgestelde rapporte en effektiewe onderhoudvoering kan 'n onontbeerlike bydrae maak in die goeie verhouding tussen huis en skool en die noodwendige voordeel vir die leerling.

### 3.12 <u>Ten besluite</u>:

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die ouer van die gestremde kind hulp nodig het. Die ontmoeting met die voorligter kan daartoe bydra dat sekere houdings en opvat-

tings gewysig kan word. Die uiteindelike toets vir die sukses van die onderhoude is of die ouers dan in staat is om op te tree na aanleiding van dit wat met hulle tydens die voorligtingstydperk gebeur het. Indien hulle dit kan doen, sal die gevoel van isolasie verdwyn of minstens nie so prominent wees nie en daardeur sal die grondslag gelê word vir 'n meer volkome aanpassing met die situasie en 'n gemakliker verkeer in die gemeenskap.

Psigo-terapeutiese tegnieke in die hantering van die ouer van die Spesiale Klas-leerling is eintlik 'n onontginde terrein in Suid-Afrika en verdere navorsing oor hierdie faset word aanbeveel.

# HOOFSTUK 4.

# SPESIALE ONDERWYS IN KAAPLAND.

## 4.1 Uitkenning van leerlinge vir Spesiale Onderwys.

Kragtens die Ordonnansie op Spesiale Onderwys, 1968 (Ordonnansie 25, 1968) word 'n gestremde kind vir die doeleindes van hierdie ordonnansie as volg beskryf: "'n kind wat na die mening van die Departement in staat is om aanmerklike voordeel uit 'n geskikte kursus van onderrig te trek, maar wat in so 'n mate in ligaaam, verstand of gedrag van die meerderheid van kinders afwyk dat hy onderwys van 'n gespesialiseerde aard nodig het - (a) omdat hy nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale gang van onderwys verskaf word nie; (b) om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik, en (c) omdat sy bywoning van 'n gewone klas in 'n gewone skool vir homself of vir die ander leerlinge in daardie klas nadelig kan wees; maar nie ook 'n kind wat 'n gestremde kind is soos in artikel 1 van die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967) omskryf nie." As deel van hierdie definisie word die volgende omskrywings ook onder meer gegee: "Spesiale onderwys (beteken) onderwys van 'n gespesialiseerde aard wat nodig is om in die besondere behoeftes van die gestremde kind te voorsien; spesiale skool (beteken) 'n skool waarin spesiale onderwys verskaf word, asook 'n klas wat aan 'n gewone skool verbonde is en waarin spesiale onderwys verskaf word."

Die uitkenning van die leerlinge kan op grond van die volgende oorweginge geskied :

1. Skoolvordering. Dit is die eerste en belangrikste kriterium. Dit is die manifestering van 'n leerprobleem wat gewoonlik aanleiding gee tot 'n ondersoek met die oog op 'n psigodiagnose.

   Leerlinge het gewoonlik twee keer of meer gedruip voor hulle na die Spesiale Klas oorgeplaas word. As gevolg van die druiping is hulle dan ook gewoonlik minstens twee jaar ouer as die provinsiale mediaanouderdom vir die standerd waarin hulle vóór oorplasing is.

2. Prestasies soos deur gestandardiseerde skolastiese toetse gemeet.

3. Biografiese besonderhede om 'n beeld te vorm van die leerling se sosio-ekonomiese agtergrond.

4. Mediese verslag.

5. Persoonstruktuurondersoek.

6. Aanlegtoetsresultate.

7. Verstandsvermoë. Leerlinge wat op Spesiale Onderwys aangewys is, val min of meer in die I.K.-groep 50 - 80. (Referaat gelewer tydens konferensie vir Spesiale Klas-leerkragte, Junie 1977. Gebaseer op inligting deur Departement aan konferensie-leiers verskaf, April 1977).

By die klassifisering van leerlinge vir Spesiale Onderwys is die Departement van Onderwys baie begrypend teenoor die gevoelens van die ouer. Die ouer word dan ook versoek om

skriftelike toestemming tot oorplasing te gee op vorm E228. Die Departement gaan van die standpunt uit dat dit vir geen ouer aangenaam is om te ervaar dat sy kind nie na wense op skool vorder nie en dit kan 'n bron van groot bekommernis en fyngevoeligheid wees. Wanneer die feit van oorplasing aan die ouers die eerste keer gestel word, kan een van die volgende reaksies teëgekom word :

1. Die ouer gee toestemming tot oorplasing, aangesien die ouer self begin besef het dat die leerling nie in die gewone onderwys die volle voordeel kan trek nie en nie die tempo kan handhaaf nie of;

2. Die ouer hoop dat dit later beter sal gaan en versoek dat die kind nog "'n kans moet kry"; of

3. Die ouer weier om toestemming tot oorplasing te gee omdat hulle nie die situasie kan begryp of aanvaar nie. Hierdie weiering kan dikwels daaraan toe te skryf wees dat ouers nie volledig en begrypend ingelig is oor die aard en implikasie van Spesiale Onderwys nie.

Klassifisering kan sonder die ouer se toestemming geskied, maar daar sal alleenlik daartoe oorgegaan word na baie sorgvuldige oorweging, aangesien die Departement baie waarde heg aan die gesag en seggenskap van die ouer. Daar sal dus slegs tot oorplasing teen die ouer se wil oorgegaan word indien die Departement daarvan oortuig is dat dit bo alle twyfel die enigste uitweg in belang van die leerling se onderwys is en dat alle moontlike stappe gedoen is om die ouer omtrent die wenslikheid van oorplasing in te lig. (Referaat gelewer tydens konferensie vir Spesiale Klasleerkragte, Junie 1977. Gebaseer op inligting deur

Departement aan konferensie-leiers verskaf, April 1977).

Word daar gekyk na 'n definisie van verstandelike gestremdheid is die groot aantal omskrywings of definisies opvallend. Na oorweging van die verskillende definisies wat beskikbaar is, gee die Komitee van Ondersoek na die Versorging van Erg Geestesvertraagde Persone (1968) (Hierna genoem die Van Wyk-verslag, waarin die bevindinge bevat is) voorkeur aan die definisie wat gegee word in die "Report of the Commission of Inquiry on Mental Handicap. (Eire 1965)." "'n Geestesvertraagde persoon is iemand wat, vanweë 'n vertraagde of onvolwaardige ontwikkeling van die gees ("mind"), 'n opvallende gebrek aan intelligensie toon, en, òf tydelik òf blywend, ontoereikend by sy omgewing aanpas." Die komitee stel dit dat daar drie grondtrekke van geestesvertraging is, te wete :

"(1) vertraagde of onvolwaardige ontwikkeling van die gees; (2) 'n opvallende gebrek aan intelligensie, (3) ontoereikende aanpassing by die omgewing".

Hierdie definisie neem ook die feit in ag dat van die kenmerke tydelik kan wees, byvoorbeeld waar opvoeding die aanpassing by die omgewing kan vergemaklik.

Ook die terminologie is deur die Komitee oorweeg en daar word tot die slotsom gekom dat die term, Verstandelike Vertraging, nie bevredig nie, aangesien dit na 'n spesifieke en beperkte aspek van die geestesfunksie (mental function) van die mens verwys. Daar is ook ander faktore wat 'n rol speel en die Komitee maak 'n onderskeid tussen swaksinnigheid (mental deficiency) en geestesvertraging (mental retardation, mental handicap). Die Komitee gebruik die begrip, Geestesvertraging, as synde die posisie by die groter groep waarvan die swaksinniges 'n onderafdeling vorm.

Die van Wyk-verslag (1968) gee die volgende verklaring van sekere terme:

"mildly mentally handicapped or retarded - subnormaal;

"moderately mentally handicapped or retarded - matig geestesvertraag;

"severely mentally handicapped or retarded - diep geestesvertraag;

"mentally deficient - erg geestesvertraag of swaksinnig"

(Die woord vertraag is egter besig om in onbruik te raak en tans word die woord gestremd verkies. Hierdie term is 'n goeie keuse en het 'n beter konnotasie).

Die Komitee se definisie van die Spesiale Klas-leerling word hier aangehaal:

"Subnormaal (Engels: "subnormal") (oorsee: "mild mentally handicapped"), dit wil sê 'n persoon wat as kind nie in staat is om as gevolg van geestestekortkomings bevredigend in die normale klasse van die laerskool te vorder nie en die beste baat vind by die kursus en die onderrig in die Spesiale Klasse of skole vir subnormales. In soverre die I.K. 'n leidraad is, val die I.K. tussen ± 50 en ± 79".

In Suid-Afrikaanse skole word die volgende verstandstoetse gebruik: Die Individuele Skaal wat op grond van die Termanverwerking van die Binet-skaal deur Fick in Suid-Afrika gestandardiseer is (word ook genoem die Fickskaal), die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal (N.S.A.I.S.) en die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (N.S.A.G.) waarvan

daar verskeie vorms gestandardiseer is. Die volgende word in die skole gebruik: Junior J en K, Intermediêr G en Senior S en T. Die N.S.A.I.S. en N.S.A.G. is deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing opgestel en gestandardiseer. (Tans die R.G.N.).

Op grond van bogenoemde toetse doen die Komitee die volgende indeling :

| Benaming | I.K. |
|---|---|
| Hoog superieur | 130 + |
| Superieur | 120 - 129 |
| Bogemiddeld | 110 - 119 |
| Gemiddeld | 90 - 109 |
| Dom-normaal | 80 - 89 |
| Subnormaal | 50 - 79 |
| Imbesiel | 25 - 49 |
| Idioot | 0 - 24 |

Die verslag maak die stelling dat die N.S.A.I.S. nie bevredigend onderskei tussen die subnormale, imbesiel en idioot nie en word die Fickskaal gebruik. (Tans word daar gewerk aan 'n Junior Suid-Afrikaanse Individuele Skaal (J.S.A.I.S.) vir gebruik by jonger leerlinge asook voorskoolse stadium.) "Ons (die Komitee) definisie van geestesvertraging slaan op die groep kinders met I.K.'s tussen 0 en ± 79. Die swaksinniges se I.K.'s val tussen 0 en ± 49. Met ander woorde alle swaksinniges is geestesvertraagdes, dog slegs party geestesvertraagdes is swaksinnig."

Hoewel 'n klassifikasiestelsel wat I.K. as enigste norm gebruik,

nie voldoende is nie, is dit tog as een van die kriteria belangrik. Die verslag wys daarop dat gesaghebbendes soos Burt, Wechsler, Terman en andere van mening is dat verstandelike vertraging by kinders die belangrikste aspek van geestesvertraging is en dat dit die beste deur middel van ŉ verstandstoets gemeet kan word. Die snypunt tussen skolastiese opvoedbaarheid en skolastiese onopvoedbaarheid word in verskeie lande (Verenigde Koninkryk, Ierland, Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en sekere Wes-Europese lande) asook in Suid-Afrika op I.K. 50 gestel. Dit is egter nie ŉ rigiede punt nie, maar "om en by 50". Wat van belang is, is die vlak waarop daar gefunksioneer word. Die verslag wys op die verklaring wat deur Tizard (1964) gegee is vir die vasstelling van hierdie snypunt. Dit is die minimum I.K. wat vereis word om leerlinge tussen 8 en 10 jaar te leer lees, skryf en om eenvoudige berekeninge te doen.

Dit kan gestel word dat ŉ onvermoë om te presteer en ŉ I.K. tussen ± 50 tot 80 gesamentlik die vernaamste kriteria is vir plasing in ŉ Spesiale Klas.

Waar daar in ŉ bespreking van die Spesiale Klas-leerling dikwels na I.K. verwys word, is dit nodig om die begrip in perspektief te plaas. Du Toit en van der Merwe (1966) verduidelik as volg: "Intellektuele vermoë of intelligensie is nie <u>iets</u> op sigself nie; dis nie ŉ materiaal of bestanddeel van die liggaam of gees waarvan jy meer of minder kan besit nie. ŉ Mens <u>het</u> nie ŉ aandag nie, maar jy kan aandag skenk. ŉ Mens <u>het</u> nie ŉ intelligensie nie

(nog minder 'n I.K.) maar jy kan intelligent optree of handel. 'n Motor het nie 'n spoed nie, maar hy kan teen spoed voortbeweeg. ..... Intelligensie is eintlik 'n eienskap of kwaliteit van sekere soorte handelinge of gedrag. Dit beteken dat 'n mens gedrag van 'n sekere gehalte lewer, of kan lewer. Daar is twee hoofaspekte van hierdie gedragskwaliteit, gewoonlik bekend as spoed en krag." Spoed verwys na die snelheid waarmee probleme opgelos word en krag die moeilikheidswaarde daarvan.

Meyer (1966) haal die definisie aan wat Alfred Binet gee (uit Gardner 1964). Hy definieer intelligensie as die kind se vermoë "to act in relation to goals and to revise his behaviour if need be to reach a goal." Uit 'n ontleding van die definisies van Stern, Calvin, Buckingham, Thurstone, Terman, Stoddard, Wechler, kom Gardner, volgens Meyer, tot die gevolgtrekking dat daar werklik geen bevredigende definisie in die verband is nie en word verskeie aspekte beklemtoon soos sosiale definisies, opvoedkundige definisies, definisies wat die vermoë tot abstrakte denke beklemtoon,asook omvattende definisies wat poog om 'n wyer terrein te dek.

Na 'n beskouing van verskeie benaderinge tot 'n definisie kom ook Craig (1977) tot die volgende gevolgtrekking :

> "there exists to date no agreed definition of intelligence.
>
> The fact that a conclusion such as the first one

> may be drawn, lends weight to the conclusion that 'intelligence' is an enormously complex and far-ranging human attribute and for that reason 'intelligence' may not be equated to 'IQ', which is simply the score which an individual pupil obtains on an IQ test."

Die skrywer stel dit ook dat 'n persoon se siening van intelligensie grotendeels saamhang met daardie persoon se eie lewensfilosofie.

Ten spyte van Gardner en Craig se gevolgtrekkings kan daar tog volstaan word met die stelling dat intelligensie klaarblyklik 'n persoon se vermoë is om sy wêreld te interpreteer soos dit hom op 'n bepaalde tydstip voordoen.

### 4.1.1 Standpunte betreffende oorerwing en omgewingsfaktore.

In die studie van die leergestremde is dit interessant om ook te let op die bekende vraag van die onderskeie bydraes van oorerwing of omgewing tot intelligensie. Voorstanders van die onderskeie standpunte stel sterk argumente ter stawing van hul siening en vind hul bewyse in talle navorsings oor baie jare. Soos met alle groot vraagstukke is daar selde net één oplossing of net één verklaring. Die waarheid skyn tussen hierdie standpunte te lê.

As gevolg van die verskil van mening oor groeps- en rasseverskille in intelligensie en die sosiale en politieke implikasies van die onderskeie gesigspunte, het die studie van intelligensie en veral die relatiewe bydrae van

oorerwing en omgewing in resente tye weer sterk na vore getree. Inderwaarheid is dit 'n voortsetting van die oorspronklik uiteenlopende standpunte van Binet en Galton waar eersgenoemde geglo het dat 'n verbetering van intelligensie deur opleiding bewerkstellig kan word, terwyl Galton geglo het dat oorerwing die bepalende faktor in intelligensie is. Aanvanklik het navorsers soos Spearman, Thurstone, Cattell en later ook Guildford die begrip van die kompleksiteit van intellek, bestaande uit verskeie faktore, na vore gebring. Die vraag of hierdie faktore, of dan sommige daarvan, die gevolg van oorerwing of omgewing is, is tot op die hede nog nie bevredigend beantwoord nie. (Brody en Brody, 1976). Die skrywers dui die relatiewe bydraes aan met die simbole $h^2$ en $e^2$ en wys op drie standpunte ten opsigte van $h^2$. Daar is die "klassieke" posisie wat deur Jensen, 1973, en Herrnstein, 1973 bevestig word en dit stel dat 80% van die variasie in intelligensietoetsuitslae tussen individue aan genetiese verskille toegeskryf kan word. 'n Ander siening is dié van Jencks, 1972 wat die syfer op 45% stel en ten derde Kamin, 1974 wat dit stel dat daar geen bewyse vir die oorerwingsargument by toetsuitslae is nie.

Vir 'n begrip van die wisselwerking van aangebore potensiaal en omgewing om intelligente optrede te bepaal, is dit nodig om te kyk na die siening van Hebb wat tussen Intelligensie A en Intelligensie B onderskei. (Child, 1977). Vir Hebb is A 'n aangebore potensiaal wat uitsluitlik berus

op neurologiese toerusting. Of die persoon van hierdie potensiaal sal gebruik maak, sal afhang van sy lewensomstandighede. Intelligensie B is dus 'n vlak van ontwikkeling wat die gevolg is van die effek van omgewingsfaktore op die aangebore potensiaal. Nie A of B kan direk gemeet word nie, aangesien Intelligensie A verskuil is onder die omgewingsinvloede en Intelligensie B nie konstant meetbaar is nie weens die wisselende invloede van omgewingsfaktore. Die begrip Intelligensie C is deur Vernon na vore gebring en dui op die gebruik van gestandardiseerde toetse om fasette van B te bepaal. Aangesien besprekings van intelligensie op die resultate van C-meting berus, is dit nodig om te verwys na die verband tussen A en C. Aangesien C fasette van B meet, en B van A afhanklik is, volg dit dat daar 'n verband tussen C en A moet wees, maar dit is feitlik onmoontlik om 'n duidelike bepaling te maak. 'n I.K. kan dus nie beskou word as 'n aanduiding van aangebore kapasiteit nie net soos dit ook nie 'n akkurate meting van Intelligensie B is nie. (Child, 1977). Steenkamp (1966) haal Eels, asook De Block aan wat onderskei tussen die "naakte" genetiese intelligensie, die intelligensie wat verkry is deur omgewingsinvloede en die "aktuele intelligensie soos geopenbaar in toets- en lewenssituasies."

'n Interessante siening om die aangeleentheid in perspektief te plaas, word deur Langenhoven (1960) gelewer wat dit stel dat daar dikwels van die invloed van omgewing of intelligensie gepraat word "sonder om te besef dat in hierdie kort sinsnede daar drie foute begaan word." Die skrywer

wys daarop dat daar van invloed gepraat word terwyl daar niks meer as net 'n verband bewys is nie. Dit is moeilik om te onderskei tussen oorsaak en gevolg. Daar word van omgewing gepraat "wanneer nog slegs omgewingsfaktore, op 'n bepaalde manier saamgevoeg en gemeet, ondersoek is. Baie ander, ewe gangbare metings, sou miskien heeltemal ander resultate lewer." Daar word van intelligensie gepraat wanneer I.K., of 'n bepaalde meting, bedoel word - 'n uitslag wat anders sou gewees het met 'n ander toets.

Die standpunt van die Behaviouriste is dat intelligensie gemeet kan word, dat intelligensietoetse waardevolle instrumente is om die intellektuele peil van 'n persoon vas te stel en dat intelligensie hoofsaaklik geneties en betreklik konstant is vir 'n bepaalde individu. Die grootste beswaar teen hierdie siening is dat dit die weg ooplaat vir 'n benadering wat dui op die minder- of dan die meerderwaardigheid van bepaalde groepe. Voorstanders van hierdie siening is veral Terman, Jensen, Herrnstein en Eysenck. Die standpunt word deur Eysenck (1975) as volg gestel: "There is no question whatever that men are created unequal, in the sense that their genes contain the determinants of unequal appearance and development; it remains the task of research to seek out the precise mode of interaction between heredity and environment, and to determine the limits which, at any given moment of time the one sets to the influence of the other."

Die skrywer spreek hom sterk uit oor die waarde van intelligensiemeting en die I.K. wat 'n betreklik akkurate voorspeller van skolastiese prestasie is. Die voorspellingswaarde van die I.K. strek ook tot die volwasse lewe. Eysenck (op. cit.) kom tot die gevolgtrekking dat oorerwing dubbel so belangrik is as omgewing om I.K. te bepaal. "This should not lead us to abandon the search for better methods of education, particular for the duller child; the stress on the need for compensatory education is a moral issue, which cannot be sidetracked by any factual argument."

Die siening van Eysenck word gesteun deur Sarason (1976). Die skrywer wys daarop dat 'n groot aantal studies gedoen is om die korrelasie te bepaal tussen die vaardighede van persone met verskillende verwantskappe. Uit 'n opsomming van 56 van hierdie studies tussen 1911 en 1962 het geblyk dat die laagste korrelasies gevind is by nie-verwante persone wat verwyderd opgevoed is en die hoogste korrelasies by identiese tweelinge wat saam opgevoed is. Hoe intenser die graad van gestremdheid hoe minder is die kanse dat een of albei ouers gestremd is. Die skrywer verwys hier na die studie van Gruenberg, 1966. Gevalle van erg-gestremdheid is min in vergelyking met die minder gestremde aangesien die veronderstelling is dat die vlak van intelligensie volgens die normale verspreidingskurwe by die bevolking versprei is. Sarason (op. cit.) haal ook die studie van Heber, Dever en Conry, 1968 aan wat bevind dat van 'n studie van 88 moeders uit 'n laere sosio-ekonomiese groep en hul 586 kinders, was die moeders met 'n I.K. van benede 80, hoewel hulle minder as die helfte

van die groep was, verantwoordelik vir $\frac{4}{5}$ van die kinders met 'n I.K. van laer as 80. 'n Soortgelyke bevinding ten opsigte van vaders is in 1972 deur Heber et al gedoen. Die vraag word gestel of hierdie verskynsel aan oorerwing of omgewing toe te skryf is. "The roadblock to seperating hereditary and environmental influences on intellectual development are many and formidable."

Die skrywer (Sarason) kom tot die gevolgtrekking dat pogings om oorerwing en omgewingsfaktore in isolasie te bestudeer, eintlik kunsmatig is; aangesien elke persoon 'n oorerwings- en 'n omgewingsfaktor het. Of 'n persoon meer klem op die studies van tweelinge lê, wat op die oorerwingsfaktor dui, of meer aandag skenk aan eksperimentele dierestudies wat op die omgewingsaspek dui, is miskien meer 'n geval van persoonlike voorkeur as wat dit wetenskaplik is. Daar sal later weer na hierdie standpunt terruggekeer word.

Die Humanistiese siening is dat intelligensietoetse slegs dit meet wat deur intelligensietoetse vasgestel word. Dit lewer geen kennis of insig in 'n persoon se motivering, weetgierigheid, diepste gedagtes, menseverhoudings, leierskaphoedanighede, of kreativiteit nie. Intelligensie A word grootliks gewysig deur omgewingsfaktore om Intelligensie B voort te bring. Voorstanders van hierdie siening is veral Lippman, Hoffman, Kamin, Fine en Houts.

Kamin (1974) maak die volgende stelling: "There exist no data which should lead a prudent man to accept the hypothesis

that I.Q. test scores are in any degree heritable. That conclusion is so much at odds with prevailing wisdom that it is necessary to ask, how can so many psychologists believe the opposite?" Die skrywer spreek hom ook sterk uit teen die gebruik van die I.K. en beskou dit as 'n middel in die hand van sekere persone en groepe om teen die armes, die vreemdeling en bepaalde rassegroepe op te tree. Die minderbevoorregte word voorgehou as synde onopvoedbaar te wees. Die skrywer sien die gebruik van die I.K. in 'n politieke verband.

Mussen, Conger en Kagan (1974) kom tot die gevolgtrekking dat daar eintlik min kennis is omtrent die presiese genetiese invloed op menslike reaksies, veral daardie wat betrekking het op intelligensie en persoonlikheid.

Die relatiewe bydrae van oorerwing en omgewing word deur Craig (1977) soos volg gestel: Elke persoon het sekere inherente vaardighede en eienskappe wat hom enersyds basies dieselfde maak as andere, maar hom in ander opsigte 'n unieke persoon maak. Die skrywer vergelyk dit met die voorkoms van persone wat basies dieselfde by almal is, maar tog is daar 'n andersheid wat elke persoon 'n unieke voorkoms gee. Hierdie unieke struktuur van elke persoon se intelligensie word beïnvloed deur alles wat met daardie persoon gebeur en sy besondere reaksie daarop.

4.1 vervolg -

Wanneer die term verstandelike gestremdheid gebruik word, moet daar teen veralgemenings gewaak word. Radley (1962) wys daarop dat verskille in ag geneem moet word. Binne die

normale verspreiding van intelligensie is daar graduele verskille en word daar van hoëgraadse en laegraadse vertraging gepraat. (Die term gestremdheid word op die huidige verkies). Spesiale Klasse en Spesiale Skole maak voorsiening vir die hoëgraadse verstandelik-gestremde. Spesiale Skole bied voorbereiding vir die arbeidsmark aan.

Die term stadige leerder word deur Williams gesien as verwysende na al die leerlinge wie se opvoedkundige peil laer is as daardie leerlinge wat minstens 20% jonger is. (Mittler, 1970). Die skrywer wys daarop dat dit slegs 'n opvoedkundige kriterium is. Binne hierdie groep is daar 'n aantal leerlinge wat nie as 'n stadige leerder geklassifiseer kan word nie, maar wat besondere behoeftes het en besondere aandag verg.

In Kaapland het die term dom-normaal volkome in onbruik geraak en is by leerkragte vervang met die benaming stadige leerder. Met "stadige leerder" word dan eerder bedoel die leerling wat in aanmerking kom vir toelating tot die Praktiese Kursus, op sekondêre vlak, dit wil sê 'n groep wat akademies verder gevorder het as die Spesiale Klas-leerling. Dit is leerlinge wat nie verstandelik gestremd is nie en word dus nie vir Spesiale Onderwys in aanmerking geneem nie. Hul verstandsvermoë is egter benede dié van die gemiddelde leerling, met die gevolg dat hierdie leerlinge dikwels die skool op St. 6- of St. 7-stadium verlaat. Een van die oogmerke van die Praktiese Kursus is om die leerling langer op skool te hou.

Die term "mentally handicapped", geestesgestremde, word deur Kirk en Johnson (1957) gebruik. Hierdie groep verskil van die erggestremde ten opsigte van die volgende : die leerling is opvoedbaar op sosiale vlak. Spesiale Klas-onderwys moet daarop gerig wees om die leerling te help om uiteindelik sy eie sake te kan behartig. Die leerling kan beroepsgerig opgevoed word. Om beroepsbevoeg te wees, moet hy ontwikkel tot 'n vlak waar hy ekonomies onafhanklik, of dan minstens gedeeltelik onafhanklik, sal wees. Die leerling se ontwikkelingsgang is stadiger. Die vernaamste kriterium vir Spesiale Klas-plasing is dat die leerling nie genoegsame baat by die gewone kurrikulum kan vind nie en 'n en 'n eiesoortige kursus moet volg. Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat leerlinge met 'n I.K. van 50, 60 of 70 soos met 'n battery individuele intelligensietoetse bepaal is, kandidate vir Spesiale Klasse vir die verstandelik-gestremde is. Die skrywers beskou nie die "stadige leerder" as synde in dieselfde kategorie as die verstandelik-gestremde nie.

Hierdie definisie sluit aan by dié van Cruickshank en Johnson (1958) wat daarop wys dat die buitengewone kind (exceptional child) eintlik moeilik is om te definieer, aangesien die term verskeie groepe kan insluit. In sy wese egter, is die buitengewone kind iemand wat sodanig op intellektuele, fisiese of emosionele vlak van die normale groei en ontwikkeling afwyk dat hy nie maksimum voordeel uit 'n gewone skoolprogram kan haal nie en op 'n Spesiale Klas of bykomstige onderrig aangewys is.

Die indeling van Behr (1972) word hier aangehaal :

| Kategorie | I.K. | Beskrywing |
|---|---|---|
| " S.S.N. (Severely Sub-Normal) | 30 - 50 | Trainable |
| E.S.N. (Educational Sub-Normal) | 50 - 75 | Educable |
| Borderline Normal | 75 - 90 | Can cope in school situation " |

I.K.'s is vasgestel met Stanford-Binet of W.I.S.C. Die onderste groep van die stadige leerderkategorie (75 - 90) kan ook met die E.S.N. gegroepeer word. Hierdie leerlinge is nie in staat om volle voordeel uit die gewone akademiese onderrig op skool te haal nie. Hulle het spesiale aandag nodig.

'n Definisie en klassifikasie volgens terapeutiese moontlikhede word deur Gillis (1977) gelewer. As 'n kind se gedrag en optrede verbeter kan word en as sy intelligensie op so 'n vlak is dat hy "opvoedbaar" is, kan hy na 'n Spesiale Klas gaan. Die snypunt in Suid-Afrika is 'n I.K. van 50. Opleibare kinders met 'n syfer laer as hierdie word opgeneem in inrigtings vir die erg verstandelikgestremdes of dagsentra onder beheer van die Departement Gesondheid en Departement van Hoër Opvoeding. (Spesiale Klasse aan Departementele skole en Spesiale Skole ressorteer onder die Departement van Onderwys van die betrokke provinsie). Is die basiese intellektuele toerusting baie min, sal opleiding nie 'n noemenswaardige verbetering teweegbring nie en sal die kind in die

inrigting bly.

Om die Spesiale Klas-leerling in perspektief te plaas, is dit nodig om eers na die groepering van die skrywer te kyk.

1. Die erg-gestremde (profoundly retarded) individu het minder intelligensie as die gemiddelde 3-jaar oud kind, dit wil sê 'n I.K. van 24 of minder. Hy het nie genoeg insig om uit gevaar te bly nie en kan nie onderskei tussen voedsel en oneetbare voorwerpe nie. Toiletbeheer ontbreek. Hy kan 'n paar woorde gebruik en kan elementêre uitdrukkings van affeksie toon sowel as uitbarstings van woede of opgewondenheid. Hy benodig fisiese versorging vir die res van sy lewe.

2. Die middelmatig gestremde (moderately retarded) individu kan vergelyk word met die gemiddelde 6- en 7-jarige leerling. Sy I.K. is 25 - 49 en hy het genoeg insig om voor-die-handliggende gevaar te kan onderskei, eenvoudige sinne te praat, sy naam te skryf en selfs te lees. Hy kan persoonlike higiëne aanleer en kan eenvoudige takies onder toesig uitvoer. Hy sal ook lewenslange versorging vereis, hoewel hy tog sekere dinge vir homself sal kan doen.

3. Die minder gestremde of hooggradige (mildly retarded) het die verstandelike vermoë van 'n 8- 11-jaar oud kind. Die I.K. is 50 - 79 en hy kan selfs so ver as St. 5 in 'n Spesiale Klas vorder. (In Kaapland

word daar nie na standerds by Spesiale Onderwys verwys nie, maar wel na vlakke soos later in die hoofstuk verduidelik sal word. In die Spesiale Klas is daar 'n indeling van Vlak 1 tot Vlak 5 of Jaarvlak 2. By spesiale skole strek die driejarige kursus oor Jaarvlakke 3, 4 en 5). Hierdie leerlinge kan besondere bekwaamhede toon. Hulle veld van feitelike kennis sal beperk bly, maar hul vermoë om alledaagse omstandighede en situasies op te som, is heeltemal voldoende vir 'n goeie lewensbestaan. Hulle kan opgelei word om ongeskoolde of halfgeskoolde werk te doen en so finansieel onafhanklik te wees. (Ook geskoolde arbeid na voltooiing van 'n verskeidenheid vakleerlingskappe asook betrekkings in die handelswêreld). Sy voorkoms is dikwels van so 'n aard dat die gestremdheid nie waarneembaar is nie en word daar soms eise gestel waaraan hy nie kan voldoen nie. Gebeur dit, word reaksies van angs of aggressiwiteit getoon. Is hulle gefrustreerd, word hulle soms maklik verleibaar en kom in botsing met owerhede of maak hulle skuldig aan anti-sosiale gedrag.

Die skrywer verwys ook na "pseudo-gestremdheid" wat by hierdie indeling uitgesluit moet word. Die simptome van hierdie verskynsel stem tot so 'n mate met verstandelike gestremdheid ooreen dat dit soms moeilik in die skool is om te onderskei. Hoewel die simptome ooreenstem met die kliniese manifestasies van gestremdheid, is daar in werklikheid normale intelligensie. Die persoon het nie

ontwikkel nie weens 'n verskeidenheid redes soos sensoriese gebreke, disleksie, motoriese probleme, sosiale en kulturele deprivasie en psigiatriese siektes. Slegs 'n deeglike ondersoek kan die betrokke rede vir die onvermoë om te vorder, verklaar.

Die volgende definisie word deur die Departement Psigiatrie van die Universiteit van Kaapstad gegee: "Mental retardation refers to subnormal general intellectual functioning which originates during the developmental period and is associated with impairment of either learning and social adjustment or maturation or both. The diagnostic classification of mental retardation relates to I.Q. as follows :

| | |
|---|---|
| Borderline | 68 - 85 |
| Mild | 52 - 67 |
| Moderate | 36 - 51 |
| Severe | 20 - 35 |
| Profound | Under 20 (Afgerolde stuk) |

Daar word op gewys dat I.K. nie die enigste kriterium vir 'n diagnose is nie. Die persoon se ontwikkelingsgeskiedenis, huidige funksionering op akademiese of beroepsterrein, motoriese vaardighede asook sosiale en emosionele ryping moet in ag geneem word.

'n Betreklik omvattende omskrywing word deur Doll gegee. (Grobler, 1966). Die skrywer wys op die ses kriteria.

1) Sosiale ombevoegdheid wat veroorsaak word deur 'n
2) ondernormale verstand wat ontstaan as gevolg van 'n
3) vertraging in ontwikkeling wat 4) voortduur tot volwassendheid. 5) Dit het 'n konstitutionele oorsprong,

dit wil sê die toestand kon oorerflik gewees het of deur 'n trauma of siekte veroorsaak wees. 6) Dit is ongeneesbaar en onderveranderbaar. Gewoontevorming en onderrig op verskeie vlakke is egter moontlik afhangende van die graad van gestremdheid.

Die groep tussen I.K. 50 en 80 is die opvoedbares in die skoolsituasie. Skoolopvoeding is dan hier gerig op 'n verbetering van die leerling se aanpassing op sosiale en beroepsvlak. Die skrywer wys ook daarop dat die syfer, 50, nie rigied toegepas kan word nie.

Weens die feit dat druiping in die laerskool een van die belangrikste kriteria vir oorplasing na die Spesiale Klas is, kan gesê word dat die leerlinge een of meer van die volgende leergestremdhede het en as gevolg daarvan in die klasse is. (Hamilton, 1971).

1. 'n Intellektuele beperking soos deur 'n gestandardiseerde Suid-Afrikaanse Intelligensietoets vasgestel.
2. 'n Sensoriese gestremdheid.
3. Kulturele deprivasie.
4. 'n Emosionele ontsporing.
5. 'n Taalontsporing.
6. Opvoedkundige verwaarlosing.
7. 'n Fisiese belemmering.
8. 'n Neurologiese belemmering wat die volgende kan insluit:
   (a) Sub-kliniese epilepsie.
   (b) Minder opvallende spastisiteit.
   (c) Disfasie.

9. Psigo-neurologiese disfunksie.

Die skrywer wys daarop dat punte 2 - 9 dit veroorsaak dat 'n leerling 'n lae telling op 'n intelligensietoets kan behaal terwyl hy normaal begaafd is.

Met hierdie indeling gee Hamilton (op. cit.) 'n uitstekende kyk op die heterogeniteit van die Spesiale Klas - 'n feit wat dikwels probleme vir die leerkrag skep, veral vir die onopgeleide. In hierdie heterogeniteit is ook die noodsaaklikheid vir indiwidualiteit.

Daar kan verskeie benaderings tot 'n definisie van verstandelike gestremdheid wees en Harada (1973) wys daarop dat in 'n bespreking van die implikasies moet die verskillende gesigspunte betrek word, te wete die breinbeseerde, die sosiaal-gedepriveerde en genetiese buitengewone kind.

Die diversiteit van oorsaak word reeds tot 'n mate vervat in die definisie van E.S.N. (Educationally Sub-Normal) uit die School Health Service Regulations 1945, soos aangehaal deur Tansley en Gulliford (1960). "Pupils who, by reason of limited ability or other conditions resulting in educational retardation, requiring some specialized form of education, wholly or partly in substitution for the education normally given in ordinary schools."

Die term "educationally subnormal" word ook deur Williams (1970) beskryf as leerlinge wat nie gewenste vordering maak nie. Die term word toegepas op leerlinge van wie die I.K.'s op tussen 50 - 55 tot 70 - 75 gestel is soos deur 'n individuele verstandstoets gemeet.

Die benaming "slow learning child" (stadige leerder) word deur Logue (1972) verkies. Dit is die leerling tussen I.K. 50 - 85. Hierdie groep val, volgens die skrywer "neatly into the special class system. It should be added that a certain measure of discretion is allowed the psychologist who does the testing but despite this, he is bound hand and foot to a method of classification which owes its existence to the omnipotent intelligence test."

Die skrywer gebruik die term stadige leerder om twee redes: "Firstly it is a newer term and may be regarded as a more aesthetic one, describing as it does an educational fact rather than a personal deficiency. Secondly it is extremely vague. Not only does it allow the inclusion of a whole variety of factors which may be responsible for the educational breakdown but it carries also the promise that the condition is not necessarily irreversible. It rejects the idea that a slow learning child is simply a statistic at the lower end of a normal distribution curve of intelligence quotients, because it is due to this idea alone that there is such confusion and hopelessness in the whole structure of special education. This system regards special class pupils as a relatively homogeneous group, differing from their fellows in the normal class in degree only, this degree being dictated by disparity in intelligence quotients."

Daar kan nie met Logue saamgestem word oor hierdie

voorstelling van die Spesiale Klas nie. Die Kaaplandse Onderwysdepartement is wel deeglik bewus van die heterogeniteit van die Spesiale Klas en tydens kursusse word hierdie feit deurgaans beklemtoon. Skoolsielkundiges is bedag op individuele verskille vóór klassifisering en kan ook bykomend vryelik van Departementele klinieke gebruik maak vir 'n differensiële diagnose of enige ander ondersoeke waartoe die ouer instem. Ook nà plasing in die Spesiale Klas is die individuele benadering die oorheersende uitgangspunt. Binne die bestaande fasiliteite word daar wel deeglik aandag geskenk aan die verskille tussen leerlinge. Die wetgewing maak ook voorsiening vir deklassifisering van leerlinge, indien die peil van vordering dit regverdig.

Die heterogeniteit van die verstandelik-gestremde word deur du Preez (1977) beklemtoon en funksioneel kan die volgende subgroepe onderskei word :

1. Die opvoedbare verstandelik-gestremde (I.K. 55 - 85).

   Hierdie leerlinge se intellektuele vermoëns is van so 'n aard dat hulle nie die werk en tempo van die gewone klasse kan hanteer nie en beter in die Spesiale Klas sal vorder.

2. Die opleibare verstandelik-gestremde (I.K. 30 - 55).

   Uitsluitingsgevalle sover dit skoolplig betref, maar tog opleibaar ten opsigte van basiese vaardighede en sosiale aanpassing.

3. Die nie-opleibare verstandelik-gestremde (I.K. minder as 30).

   Hierdie groep word gewoonlik in inrigtings versorg en is volkome afhanklik.

Du Preez (op. cit.) onderskei tussen die volgende subgroepe op grond van etiologie :

1. Intellektuele gestremdheid weens oorerflike faktore. Hierdie groep het 'n algemene probleem ten opsigte van leerpotensiaal en sosiale aanpassing.

2. Gestremdheid weens organise faktore. Die skrywer sien 'n fragmentariese leerverloop by hierdie groep. Onderwysers vind hul prestasie wisselvallig.

3. Sosiale deprivasie of, soos die skrywer dit stel - milieudeprivasie. 'n Gebrek aan stimulerende ondervindings in die kritieke vroeë ontwikkelingsstadium, veral gebrekkige taalontwikkeling, kan daartoe lei dat die intellektuele ontwikkeling gestrem word.

Die ideale situasie by die besluitneming tot oorplasing word deur Steenkamp, du Preez en Hamilton (1969) beskryf. Die ondersoek van 'n leerling met die oog op Spesiale Klas-plasing al dan nie, vereis 'n multi-dissiplinêre benadering: Die psigo-diagnose moet aandag skenk aan opvoedkundige, mediese en sosiale kriteria.

Daar word vervolgens breedvoerig stilgestaan by die uiteensetting deur Steenkamp, du Preez en Hamilton (op. cit.), aangesien dit die situasie uitstekend beskryf en die onderskeie fasette van 'n ondersoek baie deeglik belig.

'n Mediese ondersoek sal in die eerste plaas let op die algemene gesondheids- en liggaamstoestand aangesien dit 'n noue verband toon met intellektuele werksaamheid. Voeding, vermoeidheid, vitaliteit en fiksheid hou verband met verstandelike prestasies. Ten tweede is die mediese ondersoek nodig om die vlak van sensoriese funksionering te bepaal. Intellektuele groei, leer en taalvorming geskied in 'n groot mate deur die gehoor, terwyl lees en skryf van die gesigsvermoë afhanklik is. Ten derde moet daar ook gekyk word na die neurologiese funksionering. Dit kan lig werp op die benaderingswyse teenoor die leerling en in watter mate 'n disfunksie vir taal-, motoriek- of perseptuele probleme verantwoordelik is. 'n Mediese ondersoek kan ook 'n aanduiding gee in hoeverre die leerling se probleme permanent of tydelik van aard is.

Die psigo-diagnose moet die leerling se sosiaal-ekonomiese-kulturele milieu en gesinsverhoudinge in ag neem. 'n Kind uit 'n swak sosio-ekonomiese agtergrond is dikwels minder toetsgesofistikeerd en kan 'n verkeerde toetsresultaat tot gevolg hê. Die skrywers wys op die nodigheid om soms die menings van 'n derde persoon te verkry oor gesinsverhoudinge, aangesien ouers geneig is om 'n rooskleurige beeld te gee.

Van die skool moet 'n verslag verkry word ten opsigte van die leerling se opvoedings- en skoolsituasie en sy posisie met betrekking tot emosionele, sosiale, skolastiese en gesagsprobleme. Dit is in die skoolverband dat die leerling se probleme te voorskyn gekom en tot die ondersoek aanleiding gegee het. Maar ook is dit in die skool waar

die kind weer gesteun en gelei moet word om tot volle ontplooiing te kom om by die samelewing en beroepswêreld te kan inskakel. Die skrywers stel dit as volg: Die psigodiagnose sou in die eerste instansie 'n totaalbeeld van die kind wil verkry en hiervoor is anamnese die sentrale punt. Die primêre huislike situasie moet deurskou word om 'n insig te kry in sy biofisiese aspekte soos ontwikkeling, ongesteldhede, liggaamlike selfstandigheid, sy veiligheidsbelewing, sosiale en emosionele ontwikkeling en sy taalontwikkeling. Die stelling word gemaak dat taal as enkelfaktor 'n amper belangriker kriterium vir verstandelike gestremdheid as algemene intelligensiepeil is.

Die psigodiagnostiese ondersoek moet aandag skenk aan die kronologiese ouderdom van die leerling in verhouding tot die mediaan-ouderdom van die standerd. Die skrywers wys op die vasstelling van 'n onderwyskwosiënt, naamlik mediaanouderdom oor kronologiese ouderdom X 100. 'n Snypunt van 85 skyn aangewese te wees.

As deel van die ondersoek moet gestandardiseerde skolastiese toetse toegepas word, asook diagnostiese toetse. Hieruit kan 'n beeld verkry word om aan te dui of dit 'n leerling vir Spesiale Klas-plasing is.

Die ondersoek sluit ook die intelligensie-ondersoek in - die intelligensiepeil, asook die kwalitatiewe struktuur van die intelligensie, word in ag geneem. Die skrywers maak die stelling dat alhoewel groeptoetse 'n belangrike funksie vervul in klassifikasiedoeleindes en soveel meer

ekonomies is om toe te pas, sou dit wenslik wees dat leerlinge alleen op grond van individuele toetsresultate gesertifiseer word. (Die term sertifiseer het in onbruik geraak - die huidige term is klassifiseer). Tans is die posisie dat leerlinge in Kaapland tog wel op grond van 'n N.S.A.G.-telling geklassifiseer kan word, behalwe in gevalle waar die groeptoets-telling 75- op een van die tellings is, N.V., V of T. In sodanige gevalle moet 'n individuele toets afgeneem word. 'n N.S.A.G.-telling word ook nie aanvaar vir oorplasing ten opsigte van leerlinge wat nog nie in St. 3 is nie.

Die skrywers sluit die psigodiagnose af met 'n reeks toetse wat daarop gemik is om aan die leerkrag leiding te gee ten opsigte van terapie met die kind wat by sy klas gaan aansluit. Die ondersoek moet perseptuele toetse insluit om die stand van visueel-motoriese koördinasie, visuele en ouditiewe geheue en diskriminasie asook ruimtelike verhoudings te bepaal. Die skrywers noem die volgende toetse vir hierdie doel: Bender-Gestalt, Frostig, Ayres Space, Harris test of Laterality, Benton Visual Retention, Wepman Auditory Discrimination, Peabody Picture Vocabulary, Oseretzky. Hierdie uitslae sal kan rigting gee aan die hulpverlening wat die leerkrag kan bied. Die Spesiale Klas-leerling se sosiale en emosionele aanpassing is van net soveel belang as sy versameling van kennis. Die psigodiagnose moet dus sy sosiale rypingspeil in ag neem en doen die skrywers die Vineland Social Maturity Scale aan die hand. Resultate kan as sosiale kwosiënt of sosiale ouderdom uitgedruk word. Wil die

ondersoeker emosionele toerusting of ontsporinge bepaal, is dit moeilik om by die verstandelik-gestremde van persoonlikheidsvraelyste gebruik te maak. Projeksietoetse soos Wartegg skyn hier aangewese te wees.

Die taak van die skoolsielkundige word deur die skrywers as volg gestel: "Dit is verder ook die taak van die psigo-diagnostikus om sowel die kind as die ouer voor te berei vir en in te lig aangaande die Spesiale Klas. Waar beide ouer en kind goed gemotiveer is, is die aanvangstaak van die terapeut of onderwyseres reeds half gewonne. Sou inteendeel die ouer of kind met bedenkinge die situasie betree, kan dit lei tot 'n versethouding wat die ortodidaktiek kan teëwerk."

## 4.2 Kenmerke van die leerling.

'n Besonder insiggewende beskrywing van die verstandelik-gestremde, of te wel leergestremde, word deur Hamilton (1971) gegee. Die leerling se hele lewenssituasie verskil van die leerling wat nie hierdie probleem het nie, omdat dit sy hele verhouding met die wêreld aantas. Sy andersheid kan reeds op voorskoolse stadium sig manifesteer sodat daar dan reeds 'n afstand tussen hom en sy medemens ontstaan. Hierdie onderskeid word meer prominent na skooltoetrede en 'n onvermoë om aan die eise van die leersituasie te voldoen. Dit lei tot 'n negatiewe lewensuitkyk wat óf 'n passiewe gedragswyse óf anti-sosiale gedrag in die hand werk. Ook sy liggaamsbeeld is aangetas.

Die skrywer stel dit dat hy sy liggaam as 'n gestremde liggaam beleef, ook homself as"'n gestremde "Ek", aangesien die "Ek" onlosmaakbaar verbonde is aan die liggaam"tussen persoon en wêreld. Aangesien hy probleme met leerstof het, word sy leerintensie beïnvloed met 'n verwronge skoolgesindheid. Die leerling ervaar 'n aangetaste gevoelsverhouding jeens homself, sy medemens en die wêreld. Die skrywer wys op die noodsaaklikheid vir begrip van hierdie verhouding by enige persoon wat met die opvoeding van hierdie leerlinge betrokke is.

Die gekompliseerdheid van die simptome van die verstandelik-gestremde word ook deur die Kaaplandse Onderwysdepartement gestel in 'n bulletin oor die uitkenning van leerlinge met leergestremheid. Om die verstandelik-gestremde kind te verstaan, moet daar op die volgende aspekte gelet word :

1. In die skoolsituasie sal die leerling moeilik op grond van liggaamlike voorkoms onderskei word. Dit wil egter voorkom of vertraagde fisiese ontwikkeling soms saamhang met intellektuele beperking. By die erggestremde is dit duideliker waarneembaar.

2. Die vernaamste kenmerk van die leerlinge is hul onvermoë om die leerstof te begryp, te verwerk en toe te pas. Hulle ervaar veral probleme met abstrakte begrippe en vind die tempo van die gewone klas te veel.

3. Om 'n beter begrip van die leerling te kry, is dit

nodig om daarop te let of die leerling se gestremdheid verworwe (besering voor, tydens of na geboorte) of aangebore is. Is dit aangebore is die moontlikheid groter dat die ondergemiddelde funksionering wyer sal wees as net die skolastiese, en kan daar ook probleme wees in die algemene en sosiale omgang. Hierdie situasie geld veral indien van die ouers of ander lede van die gesin gestremd is.

4. Die verstandelik-gestremde het dieselfde basiese behoeftes as die nie-gestremde. Hulle is soms meer onderhewig aan emosionele frustrasies vanweë die aard van hul probleem en so word die indruk dan geskep dat emosionele ontwrigting noodwendig met intellektuele beperking saamgaan. Die bulletin noem die volgende kenmerke wat soms by hierdie leerlinge aangetref word: "Onbuigsame gedragspatrone, emosionele onvolwassendheid, oorafhanklikheid, passiwiteit, 'n gevoel van onveiligheid en lewensonsekerheid- gevoel van minderwaardigheid, onderworpenheid, infantiliteit, gebrek aan pligsbesef, 'n tekort aan gesagbelewing, afgestompte gewetenskerpte, groter suggestievatbaarheid."

5. Sosiale aanpassing skep soms probleme, aangesien die leerlinge hulle moeilik by veranderde omstandighede kan aanpas. Talle mislukkings gee daartoe aanleiding dat kenmerke soos aggressiwiteit, stokkiesdraai, leuens, liggeraaktheid en vernielsug soms waargeneem

> word. Hulle probeer ook om situasies te vermy wat die moontlikheid van mislukking inhou. Wanneer die verstandelik-gestremde ook met 'n bykomende faktor van milieu-deprivasie te kampe het, lei die gebrek aan positiewe tuisopvoeding daartoe dat die funksioneringspeil nog laer is en dat die leergerigtheid van die leerling beperk is. (Departement van Onderwys. Bulletin No. 1 1971).

Sommige van die leerlinge is liggaamlik kleiner en stadiger as die normale leerlinge, maar ander is groot en sterk. (Davin, 1966). Hulle fisiese drange en behoeftes is net so sterk ontwikkel as dié van die normale kinders. Gepaardgaande met die fisiese ontwikkeling is ook die ontwikkeling van die emosionele lewe. Sy natuurlike drange wil tot uiting kom, maar sy beperkte verstandelike vermoë lei tot die kenmerkende emosionele uitbarstings. Die skrywer wys ook op die anti-sosiale gedrag wat dikwels by hierdie kinders aangetref word wanneer hy voortdurend in die gewone klasse gekonfronteer word met werk wat hy nie kan behartig nie. Die eiesoortigheid van die leerlinge word beklemtoon. Daar is dikwels die wanopvatting dat 'n 15-jarige leerling met 'n V.O. van 10 soos 'n normale 10-jarige sal optree. Dit is nie korrek nie, aangesien die leerling tog fisies en emosioneel verder ontwikkel is. "Hulle uitkyk en reaksies is eie aan hulself en daarom moet hulle 'n eiesoortige leerplan kry." Die leerplan moet op lewensgetroue situasies berus en onderrig moet indiwidueel wees. (Davin, op. cit.).

Grobler (1966) gee die volgende siening van die leerling: "In die klaskamer is die belangstelling van die swaknormale nie so wyd soos die van die normale kind nie. Hulle vlak van begrip is baie laer, hulle is minder krities, minder abstrak, het 'n swak oordeel en inisiatief. Hulle kan nie hulle aktiwiteite rig nie en ook nie so maklik hulle eie foute opspoor en herstel nie. Hulle vereis dus meer voorligting en hulp om hulle eie foute te begryp."

Voordat onderrig van die stadige leerder kan begin, is dit nodig om 'n helder beeld van die kenmerke van die leerling te verkry. In 'n artikel deur Jungbluth, soos opgeneem deur Logue (1972), wys die skrywer daarop dat dit bykans sonder uitsondering 'n leerling met 'n geskiedenis van druiping en frustrasie is. Dit is die leerling wat 'n uitdaging bied om gehelp te word. Die skrywer noem die volgende kenmerke van die leerling :

1. Hy neig om stadig te leer en doen beter wanneer hy sterk gemotiveer is en die leerstof herhalend aangebied word.

2. Hy begryp abstrakte begrippe moeilik.

3. Hy beskik oor 'n betreklike swak redeneervermoë.
4. Sy vermoë om te veralgemeen, is swakker as die gemiddelde.
5. Hy hanteer vreemde, ingewikkelde situasies moeilik.
6. Hy ervaar gevoelens van minderwaardigheid.
7. Sy geheue is kort.
8. Sy assosiasievermoë is swakker ontwikkel as die van die gemiddelde kind.

9. Hy het dikwels 'n lae I.K.
10. Hy verkeer dikwels onder 'n sosiale stigma.

'n Interessante beskouing van die opvoedbare verstandelikgestremde word deur Dalton en Epstein (1963) gegee. Dit is moeilik om hierdie kind op 'n baie vroeë stadium te diagnoseer. Gewoonlik is sy fisiese groei en ontwikkeling binne die normale perke gedurende die eerste twee jaar. Vertraagde spraak is dikwels die eerste simptoom. Dit wek egter geen kommer tot na ouderdom drie nie. Selfs dan word die spraakprobleem nie in verband met intelligensie gebring nie. Dit is moeilik vir ouers om die spraakvertraging as 'n aspek van die algemene stadige vordering te sien en blameer die spraak vir die kind se probleme. Die woord "stadig", met 'n konnotasie van 'n tydelike toestand, word dikwels gebruik om die kind te beskryf. Ouers glo dat die kind die agterstand sal inhaal. Wanneer die kind wel begin praat, is die ouers gerusgestel om weer later teleurgesteld te raak wanneer die kind stadig is in die volgende ontwikkelingsfase. Die skrywers wys daarop dat gedurende die voorskoolse stadium dit vir ouers en professionele werkers soms moeilik is om 'n afwyking te bespeur. Die kind se geheue is klaarblyklik goed en sy stadige begrip word gewyt aan 'n doelbewuste optrede van sy kant. Sy motiewe word in twyfel getrek. Ouers vind dit moeilik om graadverskille te waardeer en onderskei slegs tussen normaliteit of gestremdheid. Aangesien die kind kan onthou, kan naboots, soms koppig en dan weer liefdesvol is, gee hy die indruk van normaliteit. Hulle wyt sy stadige aanleer van nuwe

vaardighede of begrippe aan gebrek aan belangstelling. Dit is wanneer die kind die skoolfase betree dat die ouer voor die voldonge feit te staan kom. Ook dan word die hoop uitgespreek dat dit 'n tydelike verskynsel is hoewel die vermoede van 'n meer permanente toestand reeds by die meeste ouers aanwesig kan wees.

Die basiese kenmerk van die opvoedbare gestremde is die feit dat hy stadig leer. Die skrywers stel dit dat hy nie alleen meer tyd nodig het nie, maar ook meer herhalings. Hy kan die konkrete beter begryp as die abstrakte. Hy kan 'n demonstrasie beter volg as 'n verduideliking. Hy praat baie selde oor sy gevoelens of abstrakte begrippe, maar beperk hom tot sy onmidellike omgewing en beantwoord slegs direkte vrae. Hy sal selde vrae vra om nuwe kennis op te doen. Ouers se optrede in hierdie verband is dikwels teenstrydig: terwyl hulle enersyds die gestremdheid ontken en die skuld vir stadige vordering op die skool plaas, sal hulle tog nie verduidelikings aan hom gee nie, "want hy sal tog nie verstaan nie." Die vae en ontwykende antwoorde wat ouers dikwels gee, vererger net die gebrek aan kommunikasie. Die kind begin gou sy gebrek aan kennis besef en is bang om dit openbaar te maak en sy onkunde in sekere situasies te erken, aangesien dit sy ouers ontstel of ander vir hom laat lag. Anders as die begaafde kind wat sy onkunde oor 'n aangeleentheid sal erken en om 'n verduideliking vra, sal die gestremde die situasie probeer ontduik en nie om 'n antwoord vra nie.

Die skrywers wys voorts daarop dat die leerling gou

stereotiep raak in sy handelinge en die gevestigde veilige roetine waaraan hy gewoond is, bo verandering verkies. Passiwiteit is 'n vry algemene kenmerk. Daar is 'n noue verwantskap tussen die kind se optrede en sy ouers se hantering en siening van sy probleem. Die kind identifiseer hom met sy ouers en as laasgenoemde depressief en neerslagtig is oor sy onvermoë om te leer, sal die kind ook passief en letargies wees. Is die ouer egter optimisties en realisties in sy uitkyk, sal die kind ook meer belangstel. (Dalton en Epstein, op.cit.).

Die feit dat die verstandelike ontwikkeling stadiger is en dus 'n langer kursus vereis, word deur Bezuidenhoud (1966) gestel. Die skrywer wys ook daarop dat die gestremde gelei kan word om op gelyke vlak met die leerling in die gewone klasse te verkeer ten opsigte van sedelike ontwikkeling, asook handvaardigheid en in baie gevalle ook liggaamlike ontwikkeling. Die retensievermoë is egter swak en daarom is herhaling belangrik. Baie van die leerlinge is sosiaal gedepriveerd en is hul ervaring op kulturele en sosiale gebied dikwels beperk. Hierdie faktore dra daartoe by dat daar dikwels 'n gebrekkige selfbeeld aanwesig is. Spesiale Onderwys moet noodwendig, veral in die na-primêre stadium, beroepsgerig wees.

In sy beskrywing van die opvoedbare verstandelike gestremde kind stel Kirk (1962) drie vereistes vir potensiële ontwikkeling: "(1) minimum educability in reading, writing, spelling, arithmetic and so forth; (2) capacity for social adjustment to a point where he can get along independently in the community, and (3) minimum occupational adequacy such that he can later support himself partially

or totally at a marginal level. The term educability then refers to minimum educability in the academic, social and occupational areas." Aansluitend hierby wys die skrywer ook daarop dat die opvoedbare verstandelike gestremde gewoonlik nie op voorskoolse vlak herken word nie. Hoewel daar 'n geringe vertraging is in die aanvang van praat, taal en soms loop is dit nie tot die mate dat dit kommer op daardie stadium veroorsaak nie. Dit is eers in die skoolsituasie dat die gestremdheid sigbaar word.

Die onvermoë in die skoolsituasie word deur verskeie skrywers beklemtoon. So stel Williams (1970) dit: die basiese probleem van die stadige leerder is om te leer hoe om te leer. In vergelyking met ander leerlinge skyn hy minder in staat te wees om sy persepsies te orden en om verwante verhoudings in die leersituasie te sien veral waar abstrakte begrippe en konsepte betrokke is.

Die term stadige leerder en "dull normal" word deur Ingram (1953) gebruik om leerlinge met 'n I.K. van 80 te beskryf. (Daar is reeds op gewys dat die term domnormaal in Kaapland volkome in onbruik geraak het en vervang is met die benaming stadige leerder. Met stadige leerder word dan in Kaapland gewoonlik verwys na die leerling wat in aanmerking kom vir toelating tot die Praktiese Kursus op sekondêre vlak - dit wil sê 'n groep wat akademies verder gevorder het as die Spesiale Klas-leerling.) In die skoolsituasie wys die skrywer op die konkrete vlak van denke en stadiger taalontwikkeling. Die leerling vorm minder assosiasies en vorm hulle stadiger. Die betekenis van woorde en woordeskat-

ontwikkeling kom stadiger en ook deur werklike ondervinding. Sy gewoontegeheue is beter as sy assosiatiewe en logiese geheue. Hy vind dit moeilik om ooreenkomste en verskille te definieer. Sy vermoë om dit te doen, berus op herhaalde aanwysings om waar te neem en vergelykings te tref. Sy vermoë om oordele te vorm, feite saam te vat en abstrakte begrippe te verstaan, is beperk. Hy word gelei om tot gevolgtrekkings te kom deur hom te wys op spesifieke gebeurtenisse of verskynsels. Hy is beperk in sy vermoë tot onafhanklike denke, inisiatief en ondernemingsgees en vereis meer leiding en geskepte geleenthede as die normale kind. Hy is minder geneig om sy eie foute raak te sien en te korrigeer en het meer leiding nodig om uit eie ondervinding te leer. (Ingram, op. cit.).

Die uitwerking van langdurige frustrasies word deur verskeie skrywers behandel. Thurston (1964) stel dit dat vanweë sy onvermoë om te kompeteer, is die stadige leerder aan 'n voortdurende reeks mislukkings en frustrasies onderworpe. Sy probleme, veral met Lees en Rekenkunde, word vererger namate hy van een standerd na 'n volgende oorgeplaas word. Elke dag word hy bewus gemaak van sy onvermoë en dit lei tot ongewenste reaksiewyses. Soms kom gevalle van onttrekking voor en by andere manifesteer die frustrasies in gedragsprobleme. Pringle (1965) wys daarop dat baie gestremde kinders bewus is van 'n gevoel van onbekwaamheid en minderwaardigheid (deels aan ouerlike houdings toe te skryf). Daarom is dit noodsaaklik dat hulle 'n geleentheid moet kry om 'n mate van akademiese sukses te behaal en die genot van prestasie te ervaar.

Die emosionele en intellektuele waarde van liefde en aanmoediging van die gestremde in sy leerproses is deur navorsing en ondervinding bewys. Daar is 'n verwantskap tussen liefde - deur te gee sowel as te ontvang - en opvoedkundige sukses. Die skrywer gaan voort deur dit te stel dat opvoeding in sigself 'n vorm van terapie en rehabilitasie is - intellektueel sowel as emosioneel.

Die posisie van die Spesiale Klas-leerling word ook deur Smith (1954) beskryf. Hierdie leerlinge het ten tyde van oorplasing reeds 'n moeilike tyd agter die rug. Straf en beledigings het hulle reeds van hul ouers gekry, alhoewel dit heftig ontken sal word. Hulle is van een skool na 'n ander gestuur en daar is met hulle geduld verloor. Al sou die kinders nie altyd die venyn in die woorde gesnap het nie, het die stemintonasie van ouers, onderwysers en andere dit tog aangedui. Dit is merkwaardig hoe baie mense ongevoeligheid by die gestremde leerling as vanselfsprekend aanvaar. Die leerling word vryelik in sy teenwoordigheid bespreek asof hy nie daar is nie. Die skryfster stel dit dat wanneer 'n leerling by haar Spesiale Klas aansluit, sy alreeds die volgende van hom weet: "He has been the despair of his mother, he has been the shame of his father, he has attended too many schools, he has been shunted from class to class, he has been thumbed down by too many teachers."

Die gestremde leerling word gepla deur vrae waarom hy anders is as die ander kinders. Hy kan die werk nie doen nie en moet spot, beledigings en straf verduur. Anders as die

erggestremde is die hooggradige gestremde nie gevrywaar van die oordele van die gemeenskap nie. (Dalton en Epstein 1963).

Groot klem word op intelligensie gelê met die gevolg dat die gestremde persoon onseker van homself en bedreigd voel wanneer hy nie aan die standaarde van die gemeenskap kan voldoen nie. (Wardell, 1952). Die skrywer wys daarop dat ekonomiese bedreiging of liggaamlike gestremdhede blykbaar nie dieselfde neerdrukkende effek het as verstandelike gestremdheid nie. Die gestremdheid het ook nie dieselfde uitwerking op alle families nie. Sommige kan dit aanvaar op emosionele sowel as intellektuele gebied en 'n sinvolle verwerking van die situasie maak. Ander families ondervind spanninge en kan nie die toestand aanvaar nie en voel dat andere dit ook nie kan doen nie. Of die interpretasie van die gemeenskap se reaksie korrek is of nie, die feit bly dat die familie so voel.

In sy verhouding tot homself kan die gestremde maklik geneig wees tot selfverwerping. Dit is menslik om verbitterd te wees vanweë die gestremdheid. Van Rensburg (1976) wys daarop dat hy wil neig tot verwerping terwyl dit eintlik vir elke mens noodsaaklik is om homself te aanvaar soos hy is en met hierdie selfaanvaarding as basis te strewe na selfverbetering. Die gestremde wat nie tot selfaanvaarding in staat is nie, stel hom bloot aan verbittering en frustrasie in sy verhouding tot homself.

Dit is dus die eerste en grootste taak van die Spesiale Klas om die geknakte selfbeeld van die leerling weer te

herstel en die leerling tot 'n positiewe lewenssiening te lei.

Indien die aantal gevalle waar hierdie groei plaasgevind het en waarvan persoonlik kennis gedra word, as maatstaf kan dien, kan daar met reg beweer word dat Spesiale Onderwys uitmuntend in hierdie doel slaag. Die oorwegend gunstige reaksies van ouers, soos in Hoofstuk 7 beskrywe, bevestig hierdie waarneming.

4.3 Vooroordeel teen Spesiale Klasse.

'n Probleem wat dikwels teengekom word, is die vooroordeel wat by ouers en ander lede van die gemeenskap teen die Spesiale Klas bestaan. Danksy die sukses van die onderwys is daarin geslaag om dit tot 'n aansienlike mate teen te werk, maar dit bly nog 'n groot taak van opvoedkundiges om die ouers sodanig in te lig dat hierdie vooroordeel uit die weg geruim kan word. (Prins, 1972).

Die ouer se invloed en houding is belangrik. Smith (1954) stel dit dat die skryfster nog nie 'n Spesiale Klas-leerling teengekom het wat nie kan leer nie, maar baie wat nie gemotiveerd is om te leer nie. Die skryfster haal gevalle aan van leerlinge wie se ouers die Spesiale Klas as 'n skande en 'n vermorsing van tyd beskou het. Die leerlinge het hierdie houding gekopieer en hul eie loopbane verwoes.

'n Verklaring vir die teenkanting van ouers word deur Wallin (1955) gegee. Die skrywer verwys na die vooroordeel wat daar by die publiek in die algemeen en die ouer in die besonder, aanwesig is en skryf dit aan die volgende faktore toe:

(1) In die oorreding tot oorplasing word soms hoop by ouers gevestig wat nie altyd verwesenlik kan word nie, byvoorbeeld spoedige terugplasing na die gewone klas.

(2) Ouers voel soms dat daar nie genoeg aandag aan basiese vaardighede geskenk word nie. Die werk wat in Spesiale Klasse gedoen word, is dikwels die skyf van kritiek deur ouers.

(3) 'n Gebrek aan 'n poging om ouers 'n goeie insig in die doel en werking van die klasse te gee. 'n Deeglike bespreking van metodes wat gevolg word, die verwydering van wanopvattings en 'n verduideliking van die leerling se behoefte aan 'n aangepaste onderrigprogram, is nodig.

(4) Die onbedagsame name wat soms deur die res van die gemeenskap aan die klasse gegee word.

(5) Om oorplasing na die Spesiale Klas as 'n strafmaatreël te beskou in plaas van 'n lofwaardige poging van die staat om Spesiale Onderwys teen verhoogde koste aan te bied.

(6) Propaganda wat versprei word deur sekere opvoedkundiges, ouers of andere wat nie met Spesiale Klasse saamstem op teoretiese gronde nie of as gevolg van onsubstantiewe gerugte.

In die Suid-Afrikaanse opset kan die vooroordeel teen Spesiale Klasse ook verder verklaar word deur die oordrewe klem en waarde wat op akademiese prestasie gelê word. Dit word van die leerling verwag om homself te handhaaf en sy

dienste in die akademiese-, professionele-, handels- en geskoolde arbeidsveld aan te bied. Blyk dit dat 'n leerling aanduidings van onvermoë toon om in die toekoms hierdie peil te handhaaf, voel die ouers bedreigd en oorplasing na die Spesiale Klas is vir hulle 'n bevestiging van die leerling se uiteindelike onvermoë om in die sosiaal aanvaarbare beroepe te beweeg. Dit is ironies dat hierdie antipatie teen die Spesiale Klas bestaan, terwyl dit juis hierdie vorm van onderwys is wat die leerling voorberei om tog wel in 'n beter sosio-ekonomiese vlak te beweeg. Hier word veral gedink aan die leerling wat die kursus in die Spesiale Skool deurloop het. 'n Studieveld wat navorsing verg, is die ouer van die gestremde leerling by die verskillende volksgroepe in Suid-Afrika. Daar sal moet vasgestel word watter effek kulturele en sosio-ekonomiese faktore op 'n bepaalde standpunt en emosionele reaksie ten opsigte van die verskillende vorms van gestremdhede het.

## 4.4 Doelstellings van Spesiale Onderwys.

In 'n artikel: "Rehabilitasie van moeilik aanpasbare leerlinge in skole van die Kaapse Onderwysdepartement" uit die blad Rehabilitasie van Junie 1964 (skrywer word nie vermeld nie) word die volgende doelstellings van "Spesiale Primêre Onderwys" gestel: Die rehabilitasie van die verstandelike gestremde leerling in sy totaliteit is die vernaamste doelstelling van die Spesiale Onderwys. Die leerling kom nie na 'n klás met 'n stigma nie, maar hý kom daarheen met 'n stigma - die geakkumuleerde frustrasies van die voorafgaande jare. Kritiek het hy baie gekry en

aanprysing min. Sy skoolverloop word as volg gestel: "Sou hy in die normale onderwysstroom bly, het hy min of geen hoop gehad om 'n skoolverlatingsertifikaat te behaal wat hom toegang tot vakleerlingskappe of selfs halfgeskoolde arbeid sou gee nie. Sy basiese vakke, wat as kommunikasiemiddele met sy omgewing moet dien, is op 'n lae peil en die algemeen vormende vakke wat hom moes lei tot goeie burgerskap was aangebied op 'n vlak waar sy leer- en begripsvermoëns tekort geskied het." Die rehabilitasieproses berus op die volgende beginsels: (1) Individuele en remediërende onderrig in die basiese vakke. (2) Die vasstelling van elke leerling se "pieke van bekwaamhede" om sodoende geleenthede vir sukses te skep. Dit lei tot gesonde persoonlikheidsontwikkeling. (3) Die ontwikkeling van wellewendheid.

Die noodsaaklikheid om die kind in sy totaliteit te sien, word deur Murray (1974) gestel. Mense is geneig om die gestremdheid van 'n kind raak te sien en nie die kind self nie. Word die kind die hoofsaak, is daar 'n verskil in benaderingswyse met verreikende implikasies vir die opvoeding van die kind. Die skrywer stel dit dat vir die persoon wat hom vasstaar in die belemmering van die kind, is die toekomsmoontlikhede van die kind beperk. Die persoon wat die kind en sy toekomsmoontlikhede raaksien, is veel meer in staat om die klimaat tot ontplooiing te skep.

Hierdie standpunt word ook omvattend deur Gouws (1966) gestel. ".... blyk dit dat dit as uitgangspunt aanvaar word dat leer in die didaktiese situasie nie 'n uitsluitlik verstandelike aangeleentheid is nie. Daar word besef dat

in die leersituasie die grondvorme van menslike bestaanwyse vertoon word, naamlik die kommunikasie, die arbeid, die spel, die lewe in dialoog met die lewenswerklikheid, toewyding en afkeer, verbondenheid en isolement. Die persoon leer dus - en faal in die leerhandeling - as persoon, wat ookal die oorsaak van die stagnasie mag wees. Daarom moet ook die kind wat vanweë sy subnormaliteit in die leerhandeling stagneer, begryp en waardeer word as unieke ontwerp van sy eie lewenssituasie." Hierdie begrip is nodig om aan die leerling hulp en steun te verleen.

Hierdie siening is ook deur van Tonder (1965) gestel. Die ontwikkeling van die hele mens is belangrik. Die kind moet na die beste van sy vermoë verstandelik, geestelik, liggaamlik en maatskaplik ontwikkel. Die skrywer vat die doelstellings as volg saam :

(1) Die intellektuele ontwikkeling moet aandag kry. Aan die drie R'e sal veral aandag gegee word. Die leerlinge moet leer om vlot en met begrip te lees, netjies te skrywe en vinnig en korrek te kan reken. Die sosiale vakke kry 'n plek in die leerplan.

(2) Die leerling se liggaamlike opvoeding is van groot belang. Dit sluit in die ontwikkeling van gesondheidsgewoontes en die verbetering van spierkoördinasie. Praktiese werk is van belang ten opsigte van laasgenoemde.

(3) Die geestelike ontwikkeling is belangrik. Eienskappe wat van hom 'n aanvaarbare lid van die gemeenskap sal maak, moet ingeskerp word.

(4) Hy moet geleer word om sy vrye tyd nuttig te bestee.

Die stelling word deur du Preez (1977) gemaak dat die doelstelling van spesialiseringsonderwys nie eng is nie. "Alhoewel die regstelling en verligting van leergestremdhede belangrike prioriteite is, moet die totaliteit van die kind nooit uit die oog verloor word nie."

Die Spesiale Klas moet die kind voorberei op 'n aanvaarbare lewenswyse. Dit sluit meer in as beroepsopleiding. Voorligting op verskeie terreine is nodig gedurende die skooljare. Besondere aandag moet ook aan die wette van die land gegee word. Die Spesiale Klas-kind het nie die insig van die nie-gestremde nie en moet gelei word om saam met aanvaarde gebruike te werk en nie daarteen nie. (Engel, 1952).

### 4.4.1 Basiese behoeftes van leerlinge.

Die basiese behoeftes van die gestremde, veral ook in die gesinsverband, word deur Wardell (1952) gestel: Die kind wil veilig voel binne sy gesinskring en deel hê in hulle planne en verantwoordelikhede al is dit ook gering. Hy moet voel dat hy met liefde aanvaar word en dat hy versorg is op finansiële gebied. Hy verlang erkenning, aanmoediging en lof as hy iets goed gedoen het. Hy het hulp nodig in 'n begrip van sy tekortkominge. So het hy ook behoefte nodig om aanvaar te word soos hy is en nie soos iemand hom sou wou gehad het nie. Hy moet deur ondervindinge groei om sosiaal aanvaarbaar te wees vir vriende, familie en kennisse. Hy het hulp nodig om homself as 'n onafhanklike persoon te vestig met verpligtinge op sosiale en ekonomiese gebied. Ook Cilliers (1964) wys op die basiese behoeftes van die gestremde kind wat dieselfde is as dié van alle

kinders, naamlik voedsel en sorg, beskerming, liefde, sekuriteit, die geleentheid om te groei en te ontwikkel tot die boonste sport van hul vermoëns, 'n kans tot selfontplooiing en om deel te vorm van die gesin en later van die gemeenskap en arbeidswêreld.

By 'n verkenning van die literatuur word die eenstemmigheid van skrywers oor die behoeftes van die leerlinge gou duidelik. Dit is egter nodig om hierby stil te staan, aangesien die verskillende formulerings van die behoeftes die pad na die doelstellings van die onderwys en voortspruitend daaruit die leerkrag se taak aandui.

Die volgende behoeftes word deur Pringle (1965) gegee: 1) Die behoefte aan aanvaarding en sekuriteit, 2) nuwe ondervindinge, 3) erkenning en prestasie en 4) verantwoordelikheid. Die ouerhuis, sowel as die skool, speel 'n rol in die gestremde kind se lewe en het 'n plig om so op te tree dat die gestremde leerling, in hierdie geval spesifiek die hooggradige, in 'n posisie gestel word dat daar aan die basiese behoeftes voldoen kan word.

In sy bespreking van 1) die behoefte aan aanvaarding en sekuriteit, wys die skrywer daarop dat dit miskien die belangrikste behoefte van die opgroeiende kind is. Die basiese en oorheersende kenmerk van ouerliefde is die aanvaarding van die kind om sy eie ontwil. Word hierdie aanvaarding versteur, werk dit belemmerend in op die kind se emosionele ontwikkeling. Is daar by die kind 'n bewuswording van 'n ouer se huiwering in hul houding teenoor hom word hy, selfs op 'n baie jong stadium, rusteloos,

maklik geïrriteerd of toon tekens van onttrekking. Hierdie angstoestand ontstaan as gevolg van die blyke van misnoeë deur mense wat vir hom belangrik is. In die eerste plaas is dit sy ouers, dan die ander lede van sy familie en later sy onderwysers. Die kind wil voel dat hy deur sy huis en sy skool aanvaar word. Om sekuriteit te bied, moet 'n persoon self 'n gevoel van sekuriteit ervaar. Dit is juis die probleem by baie ouers van gestremde kinders wat verslae is oor hul eie gebrek aan kennis van die situasie. Hulle is bang dat hulle nie aan die besondere eise van die kind kan voldoen nie. Dit gebeur ook soms by die ouer van die stadige leerder wat soms self oor min opleiding beskik en verward staan by die diverse eise wat die moderne samelewing stel. (Die term stadige leerder verwys hier meer na die Spesiale Klas-leerling). Pringle (op. cit.) stel dit dat hierdie ouers steun en leiding nodig het om self klarigheid te kry voor daar onderskraging van die kind kan wees. In die skool sal die leerling ook probleme ervaar tensy 'n vroeë diagnose gedoen word en hy spesiale onderrig ontvang. Bly die stadige leerder in die gewone klas word daar eise aan hom gestel waaraan hy nie kan voldoen nie. Dit is onder hierdie omstandighede dat die leerling se selfbeeld skade ly en sy behoefte aan aanvaarding en sekuriteit nie bevredig word nie. Dit is ook so dat sekere gestremdhede 'n gevoel van simpatie opwek, maar die verstandelikgestremde kry dikwels ongunstige en ongevoelige kommentaar.

Die skrywer bespreek vervolgens 2) die behoefte aan nuwe ervarings en wys daarop dat hierdie leerlinge nie nuwe ondervindinge op dieselfde stadium en op dieselfde wyse

as die normale kind opdoen nie. Hulle mag die geleenthede verbeur om nuwe ervarings op te doen, tensy dit nie doelbewus op 'n later stadium aan hulle gegee word nie. Nie alleen is hierdie versteuring van die leerproses onvermydelik nie, maar dit is kumulatief. Die vindingrykheid van ouers en onderwysers moet ten volle op die proef gestel word om aan die kinders nuwe ondervindinge binne hul vermoëns te gee.

Aansporing tot studie is 3) die erkenning wat aan prestasie gegee word. Die skrywer wys daarop dat die eise en verwagtinge wat aan die kind gestel word tot 'n groot mate die benadering tot die werk sal bepaal. Is dit te min, sal sy pogings dienooreenkomstig wees; is dit egter te veel, sal hy voel dat hy nie aan die verwagtinge kan voldoen nie en dus ook nie gemotiveerd wees nie. Die optimum verwagting moet dus elke individuele leerling in ag neem. Die gestremde leerling bevind hom in die moeilike posisie dat sy prestasie in vergelyking met die van die nie-gestremde beoordeel word. Vroeër of later word die gestremde hiervan bewus en hoe meer die graad van gestremdheid is, hoe meer sal hy besef dat erkenning hom moeiliker sal toeval met gevolglike bykomende emosionele probleme. Dit is hierdie houding van die gemeenskap wat tot 'n gevoel van minderwaardigheid by die gestremde bydra. Die oplossing skyn daarin te lê dat die gestremde slegs teen homself kompeteer en dat elke verbetering in sy prestasie en elke nuwe vaardigheid wat aangeleer word, die nodige erkenning uitlok.

Die vierde behoefte wat die skrywer behandel, is die behoefte aan verantwoordelikheid. Die gestremde kind moet aangemoedig

word om die maksimum mate van onafhanklikheid te bereik. Dit word geredelik aanvaar dat die siening wat die kind van sy gestremdheid het, tot 'n groot mate sy prestasie sal bepaal. Die ouerlike siening sal die kind se houding beïnvloed. Pringle (op. cit.) beklemtoon hierdie aspek en kom tot die gevolgtrekking dat dit nie alleen die gestremdheid is wat prestasie bepaal nie, maar ook die kind se siening daarvan, met ander woorde sy selfbeeld.

Benewens die voorafgaande wys Tansley en Gulliford (1961) op die volgende :

(1) Die behoefte om liefde te gee en te ontvang. Die rol van die leerkrag is belangrik in hierdie verband. Die Spesiale Klas-leerling voel hom dikwels baie aangetrokke tot die leerkrag. Die leerkrag is ook soms 'n ouerfiguur veral waar die leerling 'n geskiedenis van verwaarlosing en verwerping het.

(2) Die behoefte aan aanvaarding deur ander leerlinge. Enige leerling voel ontsteld oor 'n tydelike verwerping deur maats. In die geval van die gestremde is dit veel ernstiger waar die leerling soms moeilik aanpasbaar is en sy optrede hom moeilik aanvaarbaar vir die groep maak.

Die groei van die persoonlikheid en die handhawing van geestesgesondheid hang af van die bevrediging van hierdie twee behoeftes by elke lewensfase. So is hierdie bevrediging belangrik as motivering in die leersituasie. Goeie motivering berus op 'n goeie onderwys-leerling-verhouding,

die genot van groepdeelname, 'n gevoel van sukses en bemeestering en die ontwikkeling van die leerling se natuurlike belangstellings en aktiwiteite. Leerlinge wie se emosionele behoeftes nie bevredig is nie, word moeilik gemotiveer.

Die doelstellings van Spesiale Onderwys in die laerskool word baie duidelik deur die Kaaplandse Onderwysdepartement gestel ten opsigte van elke afsonderlike vak wat aangebied word. Sien Bylae C vir 'n volledige weergawe hiervan.

## 4.5 Organisasie van Spesiale Onderwys.

Alvorens daar op die organisasie van die Spesiale Onderwys in Kaapland gelet word, is dit nodig om te let op sekere aspekte en riglyne soos hulle deur skrywers uitgelig is.

Volle rehabilitasie van die gestremde moet gesien word as 'n voortdurende en 'n langtermyn proses. Hierdie proses moet die volgende insluit: (1) Volledige diagnose en evaluering by die eerste bewuswording van die beperkte funksionering van die individu. (2) Vroeë inisiëring van rehabilitasie en opleiding in die skoolsituasie. (3) Opleiding en rehabilitasie in die gemeenskapsituasie. (4) Plasing in die arbeidsituasie. (5) Opvoeding van en voorligting aan die ouers. (Jacobs, 1963).

Die voordele van Spesiale Onderwys vir die verstandelik-gestremde word deur Bonthuys (1962) gestel:

1. Die getal in die klas is klein en individuele onderwys is moontlik. Dit is veral hierdie voordeel wat tot 'n positiewe houding by ouers lei.

2. Leerkragte is oor die algemeen opgelei. (Volgens die jongste beskikbare Verslag, 1976 van die Direkteur van Onderwys was 63,6% van leerkragte in Spesiale Onderwys gediplomeerd. Hierdie syfer sluit egter nie gediplomeerde leerkragte in uit die geledere van getroude onderwyseresse en pensionarisse nie wat altesaam 33,8% verteenwoordig. Dit kan verwag word dat 'n aantal van hierdie leerkragte tog wel oor die besondere kwalifikasie beskik wat die verhouding dan groter sal maak.)

3. Daar word 'n eie leerplan, rooster en eie eindeksamen wat by hulle behoeftes aanpas, opgestel.

4. Hulle word onderrig volgens eie doelmatige metodes in spesiaal toegeruste klaskamers.

5. Hulle word onthef van die frustrasie van herhaalde druipings.

In die skoolsituasie is skrywers dit eens dat sekere riglyne en beginsels gevolg word.

By die groepering van leerlinge, die keuse van onderwysmetodes en die organisasie van die werksaamhede van die klas, moet die leerkrag die volgende beginsels in gedagte hou: 1) die onderwyser moet nadruk lê op die kind as groeiende individu; 2) rekening hou met die peil van sy maatskaplike ontwikkeling en die omgewingsfaktore wat op hom inwerk; 4) rekening hou met die wyse waarop hy leer. (van Tonder, 1965).

In 'n referaat aan leerkragte wat in Spesiale Onderwys staan, gee Bezuidenhoud (1966) die volgende riglyne:

1. Soos alle ander kinders moet hierdie leerlinge positief gelei word.
2. Die leerlinge reageer baie goed op aanmoediging. Hulle kom na die klas met 'n geskiedenis van mislukkings en 'n gevoel dat hulle tot niks in staat is nie. Die leerkrag moet geleenthede soek om die leerling te prys.
3. Dit is die een klas waar skeppingsvreugde gesien word - veral in die praktiese werk.
4. Help die leerling om 'n gevoel van eiewaarde te ontwikkel.
5. Laat die leerlinge aan buitemuurse bedrywighede deelneem.
6. Binne sy beperking moet hoë eise gestel word ten opsigte van netheid, hoflikheid, skrif en so meer.
7. Die kind moet tot verantwoordelikheid en volwassendheid gelei word.
8. "U sal geen mens beter maak deur hom sleg te maak nie."

In 'n artikel, "Rehabilitasie van moeilik aanpasbare leerlinge in skole van die Kaapse Onderwysdepartement" (skrywer nie vermeld) in die tydskrif Rehabilitasie in Suid-Afrika (Junie 1964) word dit gestel dat by die organisasie van die Spesiale Onderwys-program daar vir die volgende voorsiening gemaak word.

1. Lae klaskwotas wat individuele werk moontlik maak. Die huidige kwotas word later in hierdie hoofstuk gegee.
2. Die standaard Spesiale Klas-kamer is ruim, toegerus

met bergplek, wasbakke en toepaslike ameublement.

3. Die voorraadkwotas vir die voorsiening van materiaal vir praktiese en skeppende werk is aansienlik hoër by die Spesiale Klas-leerling as by die gewone klasse.
4. Leerplanne vir die Spesiale Klas laat baie vryheid aan die onderwysers en dien as leidraad.
5. 'n Groot aantal van die leerkragte is in hierdie rigting opgelei.
6. Die leerlinge het toegang tot die gespesialiseerde sielkundig-opvoedkundige hulp wat deur die Onderwysdepartement aangebied word.

Die aard van die Spesiale Onderwys vereis 'n hoë graad van korrelering en integrering van leerstof wat slegs gedoen kan word indien een leerkrag verantwoordelik is vir die aanbieding van al die leerstof. Die leerkrag kan dus nie in die gewone klasse onderwys gee nie, behalwe gedurende daardie tye wanneer die leerlinge van die Spesiale Klas by die gewone klasse ingeskakel is vir Liggaamsoefening, Sang en sommige gevorderde vorms van handwerk soos Houtwerk en Naaldwerk. Hierdie benadering geld ook vir die eerste jaar van die Spesiale Skool-kursus. Met die eise wat die onderrig egter by die gevorderde werk van die laaste twee jaar stel, is dit wenslik om vakonderwys aan te bied. (Uit referaat gelewer by konferensie vir Spesiale Klas-leerkragte, Junie 1977.)

Die onderwyser in die Spesiale Klas moet remediëringbewus wees. (Bezuidenhoud, 1966). Individuele onderwys is belangrik. Die organisasie van die onderwys moet op

individuele onderrig toegespits wees. Hoe meer homogeen die klas is, hoe makliker kan dit geskied. Waar daar net een Spesiale Klas aan 'n skool is, is dit moeiliker en speel groepering 'n groter rol.

Die volgende basiese didaktiese beginsels wat belangrik is vir Spesiale Onderwys moet deur leerkragte in gedagte gehou word in die aanbieding van die leerstof: individualisering, groepering volgens bekwaamheid, konkrete aanbieding, praktiese en funksionele benadering, gebruikmaking van onderwyshulpmiddels, selfwerksaamheid, integrering en korrelering, doelgerigtheid, sosialisering, bemeestering, kontrolering en hersiening, evaluering.

In die lig van die voorafgaande is dit nodig om aandag te skenk aan die vraag of hierdie onderwys verskaf behoort te word in Spesiale Klasse verbonde aan gewone skole of in afsonderlike skole vir hierdie doel.

Die mening in Kaapland is nog altyd ten gunste van Spesiale Klasse verbonde aan gewone skole. Heyns (1948) skryf hierdie besluit aan twee redes toe, naamlik 1) die feit dat die stigma verbonde aan die huidige stelsel veel minder is as wat dit in die geval van afsonderlike skole sou wees en 2) probleme in verband met vervoer- en losiesgeriewe indien leerlinge verplig sou word om sodanige skole by te woon. Daar moet op gelet word dat in hierdie verband daar verwys word na afsonderlike skole vir Spesiale Onderwys op primêre vlak. Die Spesiale Skole van die Kaaplandse Onderwysdepartement maak alleenlik voorsiening vir na-primêre onderwys en funksioneer uiters doeltreffend soos reeds gemeld. Hierdie skole sal by 'n ander gedeelte van hierdie hoofstuk breedvoeriger beskryf word.

Daar is 'n besliste beweging in sommige oorsese lande ten gunste van spesiale klasse. (Anderson, 1973). Die skryfster verwys hier veral na die fisies gestremde of die fisies gestremde met spesifieke leerprobleme of met minimale serebrale disfunksie en veral in die Skandinawiese lande. In Engeland is die getal spesiale klasse vir hierdie gevalle baie klein. 'n Uitbreiding van spesiale klasse word voorgestel met die voorbehoud dat die klasse oor dieselfde fasiliteite en onderrig as die afsonderlike skole moet beskik. Integrasie met die res van die skoolbevolking is makliker in 'n stelsel van spesiale klasse. 'n Stelsel wat in twee gebiede in Engeland op die proef gestel word, is die behoud van die fisies-gestremde kind met leerprobleme in gewone klasse, maar met besoeke aan die "help clinic" of "recourse room" waar gespesialiseerde hulp verleen word. Die voordele van hierdie stelsel is dat die sosiale integrasie van die gewone klas behou word met die geleentheid om spesiale onderrig te ontvang.

In Kaapland is daar 'n ooreenkoms met hierdie benadering in soverre dat die Spesiale Klas-leerlinge by die gewone klasse aansluit vir Skoolmusiek, Liggaamsopvoeding, sport en ander skoolbedrywighede.

Om die Kaaplandse stelsel van Spesiale Klasse in perspektief te sien, is dit ook nodig om na die verskillende variasies in die organisasie van Spesiale Onderwys te let. Kirk (1962) wys op die volgende moontlikhede :

Die gewone skool is georganiseer in vlakke (grade levels). Oor die algemeen is die leerlinge in die verskillende vlakke of standerds, om die Suid-Afrikaanse term te gebruik, min

of meer van gelyke chronologiese ouderdom. Dit word aanvaar dat hulle vordering redelik gelyk is en so van jaar tot jaar promoveer. Die verstandelik-gestremde kan egter nie die tempo volhou nie. Om hierdie rede is deur die wêreld verskeie pogings aangewend om die probleem die hoof te bied :

1. <u>Die selfstandige Spesiale Skool</u>. In sekere onderwysstelsels word voorsiening gemaak vir afsonderlike Spesiale Skole waarin leerlinge volgens chronologiese ouderdom, verstandsouderdom en prestasievlak gegroepeer word. Die organisasie is van so 'n aard dat die leerlinge na verskillende leerkragte gedurende die dag gaan vir Liggaamlike Opvoeding, Wiskunde, Lees, Sosiale Opvoeding, Handwerk en so meer. Hierdie skole is nie meer so talryk in die Verenigde State van Amerika nie, aangesien daar 'n verandering in denke ingetree het en ook as gevolg van sekere organisatoriese probleme. Daar het 'n stigma ontwikkel en ouers het hulle verset teen plasing in hierdie skole. By opvoedkundiges is daar gevoel dat die afsondering wat hierdie inrigtings meebring, nie bevorderlik vir sosiale verkeer in die volwasse tydperk is nie. (Dit moet hier verduidelik word dat die benaming Spesiale Skole in hierdie verband nie ooreenslaan met die na-primêre Spesiale Skole van Kaapland nie, maar na 'n opset verwys van afsonderlike skole waar leerlinge reeds op primêre vlak Spesiale Onderwys ontvang. Hierdie stelsel bestaan natuurlik nie in Kaapland nie.)

2. <u>Die ongegradeerde Spesiale Klas</u>. Hierdie klas word

dikwels in 'n skool aangetref waar daar nie voldoende leerlinge vir verskeie klasse is nie. As daar van 8 tot 15 leerlinge op Spesiale Onderwys aangewys is, vorm hulle saam 'n klas wat heterogeen is betreffende ouderdom, prestasievlak, potensiaal en oorsaak van gestremdheid. Hierdie klasse is gewoonlik kleiner as die gewone klasse maar kan probleme vir die leerkrag skep.

3. <u>Die gewysigde Spesiale Klas</u>. Sommige skole is so klein dat daar nie voldoende leerlinge vir een afsonderlike klas is nie. In sulke gevalle is die leerlinge dan vir 'n gedeelte van die dag in 'n afsonderlike groep en sluit by die gewone klas vir die res van die dag aan. 'n Klagte teen hierdie skole is dat daar so 'n diversiteit van leerprobleme in hierdie klasse is dat daar weinig aandag aan die verstandelik-gestremde leerling gegee word.

4. <u>Die rondreisende leerkrag</u>. Sommige skoolstelsels beskik oor 'n reëling waarvolgens die leerlinge in die gewone klasse bly, maar dat 'n leerkrag van klas tot klas beweeg en hulp aan die leerlinge bied, asook apparaat en inligting betreffende metodiek aan die leerkrag. Dit is in 'n mate 'n kompromie en word veral in landelike omgewings aangetref waar dit moeilik is om 'n volwaardige klas in stand te hou. Hoewel 'n rondreisende program geslaagd is in die geval van leerlinge met 'n spesifieke probleem soos spraak byvoorbeeld, is dit nie so 'n sukses in die geval van die verstandelik-gestremde nie. Hierdie leerlinge het

'n volle program nodig op 'n voltydse basis.

5. Die homogene Spesiale Klas. Hierdie stelsel vind die meeste byval by opvoedkundiges. Dit bestaan uit 'n groep verstandelik-gestremde leerlinge met 'n klein speling in chronologiese en verstandsouderdomme. Dit maak dit makliker vir leerkragte om 'n opvoedkundige program te beplan.

Getoets aan die bostaande indeling van Kirk is dit gepas dat hier 'n vergelyking getref word met die stelsel in Kaapland. Dit is duidelik dat fisiese faktore 'n rol speel. Spesiale Klasse bestaan aan primêre skole of die primêre afdelings van hoërskole. In stedelike gebiede waar die getalle groter is, word verskeie klasse by dieselfde skool gestig met 'n gevolglike meer homogene groepering. In landelike gebiede gebeur dit dikwels dat slegs een klas aan 'n skool verbonde is met 'n gevolglike groter heterogeniteit. Kaapland beskik oor 'n uitgebreide Sielkundige Diens waarby die organisering en aanbieding van Spesiale Onderwys ressorteer en Skoolsielkundiges is gereeld met leerkragte in verbinding om voorligting te verskaf. Eers op die senior vlak (na 14-jarige ouderdom) is daar die oorplasing na Spesiale Skole vir 'n driejarige kursus wat beroepsgerig is. Hierdie oorplasing is vrywillig en ouers moet self aansoek doen.

Om Spesiale Klasse te organiseer, verg noukeurige beplanning. Dit vereis die uitkenning van die verstandelik-gestremde leerling deur middel van verwysing deur die skool, sielkundige ondersoek, gevallestudie en mediese evaluering. Dit vereis ook die benoeming van 'n opgeleide leerkrag.

Dit verg beslissings ten opsigte van die aard van die klas, waar dit gevestig moet word en hoe ouer-samewerking verkry kan word. (Kirk en Johnson, 1957). Die skrywers stel die volgende beginsels waarvolgens sodanige klasse georganiseer moet word :

1. Hoe jonger die leerlinge, hoe kleiner die klas. Volgens hierdie beginsels kan 'n primêre klas vir jonger gestremde leerlinge bestaan uit ongeveer 8 - 12 leerlinge terwyl 'n senior klas vir die adolessente groep, waar hulle meer selfonderhoudend is, kan wissel van 12 - 18 leerlinge.

2. Hoe groter die heterogeniteit hoe kleiner die klas. Hoe groter die verskeidenheid betreffende ouderdomme en probleme hoe groter die eise wat aan die leerkrag gestel word. 'n Homogene klas kan groter wees.

3. Spesiale Klasse behoort 'n deel van die gewone skole te vorm. Dit is verkieslik dat leerlinge hul plaaslike skool bywoon in plaas van 'n sentrale afsonderlike skool. Die situasie verander wanneer leerlinge beroepsgerigte kursusse bywoon.

4. Die leerkrag moet voldoende opgelei wees.

5. Die diagnosering van die leerlinge moet voldoende en grondig wees.

6. Die samewerking van ouers moet verkry word.

7. Die aanvanklike stigting van die klas moet met 'n klein getal leerlinge gedoen word. Namate die leerlinge en leerkrag mekaar leer ken en vertroud raak met die onderwysmetodes en apparaat kan die inskrywing geleidelik verhoog word.

8. Die leerkrag behoort 'n groot mate van vryheid gegee te word in die beplanning van die kurrikulum op grond van die behoeftes en bekwaamhede van die leerlinge. Volgens die skrywers volg die klas nie die gewone standaard kurrikulum nie vanweë die diverse aard en kenmerke van die leerlinge. Dit is nodig dat die leerkrag oor die vryheid van beweging moet beskik om die klas volgens sy oordeel te hanteer. Dit beteken nie dat daar geen leerplan moet wees nie, maar dat dit buigsaam moet wees.

Dit is duidelik dat Kaapland se stelsel van Spesiale Onderwys tot 'n baie groot mate aan die toepassing van hierdie beginsels voldoen. Weens organisatoriese probleme word afgewyk van die tweede beginsel, te wete die grootte van die klas op grond van die heterogeniteit van die klas. Die indeling van die klasse is as volg ongeag die samestelling van die klas:

Tabel 1/.....

Tabel 1.

PERSONEELTOEKENNING AAN SPESIALE KLASSE.

| Vermeerderingskaal | | Verminderingskaal | |
|---|---|---|---|
| Inskrywing | Personeel | Inskrywing | Personeel |
| 12 | 1 | 8 behou | 1 |
| 20 | 2 | 15 | 2 |
| 32 | 3 | 26 | 3 |
| 45 | 4 | 38 | 4 |
| 60 | 5 | 52 | 5 |
| 75 | 6 | 66 | 6 |
| 90 | 7 | 80 | 7 |
| 105 | 8 | 94 | 8 |
| 120 | 9 | 108 | 9 |
| 135 | 10 | 121 | 10 |

Hierdie indeling het dus ook 'n effek op die sewende genoemde beginsel, naamlik die geleidelike vermeerdeing van die leerlinge in die klas. Onder hierdie indeling vind dit dus nie plaas nie. Hoewel leerplanne uitgewerk is vir die verskillende vlakke en jaarvlakke het leerkragte 'n aansienlike mate van vryheid binne hierdie leerplanne, veral ten opsigte van verryking van die leerplanne. Die uitgangspunt is voortdurend: wat is die beste vir die betrokke leerling?

Die doelstellings en metodes van die Spesiale Klasse behoort eintlik ook deur die res van die skool verstaan te word. Gulliford (1962) wys daarop dat daar baie onderwysers in die gewone klasse is wat ook vir die gestremde kind verantwoordelik is. Die stadige leerder in die gewone klas het dieselfde benadering nodig as die kind wat wel oorgeplaas is.

## 4.6 Die struktuur en omvang van Spesiale Onderwys in Kaapland.

In 1976 was daar 'n totaal van 240445 leerlinge in Kaapland van wie 7188 in Spesiale Klasse was en 3240 in Spesiale Skole - 'n totaal van 10428 dus wat 4,3% is. Interessant is dit om te let op die taalmedium-verspreiding. Daar was 5391 Afrikaanssprekende leerlinge in Spesiale Klasse en 2252 in Spesiale Skole - 'n totaal van 7643 uit 'n algehele totaal van 150302 Afrikaanssprekende leerlinge - dus 5,09%. In Spesiale Klasse was 1797 Engelssprekende leerlinge en 988 in Spesiale Skole - 'n totaal van 2785 uit 'n groottotaal van 90143 Engelssprekende leerlinge - 3,09%. Hierdie verskil van 2% bied 'n interessante veld vir navorsing.

Die totale getal leerkragte vir Spesiale Onderwys in Kaapland was 361 mans en 559 vroue - 'n totaal van 920 wat uitwerk op 11,3 leerlinge per leerkrag. (Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die jaar 1976.) Die verhouding tussen die getal leerkragte en leerlinge by Spesiale Onderwys is inderdaad baie billik.

Spesiale Klasse maak voorsiening vir onderwys van leerlinge tot minstens die ouderdom van 14 jaar. Ouer leerlinge wat nie gereed is vir onderwys aan 'n Spesiale Skool nie of leerlinge wat nie in 'n sodanige skool opgeneem is nie, kan in die Spesiale Klas aanbly. Spesiale Skole maak voorsiening vir 'n driejarige beroepsgerigte kursus wat aan leerlinge aangebied word wat minstens die ouderdom van 14 jaar bereik het.

Tabel 2.

STRUKTUUR IN KAAPLAND.

| Benaderde Ouderdom | Benaderde Vorderingsvlak | Waar aangebied |
|---|---|---|
| 6 - 8 | Skoolgereedheidsprogram | |
| 9 | Vlak 1 | |
| 10 | Vlak 2 | |
| 11 | Vlak 3 | Spesiale |
| 12 | Vlak 4 / Jaarvlak 1 | Klasse |
| 13 | Vlak 5 / Jaarvlak 2 | |
| 14 | Eerstejaar / Jaarvlak 3 | |
| 15 | Tweedejaar / Jaarvlak 4 | Spesiale |
| 16 | Derdejaar /Jaarvlak 5 | Skool |

Hierdie voorstelling bied slegs die situasie soos dit tans op Kaapland van toepassing is. By ander Onderwysdepartemente in die land kan Jaarvlak 1 en 2 reeds by Spesiale Skole aangebied word. Dit verklaar die dubbele benaming by Vlak 4 / Jaarvlak 1 en Vlak 5 / Jaarvlak 2. Daar moet ook beklemtoon word dat die ouderdomme slegs by benadering is. In die praktyk kan veel ouer leerlinge in die onderskeie vlakke aangetref word.

Die volgende vakke word in die Spesiale Klasse aangebied: Eerste Taal, Tweede Taal, Wiskunde, Geskiedenis-Aardrykskunde, Wetenskap-Higiëne, Godsdiens, Liggaamlike Opvoeding, Voorligting, Jeugweerbaarheid, Sang. Films pas gewoonweg in by inhoudsvakke en Biblioteek en Skrif maak deel uit van taalonderrig.

By Spesiale Skole word die volgende aangebied: Akademies: Eerste Taal, Tweede Taal, Wiskunde, Geskiedenis-Aardrykskunde, Wetenskap-Higiëne, Godsdiens, Liggaamlike Opvoeding, Voorligting, Jeugweerbaarheid, Sang.

Tegnies: Seuns: Motorwerktuigkunde, Plaatmetaalwerk, Sweiswerk, Duikklopwerk, Spuitverfwerk, Houtwerk, Letterskilderwerk, Bou- en Messelwerk, Masjinering en Draaibankwerk, Loodgieterswerk, Magasynpraktyk.

Tegnies: Dogters: Inrigtingsbestuur, Haarkappery, Winkelvensterversiering, Kopieertik, Verpleegassistente, Winkel- en Kantoorpraktyk.

Daar moet op gewys word dat die akademiese vakke by al die Spesiale Skole aangebied word, maar die tegniese rigtings kan wissel van skool tot skool.

Geen leerling word tot 'n Spesiale Skool toegelaat nie, tensy 'n bepaalde aansoekprosedure gevolg is en Departementele toestemming verkry is.

In uitsonderlike gevalle kan 'n leerling van 'n Spesiale Klas tot standerd 6 (gewone of praktiese kursus) toegelaat word. Die aansoek moet aan sekere vereistes voldoen en 'n neergelegde prosedure moet gevolg word. Toelating kan slegs geskied na verkryging van toestemming van die Departement. (Referaat gelewer by konferensie vir Spesiale Klas-leerkragte, 1977. Gebaseer op inligting deur Departement aan konferensie-leiers verskaf, April, 1977).

Skoolplig en vrystelling van skoolplig vir leerlinge wat Spesiale Onderwys ontvang, word deur die Ordonnansie op Spesiale Onderwys, 1968, soos gewysig, omskryf. Die posisie is tans dat die Departement 'n leerling kan verplig om 'n Spesiale Skool vir 'n langer tydperk by te woon as die normale termyn van skoolplig as die Departement oortuig is dat sodanige verdere besoek vir die behoorlike opleiding van

die kind noodsaaklik is. 'n Leerling mag nie sonder die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys langer as die einde van die jaar waarin hy die ouderdom van twintig jaar bereik, in 'n Spesiale Skool bly nie.

Afgesien van toelating tot Spesiale Skole na bywoning van Spesiale Klasse word leerlinge ook onder bepaalde omstandighede tot Hoër Landbouskole toegelaat. (Onderwysgaset, 22 Junie 1966). Hierdie leerlinge sal dieselfde kursus, vakke en leerplanne volg met die mate van differensiasie wat binne die kursus en leerplanne moontlik is. Hul bevordering of oorplasing na 'n hoër standerd geskied op grond van hul prestasie in die landbouvakke. Aan leerlinge wat nie 'n sertifikaat behaal nie, kan die Inspekteur van Onderwys 'n bekwaamheidsertifikaat uitreik. Vir toelating tot die kursus moet die leerling die alternatiewe St. VI-eksamen of Vlak 5-eksamen geslaag het, 'n aanleg vir boerdery toon en die geleentheid hê om te gaan boer of redelik seker te wees van werk in hierdie rigting.

### 4.6.1 Eksaminering en Sertifikaatuitreiking.

Spesiale Klasse : Aan die einde van die jaar waarin die Jaarvlak 2 (Vlak 5)-kursus voltooi is, word 'n eksamen afgeneem. Die vraestelle, memoranda vir puntetoekenning en skrifte vir hierdie eksamen word deur die betrokke Skoolsielkundige gemodereer. Klassifikasie word deur die Inspekteur van Onderwys gedoen. Aan leerlinge wat hierdie eksamen met sukses afgelê het, en aan wie vrystelling van skoolbesoek toegestaan is, kan die Inspekteur van

Onderwys 'n sertifikaat uitreik.

<u>Spesiale Skole</u> : By al die jaarvlakke word klassifikasie deur die Inspekteur van Onderwys in oorleg met 'n Skoolsielkundige en die Skoolhoof gedoen. Aan leerlinge wat die Spesiale Skool finaal verlaat, word 'n sertifikaat deur die Inspekteur van Onderwys uitgereik. Op dié sertifikaat word die beroepsgerigte vak asook die akademiese vakke waarin 'n leerling geslaag het en die jaarvlak waarop geslaag is, aangedui.

# AFDELING B.

# DIE ONDERSOEK

# HOOFSTUK 5.

## DIE INSTRUMENT, MET SPESIALE KLEM OP DIE WERK MET DIE THURSTON SENTENCE COMPLETION FORM TSCF EN WYSIGINGS DAARVAN DEUR THURSTON EN ANDERE.

### 5.1 Beknopte samevatting van die geskiedenis van die sinvoltooiingstoets.

Die sinvoltooiingstegniek het sy oorsprong gehad in die werk van Ebbinghaus 1897, Kelley 1917 en Traube 1916 in die ondersoek van die intellek. Hoewel dit meer onlangs ook in navorsing van intellektuele vermoëns gebruik is deur Copple 1956, Piltz 1957, West 1958 is dit hoofsaaklik in die afgelope jare as 'n toets vir persoonlikheidsondersoek gebruik. Payne 1928 en Tendler 1930 word algemeen aanvaar as die eerste navorsers om die ondersoektegniek vir hierdie doel te gebruik. (Goldberg, 1965). Thurston, Brunclik en Feldhusen (1967) wys daarop dat die sinvoltooiings van Payne 'n uitvloeisel was van die woordassosiasietoetse. Van daardie begin het die metode gewild geraak en 'n deel begin vorm van kliniese batterye. Rhode 1946, Rotter en Willerman 1947, was veral aktief in die vroeë ontwikkeling. Stein 1947 het die tegniek gebruik by die geestesversteurde en het bevind dat die metode nuttig is by die studie van gedrag en persoonlikheid. Werk in hierdie verband is ook spesifiek deur Carr 1958 en Peskin 1963, gedoen.

Die essensie van die metode is die voorsiening van sinstamme wat voltooi moet word. Die stamme self, aanwysings, kategorisering en interpretasie van response verskil van omstandighede - trouens dit is hierdie aanpasbaarheid van

die metode wat, tesame met die ekonomiese gebruik, tot die gewildheid daarvan bydra. Sundberg 1961 vind dat die sinvoltooiingstoets 13de in gewildheid van gebruik is van al die toetse en instrumente in kliniese dienste en as groeppersoonlikheidtoets slegs 2de is naas die MMPI. (Goldberg, 1965). Die gewildheid van die toets word ook weerspieël in syfers deur Buros (1970) verstrek. Uit 'n tabel van die toetse wat 'n verwysingstal van 25 of meer het vir die tydperk 1964 - 1968 blyk dit dat die Rotter Incomplete Sentences Blank 34ste is uit 'n lys van 89 met 'n totale verwysingstal van 76 waarvan 28 spesifiek vir die tydperk 1964 - 1968 is. Interresantheidshalwe kan hier gemeld word dat Roschach eerste op die lys is met 'n totaal van 3747 en 533 vir die genoemde tydperk.

Die bepaalde eienskappe van die instrument het daartoe gelei dat 'n groot aantal in gebruik gekom het om 'n verskeidenheid houdings te ondersoek: houdings teenoor skoollewe, Costin en Eiserer 1949; houdings teenoor Negers, Brown 1950; houdings teenoor maats en ouers, Harris en Tseng 1957; houdings teenoor bejaardes, Golden en Kogan 1959; houdings teenoor hospitale vir geestessiektes, Souelem 1955; houdings teenoor beroepskeuse, Getzels en Jackson 1960.

Die tegniek is ook gebruik om die sukses te voorspel van gegradueerdes in kliniese sielkunde: Kelly en Fiske 1950, Samuels 1952 en om sukses te voorspel van Lugmagkadette, Holtzman en Sells 1954. (Goldberg, 1965).

Thurston, Brunclik en Feldhusen (1967) wys ook op die verskeidenheid gebruike van die tegniek. Die V.S.A. Lugmag Navorsingspersoneel het die metode gedurende die Tweede Wêreldoorlog gebruik om inligting te verkry as deel van 'n voorligtingsprogram ten tyde van ontslag soos beskryf deur Flanagan 1948. Wilson, 1949 het bevind dat 'n spesiaal opgestelde sinvoltooiingstoets doeltreffend was om te onderskei tussen goedaangepaste en wanaangepaste hoërskoolleerlinge. Cruickshank 1951, bepaal die verhouding tussen fisiese gestremdheid en persoonlike aspirasie deur middel van hierdie tegniek. Lindgren, 1952, gebruik die metode vir kursusevaluering. Hy bevind dat dit meer doeltreffend is as 'n vraelys. Allport, 1953, wys op die nadeel van die direkte metode by 'n ondersoek van die neurotikus. Die toetsling is op die verdediging en gee misleidende response. 'n Projeksietoets skyn hier aangewese te wees. Die normale toetspersoon se reaksies by die direkte metode en by 'n projeksietoets sal basies min verskil. Calden (1953) gebruik die metode om die houdings van tuberkulose-pasiënte te bepaal. Thurston (1959) bestudeer die houdings van ouers van verstandelik-gestremde kinders en saam met Feldhusen en Benning in 1966, die houdings van leerlinge met gedragsprobleme.

Ook as 'n instrument om groepe te vergelyk, is dit gebruik. Touchstone gebruik dit om Neger-Wit verskille na te vors en Smith 1952 om verskille tussen hakkelaars en nie-hakkelaars te peil. Brayer 1960, ondersoek seksopvattinge deur die twee geslagte en Farber 1961 gebruik die sinvoltooiingstoets om die verskille in nasionale karakter te ondersoek. (Goldberg, 1965).

Die diversiteit van die metode word ook geïllustreer deur die mate waarin dit vir bykans alle vorme van sielkundige ondersoek gebruik word. Die metode is gebruik om skisofrene te ondersoek, Cameron 1938, Ellsworth 1951. Die aanpassing van pasiënte aan hospitaalroetine, Luft, Wisharn en Moody 1953, die evaluering van voorligteropleiding, Kirk 1956 en die gevallestudie van 'n massamoordenaar deur Kahn 1960 is voorbeelde. (Goldberg, 1965).

By die meeste van hierdie studies is die metode aangepas vir die besondere doel, maar Goldberg (op. cit.) wys op verskeie pogings tot gestandardiseerde vorms: Holsopple en Miake 1954, Sacks en Levy 1950, Rohde 1946, 1957, Stein 1947, Forer 1950, 1957, 1960. Vir gebruik in die weermag is vorms ontwikkel deur Bijou 1947, Flanagan 1947, Trites, Holtzman, Templeton en Sells 1953 en Willingham 1958.

Seker die bekendste bydrae van vorige dekades tot die werk met die sinvoltooiingstoets is deur Rotter en medewerkers gelewer. Goldberg (op. cit.) verwys na die werk van Rotter 1946, Rotter, Rafferty en Schachtitz 1949, Rotter en Rafferty 1950, 1953, Rotter 1951, Rotter, Rafferty en Lotsof 1954. Die Rotter Incomplete Sentences Blank, ISB, is ontwikkel uit vroeëre werk wat deur Rotter en Willerman 1947, Short 1946, Hutt 1945 en Holtzberg, Teicher en Taylor 1947, gedoen is.

Die ISB is gestandardiseer vir gebruik met studente. Dit bestaan uit 40 stamme en is deur Rotter opgestel uit stamme

wat deur Rotter en Willerman (1947) in die leër gebruik is. Hierdie vorm was 'n wysiging van die vorms wat deur Hutt 1945, Shor 1946 en Holtzberg 1947 gebruik is. Thurston, Brunclik en Feldhusen (1967) maak die stelling dat dit ook 'n uitvloeisel kan wees van die vorms wat deur Rohde en Hildreth in 1941 gebruik is. Rotter, Rafferty en Schachtitz, 1949, gebruik die vorms as 'n siftingstoets van studente met moontlike emosionele probleme. Hadley en Kennedy, 1949, gebruik die ISB om die verhouding tussen konflik en akademiese prestasie te bepaal. Billard 1962 gebruik die ISB by studente met probleme.

In die handleiding van die ISB, opgestel deur Rotter en Rafferty (1950), word dit gestel dat die toets 'n poging was om die sinvoltooiingtegniek te standardiseer vir gebruik op hoërskoolvlak (college level). Veertig stamme word deur toetslinge voltooi en volgens 'n bepaalde skaal nagesien waar aan elke respons 'n waarde tussen 0 en 6 toegeken word. Hierdie nasienmetode maak die toets effektief as 'n siftingstoets waar toetslinge wat meer as 'n sekere totaal verkry, op verdere aandag van professionele persone aangewys is.

In hul bespreking van die Rotter ISB wys Thurston, Brunclik en Feldhusen (1967) daarop dat deur sinstamme soos "Ek voel spyt oor ....", "Ek voel verleë wanneer ..." te voltooi, word dit aanvaar dat die persoon uiting aan vele emosies sal gee soos vrese, voorkeure, afkere, en wense. Die toets kan ook mondeling gegee word waar die toetsafnemer dan die response aanteken. Dit kan ook gebruik word deur 'n voorligter waar die sinstamme dan gegee word as die basis vir 'n semi-gestruktureerde onderhoud.

In 'n bespreking van die Rotter ISB wys Woltmann (American Journal Ortopsychiatry 21:649 - 650, Julie 1951) daarop dat hierdie toets ook humoristiese antwoorde toelaat - 'n reaksie wat deur ander toetse oor die hoof gesien word. Gebruikmaking van humor is 'n gesonde wyse om frustrasies te bejeen. Hoewel dit moontlik is om doelbewus misleidende response te lewer, sal dit nie altyd vir 'n toetsling duidelik wees wat "goeie" of "swak" antwoorde is nie. Die toets behoort nie op 'n matematiese wyse nagesien te word nie. Interpretasie berus op die nasiener se algemene kliniese ervaring, vaardigheid en begrip vir persoonlikheidsdinamika. In hierdie sin kan die toets as 'n projeksietoets gesien word wat betreklik maklik is om toe te pas en na te sien. Die skrywer beveel die toets sterk aan by kliniese sielkundiges, psigiaters en andere wat inligting binne 'n minimum tyd van hul pasiënte verlang. (Buros, 1970).

In sy bespreking van die Payne Sentence Completion Blank stel Strother dit dat die klinikus dikwels van die sinvoltooiingstoets gebruik kan maak. (Buros, 1970). Die genoemde toets deur Rhode en Hildreth word verkies vir adolessente en die Sacks Sentence Completion Test vir volwassenes. Die moontlikheid dat items vervang of bygevoeg kan word vir bepaalde doeleindes verhoog die bruikbaarheid van hierdie toetsvorm. Ook Rotter en Willerman (1947) wys daarop dat die nasien by die onvoltooide sinnetoets hoofsaaklik subjektief is met die uitsondering van Lorge en Thorndike wat enkelwoordresponse gebruik het.

Die gebruik van die tegniek as 'n siftingstoets dateer reeds ver terug. So beskryf Rotter en Willerman (op. cit.) die werk by die U.S. Army Air Forces Convalescent Hospitals. Daar is die behoefte gevoel aan 'n siftingstoets om die mate van aanpassing by weermagslede te bepaal met die oog op terugkeer na diens. 'n Sinvoltooiingstoets bestaande uit 40 items is opgestel en toetspersone is versoek om met volsinne te antwoord. Response is in 3 kategorieë verdeel, te wete konflik of ongesonde reaksies, positiewe of gesonde response en neutrale response. 'n Skaal wat wissel van +3 tot +1 vir konflikresponse, 0 vir neutrale response en -1 tot -3 vir positiewe response is opgestel. Totale tellings kan dus wissel tussen +120 tot -120. In die onderhawige toets het die tellings van +74 tot -34 gestrek. 'n Plustelling dui dan op konflik of wanaanpassing en 'n minustelling op aanpassing.

## 5.2 Kenmerke van die sinvoltooiingstoets as 'n ondersoekmetode.

Aan die hand van verskeie ondersoeke is dit moontlik om sekere aspekte van die tegniek uit te lig.

'n Interessante studie is dié van Gertzel soos beskryf deur Allport G.M. in die hoofstuk The Trend in Motivational Theory. (Mednick en Mednick, 1964). Gertzel het twee vorms van die sinvoltooiingstoets gebruik: dieselfde onvoltooide gedeeltes is in die eerste persoon en in die derde persoon gegee, byvoorbeeld "When they asked Frank to be in charge ...; When they asked me to be in charge .....; When Joe meets a person for the first time; When I meet a person for the first time ..... Die items is deurmekaar versprei. Daar is 20 items van elke soort. Die studie is gedoen met 65

oorlogsveterane - 25 was gediagnoseer as goed aangepaste persone en 40 was psigoneurotiese gevalle wat uit die diens weens persoonlikheidsprobleme ontslaan is. Die uitslag was dat die goedaangepaste persone identiese response getoon het by die eerste en derde persoon sinsnedes. Indien die sinne in die derde persoon as 'n projeksie-metode beskou word, blyk dit dat die goedaangepaste persone dieselfde uitslae lewer as die direkte ondervragingsmetode. Die wanaangepaste persone, egter, het grootliks verskil, bv. "When they asked me to be in charge I agreed", maar "When they asked Frank to be in charge he was afraid."

Die genoemde skrywer bied die volgende verklaring vir hierdie verskynsel: Die sin in die eerste persoon is so direk dat die neurotikus op die verdediging is en 'n "korrekte" antwoord gee. Daar kan dus nie peil getrek word op die direkte antwoorde van die neurotikus nie. Dit kan ook gestel word dat dit nie die geïntegreerde persoonlikheid is wat homself in 'n projeksietoets openbaar nie - hy doen dit reeds met die direkte metode, maar dit is die neurotikus wat in die direkte metode agter 'n masker skuil en nie sy onderdrukte vrese en wanaanpassings laat blyk nie. Hy kan dit egter nie in 'n projeksietoets doen nie. Die skrywer kom dan tot die gevolgtrekking, na vergelyking met ander projeksietoetse, dat die ondersoeker nie 'n projeksietoets alleen moet toepas nie, maar dit altyd saam met 'n direkte metode moet doen met die doel om te kan onderskei tussen 'n geïntegreerde en 'n wanaangepaste persoonlikheid.

In 'n bespreking van die "Incomplete Sentence Test for Industrial Use" (twee vorms: (M vir mans en W vir vroue) van Spache wys Balinsky daarop dat die toets opgestel is om 'n beter insig te kry in 'n werknemer se persoonlikheidstrekke as wat papier en potlood-persoonlikheidstoetse aandui. Die moontlikheid bestaan dat ook by die sinvoltooiingstoets toetslinge doelbewus 'n goeie beeld van hulself sal gee en om hierdie rede word aanbeveel dat die toets nie alleen gebruik word nie. Spache gebruik ook die eerste sowel as die derde persoon. Laasgenoemde vorm word as 'n projeksietoets beskou en Balinsky spreek die gedagte uit dat dit jammer is dat hierdie aspek nie meer ondersoek is nie. Die toets word as 'n nuttige hulpmiddel gesien om inligting betreffende werkers se probleme en houdings te bekom. (Buros, 1970).

'n Probleem van die sinvoltooiingstoets is die vlak van geletterdheid wat vereis word. Om hierdie rede word die toets baie selde op die voor-adolessente stadium gebruik. (Palmer, 1970).

Die rasionaal van die metode is basies dieselfde as vir ander assosiatiewe tegnieke, hoewel die konstruksie van die stam die reaksie kan beïnvloed. Goldberg (1965) kom tot die gevolgtrekking dat op grond van empiriese gegewens die eerste persoon-konstruksie blykbaar te verkies is. Palmer (1970) haal Rhode 1957, aan wat die volgende ses kriteria stel vir die besondere 65 items wat die skryfster in haar toets opgeneem het: "(1) The range of stimuli must be broad enough to elicit information from all areas and phases of behaviour reaction. (2) Areas likely to be foci

of conflict must be stimulated. (3) The responses must be controlled as little as possible by the stimulus phrases. (4) The items must be arranged to lead the subject from everyday life to the more inaccessible areas of personality, in order to avoid engendering resistance. (5) The stimuli must be comprehensible to persons mental age ten and up. (6) The total time required for the method must not exceed a period convenient for the schedules of schools and the institutions."

Dit blyk dus dat die oogmerk van die kriteria is om assosiasies te stimuleer, veral in bepaalde aspekte, en om weerstand te vermy sonder om die assosiasies te beheer Sowel Rhode 1957 as Rotter 1965 het met adolessente groepe gewerk. Albei het daarop aanspraak gemaak dat hul toetse tussen aangepaste en wanaangepaste kinders kan onderskei.

'n Probleem van die sinvoltooiingstoets is die feit dat dit kwesbaar is in die hande van die persoon wat op die verdediging is. Palmer (op. cit.) haal Rotter en Willerman 1947 aan wat bevind dat uiters negatiewe response verkry is by die toepassing van die toets op 'n groep sielkundiges: ".... this group in effect was saying: 'It's none of your business while a college group was saying: 'Although it is undoubtedly your business, I will tell you only nice things about myself." Selfs waar persone na 'n kliniek of hospitaal vir die doel van 'n sielkundige ondersoek gekom het, was die response dikwels betekenisloos of dubbelsinnig. Ook adolessente gee dikwels misleidende response.

Hierdie weerstand kan natuurlik in 'n groot mate beïnvloed

word deur die bepaalde omstandighede waaronder die toets afgeneem word. In die geval van die onderhawige ondersoek met ouers van Spesiale Klas-leerlinge kon die anonieme aard van die ondersoek 'n positiewe effek gehad het.

Die plooibaarheid van die sinvoltooiingsmetode is een van die voordele van hierdie toets vir kliniese en navorsingsdoeleindes. Desnieteenstaande is sekere gestandardiseerde vorme gepubliseer vir meer algemene gebruik. (Anastasi, 1968). Die skryfster noem die Rotter ISB waar elk van die 40 items op 'n 7-punt skaal aangeslaan word volgens die klaarblyklike graad van aanpassing waarvan voorbeelde verskaf word. Hiervolgens is 'n betreklike objektiewe nasienmetode en telling moontlik. Die som van die tellings gee 'n totaal wat vir siftingsdoeleindes gebruik kan word. Die response kan ook gebruik word vir spesifieke diagnostiese doeleindes. Geldigheidstudies het belowende uitslae getoon.

Die metode verskil van die woord-assosiasie-tegniek in soverre dat dit nie van die toetsling verwag word om die eerste respons wat by hom opkom, te gee nie, aangesien dit belangrik is dat hy 'n mate van beheer oor sy response moet hê. (Goldenson, 1970). Die skrywer wys ook op die aanpasbaarheid van die metode vir 'n verskeidenheid doeleindes en is al gebruik vir vasstelling van nie alleen emosionele rypheid nie, maar ook ten opsigte van houdings teenoor die leër, seks, integrasie, werkgewer-werknemer verhoudinge, gesinsverhoudinge, volkereverhoudinge, huweliksverhoudinge.

Daar is nie eenstemmigheid oor die presiese aspekte van die persoonlikheid wat die sinvoltooiingstoets peil nie.

Goldenson (op. cit.) haal Symonds 1947 aan wat beweer dat dit deurdring tot "unconscious trends", maar die meeste navorsers stel dit dat dit 'n peiling doen van inhoude wat nader aan die oppervlakte lê volgens Hanfmann en Getzels 1953. (Goldenson, op. cit.).

Cronbach (1964) beskryf die tegniek as een van die eenvoudigste en maklikste maniere om inligting oor konflikte te verkry, òf met die oog op selektering van persone òf as voorbereiding vir onderhoudvoering. Hoewel die antwoorde beheer kan word, gee die persoon wat saamwerk tog 'n goeie beeld van sy opvallende houdings en opvattinge.

In sy studie van vier verstandelik-gestremde leerlinge gebruik Hamilton (1971) die Rotter-sinvoltooiingstoets "om 'n beter beeld van die proefpersoon te probeer verkry."

By personeelkeuring is die metode ook gebruik, aangesien dit hom daartoe leen om sekere verwagte en vereiste eienskappe van die toetspersoon uit te lig. As voorbeeld kan genoem word die Miner Sentence Completion Scale. (Buros, 1972). Die toets is gebruik vir toepassing op bestuurders en aspirantbestuurders. Die toets bestaan uit 40 stamme wat 7 velde dek. Die rasionaal is dat goeie bestuurders gemotiveerd sal wees, hulle sal positief teenoor gesagsfigure wees, sal kompeterende aktiwiteite verwelkom, sal manlike rolle verkies, sal hul wense op andere wil afdwing en sal daarvan hou om prominent te wees in 'n groep. Roetine administratiewe funksies is die sewende veld. Nasiensleutels word verskaf wat bestaan uit 10 voorbeelde vir elke veld met die aanwysing +, ?, - per item.

Teenstrydige menings word uitgespreek oor die interpretasie en verwerking van response by die metode. Cofer spreek die volgende opinie uit oor die feit dat daar geen verwysing na betroubaarheid en geldigheid by die Forer Structured Sentence Completion Test 1957 is nie. (Buros, 1970). Cofer stel dit as volg: "This test, if test can be appropriately used here, is an open invitation to free clinical speculation. One must take the completions, enter an evaluation in the appropriate space on the record blank, and then compare and contrast, following whatever speculative hunches one may have .... Speculation is not objectionable, but it should, in a practical clinical situation, be subject in the interest of the client, to the constraints provided by norms and the limits of known reliability and validity."

Die teenoorgestelde sienswyse word deur Symonds gehuldig In 'n bespreking van hierdie selfde toets stel die skrywer dit as volg: "For this projective technique there is no evidence as to validity or reliability and no norms are provided. However in the judgment of this reviewer these data do not seem to be called for since the test is intended to be used essentially as a clinical or diagnostic investment. ..... As is true with any projective technique, the meaning of the responses cannot be defined unequivocally in a manual; much depends upon the judgment, sagacity and experience of the test user. The author is quite aware that no response on a projective technique can be interpreted singly, but that it must be looked at in the light of other responses and interpreted in context of other facts known about the subject." (Buros, 1970).

Sinsvoltooiing is eintlik meer 'n tegniek of 'n metode as 'n enkele spesifieke instrument, hoewel bemarkte toetse volgens hierdie metode tog wel beskikbaar is. (Lanyon en Goodstein, 1971). Die skrywers noem Farer 1950, Rohde 1967, Rother en Rafferty 1950. Na 'n beskrywing van die toets word die stelling gemaak dat die stam van die onvoltooide sin so gekies moet word dat dit response uitlok wat daarop bereken is om 'n aanduiding te gee van die individu se gevoelens en gedragspatrone. Stamme kan in die eerste of derde persoon wees. By laasgenoemde word op grond van 'n projektiewe hipotese aanvaar dat die response in hierdie geval lig werp op die persoon se eie reaksies.

Van die verskillende beskikbare instrumente van hierdie tegniek geniet die Rotter ISB moontlik die grootste aanhang soos reeds aangetoon. Afgesien van 'n kwalitatiewe, kliniese ontleding van die response bied Rotter ook 'n kwantitatiewe nasienskaal wat 'n enkele aanpassingsindeks gee.

Die sinvoltooiingsmetode het voordele bo die "papier en potlood"- persoonlikheidsvraelyste. Die toetspersoon se response word dikwels tot "Ja" en "Nee" beperk in antwoord op 'n aantal direkte vrae. Deur die sinne te voltooi, het die toetspersoon 'n onbeperkte geleentheid om sy eie gevoelens en emosies te stel. (Thurston, Brunclik en Feldhusen, 1967).

In die handleiding van die ISB is Rotter en Rafferty (1950) se beskouing as volg: Die sinvoltooiingsmetode vir persoonlikheidstudie is 'n semigestruktureerde projeksietegniek. Soos by ander projeksietegnieke word

dit hier aanvaar dat die toetspersoon sy eie wense, begeertes, angste en houdings in die voltooide sinne sal reflekteer. Histories is die onvoltooide sinne-metode verwant aan die assosiasie tegniek. 'n Essensiële verskil is dat daar geen dringendheid in die response is nie - die toetsling kan dink oor sy reaksie en dit sorgvuldig formuleer. Die response is meer geneig om inligting te verskaf wat die toetspersoon gewillig is om te gee as inligting wat onwillekeurig gegee word.

In hul ondersoek van ouers en gesinne met 'n "diepzwakzinnig" kind, het Gresnigt en Gresnigt-Strengers (1973) enkele meetinstrumente ondersoek om op 'n navorsingsmetode te besluit. Een van die ondersoekinstrumente wat probeer is, was die Thurston Sentence Completion Form TSCF aangesien dit benewens deur Thurston self, ook deur ander ondersoekers gebruik is, onder andere Appell 1964 en Condell 1966 en bruikbare resultate gelewer het.
Die toets bestaan uit 45 sinstamme en die skrywers het 30 van die items vertaal en dit aan 40 ouers van kinders in die Huize Maria Roepaan voorgelê. Hierdie ouers het nie aan die latere ondersoek deelgeneem nie. Die skrywers het, om die volgende redes, besluit om nie die toets vir hul ondersoek te gebruik nie :

(1) Die toets het lank geduur om te voltooi. Ouers het gemiddeld 45 minute nodig gehad.

(2) Heelwat ouers het probleme gehad om die vorm te voltooi en hulle op hierdie manier uit te druk met die gevolg dat baie items oorgeslaan is.

(3) 'n Groot aantal ouers het hulleself bedreigd gevoel

deur die toets aangesien hulle nie daaraan gewoond was om hul gevoelens skriftelik te stel nie.

(4) Die interpretasie en nasien het vir die skrywers probleme opgelewer.

'n Ander siening van die metode word deur Calden (1953) gelewer. Die houdings en emosionele reaksies van tuberkulose pasiënte is belangrik en hospitaalowerhede het die noodsaaklikheid gevoel vir 'n instrument waarmee die bepaling gedoen kan word. So 'n metode moet die minimum tyd in beslag neem, maar tog voldoende inligting verskaf om van waarde te wees. So 'n vorm is deur die Veterans Administration Hospital in Madison, Wisconsin ontwikkel en staan bekend as die Madison Sentence Completion Form MSCF. Die vorm bestaan uit 80 stamme wat 9 velde dek. So sal items wat met die syfer 1 eindig, byvoorbeeld 1, 11, 21, 31, 41 ensovoorts, dui op houdings teenoor verpligte rusperiodes; items wat met 2 eindig, byvoorbeeld 2, 12, 22, 32 ensovoorts, dui op houdings teenoor hospitalisasie; items wat met 3 eindig, byvoorbeeld, 3, 13, 23, 33, oor houdings teenoor tuberkulose en so meer. Die response word eers gegroepeer en volgens die onderskeie velde geïnterpreteer en daarna volg 'n geïntegreerde interpretasie van al die response.

Daar is geen vaste reëls vir die interpretasie van die MSCF nie. Calden beveel 'n buigsame kliniese benadering aan hoewel 'n skaalwaarde vir elke item ook ontwikkel kan word. Laasgenoemde kan nuttig wees vir siftingsdoeleindes by groot getalle pasiënte. Oor die algemeen egter kan die

response aanvaar word soos hulle gestel is. Ook die geval waar 'n pasiënt doelbewus 'n misleidende antwoord gee, is van belang. Hoe meer bedrewe die interpreteerder is, hoe groter word die waarde van die vorm. Die toepassing van die vorm is maklik en verg 'n minimum tyd en toesig.

Remmers, Gage en Rummel (1966) beveel die sinvoltooiing-tegniek aan by onderwysers om meer van hulle leerlinge te wete te kom. Onderwysers kan hul eie stamme opstel en 'n betreklik goeie beeld verkry oor hul leerlinge se gevoelens en houdings ten opsigte van 'n verskeidenheid aspekte rakende die klaskamersituasie. Die metode het die voordeel dat dit ongestruktureerd is en doelbewuste misleidende response kan verminder word deur leerlinge anoniem te laat bly.

Die voordele van die sinvoltooiingsmetode word deur Rotter en Rafferty (1950) as volg saamgevat :

(1) Daar is vryheid van response. Die toetsling is nie gebonde om spesifiek bevestigend, ontkennend of neutraal op 'n vraag te antwoord nie. Hy kan enige respons lewer.

(2) Daar is 'n mate van verborgenheid van implikasie in die toets. Hoewel die toetsling bewus mag wees van die algemene doel van die toets, is dit nie altyd duidelik wat 'n "goeie" of 'n "swak" antwoord sal wees nie.

(3) Toepassing in 'n groepsituasie is betreklik doel-treffend en maklik.

(4) Geen besondere opleiding is nodig ten opsigte van die toets nie. Die interpretasie sal bepaal word deur die interpreteerder se kliniese ervaring, maar daar is geen spesifieke opleiding nodig vir hierdie tegniek as sulks nie.

(5) Die metode leen homself tot objektiewe nasien vir siftings- en eksperimentele doeleindes. Hoewel objektiewe nasienprosedures nie toegepas is by 'n groot aantal van hierdie toetse in die literatuur nie, is dit tog moontlik om 'n betreklik objektiewe vorm van nasien daar te stel.

(6) Die toetstyd en die nasien neig om korter te wees as by ander projeksietoetse.

(7) Die metode is baie buigsaam in soverre dat die stamme gewysig kan word om te voldoen aan vereistes vir bepaalde kliniese, toegepaste en eksperimentele doeleindes.

Die skrywers wys ook op drie nadele in vergelyking met ander persoonlikheidstoetse.

(1) Hoewel 'n semi-objektiewe stelsel van nasien moontlik is, moet dit met die hand nagesien word en vereis 'n algemene bedrewenheid en kennis van persoonlikheidsontwikkeling vir 'n kliniese bepaling en interpretasie.

(2) 'n Gesofistikeerde toetsling kan inligting van die interpreteerder weerhou.

(3) Onvoldoende inligting word in sommige gevalle verkry, veral van ongeletterde, gestremde of van persone wat nie wil saamwerk nie.

Samevattend kan daar gewys word op die beskouinge oor die sinvoltooiingsmetode deur Goldberg (1965). Na 'n uitvoerige studie van die literatuur kom die skrywer tot die volgende gevolgtrekkings :

(1) Dit is 'n waardevolle instrument vir ondersoek van die persoonlikheid en vergelyk gunstig met ander instrumente. 'n Betreklik wye, en oor die algemeen gunstige navorsingsliteratuur, is geneig om die algemene kliniese en navorsingsgebruik te regverdig.

(2) Waarom die tegniek 'n sukses is en die resultate behaal word wat wel gebeur, is nie duidelik nie.

(3) Navorsers wat sinsvoltooiingstegniek gebruik, is oor die algemeen klaarblyklik nie besorg oor die gebrek aan 'n teoretiese rasionaal onderliggend aan die gebruik van die metode nie. As gevolg van die gebrek aan standardisasie van die toets is die ontwikkeling daarvan oor die algemeen diffuus en ongeorden.

(4) Die skrywer wys op die nodigheid vir verdere navorsing oor die metode self. Die probleme wat met die toets ondervind word, sowel as die sukses wat behaal is, regverdig 'n dieper ondersoek. Navorsers het dit gestel dat toetspersone doelbewus misleidende response kan gee - navorsing is dus nodig om 'n wyse te ontwikkel wat dit kan uitskakel. Meer sistematiese navorsing is nodig oor die effek van verskillende instruksies, stamstruktuur, keuse van stamme en lengte van toetse.

(5) Miskien die grootste behoefte aan navorsing is oor die bestaande sinsvoltooiingstoetse. Besondere toetse het geassosieer geraak met bepaalde toetsbevolkings en geldigheidskriteria. Om hierdie toetse uit te brei na ander toetsbevolkings en nuwe kriteria daar te stel, sal beter vergelykende studies moontlik maak wat tot 'n meer geïntegreerde en meer doeltreffende literatuur oor die onderwerp sal lei.

## 5.3 Ondersoeke waarby die TSCF gebruik is.

Die nodigheid is gevoel vir 'n sistematiese en betroubare wyse om ouerlike houdings te peil. Dit moes ingesluit kan word in die roetine prosedure van klinieke, hospitale en inrigtings wat met die gestremde kind werk. So 'n instrument moet kort wees in sy toepassing en evaluering, dog voldoende inligting verskaf aan die medikus, sosiale werker of ander personeel om die ouer te begryp en sy rol in 'n doeltreffende behandelings- en rehabilitasieprogram te bepaal.

So 'n vorm is deur Thurston ontwerp - die Thurston Sentence Completion Form TSCF. Die eerste toepassing was deel van 'n omvattende navorsing oor serebraalgestremde pasiënte by die Northern Wisconsin Colony en Training School, Chippewa Falls,Wisconsin. Hierdie ondersoek sal later breedvoeriger beskryf word. Uit 'n ontleding van die response het dit geblyk dat die vorm 'n effektiewe wyse is om die houdings van ouers te peil. Inligting verkry van bepaalde vorms is gebruik om terreine van misverstand of kommer te omlyn of uit die weg te ruim. (Thurston, 1959).

Die opsteller beskryf dit as 'n "semi-projective device" wat dikwels deur kliniese sielkundiges gebruik word. Die toets bestaan uit 'n aantal onvoltooide sinstamme wat voltooi moet word.

Deur dit te doen, is daar bevind dat 'n persoon in staat is om uiting te gee aan sy gevoelens, angste, voorkeure, afkere en wense. Die gebruiklike wyse is om dit aan die toetspersoon te oorhandig wat dan skriftelik reageer. Is die toetspersoon nie daartoe in staat nie, kan die response mondeling gestel word en die toetsafnemer skryf dit neer. Tydens 'n persoonlike onderhoud het dit geblyk dat prof. Thurston self die mondelinge metode verkies aangesien dit in werklikheid 'n ongestruktureerde onderhoud vorm. Die voltooiing kan op twee maniere mondeling geskied, te wete die toetsafnemer lees die sinstam en teken die respons aan, of die toetspersoon vul die vorm in terwyl die toetsafnemer die sinstam lees. Vir laasgenoemde metode en ook die situasie waar die ouer self die sinstam lees en dan die respons skryf, word 'n sekere akademiese peil vereis. By die mondelinge metode kan 'n bandopnemer ook nuttig wees. Die metode kan ook gebruik word as die basis vir 'n semi-gestruktureerde onderhoud.

Die tegniek gee aan die toetspersoon 'n aansienlike vryheid van response, hy kan sy gevoelens vryelik stel en is nie aan 'n bepaalde antwoord gebonde nie. Dit is ook vir die interpreteerder moontlik om 'n hipotese te stel na aanleiding van 'n enkele respons en dan te bepaal of die stelling bevestig of ontken word deur verdere reaksies.

Gedurende 1957-1959 is 'n omvattende ondersoek na die

serebraalgestremde onderneem by Northern Wisconsin Colony and Training School by Chippewa Falls, Wisconsin. As 'n belangrike deel van hierdie ondersoek is navorsing gedoen oor ouerlike houdings en die effek van tydsverloop op ouerlike siening. Vorms van die TSCF is aan 610 ouers gepos. Dit is aan elke ouer gestel dat inligting in die belang van navorsing ingewin word en gebruik sal word ter bevordering van die sorg van gestremde kinders. Van hierdie vorms is 253 (41,4%) teruggestuur. Van hierdie getal is 27 buite rekening gelaat vir ontleding weens onvolledigheid en 'n verdere 13 van familiebetrekkinge is uitgelaat weens die heterogeniteit van die groep. Die resultate van die ondersoek berus dus op 213 TSCF's (34,9%).

Die individuele verskille in response was opvallend. Daar was egter voldoende ooreenkomste om die response in kategorieë in te deel. Die reaksies is sorgvuldig getabuleer deur vier nasieners en in bepaalde groepe geplaas. Persentasies is uitgewerk ten opsigte van die getal response binne elke groep. 'n Bespreking word na aanleiding van die gegewens binne elke groep gegee. Interpretasie van bepaalde response berus op die kliniese ervaring van die skrywer. (Thurston, 1960).

As deel van die ondersoek na die serebraalgestremde by Northern Colony is daar ook gepoog om die houdings te bepaal van ouers wie se kinders in 'n inrigting geplaas is teenoor die houdings van ouers wie se kinders aan huis is. Vir hierdie deel van die ondersoek is die hulp van United Cerebral Palsy of Greater Green Bay Inc. verkry. Die TSCF is gewysig om voorsiening vir hierdie aspek van die onder-

soek te maak en daar is gebruik gemaak van die "Green Bay Edition" van die TSCF. (Thurston en Steel, 1959).

Daar is 44 sinstamme (een van die TSCF-sinstamme is per abuis by die Green Bay Edition uitgelaat) en 7 velde word gedek. Die vorms, tesame met 'n brief is aan 213 ouers in Green Bay gestuur waarvan 65 vorms terug ontvang is. Van hulle is een onvoldoende ingevul en is 65 (32%) vir die ondersoek gebruik. Die response is deur die skrywers getabuleer na aanleiding van die tabulering by die Northern Colony-studie. Die skrywers het weinig verskil gevind in die siening van moeders en vaders en daar is geen onderskeid hiertussen gemaak in die bespreking en berekening van persentasies nie. Interpretasie van response het berus op die kliniese indrukke van die skrywers. Gevolgtrekkings het hoofsaaklik berus op persentasies van ouers wat bepaalde response gegee het.

Appell, Williams en Fischell (1964) ondersoek die verandering in ouerlike houdings na groepvoorligting met behulp van die TSCF. Die toetspersone was 21 moeders van gestremde kinders in die Day Care Center, Inc., Rochester, New York. Die ouers is in 2 groepe verdeel en het ongeveer 60 keer byeengekom oor 'n tydperk van 2 jaar. 'n Gewysigde vorm van die TSCF is op elke groep toegepas aan die begin en aan die einde van die tydperk. Die response is in 6 kategorieë verdeel - die 7de kategorie, reaksies van algemene aard, is weggelaat. Die onderskeie items in elke afdeling van die vorm is vergelyk ten opsigte van reaksie voor en na voorligting deur chi-kwadraat ontleding vir veranderinge in die kwaliteit van response. 'n Bespreking van bevindinge en gevolgtrekkings word vir elke kategorie gegee. Die

aantal response waarop bevindinge baseer word, word deur persentasies aangedui.

Met 'n gewysigde TSCF is 'n ondersoek by die Four County Project for Retarded Children in Wes-Minnesota uitgevoer om die houding van ouers in 'n landelike gemeenskap teenoor verstandelike gestremdheid in die algemeen en die onderhawige inrigting in die besonder, te peil. (Condell, 1966). Die sinvoltooiingsvorm is aan 152 gesinne gestuur. Van hierdie getal is 44% terug ontvang. Geen name van ouers is vereis nie. Sommige van die oorspronklike items van die TSCF is weggelaat en met nuwes vervang. Die finale vorm het uit 40 items bestaan wat oor 6 velde versprei is. Die sewende veld, houdings van 'n algemene aard, is weggelaat. Elke respons is deur 4 personeellede in 'n bepaalde kategorie geplaas om die algemene reaksie op 'n bepaalde sinstam vas te stel. Persentasies is bereken om die voorkoms van die meer gewilde reaksies op elke sinstam uit te druk.

Vir 'n studie van die voorspelbaarheid van sukses vir die verpleegstersberoep is van die onvoltooide sinne-tegniek gebruik gemaak. (Thurston, Brunclik en Feldhusen, 1967). Die skrywers motiveer hul keuse op grond daarvan dat in so 'n studie daar 'n tegniek benodig word wat aan verpleegsterskolleges inligting sal verskaf betreffende die persoonlikheid en potensiële probleme van hul studente. Die sinvoltooiingstoets skyn hiervoor aangewese te wees. Een voordeel van die metode bo 'n vraelys is dat die sinstamme nie duidelik aan die toetsling toon wat verlang word nie met 'n gevolglike afname in doelbewuste misleidende antwoorde. Toetslinge gee meer unieke en persoonlike

response waarop gedragsvoorspellings gebaseer kan word. Die skrywers haal Rotter en Rafferty 1950 aan wat daarop wys dat hierdie tegniek baie aanpasbaar is by 'n verskeidenheid situasies en betroubare norms gelewer het by studente binne 'n ouderdomsgroep wat ooreenslaan met dié van die verpleegsters.

Vir die ondersoek is die Luther Hospital Sentence Completion, LHSC, gebruik. In 'n bespreking van die kwalitatiewe gebruik van die LHSC wys die skrywers daarop dat die resultate van sielkundige toetsing altyd as aanvullend en bykomend beskou moet word tot bestaande agtergrondkennis van die toetspersoon. Albei hierdie bronne van inligting moet dan gebruik word in die lig van die waarneming van die toetspersoon se gedrag en optrede. Eers dan is dit moontlik om tot 'n tentatiewe hipotese betreffende die persoon se gedrag te kom en op 'n plan van optrede te besluit. Die hipoteses en die besluite is die resultate van besluitneming deur een of meer persone. Die doeltreffendheid van die beplanning ten opsigte van die verdere optrede hang dus af van die wysheid en die insig van die persone wat die besluite neem: "Human beings, not tests make these decisions." As hierdie begrip duidelik is, kan sielkundige toetsing die maksimum bydrae lewer. Dit plaas dus 'n groot verantwoordelikheid op die persoon wat die toetse gebruik.

Dit word voorgestel dat daar geen vaste, absolute reëls vir die ontleding en interpretasie van die LHSC moet wees nie. 'n Buigsame benadering word aanbeveel. Die response kan oor die algemeen aanvaar word soos hulle staan. By gevalle van response wat daarop dui dat die toetspersoon

op die verdediging is of doelbewus 'n misleidende indruk skep, maak dit nie die betrokke toets waardeloos nie. Hierdie reaksie werp juis lig op die toetspersoon.

Verskeie wysigings van die LHSC is by geleentheid gebruik: Die Nursing Sentence Completions, 1964, het uit 40 stamme bestaan wat uit die LHSC geneem is. Peitchinis 1967, het 'n verwerkte vorm van die LHSC gebruik by 'n bepaling van die sielkundige behoeftes van verplegingstudente in Engeland. In 1967 het meer as 40 verpleegsterskolleges die LHSC kwalitatief by individuele studente gebruik. Om die geldigheid van die LHSC te bepaal volgens die Nursing Education Scale - 'n nasienmetode met 'n 3-punt skaal, sal opvolgstudies gedoen moet word. (Thurston, Brunclik en Feldhusen, 1967).

Die skrywers wys op 'n interessante verwerking wat gebaseer is op die Nurse Attitudes Inventory, naamlik die Empathy Inventory wat bestaan uit 'n stam met 5 moontlike voltooiings. By die Empathy Inventory is dieselfde stamme gebruik, maar slegs 2 moontlike voltooiings by elke stam. Hierdie twee moontlike antwoorde is gekies op grond van teenoorgestelde reaksies soos blyk uit die oorspronklike opname. Die doel van die toets is om die empatie by dosente vas te stel - watter dosente empatie met hul studente het, met die uitgangspunt dat empatie die gehalte van die onderrig sal bevorder.

Thurston en Brunclik (1973) verwys ook na 'n latere verwerking van die Nurse Attitudes Inventory wat uit 'n onvoltooide sin en 5 moontlike voltooiings bestaan waarvan die toets-

persoon een moet kies - 'n gestruktureerde vorm dus.

Die tegniek word ook gebruik deur Benning, Feldhusen en Thurston (1968) in 'n ondersoek na leerlinge met afwykende gedrag. Die studie is genoem: "Delinquency Prone Youth: Longitudinal and Preventive Research" vir die Wisconsin State Department of Health and Social Services.

Feldhusen, Thurston en Benning het die Sentence Completion Form opgestel vir gebruik by "Elementary and Junior High School Children" vir die bepaling van "socially approved and aggressive-disruptive classroom behaviour." (Thurston, 1974). Die SCF bestaan uit 20 stamme en by jonger leerlinge is dit mondeling afgeneem. Punte word volgens 'n 3-punt skaal toegeken waar 1 punt aan 'n positiewe respons toegeken word, 3 punte vir 'n respons kenmerkend van negatiewe gedrag en 2 punte waar die respons nie in 'n bepaalde groep ressorteer nie. Die nasien is deur drie nasieners volgens die handleiding gedoen en die korrelasies was ,70, ,77 en ,79 wat as bevredigend beskou is.

In 'n persoonlike onderhoud met prof. Thurston in Eau Claire, Wisconsin, September 1975, is die name en adresse van 5 persone wat navraag omtrent die TSCF gedoen en verlof gevra het om dit te gebruik, verstrek. Briewe is vanaf Grahamstad aan die betrokke persone gerig om besonderhede te bekom betreffende aard van ondersoek en beskikbare resultate. Twee briewe is deur die Poskantoor terugbesorg aangesien die persone nie meer by die betrokke adresse was nie, twee persone het nie gereageer nie, en slegs een persoon het geantwoord. A.E. Harada van Brittanje het navorsing gedoen oor literatuur wat handel oor ondersoeke wat met die ouer van die gestremde kind gedoen is.

## 5.4 Die Thurston Sentence Completion Form TSCF.

Die TSCF is spesifiek ontwerp om die houdings en emosionele reaksies van ouers van gestremde pasiënte te peil en wel ten opsigte van 7 bepaalde velde naamlik :

(1) Reaksies en besorgdhede van ouers;
(2) Houdings ten opsigte van pasiënte se tevredenheid-ontevredenheid;
(3) Reaksies van broers en susters;
(4) Reaksies van die gemeenskap, vriende en bure;
(5) Houding teenoor die inrigting en personeel;
(6) Houdings betreffende die verwagtinge en hoop van die ouers van die gestremde kind;
(7) Houdings van 'n algemene aard. (Thurston, 1959).

Die TSCF is as volg ontwikkel: 'n Honderd sinne is deur die skrywer opgestel. Die grootste getal is gekies deur outoriteite gemoeid met die serebraalgestremde kind wat bepaalde houdings as belangrik in hierdie veld beskou het. 'n Aantal bykomstige sinne is bygevoeg na voorstelle deur sielkundiges, sosiale werkers, psigiaters en ander personeel van Northern Colony en Eau Claire County Guidance Clinic. Van hierdie finale lys van 150 sinstamme is 45 gekies op grond van hul toepaslikheid en moontlikhede om 'n insiggewende respons te ontlok. Die lengte van die toets is as voldoende beskou om 'n betroubare beeld van houdings ten opsigte van die onderskeie velde te verkry, maar tog kort genoeg om 'n reaksie van soveel ouers as moontlik te verkry.

Die TSCF met aanwysings is die volgende :

"We are very interested in knowing how you think and feel about your handicapped child. You probably have many questions about your child's condition, progress, future, etc. We hope that you will feel free to express any ideas that you have concerning your child. In order to help you express some of your thoughts, we have developed a set of incomplete sentences so that we can tell how you feel about these matters. There are no right or wrong answers so please feel free to write whatever you wish.

To aid you in understanding the way we would like to have you fill out the sentences, we have included the example below :

A. When I think about Christmas, I always ..... Now this can be completed in many different way. You might finish it by saying : 'remember the Christmases I had as a child.', or 'begin to worry about getting ready for it.', or 'think about how happy I'll be', or 'think of the church services.', or in many other ways. How would you have completed this one?

Remember that there are no right or wrong answers to these sentence beginnings. Please complete them all and return them to us as soon as possible.

THURSTON SENTENCE COMPLETION FORM

Code ____________ Northern Colony

Edition "A"

Please check your relationship to the child:

Mother _______________ Father _____________

Instructions:

Below are a number of incomplete sentences. By completing

these sentences, you can express how you feel about many things. Finish each sentence as well as you can. Feel free to write whatever you wish.

1. The thing that makes my child the happiest is
2. When I think of my child, I
3. The thing I'd like to see my community do for the handicapped is
4. The thing that my child likes best about Northern Colony is
5. I think that getting together with parents of other handicapped children to talk over problems is a (good) (poor) (cross out one) thing because
6. When people know you have a handicapped child, they
7. The Northern Colony meals are
8. What I want my child to get out of life is
9. The way I found out that my child was handicapped was
10. What they could do to make Northern Colony a better place is
11. The thing that I still don't understand about my child's handicap is
12. The greatest difficulty for my child is
13. When it appeared that my child was handicapped, I
14. When my child comes home, he (or she) wants most to
15. When the brothers and sisters are asked about the handicap, they
16. The future looks
17. The thing that most parents find hardest to accept about the handicap of their child is
18. I think that the social workers at Northern Colony
19. When I first learned that my child was handicapped, I
20. The Occupational Therapy program is

21. When I watch the Cerebral Palsy Telethon, I
22. When I think of my child's future, I
23. When I am with my handicapped child, I like people to
24. The most common mistake others make in raising a handicapped child is
25. The best thing that has happened to my child is
26. My biggest fear is
27. I (wanted) (did not want) (cross out one) my child placed at Northern Colony because
28. What bothers me most about my child's handicap is
29. The thing I like most about Northern Colony
30. If something were to happen to me, my child
31. My child becomes most easily disturbed when
32. I think that the nurses and attendants at Northern Colony
33. I (do) (do not) (cross out one) feel free to discuss my child's handicap with my friends and neighbours because
34. Although my child is handicapped, I would like him (or her) to
35. I think that a sentence completion form like this
36. I worry most about
37. I believe that my child's handicap resulted from
38. My child is (happy) (unhappy) (cross one out) at Northern Colony because
39. I think that the organization, United Cerebral Palsy
40. When I visit my child, he (or she)
41. When the child's brothers and sisters ask about him (or her), I tell
42. When I talk to my friends and neighbours about my handicapped child, they think I should

43. The thing that would help me most in understanding my handicapped child would be
44. The recreation program at Northern Colony is
45. If I could be granted one wish for my child, it would be

Die items wat op 7 verskillende velde slaan, is soos volg :

1. Reaksies en besorgdhede van ouers: No. 2, 5, 9, 11, 13, 16, 17, 19, 24, 25, 26, 27, 28, 30, 36, 37, 40, 43.
2. Houdings ten opsigte van die kind se tevredenheid-ontevredenheid: 1, 4, 12, 14, 31, 38.
3. Houdings ten opsigte van reaksies van broers en susters: 15 en 41.
4. Houdings ten opsigte van reaksies van die gemeenskap, vriende en bure: 3, 6, 23, 33, 42.
5. Houdings teenoor die inrigting en personeel: 7, 10, 18, 20, 29, 32, 44.
6. Houdings betreffende die verwagtinge en hoop van die ouers van die gestremde: 8, 22, 34, 45.
7. Houdings van 'n algemene aard: 21, 35, 39.

Wyse van interpretasie. Na voltooiing van die vorms kan die response op 'n spesiale interpretasievel oorgedra word. Hierdie vel kan gebruik word om die response in die bepaalde velde te groepeer of vir 'n besondere belangstelling van die interpreteerder. Die response kan individueel of gesamentlik geïnterpreteer word.

Daar word aanbeveel dat daar geen vaste, absolute reëls vir die ontleding en interpretasie van die TSCF moet wees nie. 'n Buigsame benadering word aanbeveel. Thurston voel dat response oor die algemeen aanvaar kan word soos hulle gegee is. Daar sal gevalle wees waar 'n ouer op die verdediging kan

wees en ontwykende of stereotipe response mag gee. Hierdie poging om sy of haar werklike gevoelens te verberg, maak nie 'n antwoord nutteloos nie. Dit kan dui op 'n wantrouige persoon wat bang is om sy gevoelens bloot te lê. Ondersteuning en spesiale aandag deur professionele persone kan in sodanige geval van positiewe waarde wees.

Selfs 'n oppervlakkige blik op response kan 'n aansienlike hoeveelheid nuttige inligting oor die ouerlike houdings en emosionele reaksies teenoor die kind en sy gestremdheid verskaf. Hoe meer gevorderd en opgeleid die interpreteerder is, hoe groter sal die insig wees wat in die ouer verkry sal word. Deur die TSCF kan die professionele persoon 'n betreklik insiggewende beeld van die ouerlike standpunt en reaksie kry.

In 'n persoonlike onderhoud het prof. Thurston dit gestel dat statistiese bewerkinge beperk is tot die uitwerk van sekere persentasies - die interpretasie van die TSCF-inligting is noodsaaklik beskrywend van aard.

Die vorm kan ook gewysig word om aan bepaalde eise te voldoen of om by spesifieke situasies aan te pas. Prof. Thurston het persoonlik verlof gegee tot wysiging van die TSCF vir die doel van hierdie ondersoek met ouers van Spesiale Klas-leerlinge. Daar was slegs die een versoek dat waar oorspronklike sinstamme behoue bly en nie vervang word nie, die oorspronklike nommer ook nie gewysig word nie. Dit sal vergelykings vergemaklik.

## 5.5 Die gewysigde vorm van die TSCF.

Die vorm van die TSCF wat vir die ondersoek gebruik is, het uit 53 sinstamme bestaan en wel soos volg: (Sien Bylae A vir vorm in Engels: Modified Thurston Sentence Completion Form).

<u>Privaat en vertroulik</u>

Die Professor in Beheer van Navorsing
Departement Opvoedkunde
Rhodes-Universiteit
Grahamstad
6140

Geagte Ouer,

Daar word tans 'n omvattende ondersoek gedoen na die houding en gesindhede van die ouers van leerlinge in ons Spesiale Klasse. Deur die aangehegte sinne te voltooi, sal u 'n waardevolle bydrae lewer tot 'n beter begrip van die gevoelens van die ouer van die leerling in die Spesiale Klas. Dit sal tot groot voordeel van almal wees.

U naam word nie verlang nie en u moet asseblief ook nie die vorm teken nie. Alle antwoorde word streng vertroulik behandel en sal na afhandeling van die ondersoek en verwerking van die gegewens, vernietig word.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Ons stel baie daarin belang om vas te stel hoe u oor u kind in die Spesiale Klas voel. Dit sal ons help om 'n beter bydrae tot u kind se vordering en beplanning vir die toekoms te maak. U het moontlik heelwat vrae en gedagtes omtrent u kind se vordering, toekoms, geluk, ens.

Om u te help om u gevoelens op 'n geordende wyse neer te skryf, het ons 'n aantal onvoltooide sinne opgestel. Deur hierdie sinne te voltooi, sal u aan ons kan meedeel hoe u oor hierdie aangeleenthede voel. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie so skryf asb. net wat u wil. U antwoorde sal streng vertroulik behandel word.

---

GEWYSIGDE THURSTON ONVOLTOOIDE SINNE-VORM

Verhouding tot kind: Dui asb. aan.

Moeder ______________ Vader ______________

AANWYSINGS:

Hier volg 'n aantal onvoltooide sinne. Deur hulle te voltooi, kan u uitdrukking gee aan heelwat aspekte in verband met u kind. Voltooi asb. elke sin so goed soos u kan. Skryf asb. net wat u wil.

1. Wat my kind die gelukkigste maak, is
2. Wanneer ek aan my kind dink
3. Wat ek graag sal wil sien dat die gemeenskap behoort te doen vir die kind wat nie akademies sterk is nie, is
4. Waarvan my kind die meeste hou in verband met skool, is
5. Ek dink dit is 'n goeie/nie 'n goeie idee dat ouers van Spesiale Klas-leerlinge bymekaar kom om oor gemeenskaplike probleme te praat, want
6. Wanneer mense weet dat jy 'n kind het wat skoolwerk moeilik vind, dan

7. Die manier waarop ek in kennis gestel is dat my kind na die Spesiale Klas moet oorgeplaas word
8. Wat ek graag wil hê dat my kind uit die lewe moet kry, is
9. Onderwysers behoort/behoort nie
10. Ek voel my kind kan/kan nie
11. Wat ek nog nie van my kind se probleem kan verstaan nie
12. Die grootste probleem vir my kind is
13. Toe dit blyk dat my kind moes oorgeplaas word na die Spesiale Klas
14. Wanneer my kind tuis kom, wil hy die graagste
15. Wanneer die broers en susters omtrent die kind in die Spesiale Klas gevra word,
16. Die toekoms lyk
17. Wat ouers die moeilikste vind om te aanvaar omtrent die leerprobleem van hul kind, is
18. Ek dink dat die onderwysers van die Spesiale Klas
19. Toe ek die eerste keer verneem het dat my kind 'n leerprobleem het
20. Om 'n kind te vertel dat hy/sy na 'n Spesiale Klas moet gaan
21. Onderwysers doen hul bes/doen nie hul bes om
22. Wanneer ek aan my kind se toekoms dink
23. Wanneer ek by my kind is, wil ek graag hê dat mense
24. Wat my soms ontstel, is
25. Die beste ding wat nog met my kind gebeur het
26. My grootste vrees is
27. Ek wou/wou nie my kind in 'n Spesiale Klas plaas/plaas nie, omdat
28. Wat my die meeste hinder omtrent my kind se leerprobleem, is
29. Waarvan ek die meeste hou in verband met die Spesiale Klas, is

30. As iets met my moet gebeur, dan is my kind
31. My kind word maklik ontstel wanneer
32. Ek dink dat die onderwysers by die skool
33. Ek het/het nie die vrymoedigheid om my kind se probleme met my vriende te bespreek/bespreek nie, omdat
34. Hoewel my kind 'n leerprobleem het, wil ek graag hê dat hy/sy
35. Ek dink dat 'n onvoltooide sinne-vorm soos hierdie
36. Ek bekommer my veral oor
37. Ek dink dat die oorsaak van my kind se probleem
38. My kind is gelukkig/ongelukkig (skrap een) op skool, want
39. Daar is tye wanneer
40. My kind se huiswerk
41. Wanneer my kind se broers en susters vrae oor hom stel, dan sê ek
42. Wanneer ek met my vriende of bure oor my kind in die Spesiale Klas gesels, dan sê hulle ek behoort
43. Wat my die meeste sal help om my kind goed te verstaan
44. Die res van die skool
45. As ek een wens vir my kind kan kry, dan is dit
46. Ek vind groot plesier daarin
47. Die werk wat hulle in die Spesiale Klas doen
48. My advies aan ouers met 'n soortgelyke probleem is
49. My kind se bekwaamhede
50. Ek behandel my kind
51. Die Spesiale Klas, volgens my mening,
52. Wanneer 'n kind na die Spesiale Klas oorgeplaas word
53. My ander kinders

## BYLAE "A"

Indien u nie daarteen beswaar het nie, sal ons dit op prys stel as u ons ook van die volgende inligting kan voorsien. Ons wil dit weer beklemtoon dat al u antwoorde streng vertroulik behandel sal word. U naam word nie verlang nie.

1. Wat is u beroep? (Stel asb. wat u werklik doen bv. S.A.S. - kaartjiesondersoeker - nie net S.A.S. nie).

   ....................................................

   ....................................................

2. Na watter standerd het u skool verlaat? ...........
3. Watter verdere opleiding het u na skoolverlating gehad?

   .....................................................

   .....................................................

4. Aan watter Kerk behoort u ? U Kerkverband ...........

   .....................................................

5. Aan watter klubs of organisasies behoort u ? ........

   .....................................................

   .....................................................

6. Hoeveel kinders of stiefkinders het u ? .............

   .....................................................

7. Dui asseblief aan in watter inkomstegroep u ressorteer. (Jaarlikse inkomste)

   a) Minder as R2400
   b) 2401 - R4800
   c) 4801 - 7200
   d) 7201 - 9600
   e) Meer as 9600

5.5.1 Aangepaste items.

Sinstamme uit die oorspronklike wat gewysig, ingevoeg of toegevoeg is, is die volgende :

Item 3: TSCF: The thing I'd like to see my community do for the handicapped is

Gewysigde vorm Engels: The thing I'd like to see my community do for the child who is not academically strong

Gewysigde vorm Afrikaans: Wat ek graag wil sien dat die gemeenskap behoort te doen vir die kind wat nie akademies sterk is nie, is

Item 4: TSCF: The thing that my child likes best about Northern Colony is

Gewysigde vorm Engels: The thing that my child likes best about school is

Gewysigde vorm Afrikaans: Waarvan my kind die meeste hou in verband met skool, is

Item 5: TSCF: I think that getting together with parents of other handicapped children to talk over problems is a (good) (poor) (cross out one) thing because

Gewysigde vorm Engels: I think that getting together with parents of other Special Class pupils to talk over problems is a good/poor (cross out one) thing because

Gewysigde vorm Afrikaans: Ek dink dit is 'n goeie/nie 'n goeie idee dat ouers van Spesiale Klas-leerlinge bymekaar kom om oor gemeenskaplike probleme te praat, want

Item 6: TSCF: When people know you have a handicapped child, they

Gewysigde vorm Engels: When people know you have a child who found schoolwork difficult, they

Gewysigde vorm Afrikaans: Wanneer mense weet dat jy 'n kind het wat skoolwerk moeilik vind, dan

Item 7: TSCF: The Northern Colony meals are
Vervang met: Engels: The way I was informed that my child should be transferred to a Special Class
Vervang met Afrikaans: Die manier waarop ek in kennis gestel is dat my kind na die Spesiale Klas moet oorgeplaas word

Item 9: TSCF: The way I found out that my child was handicapped was
Vervang met: Engels: Teachers should/should not
Vervang met: Afrikaans: Onderwysers behoort/behoort nie

Item 10: TSCF: What they could do to make Northern Colony a better place is
Vervang met: Engels: I feel that my child can/cannot
Vervang met: Afrikaans: Ek voel my kind kan/kan nie

Item 11: TSCF: The thing that I still don't understand about my child's handicap is
Gewysig: Engels: The thing that I still don't understand about my child's problem is
Gewysig: Afrikaans: Wat ek nog nie van my kind se probleem kan verstaan nie

Item 13: TSCF: When it appeared that my child was handicapped, I
Gewysig: Engels: When it appeared that my child had to be transferred to a Special Class, I
Gewysig: Afrikaans: Toe dit blyk dat my kind moes oorgeplaas word na die Spesiale Klas
Item 15: TSCF: When the brothers and sisters are asked about the handicap, they

Gewysig: Engels: When brothers and sisters are asked about their brother/sister who is in a Special Class they
Gewysig: Afrikaans: Wanneer die broers en susters omtrent die kind in die Spesiale Klas gevra word

Item 17: TSCF: The thing that most parents find hardest to accept about the handicap of their child is
Gewysig: Engels: The thing that most parents find hardest to accept about the learning problem of their child is
Gewysig: Afrikaans: Wat ouers die moeilikste vind om te aanvaar omtrent die leerprobleem van hul kind, is

Item 18: TSCF: I think that the social workers at Northern Colony
Gewysig: Engels: I think that teachers of the Special Class
Gewysig: Afrikaans: Ek dink dat die onderwysers van die Spesiale Klas

Item 19: TSCF: When I first learned that my child was handicapped, I
Gewysig: Engels: When I first learned that my child was a slow-learner, I
Gewysig: Afrikaans: Toe ek die eerste keer verneem het dat my kind 'n leerprobleem het

Item 20: TSCF: The Occupational Therapy programme is
Vervang met: Engels: To tell a child that he/she should go into a Special Class, is
Vervang met: Afrikaans: Om 'n kind te vertel dat hy/sy na 'n Spesiale Klas moet gaan

Item 21: TSCF: When I watch the Cerebral Palsy Telethon, I

Vervang met: Engels: Teachers do their best/do not do their best

Vervang met: Afrikaans: Onderwysers doen hul bes/doen nie hul bes om

Item 23: TSCF: When I am with my handicapped child, I like people to

Gewysig: Engels: When I am with my child, I like people to

Gewysig: Afrikaans: Wanneer ek by my kind is, wil ek graag hê dat mense

Item 24: TSCF: The most common mistake others make in raising a handicapped child is

Vervang: Engels: What upsets me sometimes is

Vervang : Afrikaans: Wat my soms ontstel, is

Item 27: TSCF: I (wanted) (did not want) (cross out one) my child placed at Northern Colony because

Gewysig: Engels: I wanted/did not want my child placed in a Special Class because

Gewysig: Afrikaans: Ek wou/wou nie my kind in 'n Spesiale Klas plaas nie, omdat

Item 28: TSCF: What bothers me most about my child's handicap

Gewysig: Engels: What bothers me most about my child's learning problem is

Gewysig: Afrikaans: Wat my die meeste hinder omtrent my kind se leerprobleem is

Item 29: TSCF: The thing I like most about Northern Colony

Gewysig: Engels: The thing I like most about Special Class is

Gewysig: Afrikaans: Waarvan ek die meeste hou in verband met die Spesiale Klas is

Item 31: TSCF: My child becomes most easily disturbed when

Gewysig: Engels: My child becomes most easily distressed when

Gewysig: Afrikaans: My kind word maklik ontstel wanneer

Item 32: TSCF: I think that the nurses and attendants at Northern Colony

Gewysig: Engels: I think that the teachers at the school

Gewysig: Afrikaans: Ek dink dat die onderwysers by die skool

Item 33: TSCF: I (do) (do not) (cross one out) feel free to discuss my child's handicap with my friends and neighbours because

Gewysig: Engels: I do/do not feel free to discuss my child's problem with my friends and neighbours because

Gewysig: Afrikaans: Ek het/het nie die vrymoedigheid om my kind se probleem met my vriende en bure te bespreek/ bespreek nie, omdat

Item 34: TSCF: Although my child is handicapped, I would like him (or her) to

Gewysig: Engels: Although my child has a learning problem, I would like him/her to

Gewysig: Afrikaans: Hoewel my kind 'n leerprobleem het, wil ek graag hê dat hy/sy

Item 37: TSCF: I believe that my child's handicap resulted from

Gewysig: Engels: I believe that my child's problem resulted from

Gewysig: Afrikaans: Ek dink dat die oorsaak van my kind se probleem

Item 38: TSCF: My child is (happy) (unhappy) (cross one out) at Northern Colony because

Gewysig: Engels: My child is happy/unhappy at school because

Gewysig: Afrikaans: My kind is gelukkig/ongelukkig (skrap een) op skool, want

Item 39: TSCF: I think that the organization, United Cerebral Palsy

Vervang met: Engels: There are times when

Vervang met: Afrikaans: Daar is tye wanneer

Item 40: TSCF: When I visit my child, he (or she)

Vervang : Engels: My child's homework

Vervang: Afrikaans: My kind se huiswerk

Item 42: TSCF: When I talk to my friends and neighbours about my handicapped child, they think I should

Gewysig: Engels: When I talk to my friends and neighbours about my child in Special Class, they think I should

Gewysig: Afrikaans: Wanneer ek met my vriende of bure oor my kind in die Spesiale Klas gesels, dan sê hulle ek behoort

Item 43: TSCF: The thing that would help me most in understanding my handicapped child would be

Gewysig: Engels: The thing that would help me most in understanding my child would be

Gewysig: Afrikaans: Wat my die meeste sal help om my kind goed te verstaan

<u>Item 44:</u> TSCF: The recreation programme at Northern Colony is

Vervang met: Engels: The rest of the school

Vervang met: Afrikaans: Die res van die skool

Items 46 - 53 van die gewysigde TSCF is bygevoeg.

Die items dek die 7 velde soos deur Thurston gestel en wel met die volgende stamme :

Veld 1: Reaksies en besorgdhede van ouers: 2, 5, 7, 10, 11, 13, 16, 17, 19, 24, 25, 26, 27, 28, 30, 36, 43, 46, 48, 50.

Veld 2: Houdings ten opsigte van die kind se tevredenheid-ontevredenheid: 1, 4, 12, 14, 20, 31, 38, 49.

Veld 3: Houdings ten opsigte van reaksies van broers en susters: 15, 41, 53.

Veld 4: Houdings ten opsigte van reaksies van die gemeenskap, vriende en bure: 3, 6, 23, 33, 42.

Veld 5: Houdings teenoor Spesiale Klas en personeel: 9, 18, 21, 29, 32, 44, 47, 51.

Veld 6: Houdings betreffende die verwagtinge en hoop van die ouers van die gestremde: 8, 22, 34, 39, 45.

Veld 7: Houdings van 'n algemene aard: 35, 37, 40, 52.

# HOOFSTUK 6.

## OPGAWE VAN SEKERE BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

Alvorens daar oorgegaan word tot 'n beskouing van die response deur ouers verstrek, is dit nodig om 'n beeld te verkry van die ouers wat by hierdie ondersoek betrokke was. Die doel van die verkryging van hierdie besonderhede was dus nie om 'n sosiologiese ondersoek te doen nie, maar slegs om 'n mate van insig in die maatskaplik- ekonomiese omstandighede van hierdie ouers te verkry.

Beskrywing van ouers op grond van die volgende aspekte:

(1) Beroep van ouer;
(2) Skoolopleiding;
(3) Na-skoolse opleiding;
(4) Kerkverband;
(5) Lidmaatskap van Klubs of Organisasies;
(6) Aantal kinders of stiefkinders;
(7) Jaarlikse inkomste.

Die inligting is verkry uit die antwoorde van ouers op die versoek om sekere biografiese besonderhede soos vervat in Bylae "A" wat aan die gewysigde TSCF geheg was.

Tabel 3.

## GETAL OUERS WAT GEREAGEER HET

| | Engels | | | | Afrikaans | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vaders N = 72 | | Moeders N = 101 | | Vaders N = 33 | | Moeders N = 44 | | N = 250 | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Totaal | % |
| Beroep van ouer | 61 | 84,72 | 90 | 89,1 | 31 | 93,93 | 40 | 90,9 | 222 | 88,8 |
| Skoolopleiding | 61 | 84,72 | 86 | 85,14 | 31 | 93,93 | 40 | 90,9 | 218 | 87,2 |
| Na-skoolse opleiding | 58 | 80,58 | 85 | 84,15 | 28 | 84,84 | 41 | 93,18 | 212 | 84,8 |
| Kerkverband | 60 | 83,33 | 89 | 88,11 | 31 | 93,93 | 42 | 95,45 | 222 | 88,8 |
| Klubs en Organisasies | 55 | 76,38 | 81 | 80,19 | 30 | 90,9 | 40 | 90,9 | 206 | 82,4 |
| Kinders | 60 | 83,33 | 90 | 89,1 | 30 | 90,9 | 39 | 88,63 | 219 | 87,6 |
| Inkomste | 58 | 80,55 | 66 | 65,34 | 29 | 87,87 | 30 | 68,18 | 183 | 73,2 |

Uit die tabel blyk dit dat ouers geredelik die gegewens verstrek het indien daar in die eerste plaas besluit is om die TSCF te voltooi. Verskille tussen die taalgroepe betreffende die bereidwilligheid om met inligting na vore te kom, was nie beduidend nie.

6.1 Beroep van ouer.

Die indeling volgens beroepe word nie gedoen volgens die amptelike Suid-Afrikaanse indeling van hoofberoepe nie. Scheffer (1972) gee die volgende kritiek op hierdie indeling wat vir die gebruik van die onderhawige ondersoek toepaslik is: "Daar word byvoorbeeld nie duidelik genoeg onderskei tussen geskoolde, minder- en halfgeskoolde en ongeskoolde werkers nie. So word vakleerlinge byvoorbeeld saam met vakmanne gegroepeer. Ook is daar geen onderskeid tussen werknemers en werkgewers getref nie. Die persoon se werkstatus word dus by so 'n indeling in 'n groot mate buite rekening gelaat. ..... So is professore, dosente en onderwysers byvoorbeeld in een groep geklassifiseer."

Daar sal gebruik gemaak word van die indeling van beroepe van Projek Talentopname. Hiervolgens is beroepe in 11 groepe ingedeel.

1. Professionele en semi-professionele werkers.
2. Administratiewe werkers.
3. Klerklike werkers.
4. Verkoopswerkers.
5. Geskoolde ambagsmanne.
6. Opgeleide buitewerkers.
7. Boere, tuiniers, bosbouers en vissers.
8. Persoonlike en huishoudelike dienswerkers.

9. Operateurs en halfgeskoolde werkers.
10. Ongeskoolde werkers.
11. Huisvroue en pensioentrekkers.

Dit blyk dat by die onderhawige groep ouers die professionele en semi-professionele beroepe nie goed verteenwoordig is nie. Die grootste voorkomssyfer is by die geskoolde ambagsmanne en opgeleide buitewerkers gevind. Klerklike werkers is betreklik goed verteenwoordig hoofsaaklik as gevolg van die moeders in die groep. Operateurs en halfgeskoolde werkers vorm die vierde grootste groep afgesien van huisvroue en pensioentrekkers. Administratiewe werkers vorm 'n opvallend groter groep by die Engelssprekende ouers as by die Afrikaanssprekendes.

Tabel 4/......

Tabel 4.

VERSPREIDING VAN BEROEPE VOLGENS INDELING VAN PROJEK TALENTOPNAME

| | Engels | | | | Afrikaans | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vaders | | Moeders | | Vaders | | Moeders | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 | 4 | 6,55 | 4 | 4,44 | 2 | 6,45 | 1 | 2,5 | 11 | 4,95 |
| 2 | 10 | 16,39 | 5 | 5,55 | 1 | 3,22 | | | 16 | 7,2 |
| 3 | 4 | 6,55 | 13 | 14,44 | 1 | 3,22 | 4 | 10 | 22 | 9,9 |
| 4 | 1 | 1,63 | 10 | 11,11 | | | 2 | 5 | 13 | 5,85 |
| 5 | 13 | 21,31 | | | 6 | 19,35 | | | 19 | 8,55 |
| 6 | 13 | 21,31 | | | 11 | 35,48 | | | 24 | 10,81 |
| 7 | 2 | 3,27 | | | 1 | 3,22 | | | 3 | 1,35 |
| 8 | 3 | 4,91 | 2 | 2,22 | 2 | 6,45 | | | 7 | 3,15 |
| 9 | 7 | 11,47 | 2 | 2,22 | 3 | 9,67 | 5 | 12,5 | 17 | 7,65 |
| 10 | 1 | 1,63 | | | | | 2 | 5 | 3 | 1,35 |
| 11 | 3 | 4,91 | 54 | 60 | 4 | 12,9 | 26 | 65 | 87 | 39,18 |
| Tot. | 61 | 99,93 | 90 | 99,98 | 31 | 99,96 | 40 | 100 | 222 | 99,94 |

## 6.2 Skoolopleiding.

'n Kenmerk van die skoolkwalifikasies van die betrokke ouers is die vroeë stadium van skoolverlating. Die standerd waarin die grootste persentasie ouers die skool verlaat het, was St. 6, veral by Afrikaanssprekende vaders sowel as moeders. Die tweede grootste groep is by St. 8 gevind waar die grootste persentasie by die Engelssprekende ouers voorgekom het. 'n Opvallend groter groep Engelssprekende ouers het St. 10 geslaag.

Tabel 5/ ......

Tabel 5.

VERSPREIDING VAN SKOOLKWALIFIKASIES VAN OUERS.

| | Engels | | | | Afrikaans | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vaders | | Moeders | | Vaders | | Moeders | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen | 1 | 1,63 | | | 1 | 3,22 | | | 2 | 0,91 |
| Primêr | | | 1 | 1,16 | 1 | 3,22 | 2 | 5 | 4 | 1,83 |
| Alt. St. 6 | | | 1 | 1,16 | | | | | 1 | 0,45 |
| St. 5 | 4 | 6,55 | | | 1 | 3,22 | 1 | 2,5 | 6 | 2,75 |
| 6 | 17 | 27,86 | 18 | 20,93 | 13 | 41,93 | 16 | 40 | 64 | 29,35 |
| 7 | 9 | 14,75 | 17 | 19,76 | 8 | 25,8 | 11 | 27,5 | 45 | 20,64 |
| 8 | 18 | 29,5 | 27 | 31,39 | 6 | 19,35 | 7 | 17,5 | 58 | 26,6 |
| 9 | 1 | 1,63 | 9 | 10,46 | | | | | 10 | 4,58 |
| 10 | 11 | 18,03 | 13 | 15,11 | 1 | 3,22 | 3 | 7,5 | 28 | 12,84 |
| Tot. | 61 | 99,95 | 86 | 99,97 | 31 | 99,96 | 40 | 100 | 218 | 99,95 |

Tabel 6.

VERGELYKING VAN SKOOLOPLEIDING VOLGENS TAALGROEPE

| | Engels | | Afrikaans | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Geen | 1 | 0,68 | 1 | 1,4 |
| Primêr | 1 | 0,68 | 3 | 4,22 |
| Alt. St. 6 | 1 | 0,68 | | |
| St. 5 | 4 | 2,72 | 2 | 2,81 |
| 6 | 35 | 23,8 | 29 | 40,84 |
| 7 | 26 | 17,68 | 19 | 26,76 |
| 8 | 45 | 30,61 | 13 | 18,3 |
| 9 | 10 | 6,8 | | |
| 10 | 24 | 16,32 | 4 | 5,63 |
| Totaal | 147 | 99,97 | 71 | 99,96 |

### 6.3 Na-skoolse opleiding.

Slegs enkele ouers het werklike kwalifikasies genoem en in die meeste gevalle was die beskrywing van die na-skoolse opleiding betreklik vaag, byvoorbeeld "skoenbedryf". Om hierdie rede word die gegewens nie in tabelvorm weergegee nie, maar sal beskrywend behandel word. Daar sal ook slegs tussen vaders en moeders onderskei word en nie tussen die taalgroepe nie.

Vaders: 'n Totaal van 86 vaders het gereageer en die kwalifikasie wat die meeste genoem is, is N.T.S., wat gewissel het van N.T.S. I tot N.T.S. IV. 'n Totaal van 10 persone (11,62%) het dit genoem. Ook het 3 ouers

net na "Tegniese Kollege" verwys sonder om 'n sertifikaat te noem. Een ouer het B.Comm.II genoem en een ouer B.Sc.II. Vakleerlingskappe is deur 12 ouers (13,95%) genoem terwyl in-diens-opleiding deur 5 ouers (5,81%) genoem is. Diplomas op die volgende terreine is ook gemeld: Mynwese, Produksiebestuurders, Verkeersafdeling, Landbou, Onderwys, Polisie. Die volgende kursusse word ook gemeld sonder om na spesifieke diplomas of sertifikate te verwys: Elektrisiteitsbeheer, Spoorweë, Weermag, Skeepvaart, Boekhou, Elektronika, Brandweer.

Moeders: 'n Totaal van 126 moeders het gereageer en van hierdie groep het slegs 35 (27,77%) na besliste naskoolse opleiding verwys. Die grootste enkele groep is 9 persone (7,14%) wat verplegingsopleiding ondergaan het. Sewe ouers (5,55%) het handelsopleiding ontvang. Een persoon beskik oor 'n B.A.-graad. Opleiding wat genoem is sonder vermelding van diplomas of sertifikate behaal: Huishoudkunde, Skakelbordopleiding, Boekhoumasjiene, Verkoopskuns, Skoonheidsdeskundige, Spysenie
ring, Handelskuns.

## 6.4 Kerkverband.

'n Oorskouing van die kerkverband van die ouers is interessant in die lig van die bevindinge van Meyerowitz en Farber. (Farber, 1966). Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat ouers van gestremde kinders geneig is om by kleinere godsdiensgroepe aan te sluit terwyl die ouers van nie-gestremde kinders 'n hoër voorkomssyfer by die gevestigde Katolieke en Protestantse Kerke het.

Volgens die gegewens van ouers verkry, moeders en vaders tesaam, is die posisie as volg:

Die onderhawige groep ouers behoort aan 22 verskillende Kerkgroepe, maar die grootste voorkomssyfer word by die gevestigde Kerke aangetref. Dit is interessant om daarop te let dat die N.G. Kerk verreweg die oorwegende groep by die Afrikaanssprekendes verteenwoordig. Daar is 'n baie groter verspreiding van Kerkgroepe by die Engelssprekende ouers. Om 'n verklaring vir hierdie verskynsel te vind, sal verdere navorsing verg.

Tabel 7/ .......

Tabel 7.



KERKVERBAND VAN OUERS

| | Engels | | Afrikaans | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Nederduits-Gereformeerd | 8 | 5,36 | 54 | 73,97 | 62 | 27,92 |
| Anglikaans | 37 | 24,83 | 2 | 2,73 | 39 | 17,56 |
| Metodiste | 28 | 18,79 | 1 | 1,36 | 29 | 13,06 |
| Rooms-Katoliek | 16 | 10,73 | | | 16 | 7,2 |
| Volle Evangelie (Full Gospel) | 5 | 3,35 | 7 | 9,58 | 12 | 5,4 |
| Apostoliese Geloofsending (Apostolic Faith Mission) | 8 | 5,36 | 3 | 4,1 | 11 | 4,95 |
| Baptiste | 11 | 7,38 | | | 11 | 4,95 |
| Presbiteriaanse | 7 | 4,69 | 2 | 2,73 | 9 | 4,05 |
| Ou Apostels (Old Apostles) | 4 | 2,68 | 3 | 4,1 | 7 | 3,15 |
| Heilsleër | 3 | 2,01 | | | 3 | 1,35 |
| Grieks Ortodoks | 3 | 2,01 | | | 3 | 1,35 |
| Assembly of God | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| Seventh Day Adventist | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| Omega Missionary Society | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| New Protestant | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| Congregation | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| Church of Jesus Christ of Latter Day Saints | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| Orthodox Christian | 2 | 1,34 | | | 2 | 0.9 |
| Christus-gemeente | | | 1 | 1,36 | 1 | 0,45 |
| St. Barnabas | 1 | 0,67 | | | 1 | 0,45 |
| English Church | 1 | 0,67 | | | 1 | 0,45 |
| Weslyan | 1 | 0,67 | | | 1 | 0,45 |
| Geen Kerkverband | 2 | 1,34 | | | 2 | 0,9 |
| Totaal | 149 | 99,92 | 73 | 99,93 | 222 | 99,94 |

## 6.5 Lidmaatskap van Klubs en Organisasies.

In hul ondersoek in Illinois het Meyerowitz en Farber tot die slotsom gekom dat die ouers van verstandelik-gestremde kinders minder geneig skyn te wees om aan gemeenskaps-aktiwiteite deel te neem as die ouers van nie-gestremde kinders. (Farber, 1966).

In die lig van bostaande is die verkreë inligting van die ouers in hierdie ondersoek interessant.

Die genoemde bevindinge word blykbaar in hierdie ondersoek gestaaf. Dit blyk dat 72,81% van die ouers aan geen klubs of organisasies behoort nie, hoewel verdere navorsing nodig is om die verband met die kinders se verstandelike gestremdheid te bewys.
Die situasie by 'n ooreenstemmende sosio-ekonomiese groep met kinders in die gewone klasse sal eers bepaal moet word voordat gevolgtrekkings in hierdie verband gemaak kan word.

Tabel 8/ ......

Tabel 8.

## DEELNAME AAN GEORGANISEERDE SOSIALE BEDRYWIGHEDE

| | Engels | | | | Afrikaans | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vaders | | Moeders | | Vaders | | Moeders | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Geen | 33 | 60 | 65 | 80,2 | 21 | 70 | 31 | 77,5 | 150 | 72,81 |
| Sportklubs | 13 | 23,63 | 3 | 3,7 | 5 | 16,66 | | | 21 | 10,19 |
| Sosiale Klubs by werk | 4 | 7,27 | 1 | 1,23 | 2 | 6,66 | 1 | 2,5 | 8 | 3,88 |
| Ander | 5 | 9,09 | 12 | 14,81 | 2 | 6,66 | 8 | 20 | 27 | 13,1 |
| Totaal | 55 | 99,99 | 81 | 99,94 | 30 | 99,98 | 40 | 100 | 206 | 99,98 |

## 6.6 Grootte van gesin.

Die grootste frekwensie word gevind by getal 4 by beide taalgroepe en wel 26% van die Engelssprekende ouers en 24,63% by Afrikaanssprekende ouers. Dit blyk dat die groter gesinne by hierdie groep ouers hoofsaaklik by Afrikaanssprekende ouers gevind is. Gesinne met minder as 4 kinders word gevind by 53,26% en meer as 4 kinders by 20,64% in die geval van Engelssprekende ouers. Die ooreenstemmende syfers by Afrikaanssprekende gesinne is 46,86% en 27,81%.

Tabel 9.

GETAL KINDERS PER GESIN

| Getal Kinders | Engels | | Afrikaans | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| 1 | 13 | 8,6 | 1 | 1,44 | 14 | 6,39 |
| 2 | 30 | 20 | 7 | 10,14 | 37 | 16,89 |
| 3 | 37 | 24,66 | 14 | 20,28 | 51 | 23,28 |
| 4 | 39 | 26 | 17 | 24,63 | 56 | 25,57 |
| 5 | 10 | 6,66 | 6 | 8,69 | 16 | 7,3 |
| 6 | 12 | 8 | 10 | 14,49 | 22 | 10,04 |
| 7 | 2 | 1,33 | 7 | 10,14 | 9 | 4,1 |
| 8 | 5 | 3,33 | 3 | 4,34 | 8 | 3,65 |
| 9 | | | 1 | 1,44 | 1 | 0,45 |
| 10 | 1 | 0,66 | | | 1 | 0,45 |
| 10 + | 1 | 0,66 | 3 | 4,34 | 4 | 1,82 |
| Totaal | 150 | 99,66 | 69 | 99,93 | 219 | 99,94 |

## 6.7 Inkomste.

Die totale by moeders, Engels sowel as Afrikaans, verskil van die getal wat op die besondere vraag gereageer het. Die rede is dat gevalle waar die moeder klaarblyklik die vader se inkomste verstrek het, nie by hierdie gegewens ingesluit is nie.

Dit was in party gevalle moeilik om tussen gesamentlike of afsonderlike inkomstes te onderskei, veral in gevalle waar slegs een van die ouers 'n vorm voltooi het.

Die grootste voorkomssyfer by die inkomste van vaders word in die kategorie R2400 - 4800 by albei taalgroepe aangetref. 'n Kenmerk van die verspreiding van inkomste van die manspersone is die opvallend hoër inkomste by die Engelssprekende groep. By die twee kategorieë R7201 - 9600+ word 32,75% aangetref terwyl dit in die geval van die Afrikaanssprekende groep slegs 13,79% bedra. By die geval van die moeders is die verskil in inkomste nog meer opvallend. Al die Afrikaanssprekende moeders wat hierdie inligting verstrek het, het minder as R4800 ontvang terwyl dit by die geval van Engelssprekende moeders 79,62% is. Die ander 20,35% het meer as R4800 ontvang en 7,4% is in die kategorie R9600+

Die verspreiding van inkomste hang saam met bevindings dat opleiding en verhoogde inkomste saamgaan. Word die vroeë skoolverlating in ag geneem, soos geblyk het uit 'n vorige tabel, is dit duidelik dat 'n groot aantal persone in 'n relatief laer inkomstegroep sal ressorteer.

Tabel 10.

## JAARLIKSE INKOMSTE

| Kategorie | Engels | | | | Afrikaans | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vaders | | Moeders | | Vaders | | Moeders | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| (a) Minder as R2000 | 8 | 13,79 | 22 | 40,74 | 8 | 27,58 | 17 | 70,83 | 55 | 33,33 |
| (b) 2400 - 4800 | 19 | 32,75 | 21 | 38,88 | 9 | 31,03 | 7 | 29,16 | 56 | 33,93 |
| (c) 4801 - 7200 | 12 | 20,68 | 4 | 7,4 | 8 | 27,58 | | | 24 | 14,54 |
| (d) 7201 - 9600 | 15 | 25,86 | 3 | 5,55 | 4 | 13,79 | | | 22 | 13,33 |
| (e) 9600 + | 4 | 6,89 | 4 | 7,4 | | | | | 8 | 4,84 |
| Totaal | 58 | 99,97 | 54 | 99,97 | 29 | 99,98 | 24 | 99,99 | 165 | 99,97 |

# HOOFSTUK 7.

## VERKRYGING EN VERWERKING VAN GEGEWENS.

### 7.1 Verspreiding van vorms.

Alvorens daar met die ondersoek begin is, is 'n beperkte steekproef gedoen om 'n aanduiding van die reaksie van ouers op die voorgenome ondersoek te verkry. Die ondersoeker het op grond van sy ondervinding en kontak met die ouers van die standpunt uitgegaan dat daar wel samewerking sou wees en dat ouers die geleentheid sou verwelkom om 'n mening uit te spreek. Die vorms is dus eers aan 14 ouers op Grahamstad oorhandig om die reaksie te toets. Slegs vier vorms is nie terug ontvang nie en op grond van die feit dat 71% van die ouers wel gereageer het, is daar besluit om met die ondersoek voort te gaan. Die getal ouers wat vir hierdie doel betrek is, moes noodwendig beperk wees, aangesien die totale getal Spesiale Klas-ouers uit die aard van die saak beperk is.

Die gewysigde Thurston-sinvoltooiingstoets is aan ouers van Spesiale Klas-leerlinge van die volgende plekke gegee: Grahamstad (3 skole), Alexandria, Port Alfred, Fort Beaufort, Adelaide, Bedford, Uitenhage (2 skole) en Port Elizabeth (6 skole).

Twee vorms is per koevert uitgehandig - een vir voltooiing deur die moeder en een deur die vader. Die ouers is versoek om dit in hul eie tyd by die huis te voltooi: (By twee gevalle waar die ondersoeker self die vorms oorhandig het, het ouers dit gestel dat hulle nie in staat is om die voltooiing te doen nie en in daardie gevalle is die sinstam deur die ondersoeker voorgelees en die respons verbatim

aangeteken).

Die oorhandiging van die vorms het op twee maniere geskied: By Grahamstad en omliggende dorpe is elke ouer by die huis besoek en is die doel van die ondersoek verduidelik. Die ouer is dan versoek om die voltooide vorms in die verseëlde koevert aan die leerling te gee vir oorhandiging aan die leerkrag by wie die ondersoeker dit later afgehaal het. In die geval van Uitenhage en Port Elizabeth is die koeverte, met twee vorms in elk, na die leerkragte van Spesiale Klasse geneem met die versoek om een koevert per huisgesin aan leerlinge te oorhandig om aan die ouers te besorg. 'n Begeleidende brief is ingesluit. Na voltooiing deur die ouers moes die leerling die verseëlde koevert terugbring en aan die leerkrag oorhandig. Die ondersoeker het dan by 'n later geleentheid die koeverte afgehaal.

By die ouers van Grahamstad en omgewing waar die vorms persoonlik oorhandig is, is 92 vorms uitgehandig waarvan 69 voltooid ontvang is - 'n reaksie dus van 75%. Die aantal koeverte wat uitgehandig is, was 46 waarvan 39 ontvang is met minstens een voltooide vorm in - 'n reaksie van 84%.

By die twee skole van Uitenhage is 206 vorms uitgehandig waarvan 47 voltooid ontvang is - 'n reaksie van 22,81%. Die aantal koeverte wat uitgehandig is, was 103 en van hierdie getal is 41 koeverte ontvang met minstens een voltooide vorm in - 'n reaksie van 39,8%. Slegs een ouer het gewoonlik ingevul. Dit kon doelbewus of weens 'n misverstand gewees het.

By die ses skole in Port Elizabeth is 298 vorms uitgehandig waarvan 128 voltooid ontvang is - 'n reaksie van 42,95%. Die aantal koeverte wat uitgehandig is, was 149 en koeverte wat terug ontvang is met minstens een voltooide vorm in, was 84 - 'n reaksie van 56,37%. Daar sal later weer na hierdie syfers verwys word wanneer aanbevelings gedoen word.

## 7.2 Indeling van response.

Met voltooid word vorms bedoel wat voldoende ingevul was om vir ontleding in terme van positiewe en negatiewe response in berekening gebring te word. Hierdie totaal is 242, Engels en Afrikaans tesaam. 'n Verdere 2 vorms is ingesluit by die ontleding van response per item. 'n Bykomende 6 vorms wat baie vaag en onvoldoende ingevul is, maar waarby Bylae A van die vorm (biografiese besonderhede) tog wel voltooi is, is vir hierdie doel ook gebruik en bring die groottotaal op 250 te staan.

Die groepering van die response in positiewe, negatiewe en neutrale groepe is in oorleg met 'n leerkrag gedoen. Die betrokke persoon het uitgebreide ervaring van Spesiale Onderwys oor 'n tydperk van 15 jaar. Die leerkrag is gesteld op 'n goeie verhouding met ouers en het daarin geslaag om deur huisbesoek, asook deur kontak met ouers by die skool, in noue voeling met die ouers te bly en 'n goeie insig te verkry in die gesindheid en sieninge van die ouers. Die ondervinding het oor al die vlakke gestrek met seuns en dogters van albei taalgroepe.

Daar is besluit om ook die siening van 'n leerkrag te verkry by hierdie bepaalde aspek van die ondersoek, aangesien dit die voorneme van die ondersoeker is om na afloop van die navorsing 'n skrywe aan skoolhoofde en leerkragte te rig waarin wenke aan die hand gedoen sal word met die hoop dat dit 'n bydrae kan lewer tot die hantering van die situasie en 'n goeie verhouding tussen Spesiale Klas-ouer en skool kan bevorder.

Die ontledings per item is deur die ondersoeker gedoen.

Van die probleme wat ondervind was by die indeling van response as positief of negatief, was dat ouers soms die sinstamme nie goed begryp het nie. Dit het tot vae response gelei wat dit moeilik gemaak het om die ouer se ingesteldheid ten opsigte van die besondere aspek te bepaal. Sodanige response is dan nie vir hierdie doel geklassifiseer nie. Ook die bewoording van 'n respons het soms probleme geskep. Dit het gebeur dat ouers soms basies dieselfde gedagte uitspreek, maar dat die gees van die respons, soos blyk uit die bewoording, so verskil dat verskillende indelings gedoen is. Om te groepeer, was dit nie alleen nodig om na die inhoud van die respons te kyk nie, maar ook na die wyse waarop dit gestel is en die gesindheid wat geopenbaar is. Swak taalgebruik het ook in sommige gevalle daartoe gelei dat dit vir die ondersoeker moeilik was om die kern van die ouer se respons te bepaal en die ouer se ingesteldheid te peil. In sulke gevalle is response dan as ongeklassifiseerd beskou. Die besluit of 'n respons werklik negatief is, het ook soms probleme geskep. Die feit dat 'n ouer 'n aanbeveling doen, of op 'n bepaalde aspek

wys, beteken nie noodwendig dat dit altyd 'n negatiewe houding is nie; trouens dit kan juis 'n positiewe benadering openbaar. Daar is dan besluit in die lig van die algemene gesindheid van die ouer soos dit uit die vorm na vore kom. Was ook dit moeilik, is die respons as ongeklassifiseerd beskou.

By die ontleding van response per item (Hoofstuk 7.6) vir 'n bespreking van die ouerlike mening oor die onderskeie aangeleenthede wat deur die vorm geraak word, word die ongeklassifiseerde items ook ingesluit.

GEGEWENS BETREFFENDE POSITIEWE EN NEGATIEWE RESPONSE, ONGEKLASSIFISEERDE RESPONSE EN ONVOLTOOIDE ITEMS.

Tabel 11.1

Ouers. N = 242

| | |
|---|---|
| + | 6931 |
| - | 2794 |
| Ongeklassifiseerd | 1347 |
| Onvoltooid | 1754 |

Tabel 11.2

Ouers: per veld. N = 242

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 2203 | 1076 | 416 | 637 | 1337 | 725 | 537 |
| - | 1308 | 514 | 59 | 289 | 242 | 197 | 185 |
| Ongeklassifiseerd | 627 | 173 | 96 | 127 | 110 | 128 | 86 |
| Onvoltooid | 702 | 173 | 155 | 157 | 247 | 160 | 160 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.3/ .......

Tabel 11.3

Vaders en Moeders : Engelssprekend. N = 170

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 1592 | 724 | 283 | 459 | 938 | 494 | 392 |
| - | 853 | 361 | 36 | 194 | 147 | 142 | 118 |
| Ongeklassifiseerd | 505 | 149 | 78 | 96 | 82 | 103 | 61 |
| Onvoltooid | 450 | 126 | 113 | 101 | 193 | 111 | 109 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.4

Vaders en Moeders : Afrikaanssprekend. N = 72

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 611 | 352 | 133 | 178 | 399 | 231 | 145 |
| - | 455 | 153 | 23 | 95 | 95 | 55 | 67 |
| Ongeklassifiseerd | 122 | 24 | 18 | 31 | 28 | 25 | 25 |
| Onvoltooid | 252 | 47 | 42 | 56 | 54 | 49 | 51 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.5

Moeders: Engelssprekend. N = 101

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 960 | 434 | 166 | 286 | 552 | 290 | 235 |
| - | 549 | 224 | 27 | 118 | 93 | 85 | 74 |
| Ongeklassifiseerd | 261 | 73 | 42 | 41 | 49 | 63 | 31 |
| Onvoltooid | 250 | 77 | 68 | 60 | 114 | 67 | 64 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.6

Vaders : Engelssprekend. N = 69

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 632 | 290 | 117 | 173 | 386 | 204 | 157 |
| - | 304 | 137 | 9 | 76 | 54 | 57 | 44 |
| Ongeklassifiseerd | 244 | 76 | 36 | 55 | 33 | 40 | 30 |
| Onvoltooid | 200 | 49 | 45 | 41 | 79 | 44 | 45 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.7

Moeders : Afrikaanssprekend. N = 43

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 347 | 212 | 80 | 104 | 260 | 138 | 92 |
| - | 261 | 84 | 11 | 55 | 39 | 28 | 28 |
| Ongeklassifiseerd | 68 | 12 | 10 | 11 | 11 | 14 | 12 |
| Onvoltooid | 184 | 36 | 28 | 45 | 34 | 35 | 40 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.8

Vaders: Afrikaanssprekend. N = 29

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 264 | 140 | 53 | 74 | 139 | 93 | 53 |
| - | 194 | 69 | 12 | 40 | 56 | 27 | 39 |
| Ongeklassifiseerd | 54 | 12 | 8 | 20 | 17 | 11 | 13 |
| Onvoltooid | 68 | 11 | 14 | 11 | 20 | 14 | 11 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.9

Moeders : Engels- en Afrikaanssprekend. N = 144

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 1307 | 646 | 246 | 390 | 812 | 428 | 327 |
| - | 810 | 308 | 38 | 173 | 132 | 113 | 102 |
| Ongeklassifiseerd | 329 | 85 | 52 | 52 | 60 | 77 | 43 |
| Onvoltooid | 434 | 113 | 96 | 105 | 148 | 102 | 104 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Tabel 11.10

Vaders : Engels- en Afrikaanssprekend. N = 98

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| + | 896 | 430 | 170 | 247 | 525 | 297 | 210 |
| - | 498 | 206 | 21 | 116 | 110 | 84 | 83 |
| Ongeklassifiseerd | 298 | 88 | 44 | 75 | 50 | 51 | 43 |
| Onvoltooid | 268 | 60 | 59 | 52 | 99 | 58 | 56 |
| Items per veld | 20 | 8 | 3 | 5 | 8 | 5 | 4 |

Die mees opvallende kenmerk van die response van ouers, albei taalgroepe, moeders en vaders, is die oorwegend positiewe gesindheid teenoor Spesiale Onderwys. Die indruk word dikwels by die publiek geskep dat daar by ouers 'n algemene gevoel van teenkanting teen die Spesiale Klasse is, maar dit is in werklikheid nie so nie. Die meeste ouers in die onderhawige ondersoek het so 'n sterk positiewe reaksie getoon en soveel erkenning vir die werk gegee dat die owerhede inderdaad baie tevrede kan voel met die opset van Spesiale Onderwys en die aanvaarding daarvan deur hierdie groep ouers van Oos-Kaapland.

Tenspyte van die stelling hierbo gemaak, is dit tog rede vir kommer dat daar wel 'n aantal ouers is wat hulle sterk uitgespreek het teen Spesiale Onderwys. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie ondersoek slegs ouers betrek het wie se kinders alreeds oorgeplaas is. Daar is dus 'n groep ouers wat nog nie hul aanvanklike teenkanting teen oorplasing oorkom het nie. In 'n latere gedeelte wanneer sekere aanbevelings gedoen word, word weer na hierdie groep verwys.

## 7.3 Statistiese verwerking.

Berekening van $\chi^2$ en verwerping of aanvaarding van $H_0$ is ten opsigte van die volgende groepe gedoen :

1. Engelssprekende teenoor Afrikaanssprekende ouers: elke afsonderlike veld.
2. Moeders teenoor vaders: elke afsonderlike veld.

3. Engelssprekende moeders teenoor Engelssprekende vaders: elke afsonderlike veld.

4. Afrikaanssprekende moeders teenoor Afrikaanssprekende vaders: elke afsonderlike veld.

Daar is dus 28 berekeninge gedoen om te bepaal of die nulhipotese vir daardie besondere geval aanvaar of verwerp kan word.

Die volgende berekeninge is met 'n sakrekenaar gedoen :

1. Engelssprekende moeders teenoor Engelssprekende vaders:

Veld 1:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 960 | 549 |
| V | 632 | 304 |

$\chi^2$ = 3,87

P > ,05

Veld 2:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 434 | 224 |
| V | 290 | 137 |

$\chi^2$ = 0,45

P > ,50

Veld 3:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 166 | 27 |
| V | 117 | 9 |

$\chi^2$ = 3,57

P > ,05

Veld 4:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 286 | 118 |
| V | 173 | 76 |

$\chi^2$ = 0,13

P > ,70

Veld 5:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 552 | 93 |
| V | 386 | 54 |

$\chi^2$ = 1,02

P > ,30

Veld 6:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 290 | 85 |
| V | 204 | 57 |

$\chi^2$ = 0,06

P > ,80

Veld 7:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 235 | 74 |
| V | 157 | 44 |

$\chi^2$ = 0,29

P > ,90

2. Afrikaanssprekende moeders teenoor Afrikaanssprekende vaders:

Veld 1:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 347 | 261 |
| V | 264 | 194 |

$\chi^2$ = 0,03

P > ,90

Veld 2:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 212 | 84 |
| V | 140 | 69 |

$\chi^2$ = 1,25

P > ,30

Veld 3:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 80 | 11 |
| V | 53 | 12 |

$\chi^2$ = 1,22

P > ,30

Veld 4:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 104 | 55 |
| V | 74 | 40 |

$\chi^2$ = 0,01

P > ,95

Veld 5:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 260 | 39 |
| V | 139 | 56 |

$\chi^2 = 18,67$

$P < ,01$

Veld 6:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 138 | 28 |
| V | 93 | 27 |

$\chi^2 = 1,42$

$P > ,20$

Veld 7:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 92 | 28 |
| V | 53 | 39 |

$\chi^2 = 8,75$

$P < ,01$

3. Moeders teenoor vaders (albei taalgroepe)

Veld 1:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 1307 | 810 |
| V | 896 | 498 |

$\chi^2 = 2,31$

$P > ,10$

Veld 2:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 646 | 308 |
| V | 430 | 206 |

$\chi^2$ = 0,00

P > ,95

Veld 3:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 246 | 38 |
| V | 170 | 21 |

$\chi^2$ = 0,6

P > ,80

Veld 4:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 390 | 173 |
| V | 247 | 116 |

$\chi^2$ = 0,15

P > ,70

Veld 5:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 812 | 132 |
| V | 525 | 110 |

$\chi^2$ = 3,26

P > ,05

Veld 6:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 428 | 113 |
| V | 297 | 84 |

$\chi^2$ = 0,18

P > ,70

Veld 7:

| | + | - |
|---|---|---|
| M | 327 | 102 |
| V | 210 | 83 |

$\chi^2 = 1,89$

$P > ,20$

4. Engelssprekende teenoor Afrikaanssprekende ouers

Veld 1:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 1592 | 853 |
| A | 611 | 455 |

$\chi^2 = 19,3$

$P < ,01$

Veld 2:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 724 | 361 |
| A | 352 | 153 |

$\chi^2 = 1,39$

$P > ,20$

Veld 3:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 283 | 36 |
| A | 133 | 23 |

$\chi^2 = 1,15$

$P > ,30$

Veld 4:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 459 | 194 |
| A | 178 | 95 |

$\chi^2 = 2,32$

$P > ,10$

Veld 5:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 938 | 147 |
| A | 399 | 95 |

$\chi^2 = 8,45$

$P < ,01$

Veld 6:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 494 | 142 |
| A | 231 | 55 |

$\chi^2 = 1,13$

$P > ,30$

Veld 7:

| | + | - |
|---|---|---|
| E | 392 | 118 |
| A | 145 | 67 |

$\chi^2 = 5,63$

$P > ,02$

Word 'n nul-hipotese opgestel wat deur die resultate van bostaande bewerkings aanvaar of verwerp kan word, kan dit as volg lui: Daar is geen beduidende verskil tussen (1) die positiewe en negatiewe response van Engelssprekende en Afrikaanssprekende ouers; (2) moeders en vaders, albei taalgroepe; (3) Engelssprekende moeders en Engelssprekende vaders en (4) Afrikaanssprekende moeders en vaders ten opsigte van die sewe verskillende velde in elke afsonderlike geval nie.

Soos uit bostaande bewerkinge blyk, word die nul-hipotese in elke geval aanvaar behalwe in 4 gevalle wat weldra bespreek sal word.

Met die uitsondering van die genoemde gevalle blyk dit dat daar van die veronderstelling uitgegaan kan word dat die skole in hierdie ondersoek, in hul benadering tot die Spesiale Klas-ouers as 'n groep, nie 'n wesentlike verskil hoef te tref tussen Engelssprekende en Afrikaanssprekende ouers nie, moeders en vaders as 'n groep nie en moeders en vaders binne elke taalgroep nie. Die onderhoudvoerder sal hom moet laat lei deur die individuele geval binne die kennis van die kenmerke en reaksies van die ouer van die gestremde kind.

Die nul-hipotese word slegs in 4 gevalle verwerp en wel soos volg:

1. $H_0$ : Daar is geen beduidende verskil tussen die positiewe en negatiewe response van Engelssprekende en Afrikaanssprekende ouers ten opsigte van veld 1 nie. Hierdie veld handel oor ouers se persoonlike reaksies en besorgdhede.

| | E | A | |
|---|---|---|---|
| + | 1592<br>1534 | 611<br>669 | 2203 |
| - | 853<br>911 | 455<br>394 | 1308 |
| | 2445 | 1066 | 3511 |
| fo-fe | 58<br>58 | 58<br>58 | |
| $(fo-fe)^2$ | 3364<br>3364 | 3364<br>3364 | |
| $\frac{(fo-fe)^2}{fe}$ | 2,19<br>3,7 | 5,03<br>8,47 | |

$\chi^2$ = 19,39

g.v. = 1

$\therefore$ P < ,01

Na berekening en ontleding van die verwagte frekwensies kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat daar 'n beduidende verskil is in die response van die twee groepe ouers ten opsigte van hierdie aspekte van Spesiale Onderwys. Die Engelssprekende ouers is meer positief ingestel as die verwagte en minder negatief as wat verwag is. Afrikaanssprekende ouers, daarenteen, is minder positief ingestel en meer negatief as wat verwag is. Die nul-hipotese word dus verwerp.

2. $H_o$ : Daar is geen beduidende verskil tussen die positiewe en negatiewe response van Engelssprekende en Afrikaanssprekende ouers ten opsigte van Veld 5 nie. Hierdie veld handel oor ouers se houding teenoor die Spesiale Klas en personeel.

| | E | A | |
|---|---|---|---|
| + | 938<br>919 | 399<br>418 | 1337 |
| - | 147<br>166 | 95<br>76 | 242 |
| | 1085 | 494 | 1579 |
| fo-fe | 19<br>19 | 19<br>19 | |
| $(fo-fe)^2$ | 361<br>361 | 361<br>361 | |
| $\frac{(fo-fe)^2}{fe}$ | 0,4<br>2,17 | 0,9<br>4,75 | |

$\chi^2$ = 8,22

g.v. = 1

$\therefore$ P < ,01

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar 'n beduidende verskil is in die response van die twee groepe ouers ten opsigte van hierdie aspek van Spesiale Onderwys. Die Engelssprekende ouers is meer positief ingestel as die verwagte en minder negatief as wat verwag is. Afrikaanssprekende ouers is minder positief ingestel en meer negatief as wat verwag is. Die nul-hipotese word dus verwerp.

Aangesien die onderhawige ondersoek gehandel het oor ouers van wie leerlinge reeds in die Spesiale Klas is, kan die vraag gestel word of die Engelssprekende ouers die feit van oorplasing makliker aanvaar na dit 'n voldonge feit is.

Die afleiding kan gemaak word dat die Afrikaanssprekende ouer moeiliker kan wegbeweeg van sy aanvanklike teenkanting vóór oorplasing. Die implikasie by die hantering van die ouer is duidelik.

3. $H_o$: Daar is geen beduidende verskil tussen die positiewe en negatiewe response van Afrikaanssprekende moeders en vaders ten opsigte van Veld 5 nie. Hierdie veld handel oor ouers se houding teenoor die Spesiale Klas en personeel.

| | M | V | |
|---|---|---|---|
| + | 260<br>241 | 139<br>157 | 399 |
| - | 39<br>57 | 56<br>37 | 95 |
| | 299 | 195 | 494 |
| fo-fe | 19<br>18 | 18<br>19 | |
| $(fo-fe)^2$ | 361<br>324 | 324<br>361 | |
| $\frac{(fo-fe)^2}{fe}$ | 1,49<br>5,68 | 2,06<br>9,75 | |

$\chi^2$ = 18,98

g.v. = 1

$\therefore$ $P < ,01$

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar 'n beduidende verskil is in die response van Afrikaanssprekende moeders en vaders ten opsigte van hierdie veld. Die moeders is meer positief ingestel as die verwagte en minder negatief as wat verwag is. Die vaders daarenteen is minder positief en meer negatief ingestel as wat verwag is

Die nul-hipotese word dus verwerp.

In hierdie verband kan gewys word op die waarneming dat in die onderhoudsituasie die moeder dikwels geredeliker begrip toon vir die standpunt van die persoon wat oorplasing aanbeveel. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die moeder meer sensitief ingestel kan wees teenoor die gestremde kind se emosionele reaksie op sy probleem en dat

'n stap wat daarop bereken is om sy frustrasies te verminder, geredeliker aanvaar sal word. Die vader sal baie waarde heg aan die praktiese implikasie van verwydering uit die gewone klasse en die effek wat dit op verdere opleiding en werksgeleenthede kan hê. Dit is soms moeilik om te verduidelik dat dit juis die oorplasing is wat tot beter kwalifikasies en werksgeleenthede vir die betrokke kind kan lei.

4. Ho : Daar is geen beduidende verskil tussen die positiewe en negatiewe response van Afrikaanssprekende moeders en vaders ten opsigte van Veld 7 nie. Hierdie veld handel oor houdings teenoor aspekte van 'n algemene aard soos die ondersoekmetode, die oorsaak van die kind se probleem, huiswerk en houding wanneer oorplasing moet geskied.

| | M | V | |
|---|---|---|---|
| + | 92<br>82 | 53<br>62 | 145 |
| - | 28<br>34 | 39<br>29 | 67 |
| | 120 | 92 | 212 |
| fo-fe | 10<br>9 | 9<br>10 | |
| $(fo-fe)^2$ | 100<br>81 | 81<br>100 | |
| $\frac{(fo-fe)^2}{fe}$ | 1,22<br>2,19 | 1,3<br>3,44 | |

$\chi^2$ = 8,15

g.v. = 1

$\therefore$ P < ,01

Dit blyk dat moeders meer positief ingestel is as wat verwag is en minder negatief as die verwagte. Vaders, daarenteen, is minder positief en meer negatief as die verwagte. Die nul-hipotese word verwerp.

## 7.4 Ongeklassifiseerde response.

'n Probleem wat teengekom is, was die feit dat dit moeilik was om sommige response as besliste positiewe of negatiewe reaksies te beoordeel. Sodanige gevalle is as moeilik klassifiseerbaar beskou en is nie ingedeel nie.

Word 'n arbitrêre snypunt van 15% geneem, blyk dit uit onderstaande tabel dat 13 items skynbaar meer geneig is om 'n groter getal neutrale response uit te lok as die ander items. Die hoogste voorkomssyfer is gevind by drie items wat meer as 25% neutrale response gelewer het. Die drie betrokke items is: Item 11: Wat ek nog nie van my kind se probleem kan verstaan nie; Item 17: Wat ouers die moeilikste vind om te aanvaar omtrent die leerprobleem van hul kind is; Item 43: Wat my die meeste sal help om my kind goed te verstaan. Hoewel die reaksies op hierdie sinstamme hul nie geredelik tot 'n besliste groepering leen nie, is hierdie items van waarde in 'n peiling van ouerlike siening van die aspekte waarop hierdie sinstamme gerig is. Ook in 'n kliniese benadering van 'n bepaalde ouer sal hierdie sinstamme van groot waarde wees.

Tabel 12/.....

Tabel 12.

GETAL RESPONSE WAT NIE AS POSITIEF OF NEGATIEF INGEDEEL IS NIE. N = 242

| Item | N | % | Item | N | % | Item | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 17 | 7,02 | 19 | 16 | 6,61 | 37 | 42 | 17,35 |
| 2 | 36 | 14,87 | 20 | 12 | 4,95 | 38 | 9 | 3,71 |
| 3 | 41 | 16,94 | 21 | 10 | 4,13 | 39 | 39 | 16,11 |
| 4 | 9 | 3,71 | 22 | 23 | 9,5 | 40 | 13 | 5,37 |
| 5 | 11 | 4,54 | 23 | 16 | 6,61 | 41 | 34 | 14,04 |
| 6 | 40 | 16,52 | 24 | 30 | 12,39 | 42 | 15 | 6,19 |
| 7 | 20 | 8,26 | 25 | 21 | 8,67 | 43 | 77 | 31,81 |
| 8 | 7 | 2,89 | 26 | 37 | 15,28 | 44 | 32 | 13,22 |
| 9 | 18 | 7,43 | 27 | 14 | 5,78 | 45 | 43 | 17,76 |
| 10 | 12 | 4,95 | 28 | 47 | 19,42 | 46 | 25 | 10,33 |
| 11 | 101 | 41,73 | 29 | 4 | 1,65 | 47 | 13 | 5,37 |
| 12 | 35 | 14,46 | 30 | 25 | 10,33 | 48 | 19 | 7,85 |
| 13 | 7 | 2,89 | 31 | 14 | 5,78 | 49 | 49 | 20,24 |
| 14 | 28 | 11,57 | 32 | 18 | 7,43 | 50 | 6 | 2,47 |
| 15 | 21 | 8,67 | 33 | 15 | 6,19 | 51 | 8 | 3,30 |
| 16 | 13 | 5,37 | 34 | 16 | 6,61 | 52 | 21 | 8,67 |
| 17 | 66 | 27,27 | 35 | 10 | 4,13 | 53 | 41 | 16,94 |
| 18 | 7 | 2,89 | 36 | 44 | 18,18 | | 1347 | 10,5 |

7.5 Onvoltooide sinstamme.

By 'n beskouing van die aantal onvoltooide sinstamme per item is dit opvallend dat die meeste gevalle by die tweede helfte van die vorm voorkom. Van item 1 tot 26 is daar 'n totaal van 694 onvoltooide stamme, dit wil sê 10,6%. Vanaf item 28 tot 53 (item 27 is vir hierdie doel buite berekening gelaat) is daar 'n totaal van 1165 onvoltooide stamme, dus 17,92% - 'n verskil van 7,25%.

Word 'n arbitrêre snypunt van 20% geneem, blyk dit dat 2 items in die eerste helfte 'n voorkomssyfer van meer as 20% het, terwyl dit 10 items in die geval van die tweede helfte is - 'n totaal van 12 items dus.

Word 'n snypunt van 25% geneem, is daar 4 items waarvan almal in die tweede helfte is. Die 4 items wat deur die grootste getal ouers onvóltooid gelaat is, is (a) Item 39: Daar is tye wanneer (74 keer, 29,6%); (b) Item 41: Wanneer my kind se broers en susters vrae oor hom stel dan sê ek (66 keer, 26,4%); Item 43: Wat my die meeste sal help om my kind goed te verstaan (72 keer, 28,8%) en (d) Item 44: Die res van die skool (81 keer, 32,4%).

'n Klaarblyklike verklaring vir hierdie verskynsel skyn die lengte van die vorm te wees. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat ouers blykbaar die lengte van die vorm vermoeiend gevind het.

Dit kan ook moontlik toegeskryf word aan die feit dat die sinstamme van die tweede helfte 'n mate van herhaling bevat aangesien sinstamme dieselfde velde gedek het.

Let daarop dat die totaal van die onvoltooide sinstamme van die tabel verskil van die totaal by die opgawe van positiewe en negatiewe response. Laasgenoemde syfers is baseer op 242 ouers terwyl die tabel op die groottotaal van 250 gedoen is, soos verduidelik.

Tabel 13.

GETAL ONVOLTOOIDE SINSTAMME PER ITEM. N = 250

| Item | N | % | Item | N | % |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 4 | 28 | 60 | 24 |
| 2 | 27 | 10,8 | 29 | 26 | 10,4 |
| 3 | 40 | 16 | 30 | 44 | 17,6 |
| 4 | 15 | 6 | 31 | 32 | 12,8 |
| 5 | 14 | 5,6 | 32 | 38 | 15,2 |
| 6 | 17 | 6,8 | 33 | 23 | 9,2 |
| 7 | 14 | 5,6 | 34 | 31 | 12,4 |
| 8 | 13 | 5,2 | 35 | 51 | 20,4 |
| 9 | 36 | 14,4 | 36 | 51 | 20,4 |
| 10 | 24 | 9,6 | 37 | 43 | 17,2 |
| 11 | 60 | 24 | 38 | 18 | 7,2 |
| 12 | 28 | 11,2 | 39 | 74 | 29,6 |
| 13 | 18 | 7,2 | 40 | 36 | 14,4 |
| 14 | 13 | 5,2 | 41 | 66 | 26,4 |
| 15 | 45 | 18 | 42 | 61 | 24,4 |
| 16 | 25 | 10 | 43 | 72 | 28,8 |
| 17 | 48 | 19,2 | 44 | 81 | 32,4 |
| 18 | 12 | 4,8 | 45 | 36 | 14,4 |
| 19 | 17 | 6,8 | 46 | 39 | 15,6 |
| 20 | 24 | 9,6 | 47 | 41 | 16,4 |
| 21 | 15 | 6 | 48 | 39 | 15,6 |
| 22 | 26 | 10,4 | 49 | 58 | 23,2 |
| 23 | 26 | 10,4 | 50 | 22 | 8,8 |
| 24 | 35 | 14 | 51 | 28 | 11,2 |
| 25 | 37 | 14,8 | 52 | 42 | 16,8 |
| 26 | 55 | 22 | 53 | 53 | 21,2 |
| 27 | 24 | 9,6 | | 1883 | 14,21 |

## 7.6 Ontleding van die ouerlike siening van die Spesiale Klas-leering, sy onderwys en ander aspekte soos geopenbaar deur response van ouers by 53 sinstamme van die gewysigde Thurston-sinvoltooiingstoets.

By elke sinstam word die getal ouers aangedui wat op die bepaalde item gereageer het. Die persentasie wat dan aangedui word, is bereken op grond van die totale getal vorms wat vir die ondersoek gebruik is, naamlik 250.

Die persentasies wat by die verskillende reaksies aangedui word, is bereken op die getal response vir daardie bepaalde item en is dus 250 minus die getal ouers wat nie op 'n bepaalde stam gereageer het nie.

Die totaal van die persentasies sal nie 'n 100 wees nie, aangesien sekere response so vaag of niksseggend is dat hulle buite rekening gelaat is. Ook is die frekwensie soms so klein dat van die response nie hier gemeld word nie.

Item 1

Wat my kind die gelukkigste maak, is ......

Uit 'n totaal van 250 het 10 ouers hierdie sinstam onvoltooid gelaat - 'n reaksie van 240 (96%) by hierdie item.

By 'n ontleding van die response kom sekere kategorieë onmiddellik na vore. Die response van 32 (13,33%) ouers het verwys na erkenning deur óf die ouers óf die skool as die belangrikste faktor om die kind gelukkig te maak. Die geluk wat erkenning vir spesifieke dade en prestasies bring, en by die voorafgaande aansluit, word ook deur

24 (10%) ouers gestel. In hierdie waarneming van die ouers is 'n baie belangrike rede vir Spesiale Onderwys vervat. Dit is juis in hierdie vorm van die onderwys waar die klimaat vir erkenning en menswaardigheid vir hierdie leerlinge geskep word.

Response wat betrekking het op die kind se verbintenis met die skool en die Spesiale Klas in die besonder, is deur 47 (19,58%) ouers genoem - inderdaad 'n bevestiging van die sienswyse dat Spesiale Onderwys een van die belangrikste bydraes tot hierdie kinders se geluk kan maak.

Die verbintenis met die huis en die ander gesinslede word deur 46 (19,16%) ouers gestel. 'n Faktor wat in hierdie verband 'n rol kan speel, is die feit dat die ondersoek slegs ouers van leerlinge in Spesiale Klasse betrek het, dit wil sê op primêre vlak en nie die ouer leerlinge van die Spesiale Skole nie. Die feit bly egter dat 'n aansienlike aantal ouers die huis en gesinsverband as die belangrikste enkele faktor in die kind se geluk gesien het. Ook die omgang met ander maats word deur 41 (17,08%) ouers voorop gestel. Kinderspel in en om die huis word deur 27 (11,25%) ouers genoem.

Toekomsverwagtinge en die sekuriteit wat opleiding bied, word deur 14 (5,83%) ouers as die feit gestel wat hul kind die gelukkigste maak. Waar 'n spesifieke beroep genoem word, is dit gewoonlik die voltooiing van 'n ambag wat in die vooruitsig gestel word.

Uit 'n oorsig van die ouerlike siening van dit wat die Spesiale Klas-kind gelukkig maak, blyk die normaliteit van die emosionele reaksies van die leerlinge uit die response baie duidelik. Dit is 'n effektiewe weerlegging van die vry algemene wanopvatting van die samelewing, sommige leerkragte ingesluit, dat verstandelike gestremdheid ook noodwendig met emosionele afstomping gepaardgaan.

Item 2

Wanneer ek aan my kind dink ....

Hierdie item is deur 27 ouers nie voltooi nie, dus het 223 (89,2 %) op hierdie item gereageer.

Die vernaamste kenmerk van die response op hierdie sinstam is die ouers se besorgdheid oor die kind se toekoms. Hierdie besorgdheid blyk uit die response van 84 (37,66%) ouers. Dit is 'n normale reaksie en beklemtoon die verantwoordelikheid van Spesiale Onderwys om hierdie kinders in staat te stel om in die volwasse lewe onafhanklik te wees. In hierdie reaksie is ook 'n gedeeltelike verklaring vir die huiwering van ouers om toestemming tot oorplasing te gee. Die gewone onderwys word as basis vir toekomstige sekuriteit gesien wat dit dan ook inderdaad is. Word die kind uit hierdie stroom gehaal, word die ouer se toekomsverwagtinge onmiddellik bedreig. In die onderhoud met die ouer moet dit dus onder meer beklemtoon word dat Spesiale Onderwys tot 'n beter toekoms vir die kind kan lei. Die praktiese, materiële sy van die kind se toekoms is vir die ouer baie belangrik en moet sorgvuldig verduidelik word.

Die trots en liefde vir die kind word spesifiek by 46 (20,6%) response gestel. 'n Negatiewe siening en 'n beskuldigende houding teenoor die kind blyk uit 4 response (1,79%). Waar ouers dikwels deur leerkragte van ongevoeligheid teenoor hul kind se skolastiese probleem beskuldig word, kan die vraag gestel word of die öenskynlike hardheid nie gesien moet word as 'n laaste poging om vas te hou aan die skynbaar voor-die-handliggende oplossing van die probleem, naamlik vir die leerling om harder te werk, en waar die onvermoë van die kind dus as luiheid gesien word nie. Hierdie ongevoeligheid is in werklikheid by die meeste gevalle slegs op die oppervlakte.

By 13 response (5,82%) het ouers blyke van 'n skuldgevoel geopenbaar - nie soseer oor die oorsaak van die gestremdheid nie - dit kan nie uit die bepaalde response afgelei word nie, maar hoofsaaklik oor die feit dat die ouer voel dat hy nie in staat is om meer vir die kind te kan doen nie, veral ook op finansiële gebied.

'n Gevoel van jammerte vir die kind is betreklik prominent. Dit was die respons by 22 (9,86%) ouers. Waar redes verstrek is, het dit hoofsaaklik gegaan oor probleme met skoolwerk en ander terugslae wat die leerling ervaar het.

'n Positiewe siening van die rol van die skool blyk uit die response van 10 (4,48%) ouers.

<u>Item 3</u>

Wat ek graag sal wil sien dat die gemeenskap behoort te doen vir die kind wat nie akademies sterk is nie, is ....

Hierdie item is deur 40 (16%) ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 210 (84%).

'n Belangrike aspek van die ouer se eise aan die gemeenskap is die behoefte aan 'n aanvaarding van die kind deur die samelewing. Hierdie feit word deur 33 ouers (15,71%) gestel. Hierdie reaksie is in ooreenstemming met 'n kenmerk van die ouer van die gestremde kind wat in die literatuur beklemtoon word, naamlik die ouer se vrees dat die gemeenskap die kind sal verwerp. Hierdie vrees vir verwerping kan grondliggend wees aan die huiwering van die ouers om toestemming tot oorplasing na die Spesiale Klas te gee-waar die verwydering uit die gewone klasse juis as 'n vorm van verwerping gesien word. Die implikasie van hierdie feit is duidelik soverre dit die benadering tot die ouer betref, naamlik 'n positiewe, simpatieke optrede aan die kant van die voorligter om hierdie vrees by die ouer uit te skakel. Die persoon wat Spesiale Onderwys aan die ouer verduidelik, moet dit op so 'n wyse doen dat die ouer moet weet dat die oorplasing 'n diens is wat die gemeenskap, in hierdie geval die skool, aan die leerling lewer en dat hy nog altyd 'n gewaardeerde lid van die skool is en ook as gevolg van die oorplasing in die toekoms makliker in die gemeenskap sal kan beweeg.

Die klem wat ouers op opleidingsfasiliteite plaas, kom duidelik na vore in die feit dat 51 ouers (24,28%) van die ouers wat op hierdie item gereageer het, die begeerte uitgespreek het dat die gemeenskap voldoende opleiding vir die leerlinge moet verskaf. Van hierdie getal het 17 response (33% van hierdie groep) spesifiek van ambags-

opleiding melding gemaak. Hierdie feit is belangrik in die lig van die probleme wat ontstaan het as gevolg van die oorskakeling van standerds na jaarvlakke. Enige verandering wat daartoe sal lei dat leerlinge wat Spesiale Onderwys ontvang het die geleentheid ontsê word om vakleerlingskappe te volg, sal inderdaad 'n terugwaartse stap wees. Hierdie stelling word gemaak na aanleiding van die bedenkinge wat in arbeidskringe uitgespreek is oor die aanvaarbaarheid van jaarvlak-sertifikate vir toelating tot vakleerlingskappe. Onderhandelings word tans tussen die Onderwysdepartement en die betrokke instansies gevoer en die vertroue is daar dat 'n geslaagde oplossing gevind sal word.

Afgesien van die beroepe van die ouers op die gemeenskap om aanvaarding en opleidingsfasiliteite het 82 ouers (39,04%) 'n algemene beroep op die gemeenskap gedoen om hierdie kinders te help deur hulle die geleentheid te bied om te wys wat hulle kan doen, en hulle daadwerklik te help op werks- en sosiale terreine. Hierdie oorheersende reaksie van die ouers beklemtoon weereens die soms spanningsvolle afhanklikheidsgevoel wat by die ouer van die gestremde kind aanwesig is.

Item 4

Waarvan my kind die meeste hou in verband met skool is.....

Hierdie item is deur 15 ouers onbeantwoord gelaat: 6% van die totaal. Die respons was dus 235 (94%).

Die uitstaande kenmerk van die response op hierdie sinstam

is die beklemtoning van die praktiese werk wat in die skool gedoen word. By 69 gevalle, (29,36%) is hierna verwys.

Die tweede hoogste voorkomssyfer word gevind by response wat na sport verwys. Hierdie getal is 37 (15,74%). Word die 4 response wat na liggaamsoefening verwys, bygereken, blyk dit dat die ouers motoriese aktiwiteite hoog aanslaan as faktore wat hierdie kinders gelukkig maak.

Die rol van die leerkrag word deur 33 ouers (14,04%) gestel. Ouers maak melding van die geduld, begrip, aanvaarding en goeie gesindheid van Spesiale Klas-leerkragte teenoor hierdie leerlinge. Aansluitend hierby het 23 ouers (9,78%) die respons "alles" gegee by hierdie sinstam.

Vriendskap en omgang met maats by die skool word deur 24 ouers (10,21%) genoem.

Verwysings na besondere skoolvakke word deur 32 ouers (13,61%) genoem. Praktiese Werk is nie hierby ingereken nie, maar reeds afsonderlik gemeld. Wiskunde word deur 12 (5,1%) ouers gemeld.

Die goeie verhouding wat daar tussen die leerling en die Spesiale Klas bestaan, word deur die ouers in hierdie response bevestig.

<u>Item 5</u>

Ek dink dit is 'n goeie/nie 'n goeie idee dat ouers van Spesiale Klas-leerlinge bymekaar kom oor gemeenskaplike probleme te praat, want

Hierdie sinstam is deur 14 ouers nie voltooi nie.
Die respons is dus 236 (94,4%).

Die meeste ouers was ten gunste van 'n onderlinge skakeling. Hierdie gedagte is deur 180 ouers gestel (76,27%). In teenstelling hiermee het 56 ouers (23,72%) die gedagte verwerp. Die besliste voorkeur ten gunste van oorlegpleging tussen ouers is interessant in die lig van die huidige situasie waar daar, na wete, geen ouerverenigings uitsluitlik vir ouers van Spesiale Klas-leerlinge bestaan nie. Hoewel die begeerte tot kommunikasie aanwesig is, is daar 'n skynbare gebrek aan inisiatief om sodanige verenigings in die lewe te roep. 'n Voorstel sou wees dat leerkragte die stigting van sodanige verenigings inisieer en so die leidende aandeel neem om die ouers ook op hierdie wyse by die skoollewe te betrek.

Redes wat deur ouers gestel word om met ander te skakel, dek 'n wye verskeidenheid. Die mees algemene gedagte was dat dit kan lei tot 'n bespreking van gemeenskaplike probleme en moontlike oplossings daarvan. Ouers wat negatiewe response in hierdie verband gestel het, het dit veral oor die individualiteit van die leerlinge gehad. Die gedagte is uitgespreek dat elke leerling sy eie probleme het, en dit geen doel het om so 'n leerling met ander ouers te bespreek nie. Een ouer het ook gevoel dat dit die kind in 'n verleentheid sal plaas as hy weet dat sy probleme op 'n byeenkoms van ouers bespreek word. Twee pare ouers het hulle teen die gedagte van samekomste van ouers uitgespreek aangesien dit te veel klem op die aangeleentheid sal plaas. Hierdie gedagte is interessant in die lig van die feit dat

hierdie gevoel dat daar so min klem as moontlik op die Spesiale Klas moet val, telkens deur ouers by verskeie items uitgespreek word. Moontlik kan dit saamhang met die verskynsel van ontkenning van die probleem wat soms by ouers teengekom word. By ses gevalle is dit gestel dat ouer-byeenkomste nie 'n goeie idee is nie, want "dit laat ons almal minderwaardig voel", soos een ouer dit beskryf het. Negatiewe response wat gesinspeel het op sosio-ekonomiese verskille met ander ouers, bevestig weereens die groot taak wat daar op die voorligter en die leerkrag rus om nie alleen die kind op te voed nie, maar ook die hele gesin in die opvoedingsproses te betrek.

Item 6.

Wanneer mense weet dat jy 'n kind het wat skoolwerk moeilik vind, dan .....

Hierdie sinstam is deur 17 ouers (7,29%) nie ingevul nie - 'n reaksie dus by 233 ouers (92,71%).

Die ouer se houding teenoor die samelewing en die indruk wat die ouer het oor sy kind se posisie in die samelewing, word goed deur die response op hierdie sinstam na vore gebring. Vir die berekening van 'n positiewe en negatiewe reaksie by hierdie ontleding word slegs daardie response in aanmerking geneem wat die betrokke gevoel baie sterk stel. Volgens hierdie kriterium het 95 ouers (40,77%) die reaksie van die gemeenskap in 'n baie positiewe lig gesien. Ouers het gewys op die begrip, aanvaarding en simpatie aan die kant van die samelewing.

In teenstelling hiermee het 75 ouers (32,18%) hulle skerp uitgespreek teen die gesindheid van die gemeenskap teenoor hierdie leerlinge. Ouers het geskryf van verkleinering, bespotting, afsydigheid en neerhalende kommentaar. Die felheid waarmee hierdie sinstam deur ouers voltooi is, en die intensiteit van die emosie wat daaruit blyk, dui op 'n gesindheid van óf die ouers óf die samelewing, of albei, wat niemand ten goede kom nie en beslis nie in 'n moderne, verligte samelewing tuishoort nie.

Die oorblywende response (27,05%) is òf betreklik neutraal, òf eintlik nie veelseggend nie en kan vir die doel van hierdie bespreking buite rekening gelaat word.

Item 7

Die manier waarop ek in kennis gestel is dat my kind na die Spesiale Klas moet oorgeplaas word ...

Hierdie item is deur 14 ouers uitgelaat. Daar was dus 'n respons van 236 (94,4%).

Die betrokke sinstam het slegs gehandel oor die wyse waarop die mededeling aan die ouer gedoen is dat die kind na die Spesiale Klas oorgeplaas moet word. Hieruit het geblyk dat 91 ouers (38,55%) tevrede hiermee was. Verskeie ouers het gewag gemaak van die feit dat die persoon, gewoonlik die hoof, simpatiek en begrypend was en die aangeleentheid sorgvuldig verduidelik het.

In teenstelling hiermee het 20 ouers (8,47%) hulle skerp teen die wyse van mededeling uitgespreek. By elkeen van hierdie gevalle is slegs 'n brief of vorm aan die ouer gestuur.

'n Opvallende kenmerk van hierdie reaksies is die feit dat die mededeling aan die ouers wat tevrede met die wyse was, deurgaans deur 'n persoonlike onderhoud geskied het, hetsy by die skool, die kliniek of die ouer se huis. In die geval van die ontevrede ouers het mededeling deurgaans per brief geskied. Die implikasie van hierdie feit is baie duidelik en dit word voorgestel dat dit 'n opdrag aan skoolhoofde moet wees om die oorplasing van leerlinge eers met ouers persoonlik te bespreek. Indien die onderhoud nie geslaagd is nie, moet daar dan ook 'n verwysing na die Sielkundige Diens gedoen word.

Benewens die bogenoemde getal, het 'n verdere 17 ouers (7,2%) ook melding daarvan gemaak dat hulle per brief in kennis gestel is, maar aangesien die ouer slegs die feit gestel het, en nie ontevredenheid uitgespreek het nie, is hierdie groep buite rekening gelaat by die kommentaar in die vorige paragraaf.

Dit gebeur ook dat ouers oorplasing versoek. By die onderhawige groep het 16 ouers (6,77%) die skool versoek om die leerling in die Spesiale Klas te plaas.

Die benaming "Spesiale Klas" is vir 'n aantal ouers nie aanvaarbaar nie en die gedagte word by verskeie items deur enkele ouers uitgespreek dat 'n ander benaming gebruik moet word. By hierdie bepaalde sinstam het 4 ouers hulle

teen die huidige benaming uitgespreek.

Die res van die response het hoofsaaklik gedui op die ouer se reaksies op die feit van oorplasing en nie die wyse waarop dit geskied het nie en word by hierdie bespreking buite rekening gelaat.

Item 8

Wat ek graag wil hê dat my kind uit die lewe moet kry, is ....

Hierdie sinstam is deur 13 ouers onbeantwoord gelaat - 'n respons dus van 237 (94,8%).

Die grootste aantal ouers, naamlik 69 (29,11%) het 'n goeie opvoeding en kwalifikasies voorop gestel. Die gebruik van die woord "geleerdheid" was opvallend. Dit is duidelik dat die ouers 'n baie sterk klem plaas op die bydrae wat die skool tot die kind se lewe maak. Hierdie siening van ouers plaas 'n groot verantwoordelikheid op die hele onderwysstelsel en 'n besliste antwoord aan diegene wat die onderrig van verstandelik-gestremde leerlinge as van minder belang beskou.

Aansluitend by die voorgaande het 63 ouers (26,58%) die vooruitsig op 'n goeie loopbaan as eerste vereiste gestel. Die sekuriteit wat opleiding en 'n goeie loopbaan bied, is vir die ouers van hierdie leerlinge van baie groot belang.

Die begeerte na geluk (happiness) het uit die response van

39 (16,45%) ouers geblyk. Die woord het dan ook in die voltooide sinne verskyn. Die wens om aanvaarding, 'n suksesvolle huwelik en opname in die sosiale lewe was vir 25 ouers (10,54%) die belangrikste prioriteit.

'n Totaal van 23 (9,7%) van die ouers het slegs verwys na "die beste" (the best) wat seker na die beste op enige van hierdie terreine verwys.

Dit sal interessant wees om die begeertes van hierdie ouers te vergelyk met die response van ouers van kinders in die gewone klasse. Hoewel dit nie op 'n ondersoek berus nie, word die mening hier uitgespreek dat bloot op grond van waarneming tot die gevolgtrekking gekom kan word dat daar basies baie min verskil sal wees.

Item 9

Onderwysers behoort/behoort nie

Hierdie sinstam is deur 36 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 214 (85,6%).

Die grootste getal ouers, 169 (78,97%) het die item positief benader en menings uitgespreek oor dit wat onderwysers behoort te doen, hoewel hierdie reaksie ook moontlik anders geïnterpreteer kan word. Van hierdie getal het 75 ouers (44,37%) die klem laat val op geduld, verdraagsaamheid en begrip. Afgesien van die basiese opvoedkundige beginsel wat hierin vervat is, kan dit ook dui op die ouer se vrees vir nie-aanvaarding deur die gemeenskap. Hierdie ouerlike siening van die onderwyser se houding teenoor die kind kan moontlik ook 'n versoek tot die gemeenskap wees om begrip en verdraag-

saamheid teenoor die kind te toon. Aansluitend hierby het 41 ouers (24,26%) dit gestel dat leerkragte aanmoediging en besondere hulp aan die leerlinge behoort te gee.

Strengheid van optrede teenoor die leerlinge word deur 21 ouers (12,42%) gestel. Die woord "ferm" is dikwels gebruik.

Die begeerte na kontak tussen leerkragte en ouers is 11 keer (6,5%) gestel. Hierdie ouers het die wens duidelik uitgespreek dat leerkragte die ouer op hoogte moet hou betreffende die kind se vordering. Een ouer het 'n persoonlike onderhoud voorgestel in plaas van die skoolrapport.

By 'n ontleding van die response van 45 ouers (21,03%) wat die voltooiing negatief benader het ("Onderwysers behoort nie"), word dit gou duidelik dat hierdie ouers baie sterk voel oor die behandeling wat kinders aan die hand van leerkragte ervaar. Die gevoel van antipatie teen professionele persone kan 'n kenmerk van die ouer van die gestremde kind wees soos in die oorsig van die literatuur gestel en kan lig werp op die reeks klagtes wat ouers teen leerkragte het. Dit het gewoonlik gegaan oor ongeduld met die kinders, leerkragte wat hardhandig optree, vernedering van kinders en ongelyke behandeling van leerlinge. Hoewel alle leerkragte nie altyd vry te spreek is van enige blaam nie, is dit duidelik dat die ouer-skool-verhouding by hierdie groep ouers beslis nie gewens is nie. 'n Planmatige poging van die skool, en

veral deur die Spesiale Klas-leerkrag om die gesindheid van die ouers te peil, en voorligting in die lig van die bevindinge, kan veel bydra tot die daarstelling van 'n gesonde en aangename gevoel jeens die skool.

Item 10

Ek voel my kind kan/kan nie

Hierdie item is deur 24 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 226 (90,4%).

Dit is interessant om die verskil in die response tussen "kan" en "kan nie" waar te neem. Ouers wat die sinstam met "kan nie" voltooi het, het oor die algemeen 'n bepaalde simptoom of onvermoë van die kind gestel wat begryplik 'n wye veld gedek het. By die antwoorde "kan", het 'n bepaalde patroon na vore gekom.

Die mees algemene reaksie was dat die kind beter kan doen. Dit is deur 78 ouers (34,5%) gestel. Hierdie reaksie kan as normaal beskou word en is basies 'n gesonde benadering, mits daar nie onrealistiese eise gestel word nie en die rede vir die verwagte verbetering ouerlike besorgdheid is. Is dit egter as gevolg van ontevredenheid met die Spesiale Klas word die nodigheid vir 'n verbetering van ouer-skool-verhouding duidelik.

Die vertroue wat die ouers in hierdie kinders het, blyk uit die reaksies van 28 ouers (12,38%) wat dit gestel het dat hul kinders goed kan doen na skoolverlating en

selfstandig sal kan optree. 'n Bykomende 25 ouers (11,06%) het die optimistiese siening van die kind se toekoms aan Spesiale Klas-opleiding toegeskryf. Die vertroue dat die kind sy probleme kan oorkom, word deur 6 ouers (2,65%) gestel. Die respons van 7 ouers (3,09%) was slegs dat die kind "kan", sonder om te spesifiseer.

Klagtes teen die skool en die Spesiale Klas word deur 8 ouers (3,53%) baie sterk gestel. Die leerling se onvermoë en probleme word aan Spesiale Klas-plasing gewyt.

Item 11

Wat ek nog nie van my kind se probleem kan verstaan nie

Hierdie sinstam is deur 60 ouers nie voltooi nie. Die respons was dus 190 (76%).

Weens die aard van die sinstam is die response hoofsaaklik negatief van aard. Die grootste gedeelte van die ouers, 47 ( 24,73%) het 'n verskeidenheid persoonlike probleme gemeld sonder dat 'n besondere enkele patroon na vore gekom het. Die feit dat die leerling in die Spesiale Klas is, is 'n situasie wat vir 18 ouers (9,4%) onbegryplik is. Hierdie ouers kan nie verstaan waarom die leerling nie die gewone klas kan bywoon nie, aangesien die kinders se optrede by die huis geen verskil van dié van die ander kinders toon nie. Dit is een van die feite wat die onderhoudvoerder met hierdie ouers altyd in gedagte moet hou, naamlik dat die ouers, en trouens enige ander persoon wat nie met die werklike skoolwerk gemoeid is nie, nie die kind se intellektuele onvermoë kan begryp nie, aangesien die leerling se buiteskoolse optrede normaal kan wees.

Hoe hoër die leerling se intelligensievermoë hoe moeiliker word dit om die Spesiale Klas-plasing aan die ouer te verduidelik. Aansluitend hierby het 3 ouers (1,57%) spesifiek verklaar dat hulle nie ingelig is betreffende die rede vir oorplasing nie. Wat die aanvaarding van die oorplasing ook soms bemoeilik het, is die feit dat die betrokke leerling die enigste een van die gesin is. Hierdie feit is deur 5 ouers (2,03%) gestel. Ook die oorsaak van die gestremdheid is vir 6 ouers (3,15%) onverstaanbaar. 'n Verdere 11 ouers (5,78%) het dit gestel dat hulle nie kan begryp waarom die leerling so stadig van begrip is nie.

Ook by hierdie item het die onsekerheid oor die toekoms van die kind uit die response van 4 ouers (2,1%) geblyk.

'n Interessante reaksie is by 9 ouers (4,73%) gevind wat verklaar het dat daar geen probleem is nie. Hierdie respons kan òf negatief òf positief gesien word. By 'n kliniese ontleding van die betrokke ouers se response, asook met 'n persoonlike onderhoud, sal hierdie reaksie duideliker word en lig werp op die ouer se siening van sy kind se probleem.

'n Totaal van 12 ouers (6,31%) het dit spesifiek gestel dat hulle die hele probleem wel verstaan.

<u>Item 12</u>

Die grootste probleem vir my kind is

Hierdie sinstam is deur 28 ouers onvoltooid gelaat.

Die respons was dus 222 (88,8%).

Die grootste enkele probleem wat ouers gesien het, was die leerling se probleem om te konsentreer. Hierdie feit is deur 33 ouers (14,86%) gestel. Ouers het dit op 'n verskeidenheid wyses gestel, soos byvoorbeeld 'n gebrek aan aandag en hiper-aktiwiteit, maar basies kom die ouer se waarneming daarop neer dat die leerling se aandag maklik fluktueer. 'n Begrip van hierdie verskynsel sal dit vir ouers makliker maak om die leerling se posisie te verstaan. Aansluitend by hierdie waarneming het 14 ouers (6,3%) swak retensievermoë as die grootste probleem gesien.

Die gebrek aan selfvertroue wat soms by die kinders gevind word, word deur 8 ouers (3,6%) genoem en die verhoudingsprobleme waarmee sommige gestremde leerlinge te kampe het, is deur 15 ouers (6,75%) gestel.

Hierdie insig van ouers in die sielkundige opset van die Spesiale Klas-leerling vergemaklik die aanvaarding van die leerling se posisie en bevorder 'n positiewe benadering tot die probleem. In onderhoudvoering met die ouers moet daar gepoog word om 'n peiling te kry van die ouer se siening van en insig in die gestremde kind.

Bepaalde probleme ten opsigte van die skool is deur 96 ouers (43,24%) gestel. 'n Verwysing na die skoolwerk in die algemeen is deur 15 ouers (6,75%) gedoen. Probleme met besondere aspekte is as volg genoem :

Wiskunde 22 (9,9%), Tale 9 (4%), Lees 28 (12,61%), Spel 15 (6,75%), Inhoudsvakke 7 (3,15%). Spraakprobleme is deur 6 ouers (2,7%) gestel.

Die feit dat die leerling in die Spesiale Klas is, is deur 6 ouers (2,7%) as die grootste probleem gesien.

Item 13

Toe dit blyk dat my kind moes oorgeplaas word na die Spesiale Klas

Hierdie item is deur 18 ouers uitgelaat. Daar was dus 'n respons deur 232 (92,8%) ouers.

Die gunstige siening van Spesiale Onderwys deur ouers wie se kinders dit reeds ontvang, blyk uit die reaksies op hierdie sinstam. Dat die ouers besef het dat oorplasing die beste vir die kind sal wees, is deur 53 ouers (22,84%) gestel. Aansluitend hierby het 41 ouers (17,67%) verklaar dat hulle werklik bly was dat die leerling oorgeplaas kan word en dat die fasiliteite beskikbaar was. Hierdie ouers het besef dat die frustrasie van die leerlinge te veel geword het. Die geredelike aanvaarding van die feit van oorplasing is deur 26 ouers (11,2%) gestel. Daar is ook by 5 gevalle (2,15%) melding gemaak van die kind se aanvaarding van oorplasing. Ses ouers (2,58%) het verwag dat die leerling Spesiale Onderwys sal ontvang.

In teenstelling met bostaande het 21 ouers (9,05%) hul

teenkanting teen oorplasing uitgespreek. Ook die teenkanting deur die kind self is deur 3 ouers (1,29%) genoem. Die feit dat hulle ontsteld was deur die oorplasing, is deur 18 ouers (7,75%) gestel, en 'n gevoel van teleurstelling is deur 14 (6,03%) ouers uitgespreek. Aansluitend hierby het 8 ouers (3,44%) daarop gewys dat hulle met huiwering ingestem het.

'n Gevolgtrekking wat duidelik na vore gekom het in die beantwoording van hierdie sinstam, is die feit dat waar die ouer 'n insig in die situasie gehad het, hetsy dit 'n selfverkreë begrip was of 'n insig wat verkry is na 'n onderhoud met 'n leerkrag of skoolhoof, het sodanige ouer die feit van oorplasing baie makliker aanvaar en met 'n geruster gemoed toestemming gegee.

Item 14

Wanneer my kind tuis kom, wil hy die graagste

Hierdie sinstam is deur 13 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 237 (94,8%).

Die bedrywighede van die leerlinge na skool verskil baie weinig van dié van enige ander groep. So skryf 61 ouers (25,73%) dat huiswerk en leer die belangrikste aktiwiteit van die leerlinge is. Bykans 'n kwart van die ouers, 59, (24,89%) het gemeld dat speel die bedrywigheid is wat leerlinge die graagste na skool doen. Die behoefte aan kommunikasie met ouers en ander huisgenote word deur 36 ouers (15,18%) gestel. Aktiwiteite in en om die huis is prominent soos die

ouers dit sien: radio, plate en TV, 11 (4,64%); troeteldiere 10 (4,22%); herstelwerk 9 (3,79%); lees 13 (5,48%); ontspanning 8 (3,37%) en sport 10 (4,22%).

Die goeie gesindheid wat daar tussen die leerlinge en die skool bestaan, word spesifiek deur 7 ouers (2,95%) gestel wat daarop wys dat die leerlinge weer die dag se klaskamer-gebeurtenisse by die huis wil herleef.

Uit 'n beskouiing van die naskoolse bedrywighede van die leerlinge soos die ouers dit waarneem, word dit gou duidelik waarom die akademiese onvermoë en andersheid van hierdie leerlinge soms moeilik begryp word, gesien die oënskynlike normaliteit van hul optrede in en by die huis.

Item 15

Wanneer die broers en susters omtrent die kind in die Spesiale Klas gevra word

Hierdie sinstam is deur 45 ouers onvoltooid gelaat. Daar was dus 'n respons van 205 (82%).

Die reaksies van broers en susters teenoor die gemeenskap na aanleiding van die kind in die Spesiale Klas is betreklik positief soos die ouers dit sien. Dit is deur 23 ouers (11,22%) gestel dat die broer of suster 'n verduideliking gee en dan normaal reageer. 'n Verdere 23 (11,22%) gesels openlik oor die kind se teenwoordigheid

in die Spesiale Klas. Die grootste groep, volgens die ouers, 32 (15,6%) aanvaar dit as niks buitengewoons nie.

'n Groep van 14 ouers, (6,82%) het dit gestel dat die broer of suster dadelik op die verdediging is en vir die Spesiale Klas-leerling skerm wanneer hulle in hierdie verband gevra word. Laasgenoemde reaksie kan òf positief òf negatief gesien word.

Die respons by 13 ouers (6,34%) was dat die broers en susters skaam is wanneer hulle gevra word en 7 (3,41%) ouers het dit gestel dat die ander kinders in die verleentheid is wanneer daar na die kind in die Spesiale Klas gevra word. 'n Verdere 5 ouers (2,43%) het dit gestel dat die ander kinders onwillig is om oor die leerling te praat en die vraag probeer ontwyk, terwyl 'n verdere 5 ouers beweer het dat die ander kinders self ook die Spesiale Klas-leerling as gestremd beskou.

Vir die doel van hierdie bespreking is 83 response (59,51%) nie in berekening gebring nie aangesien die voltooide sinne nie spesifiek op die houding van broers en susters gedui het nie, maar klaarblyklik op die ouers se eie houding of op die betrokke Spesiale Klas-leerling se opvatting van Spesiale Onderwys gedui het. Ook het 9 ouers (4,39%) dit gestel dat daar nooit vrae gevra word nie.

Item 16

Die toekoms lyk

Hierdie sinstam is deur 25 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 225 (90%).

Die response by hierdie item kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word, naamlik gunstig of ongunstig. Die grootste getal response, 109 (48,44%) het die toekoms as goed gesien en 'n bykomende 31 ouers (13,77%) het 'n belowende toekeoms spesifiek aan Spesiale Klas-opleiding toegeskryf. 'n Swak toekoms is deur 38 ouers (16,88%) in die vooruitsig gestel en 'n bykomende 6 ouers (2,66%) het die swak vooruitsigte aan die Spesiale Onderwys toegeskryf. 'n Groep van 19 ouers (8,44%) het die toekoms as onvoorspelbaar gesien.

Gesien in die lig van die huidige politieke situasie wat ook duidelik na vore gekom het in sommige response, is die positiewe siening van die toekoms inderdaad bemoedigend, en werklik 'n onderskraging vir die owerhede in die voorsiening van Spesiale Onderwys wat in geen geringe mate 'n gevoel van hoop en vertroue by hierdie ouers gebring het.

Item 17

Wat ouers die moeilikste vind om te aanvaar omtrent die leerprobleem van hul kind, is

Hierdie sinstam is deur 48 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was 202 (80,8%).

'n Wye verskeidenheid response is by hierdie sinstam aangetref.

Die grootste enkele probleem wat ouers moeilik gevind het om te aanvaar, is die stadige begrip van die leerlinge ten opsigte van skoolwerk, 33 response (16,33%). Aansluitend hierby het 22 ouers (10,89%) spesifiek na onvermoë op skool verwys.

Leerlinge se onwilligheid om te leer, het reaksies van 4 ouers (1,98%) uitgelok en aandag- en konsentrasieprobleme was vir 6 ouers (2,97%) die opvallendste probleem. Die gebrekkige retensie van leerlinge het 11 ouers (5,44%) opgeval asook die feit dat die leerlinge, volgens die ouers, graag wil speel en nie wil leer nie, 5 ouers (2,47%).

Skoolvakke wat probleme skep, het ouers as volg gestel:

Wiskunde 14 (6,93%), Tale 12 (5,93%). Die werk wat die leerlinge in die Spesiale Klas doen, was vir 7 ouers (3,46%) moeilik aanvaarbaar. 'n Totaal van 9 ouers (4,45%) het gewys op onvermoë om die leerling met sy skoolwerk te help.

'n Feit wat ouers moeilik aanvaar, is dat die probleem juis hulle kind moes getref het, 11 ouers (5,44%). Vyf ouers (2,47%) het dit moeilik gevind om te begryp dat slegs die één leerling in die gesin nie in die gewone klas kon vorder nie. 'n Verdere 5 ouers (2,47%) het verwys na die ouerlike trots wat deur oorplasing geskrenk is.

Ten slotte het 10 ouers (4,95%) dit moeilik gevind om te aanvaar dat die kind se toekoms nie probleme sal inhou nie.

Item 18

Ek dink dat die onderwysers van die Spesiale Klas

Hierdie item is deur 12 ouers onvoltooid gelaat. Hier was dus 'n reaksie deur 238 ouers (95,2%).

Die gunstige kommentaar wat ouers oor die leerkragte in die Spesiale Klas gelewer het, is werklik 'n getuigskrif vir die werk wat daar gedoen word. Verreweg die grootste groep ouers, 84 (33,6%) het dit gestel dat daar goeie werk deur hierdie leerkragte gelewer word. 'n Verdere 44 ouers (18,48%) het gewys op die geduld waaroor hierdie leerkragte beskik en in aansluiting hierby het 'n bykomende 16 ouers (6,27%) melding gemaak van 'n tegemoetkomendheid van Spesiale Klas-leerkragte. 'n Verdere gunstige mening word gehuldig deur 4 ouers (1,68%) wat meld dat die leerkragte hul bes doen, 3 ouers (1,26%) dat leerkragte streng, maar regverdig is, 4 ouers (1,68%) dat leerkragte baie aandag gee en 3 ouers (1,26%) dat leerlinge aangemoedig word. Dit is interessant om te vind dat 3 ouers (1,26%) spesifiek gevra het dat leerkragte meer met die ouers van die leerlinge moet skakel.

In teenstelling met bostaande gunstige reaksie het 11 ouers (4,62%) dit gestel dat beter werk in die Spesiale Klas gedoen kan word, 7 ouers (2,94%) dat meer aandag aan die kinders gegee moet word, 16 ouers (6,72%) dat onderwysers beter opgelei moet wees en bykomend hierby het 4 ouers hulle uitgespreek teen die jeugdigheid van die leerkragte en voorgestel dat hierdie leerkragte liefs getroud en self ouers moet wees. Die optrede van leerkragte teenoor

die kinders het by 'n groep ouers sorg gewek. So skryf 7 ouers (2,94%) dat onderwysers nie hardhandig teenoor hierdie kinders moet optree nie, aangesien die kinders nie abnormaal is nie. Dat leerkragte te streng is, word deur 'n verdere 8 ouers (3,36%) gestel en aansluitend hierby vra 5 ouers (2,1%) dat leerkragte meer taktvol moet wees. Vier ouers (1,68%) het hulle baie sterk teen die leerkragte in die Spesiale Klasse uitgespreek.

Ten spyte van die mate van kritiek soos beskryf, was die oorweldigende indruk by die ontleding van die response die waardering en erkentlikheid wat by die ouer bestaan vir die werk wat die leerkragte in Spesiale Klasse doen.

Item 19

Toe ek die eerste keer verneem het dat my kind 'n leerprobleem het

Hierdie sinstam is deur 17 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 233 (93,2%).

Die eerste reaksie by 52 ouers (22,31%) was om die leerling te verander deur hom aan te spreek, te tug, te help, te motiveer. Sommige ouers het hulle baie sterk in hierdie verband uitgedruk en die emosioneel belaaide situasies wat in baie huise moes ontstaan het, bring die vraag of die mededeling aan die ouer altyd met die grootste omsigtigheid en takt plaasgevind het. Hierdie reaksie by ouers bevestig die opmerking wat reeds gedoen is, dat 'n simpatieke verduideliking tydens 'n persoonlike onderhoud die aangewese wyse is. Na ontvangs van die mededeling het 30 ouers (12,87%) onmiddellik die hoof, 'n leerkrag of die skoolkliniek geraadpleeg en 6 ouers (2,57%) het na buite instansies gegaan. Daar moet op gewys word

dat hierdie syfers moontlik 'n verkeerde indruk kan skep, aangesien die response slegs verwys na die oorheersende indruk van die ouer. So het ander ouers na ander gewaarwordinge verwys soos weldra sal blyk. Inderwaarheid kan dan verwag word dat 'n groter getal ouers die skool of buite-instansies sou geraadpleeg het. By die interpretasie van 'n sinsvoltooiingvorm moet dit altyd in gedagte gehou word dat die toetspersoon, in hierdie geval die ouer, slegs een oorheersende, prominente indruk na elke sinstam gee. Daar kan ook bykomende reaksies wees wat nie gemeld is nie.

Die feit dat daar 'n probleem is, was reeds deur 14 ouers (6%) besef en het oorplasing verwag terwyl 'n verdere 10 ouers (4,29%) om Spesiale Klas-plasing gevra het. Sestien ouers (6,8%) was tevrede met oorplasing.

In teenstelling hiermee het 22 ouers (9,44%) geskryf van die skok en ontsteltenis wat hulle ervaar het, die teleurstelling by 28 ouers (11,76%) en kommer by 16 ouers (6,86%). Sewe ouers (3%) het dit gestel dat dit moeilik was om dit te aanvaar en 'n verdere 13 ouers (5,57%) kon dit eers later aanvaar. Nege ouers (3,86%) het 'n gevoel van jammerte vir die kind ervaar, terwyl 4 ouers (1,71%) gemeld het van 'n beter begrip van die kind na oorplasing.

Item 20

Om 'n kind te vertel dat hy/sy na 'n Spesiale Klas moet gaan

Hierdie sinstam is deur 24 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 226 (90,4%).

Om 'n kind te vertel dat hy na 'n Spesiale Klas moet gaan, word deur 73 ouers (32,3%) as 'n uiters moeilike taak beskryf. Dit was die oorheersende reaksie van die ouers. 'n Bykomende 24 ouers (10,61%) het dit as ontstellend beskryf en 'n verdere 12 ouers (5,3%) het dit gestel dat dit nie aangenaam was nie.

'n Totaal van 24 ouers (10,61%) het die noodsaaklikheid van verduideliking aan die kind gestel. As dit gedoen word, is aanvaarding makliker. Vir 35 ouers (15,48%) was dit betreklik maklik gewees aangesien daar begrip vir die kind se probleem was. Vyf-en-twintig ouers (11,06%) het die mededeling ook maklik gevind,aangesien die oorplasing in die lig van die probleme in 'n gewone klas, vir die kind reeds verstaanbaar was.

Vier ouers het dit gestel dat die mededeling moeiliker vir die ouer as vir die kind was.

Item 21

Onderwysers doen hul bes/doen nie hul bes om

Hierdie sinstam is deur 15 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was 235 (94%).

Die gunstige reaksie teenoor die leerkragte van die Spesiale Klas, soos blyk uit die response op hierdie sinstam, is inderdaad 'n bewys van die groot rol wat hierdie onderwysers by 'n deel van ons bevolking speel. Ouers het gewys op leerkragte wat hul bes doen om kinders gelukkig te laat voel, te laat leer, te verstaan, vir die toekoms voor te berei, leerlinge se vertroue te wen en so meer, maar basies kom dit neer op 'n baie goeie gesindheid teenoor die onderwysers en 'n erkenning van die ouer vir die goeie werk wat in Spesiale Klasse gedoen word. 'n Totaal van 199 ouers (84,68%) het 'n gunstige reaksie teenoor die leerkragte geopenbaar.

In teenstelling hiermee het 28 ouers (11,91%) hulle baie sterk teen die leerkragte se optrede en werk uitgespreek.

Item 22

Wanneer ek aan my kind se toekoms dink

Hierdie sinstam is deur 26 ouers nie voltooi nie. Die respons was 224 (89,6%).

Die duidelikste reaksie wat na vore gekom het, was een van kommer oor die toekoms. 'n Totaal van 63 ouers (28,15%) het hul vrees vir en bedenkinge oor hul kind se toekoms uitgespreek. 'n Verdere 13 ouers (5,8%) het dit gestel dat hulle onseker voel, 33 ouers (14,73%) dat hulle vir die beste hoop en 2 ouers (0,89%) dat hulle jammer voel vir hul kinders wanneer hulle aan die kind se toekoms dink.

Die hoop dat die kind gelukkig sal wees, is deur 11 ouers (4,9%) gestel en 9 ouers (4,01%) het die wens uitgespreek dat die kind 'n sukses van sy loopbaan sal maak.

Volle vertroue in die toekoms en 'n gees van optimisme het geblyk uit die response van 38 ouers (16,96%). 'n Verdere 5 ouers (2,23%) het dit gestel dat hulle tevrede is en 10 ouers (4,46%) se eerste reaksie is om hulle tot die gebed te wend oor hul kind se toekoms.

Soos reeds gemeld, is dit moeilik om ook by hierdie sinstam te onderskei tussen ouerlike kommer op grond van die kind se opleiding of 'n onsekerheid oor die toekoms as gevolg van politieke toestande. Die vorige sinstam (sinstam 16) wat direk oor die toekoms gegaan het, was meer algemeen gestel, terwyl hierdie item spesifiek na die kind se toekoms verwys.

<u>Item 23</u>

Wanneer ek by my kind is, wil ek graag hê dat mense

Hierdie sinstam is deur 26 ouers nie voltooi nie. Die respons was dus 224 (89,6%).

Die hele aangeleentheid van aanvaarding deur die gemeenskap is ook hier prominent. Die begeerte dat die kind aanvaar moet word, word deur 36 ouers (16,07%) gestel. Aansluitend hierby versoek 33 ouers (14,73%) dat die kind gesien moet word soos hy is, met ander woorde ook

aanvaarding deur die samelewing. Die wens dat buitestanders slegs die beste van die leerlinge moet dink, word deur 21 ouers (9,37%) gestel. In dieselfde trant verlang 15 ouers (6,69%) dat daar met trots na die kind gekyk moet word. 'n Totaal van 22 ouers (9,82%) wil slegs 'n normale, natuurlike optrede by andere sien, terwyl 12 ouers (5,35%) 'n belangstelling in die kind wil sien en 8 ouers (3,57%) verlang dat andere sy probleme moet begryp.

'n Interessante reaksie is by 17 ouers (7,58%) gevind wat die wens uitspreek dat andere moet sien dat die ouer die kind lief het en alles vir hom doen. Dit kan dui op 'n skuldgevoel. So verlang 8 ouers (3,57%) dat die gemeenskap moet sien dat ouer en kind gelukkig is.

'n Aantal ouers se eie gevoel teenoor gestremdheid word ook weerspieël in die reaksies van 16 gevalle (7,14%) wat verlang dat die gemeenskap nie oor die kind se skoolwerk moet praat nie; 7 ouers (3,12%) vra dat die kind nie beledig moet word nie en 5 ouers (2,32%) dat mense met wie hy in aanraking kom, nie moet hoor dat die kind in 'n Spesiale Klas is nie.

Item 24

Wat my soms ontstel, is

Hierdie sinstam is deur 35 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was 215 (86%).

Die vrees wat ouers het dat die samelewing 'n ongunstige dunk van die gestremde leerling sal hê, word telkens by verskeie sinstamme duidelik. So is dit ook by hierdie item die geval waar 57 ouers (26,51%) die negatiewe optrede van andere, sommige onderwysers ingesluit, beskou as die feit wat hulle die meeste ontstel. Verwant hieraan het 35 ouers (16,27%) hul sterk uitgespreek teen leerlinge wat neerhalend optree teenoor die lede van die Spesiale Klas.

Aspekte van die kind se gedrag is ook soms vir die ouer ontstellend. 'n Totaal van 53 ouers (24,65%) het 'n verskeidenheid reaksies van hul kinders genoem wat vir die ouers probleme skep. 'n Verdere 19 ouers (8,83%) het die onvermoë van die leerlinge om op skool te vorder as die grootste faktor gesien. Ook die onvermoë van die ouers self om die kind meer te help, was die grootste probleem vir 12 ouers (5,58%). Kommer oor leerlinge se gesondheid, 4 (5,86%) en die toekoms, 6 ouers (2,79%), is uitgespreek.

<u>Item 25</u>

Die beste ding wat nog met my kind gebeur het

Hierdie sinstam is deur 37 ouers onvoltooid gelaat. Daar was 'n respons deur 213 ouers (85,2%).

Die oorplasing na die Spesiale Klas was, volgens die mening van 72 ouers (33,8%), die beste ding wat nog met hulle kind gebeur het.

Aansluitend hierby het ouers sekere aspekte wat met Spesiale Onderwys saamhang en die gevolg is van Spesiale Klas-plasing gestel by die voltooiing van hierdie sinstam: die leerling het geleer lees, 9 (4,22%); hy het 'n goeie onderwyser/es, 9 (4,22%); gelukkig op skool 6, (2,81%); hy word aanvaar en voel nie minderwaardig nie, 13 (6,1%); hy kry individuele aandag, 6 (2,81%); het pryse gekry vir vordering, 16 (7,51%); het prefek geword, 3 (1,4%); verkeer tussen maats met dieselfde probleem, 7 (3,28%); trots wanneer rapport vordering toon, 12 (5,63%).

Hieruit blyk dit dat 153 ouers (71,8%) die oorplasing na die Spesiale Klas om 'n verskeidenheid redes as 'n suksesvolle stap in hul kinders se lewe beskou. Die vraag kan gestel word of die klaarblyklike teenstand teen die Spesiale Klas nie inderwaarheid 'n minderheidsmening is nie en slegs die indruk skep van vry algemeen te wees, aangesien die teenstanders dikwels meer uitgesproke is.

Verskeie ouers, 11 (5,16%), het bepaalde sportprestasies genoem, 5 (2,34%) het gewag gemaak van 'n gelukkige huislike lewe, 2 ouers (0,93%) dat Godsdiens 'n prominente rol in sy lewe speel, 2 ouers (0,93%) dat die leerling na die Spesiale Skool kan gaan en 5 ouers (2,34%) dat die leerling goeie gesondheid geniet.

Item 26

My grootste vrees is

Hierdie sinstam is deur 55 ouers nie voltooi nie. Die

respons was dus 195 (78%).

Vrese in verband met die toekoms en veral hoe die leerling sy loopbaan en sy toekoms sal hanteer, word deur 47 ouers (24,1%) gestel. Ouers het ook oor 'n wye veld vrese gekoester: dat die kind verkeerde maats sal kry, 19 (9,74%); dat die kind 'n kompleks sal hê, 15 (7,69%); dat die leerling nie sal slaag nie, 15 (7,69%); dat die kind nie sal volhard en sy skoolloopbaan voltooi nie, 11 (5,64%); dat die ouer te sterwe sal kom voor die kind volwasse is, 11 (5,64%); dat sy kwalifikasies onvoldoende sal wees, 7 (3,58%); dat leerkragte belang in hom sal verloor, 5 (2,56%); dat hy altyd afhanklik sal wees, 4 (2,05%); dat hy nie aanvaar sal word nie, 6 (3,07%); dat hy hom nie sal kan aanpas nie, 3 (1,53%); dat hy nie aanvaar sal word vir 'n vakleerlingskap nie, 4 (2,05%) en dat hy nie aanvaar sal word by die Spesiale Skool nie, 4 (2,05%). In laasgenoemde verband het twee ouers hulle baie sterk uitgespreek teen die feit dat, alhoewel die betrokke leerlinge goed vorder, hulle moontlik 'n jaar teruggehou sal word voor opname in 'n Spesiale Skool om 'n ouer leerling die geleentheid te gee om te gaan. "I feel this is terribly wrong", het een ouer dit gestel. Dit sal interessant wees om te sien of hierdie situasie in die toekoms gaan verander.

<u>Item 27</u>

Ek wou/wou nie my kind in 'n Spesiale Klas plaas/plaas nie, omdat

Hierdie sinstam is deur 24 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 226 (90,4%).

Van die response wat in berekening gebring is vir die beskouing oor hierdie sinstam was 'n totaal van 156 ouers (69,02%) ten gunste van oorplasing en 59 ouers (26,1%) daarteen.

Benewens 39 ouers (17,25%) wat dit bloot gestel het dat oorplasing tot die leerling se beswil sal wees en 20 ouers (8,84%) wat slegs gestel het dat hulle die leerlinge wou laat oorplaas sonder om redes te verstrek, het ouers 'n verskeidenheid oorweginge genoem vir oorplasing.

Die individuele aandag wat die leerling sal ontvang, was belangrik vir 27 ouers (11,94%); die werk in die gewone klasse het moeilik geword, 24 (10,61%); die leerling was ongelukkig in die gewone klas, 10 (4,42%); die leerling sal saam met ander leerlinge met 'n soortgelyke probleem wees, 6 (2,65%); ouers het gevoel dat sy voorbereiding vir die toekoms beter sal wees, 6 (2,65%); daar is gevoel dat die leerling die werk beter sal kan hanteer, 3 (1,32%) en 'n verdere 3 ouers (1,32%) dat die leerling gelukkiger in die skool sal wees. 'n Totaal van 14 ouers (6,19%) het gevoel dat oorplasing die enigste oplossing tot die probleem is, twee ouers het gereageer op die advies van verantwoordelike persone en een ouer het gevoel dat dit die enigste manier is om die leerling toegang tot 'n ambag te laat kry.

Die grootste beswaar wat ouers teen oorplasing gehad het, was 'n gebrek aan vertroue in die sertifikate wat die leerling kan verwerf. Hierdie feit is deur 14 ouers (6,19%) gestel. 'n Totaal van 8 ouers (3,53%) wou nie toestemming tot oorplasing gee nie, maar het nie redes verstrek nie, terwyl 4 ouers (1,76%) gevoel het dat Spesiale Onderwys nie nodig is nie en een ouer het sterk misnoeë met Spesiale Klasse uitgespreek, terwyl 'n ander ouer gevoel het dat dit alles die kind se skuld is.

'n Verskeidenheid besware is deur ouers geopper. Die grootste hiervan was die vrees vir die houding van die publiek, 7 ouers (3,09%) en die gepaardgaande gedagte dat dit 'n minderwaardigheidsgevoel by die ouer en die kind sal meebring - 'n verdere 7 ouers (3,09%). Voorts was 5 ouers (2,21%) bang dat daar geen toekoms vir die kind sal wees nie en 4 ouers (1,76%) het gevoel dat hul kind nie gestremd is nie. Twee ouers was bevrees vir "slegte dinge" wat altyd na kinders in die Spesiale Klas kom, terwyl een ouer bang was dat die kind verwaarloos sal word.

Afgesien van die noodsaaklikheid van voorligting om die ouers 'n insig in die situasie te laat verkry soos uit die bostaande blyk, word dit absoluut noodsaaklik vir die ontwil van die emosionele reaksie van sommige ouers soos blyk uit die response van 3 ouers (1,32%) wat hulle sterk uitgespreek het teen oorplasing aangesien die leerling dan nie na 'n universiteit kon gaan nie. Die ineenstorting van ouerlike verwagtinge moet met die

grootste omsigtigheid hanteer word.

Item 28

Wat my die meeste hinder omtrent my kind se leerprobleem is

Hierdie sinstam is deur 60 ouers onvoltooid gelaat. Daar was dus 'n respons deur 190 ouers (76%).

Daar is so 'n verskeidenheid van aspekte wat die ouers stel, dat geen duidelike patroon na vore kom nie. Die grootste groep, 26 ouers (13,68%) is bekommerd daaroor dat die kinders stadig van begrip is; 20 ouers (10,52%) dat die kinders onwillig is om te leer; die swak retensievermoë, 17 (8,94%); leesprobleme, 16 (8,42%); gebrek aan konsentrasievermoë, 14 (7,3%); die implikasies wat dit vir die kind se toekoms inhou, 13 (6,84%); die feit dat die leerling nie vorder nie, 6 (3,15%); die leerling se onwilligheid om huiswerk te doen, 6 (3,15%); die wisselvallighede van die leerling se prestasies, 6 (3,15%); probleme met wiskunde, 6 (3,15%); spelprobleme, 5 (2,63%); dat die leerling nie genoeg aandag gee nie, 3 (1,57%); die hoop dat die kind sy toestand sal oorkom, 3 (1,57%); spraakprobleme, 2 (1,05%) en uitdrukkingsvermoë op skrif, 2 (1,05%). Klagtes teen Spesiale Onderwys het by 4 ouers (2,1%) voorgekom en vier ouers het gevoel dat hulle nie die kinders met tuiswerk kan help nie. Twee ouers het gevra of daar 'n probleem is.

Item 29

Waarvan ek die meeste hou in verband met die Spesiale Klas is

Hierdie item is deur 26 ouers nie voltooi nie. Die respons was dus 224 (89,6%).

Die aard van die sinstam is so dat ouers positief gereageer het ten opsigte van Spesiale Onderwys. Slegs 4 ouers (1,78%) het hulle teen die Spesiale Klas uitgespreek.

Die persoon van die leerkrag is verreweg die belangrikste faktor vir ouers en by 98 gevalle (43,75%) is hierdie feit beklemtoon. Ouers het veral gewag gemaak van die goeie verhouding wat daar tussen leerling en onderwyser in die Spesiale Klas bestaan. Hierdie verhouding lei tot 'n ontspanne atmosfeer wat in die opvoeding van die kind van groot belang is. Aansluitend hierby het 26 ouers (11,6%) gewys op die individuele aandag wat die leerlinge ontvang. Die kinders is gelukkiger volgens 17 ouers (7,58%); die leerlinge verkeer saam met andere met soortgelyke probleme, 16 ouers (7,14%); die leerlinge vorder beter, 12 (5,35%); die leerlinge doen meer handwerk, 11 (4,91%); Spesiale Onderwys bied die geleentheid om probleme makliker te hanteer, 7 (3,12%); meer tyd kan aan die onderskeie vakke bestee word, 8 (2,67%); leerlinge werk teen eie tempo, 6 (2,67%); die klasse is kleiner, 4 (1,78%); Spesiale Onderwys bied 'n goeie algemene voorbereiding aan die leerlinge, 5 (2,23%) en 2 ouers het dit verwelkom dat hierdie onderwys tot

ambagsopleiding lei. Een ouer het die maandelikse verslae wat deur 'n besondere skool oor die leerlinge uitgestuur word, hoog op prys gestel.

In hierdie reaksie van ouers word 'n baie goeie insig in die voordele en doelstellinge van Spesiale Onderwys getoon. Dit is nodig vir die voorligter om hierdie verkreë insigte van ouers oor te dra aan ouerpare wat teen oorplasing gekant is.

<u>Item 30</u>

As iets met my moet gebeur, dan is my kind

Hierdie sinstam is deur 44 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 206 (82,4%).

Die reaksie word gekenmerk deur uiterstes van pessimisme en optimisme.

'n Totaal van 26 ouers (12,62%) was baie besorg en het gevoel dat hul kind verlore sal wees. Aansluitend hierby het 3 ouers (1,45%) dit gestel dat hul kind verlore sal wees, want die leerling sal nie verder wil leer nie. Vier ouers (1,94%) sien dat die kind 'n moeilike lewe sal voer indien die ouer nie meer daar is nie. Voorts verklaar 4 ouers (1,94%) dat hul kind altyd afhanklik van andere sal wees.

'n Groep van 26 ouers (12,62%) stel dit dat so 'n gebeurtenis die kind hoogs ontsteld sal maak; 5 ouers (2,42%)

dat die kind ongelukkig sal wees; 2 ouers (0,97%) dat die kind alleen sal wees en 2 ouers het met verontrusting aan die toekoms gedink.

'n Baie meer optimistiese siening word deur 'n groot aantal ouers gehuldig. So stel 16 ouers (7,76%) dit dat die kind se toekoms versker is en 21 ouers (10,19%) dat die leerling vir homself sal kan sorg. Versorging deur die oorblywende eggenoot of andere word as volg genoem: in die sorg van die moeder, 12 gevalle (5,82%); in die sorg van die vader, 12 (5,82%); in die sorg van broers en susters, 2 (0,97%); by familie, 24 (11,65%); 14 ouers (6,70%) het slegs verklaar dat die kind goed versorg sal wees. Vier ouers is vol vertroue dat die leerling tog wel sy skoolopleiding sal voltooi.

Item 31

My kind word maklik ontsteld wanneer

Hierdie sinstam is deur 32 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 218 (87,2%).

Die reaksies wat deur ouers beskryf is by hierdie sinstam, bevestig die stelling wat reeds gemaak is dat die gestremdheid van die Spesiale Klas-leerling nie saamgaan met 'n emosionele afstomping nie. Die omstandighede waarin die Spesiale Klas-leerlinge ontsteld word, soos deur die ouers waargeneem, verskil klaarblyklik nie in sy wese van dit wat die kind in die gewone klasse ook emosioneel sal raak nie. Uitsonderinge hier is slegs situasies wat direk op die Spesiale Klas en die leerlinge se onvermoë op bepaalde terreine betrekking het.

Die grootste groep ouers, 33 (15,13%), het melding gemaak van die effek wat dit het wanneer die kind geterg word en 'n verdere 12 ouers (5,5%) het spesifiek daarna verwys wanneer 'n refleksie op die Spesiale Klas gewerp word.

'n Totaal van 27 ouers (12,38%) het geskryf dat die kinders ontsteld word wanneer hulle hard aangespreek word by die huis en, volgens 24 ouers (11,09%), wanneer dit by die skool gebeur. Word die kind belet om dinge te doen en voel hy gefrustreerd, sal hy ontsteld raak soos deur 20 ouers (9,17%) waargeneem. Ook meld 18 ouers (8,25%) dat die leerling emosioneel reageer as die leerling van mening is dat hy onbillik behandel word.

Probleme by die huis speel 'n groot rol volgens 4 ouers (1,83%) en 'n verdere 10 ouers (4,58%) noem die effek wat siektes van die ouers het.

Die onvermoë van leerlinge om sekere take te verrig, word deur 24 ouers (11%) gestel. Die onvriendelike optrede van andere by geleentheid word deur 9 ouers (4,12%) genoem; die waarneming van geweld deur 6 ouers (2,75%) en die ontbreking van erkenning aan die leerling deur 4 ouers (1,83%).

<u>Item 32</u>

Ek dink dat die onderwysers by die skool

Hierdie sinstam is deur 38 ouers onvoltooid gelaat. Die

respons was dus 212 (84,8%).

Die goeie gesindheid teenoor en erkenning vir die werk wat leerkragte doen, blyk uit die response op hierdie sinstam. Die grootste getal ouers, 74 (34,9%) het met lof na leerkragte verwys. Bykomend by hierdie groep het 24 ouers (11,32%) gewys op die begrip wat die onderwysers vir die kinders toon; 15 ouers (7,07%) het gewys op die hulpvaardigheid van leerkragte; 8 ouers (3,77%) het gemeld dat die personeel gewoonlik vriendelik en geduldig is en 11 ouers (5,18%) het hul bewondering uitgespreek vir die moeilike taak wat onderwysers verrig. Vir die doel van hierdie ontleding is 191 response in berekening gebring en van hierdie getal het 132 ouers (69,1%) dus 'n baie gunstige beeld van die verhouding ouer-onderwyser gelewer.

In teenstelling hiermee het 59 ouers (30,89% van die response wat vir hierdie ontleding gebruik is) response gegee wat moontlik as krities beskou kan word. Hiervan het die grootste getal, naamlik 14 ouers (6,6% van die totale getal response op hierdie item) dit gestel dat leerkragte meer aandag aan die leerlinge moet gee; 9 ouers (4,24%) dat leerkragte 'n beter gesindheid teenoor leerlinge moet openbaar; 9 ouers (4,24%) dat onderwysers beter opgelei moet wees; 6 ouers (2,83%) dat leerkragte meer dikwels die leerlinge met ouers moet bespreek; 7 ouers (3,3%) dat meer geduld beoefen moet word; 5 ouers (2,35%) dat daar strenger opgetree moet word teen leerlinge en 4 ouers dat leerkragte nie hul humeur moet verloor nie.

verloor nie.

Item 33

Ek het/het nie die vrymoedigheid om my kind se probleme met my vriende en bure te bespreek/bespreek nie, omdat

Hierdie sinstam is deur 23 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 227 (90,8%).

Van die totale response op hierdie item het 113 ouers (48,77%) dit gestel dat hulle nie die vrymoedigheid het om hul kind met vriende of bure te bespreek nie terwyl 92 ouers (40,5%) dit wel sal doen.

Die redes wat eersgenoemde groep verstrek, is soos volg: dit is nie 'n aangeleentheid vir daardie persone nie, 42 ouers (18,5%); ander persone begryp dit tog nie, 23 (10,13%); die inligting sal teen die betrokke ouer of kind gebruik word, 15 (6,6%) (daar word nie gestel hoe dit gebruik sal word nie - blykbaar is die ouer bang dat daar op onvriendelike wyse na die kind verwys sal word); 8 ouers (3,52%) het slegs gestel dat hulle nie die vrymoedigheid het nie, sonder om redes te verstrek; dit sal die kind seermaak as hy weet dat sy probleme met andere bespreek word, 5 (2,2%); die vriende of bure het nie dieselfde probleem nie, 4 (1,76%); hulle stel tog nie belang nie, 3 (1,32%); hulle sal die kinders kritiseer, 7 (3,08%) en 2 ouers het gevoel dat hulle nie werklik advies het nie. Ten laaste het 4 ouers (1,76%) dit gestel dat hulle skaam is om die kind met andere te bespreek.

Om 'n verskeidenheid redes het 92 ouers (40,5%) gevoel dat hulle wel die vrymoedigheid het om hul kind met vriende en bure te bespreek. By 26 ouers (11,45%) is dit 'n natuurlike handeling, aangesien hulle nie skaam is vir die kind nie; daar is niks met die kind verkeerd nie, 10 ouers (4,4%); andere kan soms goeie advies gee, 9 (3,96%) 'n verdere 9 ouers (3,96%) het dit gestel dat hulle die vrymoedigheid het, maar sonder om redes te verstrek; dit is geen skande om stadig te leer nie, 8 ouers (3,52%); ander persone kan dalk weet van 'n soortgelyke probleem, 7 ouers (3,08%); familie en vriende gee dikwels aanmoediging, 3(1,32%) en 2 ouers (0,88%) het gevoel dat hulle hul kind beter verstaan na so 'n bespreking.

<u>Item 34</u>

Hoewel my kind 'n leerprobleem het, wil ek graag hê dat hy/sy

Hierdie sinstam is deur 31 ouers nie voltooi nie. Die respons was dus 219 (87,6%).

Die oorheersende indruk wat verkry word by die ontleding van hierdie response is die gees van optimisme en verwagting wat by ouers aanwesig is. Gevalle waar onrealistiese mikpunte gestel is, was in werklikheid minimaal en het ouers 'n nugtere siening van die situasie geopenbaar. Verwagtinge wat beskryf is, is normaal en kon deur enige groep ouers gestel gewees het.

'n Totaal van 43 ouers (10,63%) wil graag hê dat die kind

'n sukses van sy lewe sal maak en saam hiermee verwag 11 ouers (5,02%) dat die kind 'n goeie loopbaan sal volg. 'n Ambagsopleiding word deur 23 ouers (10,5%) in die vooruitsig gestel.

Opleiding speel 'n groot rol in die verwagtinge van die ouers. So stel 35 ouers (15,98%) dit dat die leerlinge die hoogs moontlike opleiding moet kry; 17 ouers (7,76%) dat naskoolse opleiding gevolg moet word en 12 ouers (5,47%) dat die leerling S t. 8 moet slaag, (dit kan aanvaar word dat daar seker na Alt. St. 8 verwys word). Hierdie sertifikaat sal blykbaar vanaf 1980 nie meer uitgereik word nie. Die benaming van die hoogste eksamen in 'n Spesiale Skool sal, volgens huidige aanduidinge, Jaarvlak 5 wees. Sukses op skool word deur 19 ouers (8,67%) genoem; gelukkig wees op skool is vir 7 ouers (3,19%) belangrik en die hoop word deur 5 ouers (2,28%) uitgespreek dat die kind voldoende aandag op skool moet kry en deur 10 ouers (4,56%) dat die leerling sy bes moet probeer. Aanvaarding deur die samelewing word deur 13 ouers (5,96%) gestel.

Item 35

Ek dink dat 'n onvoltooide sinne-vorm soos hierdie

Hierdie sinstam is deur 51 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 199 (79,6%).

Van die 176 voltooide sinstamme wat vir hierdie ontleding

in berekening gebring is (88,44% van 199) was 147 (73,86% van die totaal, 199) ten gunste van die sinsvoltooiing soos aangebied. 'n Totaal van 29 ouers (14,57%) het hulle sterk daarteen uitgespreek.

Gunstige oorweginge van die ouers was die volgende :

Die meeste ouers, 67 (33,66%) het bloot gestel dat dit 'n goeie idee is sonder om 'n besondere rede te noem; dit help die ouer om sy gevoelens te lug, 22 (11,05%); dit kan van belang wees vir leerlinge in die Spesiale Klas, 14 (7,03%); dit kan 'n doel dien, sonder om te spesifiseer, 9 (4,52%); dit sal die onderwyser help om die ouer beter te verstaan, 9 (4,52%); dit kan waardevolle inligting na vore bring, 9 (4,52%); dit kan tot beter insigte lei, 7 (3,51%); dit kan help om probleme op te los, 5 (2,51%); ouers verwelkom dit as iemand belang stel in die kinders, 5 (2,51%).

In teenstelling hiermee het 18 ouers (9,04%) gevoel dat die vorm te lank was en die oorblywende 11 ouers (5,52%) het dit gestel dat dit sinneloos is, ou wonde oopkrap, vaag is, te veel tyd in beslag neem, nie van hulp is nie, strikvrae is en die vrae te veel herhaal word.

<u>Item 36</u>

Ek bekommer my veral oor

Hierdie sinstam is deur 51 ouers nie voltooi nie. Die respons was dus 199 (79,6%).

Die bewoording van die sinstam is van so 'n aard dat ouers noodwendig 'n probleem stel. Die toekoms en wat dit vir die kind inhou, is 'n bron van kommer vir 110 ouers (55,27%). Aansluitend hierby word die toekomstige loopbaan van die kind deur 15 ouers (7,53%) genoem. Persoonlike probleme van die kind soos spraakprobleme, gesondheidsprobleme en probleme van emosionele aard word deur 21 ouers (10,55%) gestel en aspekte wat te make het met die kind se vordering op skool, deur 24 ouers (12,06%). Die leerling se onvermoë om onafhanklik op te tree en besluite te neem, is deur 7 ouers (3,51%) as 'n bron van kommer gestel; probleme rondom 'n dogter wat adolessensie bereik, 4 ouers (2,01%) en die vrees van verkeerde maats, deur 6 ouers (3,01%). 'n Vrees dat die gemeenskap nie die leerling sal aanvaar nie, is deur 6 ouers (3,01) genoem.

<u>Item 37</u>

Ek dink die oorsaak van my kind se probleem

Hierdie sinstam is deur 43 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 207 (82,8%).

Die doel van hierdie sinstam was om 'n insig te verkry in die ouerlike siening van die oorsaak van die probleem. Om hierdie rede word die oorsake soos deur die ouers gestel in 'n paar groepe ingedeel. Verreweg die grootste getal ouers, 77 (37,19%) stel dit dat die probleem 'n organiese basis het. Dit kan beserings voor, tydens en na geboorte wees of epilepsie, doofheid en so meer. Die volgende groot groep is 38 ouers (18,35%) wat die blaam vir die gestremdheid op die skool plaas. Daarna volg 'n groep van

20 ouers (9,66%) wat die toestand aan huislike omstandighede wyt. Ouers skryf van gebroke huise, alkoholisme, gebreklyding en 'n ontwrigte voorskoolse periode. 'n Getal van 17 ouers (8,21%) plaas die blaam op die kind self en voel dat met die nodige inspanning en selfdissipline die leerling die toestand kan oorkom. Daar is ook 16 ouers (7,72%) wat dit stel dat die oorsaak onbekend is en 3 ouers (1,44%) aanvaar die situasie soos dit is. Ten slotte is daar 6 ouers (2,89%) wat voel dat die toestand oorerflik is en 6 ouers (2,89%) wat voel dat hulle self skuld aan die toestand het.

Die noodsaaklikheid vir voorligting blyk ook duidelik uit die reaksies op hierdie sinstam.

Item 38

My kind is gelukkig/ongelukkig (skrap een) op skool, want

Hierdie sinstam is deur 18 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 232 (92,8%).

Van die totaal van 232 response het 193 ouers (83,18%) dit gestel dat hul kinders gelukkig is op skool, wat dus in hierdie geval eintlik Spesiale Onderwys bedoel. Die vernaamste redes wat gemeld word, kan as volg gegroepeer word: die grootste enkele rede was die feit dat die leerling van die leerkrag gehou het en die goeie verhouding tussen hulle, 68 ouers (29,95%). 'n Totaal van 26 ouers (11,45%) het gevoel dat die leerling nou met werk besig is wat hy kan hanteer; 18 ouers (7,92%) het dit gestel

dat hy nou met maats verkeer wat hom as gelyke behandel; 'n verdere 15 ouers (6,6%) het gemeld dat die leerling saam met kinders is wat dieselfde probleem het. 'n Totaal van 38 ouers (16,74%) het dit bloot gestel dat die kind van die skool hou sonder om redes te verstrek en 18 ouers (7,92%) het slegs aangedui dat die kind gelukkig op skool is sonder om te spesifiseer.

'n Totaal van 25 ouers (11,01%) het dit gestel dat hul kinders ongelukkig op skool is. Die grootste enkele rede was probleme met skoolwerk soos deur 5 ouers (2,2%) genoem; 4 ouers (1,76%) het probleme met die leerkrag genoem; 6 ouers (2,58%) het gevoel dat daar teen die kind gediskrimineer word en 5 ouers (2,2%) het gevoel dat die kind minderwaardig voel. Die res van die redes het betrekking gehad op bepaalde situasies waarin die leerling hom bevind het.

Item 39

Daar is tye wanneer

Hierdie sinstam is deur 74 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 176 (70,4%).

Hierdie sinstam het so 'n wye keuse van response uitgelok dat geen duidelike patroon na vore gekom het in 'n oorskouing van die reaksies nie.

Die grootste enkele reaksie was dié van 21 ouers (11,93%) wat response gelewer het wat daarop dui dat die kind gelukkig is op skool en 6 ouers (3,4%) dat goeie vordering op skool gemaak word.

In teenstelling hiermee het 10 ouers (5,68%) dit gestel dat die kind ongelukkig is op skool en 18 ouers (10,22%) dat die leerling die skoolwerk moeilik vind. Twyfel oor die raadsaamheid van Spesiale Klas-plasing word deur 10 ouers (5,68%) gestel en 8 ouers (4,54%) lewer kritiek teen die skool en 6 ouers (3,4%) verklaar dat hulle die aangeleentheid van leergestremdheid nie begryp nie.

Die kind se gedrag word ook genoem en 17 ouers (9,65%) maak melding van moeilike gedrag en opstandigheid van veral die ouer leerlinge. In teenstelling hiermee het 8 ouers (4,54%) geskryf oor die goeie ouer-kind verhouding wat daar bestaan. Die reaksie van die gemeenskap word ook hier deur 11 ouers (6,25%) genoem en kommer oor die toekoms deur 12 ouers (6,81%).

Interessant is dit dat by hierdie sinstam 20 ouers (11,36%) oor hul eie persoonlike, huweliks- en huislike probleme geskryf het en 'n bykomende 4 ouers (2,27%) het verklaar dat hulle moed opgee en geen oplossing vir hul probleme sien nie. Die noodsaaklikheid vir voorligting aan ouers en 'n kliniese benadering tot die ouer van die Spesiale Klas-leerling het duidelik na vore gekom by die ontleding van hierdie response. Die sinsvoltooiingstoets kan 'n waardevolle aanknopingspunt wees vir 'n voorligtingsonderhoud met sodanige ouers en 'n insig bied in die gemoedstoestand van die kliënt.

<u>Item 40</u>

My kind se huiswerk

Hierdie sinstam is deur 36 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 214 (85,6%).

Die ouer se rol word deur 22 ouers (10,28%) gestel en dit noem dat tuiswerk altyd onder toesig gedoen word, terwyl 4 ouers (1,86%) graag aan die tuiswerk sou wou meedoen, maar dat moderne metodes en leerstof te moeilik is. Die reaksies van ouers oor die leerlinge se tuiswerk is, met enkele uitsonderinge, baie gunstig. So verklaar 15 ouers (7%) dat daar geen probleme is nie; 9 ouers (4,2%) dat dit nie te moeilik is nie en 14 ouers (6,54%) dat die leerling die tuiswerk kan hanteer. Volgens 18 ouers (8,41%) word die werk gereeld gedoen en word dit goed voorberei volgens 'n verdere 10 ouers (4,67%); tuiswerk is meer aangenaam na Spesiale Klasplasing, 14 ouers (6,54%) en volgens 5 ouers (2,33%) skep die hantering van die tuiswerk 'n gevoel van selfvertroue en verantwoordelikheid by die kinders.

Ongunstige kommentaar word gelewer deur 6 ouers (2,8%) wat voel dat die tuiswerk te moeilik is, 11 ouers (5,14%) dat die leerling dit nie wil doen nie, 3 ouers (1,42%) dat die tuiswerk beter verduidelik moet word, 19 ouers (4,2%) dat die tuiswerk te min is en 2 ouers (0,93%) dat leerkragte nie die gedane tuiswerk kontroleer nie.

Die aangewese tyd vir die voltooiing van tuiswerk skyn in die middag net na skool te wees, volgens die mening van 11 ouers (5,14%).

Item 41

Wanneer my kind se broers en susters vrae oor hom stel, dan sê ek

Hierdie sinstam is deur 66 ouers nie voltooi nie. Die respons is dus 184 (73,6%).

Afgesien van 34 ouers (18,47%) wat dit gestel het dat daar nooit vrae gevra word nie, is die indruk dat die ouers die situasie goed hanteer en die vrae van broers en susters op verantwoordelike wyse hanteer. Die grootste getal response, 44 (23,91%) het geantwoord dat die kind gelukkig is en goed vorder. 'n Totaal van 24 ouers (13,04%) het verduidelik dat die kind nie so vinnig van begrip is nie en 5 ouers (2,71%) dat daar 'n organiese basis vir die kind se leerprobleem is. 'n Beroep word deur 18 ouers (9,78%) op die broers en susters gedoen om die kind te help en dat daar niks is waaroor hulle beskaamd hoef te wees nie. Voorts wys 11 ouers (5,97%) daarop dat mense verskil; 10 ouers (5,43%) dat die leerling vir sy eie beswil in die Spesiale Klas is en 7 ouers (3,8%) dat die leerling nie vir sy eie toestand verantwoordelik is nie. 'n Groep van 5 ouers (2,71%) het bloot geantwoord dat dit goed gaan, sonder om te verduidelik en 3 ouers (1,63%) het gewys op ander talente waaroor die leerling beskik.

Sommige ouers, 4 (2,17%), het die Spesiale Klas-leerling se posisie as 'n dreigement teen hul ander kinders gebruik en 'n verdere 4 (2,17%) ouers diskrimineer blykbaar teen

die leerling (die graad van die gestremdheid word egter nie genoem nie) deur hul ander kinders tot dankbaarheid te maan oor die feit dat hulle nie soos die leerling is nie.

<u>Item 42</u>

Wanneer ek met my vriende of bure oor my kind in die Spesiale Klas gesels, dan sê hulle ek behoort

Hierdie sinstam is deur 61 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 189 (75,6%).

Benewens 38 ouers (20,1%) wat dit gestel het dat hulle nie hul kind met andere bespreek nie, kan die reaksies hoofsaaklik in twee groepe verdeel word afhangende van die gesindheid teenoor die gestremde kind en Spesiale Onderwys.

Die grootste reaksie was dat die leerling in die Spesiale Klas moet bly omrede die vordering wat kan plaasvind. Hierdie advies van vriende en bure is deur 45 ouers (23,8%) genoem; 18 ouers (9,52%) noem dit dat die reaksie wat hulle ontvang, gewoonlik bemoedigend en gerussstellend is; 16 ouers (8,46%) meld dat die advies aan ouers is om die leerling aan te moedig en 8 ouers (4,23%) dat die kind se opleiding op ambagsopleiding gerig moet wees. Vyf ouers (2,64%) het dit gestel dat vriende en bure nie die situasie begryp nie en daar kan nie op hul mening peil getrek word nie.

In teen stelling met die bostaande reaksies het 13 ouers (6,87%) die mening gehoor dat die ouer nooit toestemming tot oorplasing moes gegee het nie; 'n verdere 13 ouers

(6,87%) dat die kind uit die Spesiale Klas geneem moet word en 12 ouers (6,34%) dat die leerling na 'n kosskool gestuur moet word.

Item 43

Wat my die meeste sal help om my kind goed te verstaan

Hierdie sinstam is deur 72 ouers nie voltooi nie. Die respons was dus 178 (71,2%).

Die feit dat 'n opvallende kenmerk van die response die soeke na professionele hulp is, hetsy besprekings met onderwysers, 22 ouers (12,35%) of hulp en leiding van ander professionele persone, 16 ouers (8,98%), laat die indruk dat daar 'n kommunikasiegaping is tussen die ouer en opgeleide persone in hierdie veld.

Ook die kommunikasie tussen ouer en kind skyn probleme te skep. Die wens vir 'n goeie verhouding word deur 19 ouers (10,6%) gestel en 22 ouers (12,35%) verklaar dat hulle die leerling beter sal verstaan as die kind die ouer in sy vertroue sal neem. 'n Verdere 5 ouers (2,8%) verklaar dat hulle graag alles met die leerling sal wil bespreek en 11 ouers (6,17%) dat hulle sy probleme met hom wil deel. Hulp met skoolwerk word deur 13 ouers (7,35%) genoem.

Om die leerling met ander ouers van kinders in die Spesiale Klas te bespreek, word deur 6 ouers (3,37%) gestel;

om die oorsaak van die probleem te weet deur 7 ouers (3,93%) en 19 ouers (10,6%) verklaar dat daar reeds 'n goeie verhouding tussen ouer en kind is.

Item 44

Die res van die skool

Hierdie sinstam is deur 81 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 169 (67,6%).

By ontleding van die response by hierdie sinstam blyk dit dat ouers oor die algemeen positief ingestel is teenoor die res van die skool. So verklaar 31 ouers (18,34%) dat die res van die skool die Spesiale Klas-leerling goed behandel, 18 ouers (10,65%) dat die leerling deur die skool aanvaar word; 14 ouers (8,28%) dat die kind die skool geniet en 6 ouers (3,55%) dat die skool begrip toon vir die kind in die Spesiale Klas. Voorts stel 29 ouers (17,15%) dit dat die skool goed funksioneer en dat die ouers geen klagtes het nie.

Veel kleiner groepe ouers lug tog wel besware teen die res van die skool. Die grootste klagte is dat leerlinge op die Spesiale Klas neersien, 18 ouers (10,65%); 4 ouers (2,36%) meld dat die ander leerlinge meerderwaardig voel, terwyl 6 ouers (3,55%) wys op die gevoelloosheid wat kinders kan openbaar. In hierdie verband stel 10 ouers (5,91%) voor dat die res van die skool geleer moet word om die probleem van die Spesiale Klas-leerling te begryp. Twee ouers voel so sterk oor die behandeling

wat hul kinders aan die hand van die res van die skool ontvang dat 'n eie laerskool, net vir Spesiale Klasse, bepleit word.

<u>Item 45</u>

As ek een wens vir my kind kan kry, dan is dit

Hierdie sinstam is deur 36 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 214 (85,6%).

By die beskouing van die response by hierdie sinstam is onrealistiese wense wat daarop dui dat die probleem nie moes bestaan het nie, buite rekening gelaat.

Dertig ouers (14%) het die wens uitgespreek dat die leerling 'n goeie opvoeding moet geniet, terwyl 'n goeie skoolprestasie volgens 24 ouers (11,21%) belangrik is.
'n Goeie loopbaan is die wens van 30 ouers, (11,68%) en 15 ouers (7%) spreek die hoop uit dat die kind hom by die volwasse lewe sal kan aanpas, terwyl 'n verdere 18 ouers (8,41%) dit slegs stel dat hulle hoop dat die kind gelukkig sal wees. Die genieting van gesondheid is die belangrikste wens van 19 ouers (8,87%). Die waarde van 'n ambagsopleiding word deur 12 ouers (5,6%) gestel.

Drie ouers (1,4%) spreek die wens uit dat hul kind in die toekoms sonder die stigma van Spesiale Klas-bywoning sal wees.

<u>Item 46</u>

Ek vind groot plesier daarin

Hierdie sinstam is deur 39 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 211 (84,4%).

Response wat betrekking het op die vordering van die leerling vorm die gunstigste reaksie. 'n Totaal van 66 ouers (31,27%) het die kind se skolastiese ontwikkeling as die belangrikste bron van voldoening gesien. Aansluitend hierby is 'n groep van 39 ouers (18,48%) wat die kind gelukkig wil sien sonder om te spesifiseer, terwyl 28 ouers (13,27%) hul genot daarin vind deur die kind te help en resultate waar te neem.

Vir 29 ouers (13,74%) is dit genoeg om net die kind naby hulle te hê en te kommunikeer. Die opvoedingsproses verskaf groot vreugde volgens 17 ouers (8,05%) terwyl die waarneming van die kind se optrede teenoor andere vir 5 ouers (2,36%) 'n bron van genot is. Vier ouers (1,89%) meld dat hulle bly is oor die geleenthede wat vir verdere opleiding aan die kind gebied word.

Item 47

Die werk wat hulle in die Spesiale Klas doen

Hierdie sinstam is deur 41 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 209 (83,6%).

Die reaksie by hierdie sinstam was so positief dat die Onderwysdepartement en die leerkragte inderdaad seker kan wees van die waardering en erkenning deur ouers vir die werk wat in die betrokke Spesiale Klasse gedoen word.

Die grootste groep ouers, 76 (36,36%) het dit bloot gestel dat die werk wat gedoen word, goed is, sonder om te spesifiseer. 'n Totaal van 34 ouers (16,26%) het dit beskryf as interessant, waardevol en tog maklik, terwyl 27 ouers (12,91%) die werk as prakties vir die stadige leerder beskryf. Vir 11 ouers (5,26%) lê die waarde daarin dat dit die kind gelukkig maak en 4 ouers (1,91%) sien dit as 'n goeie voorbereiding vir die kind se toekoms. Die feit dat die kind kan vorder, word deur 6 ouers (2,87%) genoem en dit help die kind om onafhanklik te wees, 2 ouers. Drie ouers het die werk gesien as synde dieselfde as wat in die gewone klasse gedoen word, maar die tempo is stadiger.

Slegs 23 ouers (11%) het kritiek uitgespreek en het ondermeer die volgende genoem: onvoldoende dekking van sillabus, 2 response; te maklike werk, 6 (2,87%); te veel herhaling, 3; soms te moeilik, 3; swak toekomsmoontlikhede, 4 response.

Item 48

My advies aan ouers met 'n soortgelyke probleem is

Hierdie sinstam is deur 39 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 211 (84,4%).

Die advies om die leerling in die Spesiale Klas te plaas,

is die reaksie by 76 ouers (36,01%). Dit was die grootste enkele respons by hierdie sinstam. 'n Totaal van 49 ouers (23,22%) het dit gestel dat ouers die kind moet bystaan en 22 ouers (10,42%) dat die situasie aanvaar moet word en 6 ouers (2,84%) dat geduld beoefen moet word.

Die hulp van opgeleide persone is belangrik vir ouers en 25 ouers (11,84%) het die advies gegee dat die kinders deur professionele persone ondersoek moet word en 13 ouers (6,16%) het voorgestel dat ouers die situasie met die hoof en leerkragte bespreek.

Slegs 8 ouers (2,84%) het die advies gegee om nie toestemming tot Spesiale Klas-plasing te gee nie.

Item 49

My kind se bekwaamhede

Hierdie sinstam is deur 58 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 192 (76,8%).

Volgens die reaksie van die ouers skyn handwerk die oorheersende bekwaamheid van die Spesiale Klas-leerling te wees. Hierdie respons is deur 61 ouers (31,77%) gegee. Aansluitend hierby het 6 ouers (3,12%) meganiese werk genoem.

Die bekwaamhede van die leerling is deur 21 ouers (10,93%) as goed bestempel en deur 20 ouers (10,41%) as normaal; 'n aanleg vir tale is deur 12 ouers (6,25%) genoem en vaardigheid in sport deur 7 ouers (3,64%).

Die feit dat die bekwaamhede van die leerlinge beperk kan wees, word deur 8 ouers (4,16%) gestel en 7 ouers (3,64%) stel dit dat die kind sy bes doen. Vier ouers (2,08%) sien die kind se grootste bekwaamheid in die handhawing van goeie menslike verhoudinge.

Drie ouers het gevoel dat die leerlinge se bekwaamhede nie in die Spesiale Klas tot ontwikkeling kan kom nie.

Item 50

Ek behandel my kind

Hierdie sinstam is deur 22 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 228 (91,2%).

Die reaksie wat die meeste voorgekom het, was die respons van 107 ouers (46,92%) dat die kind wat in die Spesiale Klas is, dieselfde behandeling aan die hand van die ouer ontvang as die ander kinders van die gesin. 'n Totaal van 34 ouers (14,91%) het dit gestel dat die behandeling van die kind die beste is wat die ouer kan doen, terwyl 23 ouers (10,09%) dit as goed bestempel het en 25 ouers (10,96%) geskryf het dat die kind met begrip behandel word.

Kleiner groepe ouers het reaksies aangedui wat wissel van 'n strenge behandeling, 10 (4,38%); al die aandag wat die kind nodig het, 5 (2,19%); soos 'n gelyke, 5 (2,19%) tot minder streng as met ander kinders, 6 (2,63%).

Item 51

Die Spesiale Klas, volgens my mening

Hierdie sinstam is deur 28 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 222 (88,8%).

Soos by vorige items wat oor die Spesiale Klas gehandel het, was die reaksie ook hier ten gunste van Spesiale Onderwys. Die reaksie dat die Spesiale Klas "goed" is of selfs uitstekend, het by 132 ouers (59,45%) voorgekom en dat die Spesiale Klas 'n goeie doel dien, by 64 ouers (28,82%). In teenstelling hiermee het 9 ouers (4,05%) dit gestel dat die klasse inderdaad nie goed is nie en van hierdie groep het 2 ouers voorgestel dat die klasse afgeskaf word. Ook het 4 ouers (1,80%) voorgestel dat die benaming Spesiale Klas deur 'n ander betiteling vervang moet word. Hierdie reaksie is by vorige items ook teëgekom en is in totaal deur 11 ouers gestel.

Item 52

Wanneer 'n kind na die Spesiale Klas oorgeplaas word

Hierdie sinstam is deur 42 ouers onvoltooid gelaat. Die respons was dus 208 (83,2%).

Van die response wat in berekening gebring is, het 146 (70,15%) van die totaal gunstige reaksies teenoor verskeie aspekte geopenbaar terwyl 46 ouers (22,08%) hulle daarteen uitgespreek het.

Die response op hierdie items word ook gekenmerk deur die groot verskeidenheid aspekte wat genoem word. Die

sinstam het hom daartoe geleen dat ouers se reaksies in verskeie rigtings beweeg het.

Die grootste enkele reaksie was van 34 ouers (16,34%) wat dit gestel het dat die oorplasing aanvaarbaar is as dit aan die leerling verduidelik word. Aansluitend hierby meld 15 ouers (7,21%) dat die mededeling baie taktvol hanteer moet word sodat die leerling nie voel dat hy 'n mislukking is nie.

Die waarde van die oorplasing word deur 60 ouers (28,84%) gestel van wie 28 ouers (13,46%) gevoel het dat dit tot voordeel sal wees en 32 ouers (15,38%) dat vordering dan makliker plaasvind. Indien oorplasing nodig blyk te wees, moet dit volgens 9 ouers (4,32%) aangemoedig word, terwyl 4 ouers (1,92%) verklaar het dat hulle bly was toe oorplasing plaasgevind het.

'n Uiteenlopende reeks response waarvan die frekwensie tot een of twee ouers beperk is, is teengekom. So het ouers die volgende stellings betreffende oorplasing gemaak: dit moet aanvaar word, dit stel hoë eise aan die onderwyser, die leerling ondergaan 'n verandering, dit is 'n voorbereiding vir sy toekoms, die skoolhoof moet die mededeling aan die kind doen, die ouer moet die mededeling doen, dit duur geruime tyd vir die ouer om aan te pas, dit moet so vroeg as moontlik in die kind se lewe gebeur, oorplasing geskied op grond van 'n goeie rede en ouers en onderwysers moet dan byeen kom om die leerling te bespreek. 'n Interessante respons was dié van 'n ouer wat dit gestel het dat oorplasing die begin

is van die kind se stryd om sy probleem te oorkom.

Die grootste besware wat ouers gevoel het, was dat die leerling 'n minderwaardigheidsgevoel ontwikkel, 6 ouers (2,88%); dat oorplasing 'n skok vir die ouers is, 6 ouers (2,88%); dat die leerlinge geterg word, 5 ouers (2,4%); dat daar geen toekoms is nie, 3 ouers (1,44%); dat die leerlinge skaam voel, 4 response (1,92%); dat dit 'n teleurstelling is, 3 (1,44%) terwyl 7 ouers (3,36%) gevoel het dat die leerling ontwrig voel in die nuwe situasie.

<u>Item 53</u>

My ander kinders

Hierdie sinstam is deur 53 ouers nie ingevul nie. Die respons was dus 197 (78,8%).

Die sinstam is deur ouers op verskillende wyse geïnterpreteer. Ouers het gereageer deur feite betreffende die ander kinders te noem, terwyl ander ouers die reaksies van die res van die gesin teenoor die Spesiale Klas-leerling of Spesiale Onderwys in die algemeen gestel het.

Die grootste respons was van 81 ouers (41,11%) wat hul ander kinders as normaal beskryf het en 26 ouers (13,19%) wat hul ander kinders as gemiddeld beskou het, terwyl 13 ouers (6,59%) dit gestel het dat geen probleme ondervind word nie. In hierdie verband het 22 ouers (11,16%) genoem dat van hul ander kinders ook in die Spesiale Klas was en 5 ouers (2,53%) het van ernstige gestremdheid melding gemaak.

'n Totaal van 17 ouers (8,62%) het die reaksie van hul ander kinders beskryf en gemeld dat die broers en susters die Spesiale Klas-kind sonder voorbehoud aanvaar en dat daar geen verskil in optrede is nie. Slegs een ouer het dit gestel dat die res van die gesin nie daarvan hou dat een van die lede in 'n Spesiale Klas is nie. Daar was ook teenstrydige menings by ouers oor Spesiale Klas-plasing. Twee ouers het verklaar dat hul ander kinders onder geen omstandighede oorgeplaas sal word nie, terwyl ook twee ouers dit gestel het dat hul graag hul ander kinders sal oorplaas indien dit nodig blyk te wees.

## 7.7 Beknopte samevatting van gevolgtrekkings na aanleiding van groepering van response volgens 7 velde soos deur Thurston gestel.

Aangesien die response per onderskeie items reeds behandel is, word hier slegs 'n kort samevattende beskouing gegee.

Veld 1. Reaksies en besorgdhede van ouers.

Thurston beskryf die veld as volg: "Reactions and concerns of parents: ... cover the personal reactions and worries of the parents."

Die volgende items word by hierdie veld ingesluit: 2, 5, 7, 10, 11, 13, 16, 17, 19, 24, 25, 26, 27, 28, 30, 36, 43, 46, 48, 50.

Die veld het met 'n verskeidenheid aspekte te make. Dit

dek ouerlike houdings ten opsigte van besprekings met ander ouers, wyse waarop die ouer van oorplasing in kennis gestel is, vermoëns van die kind, fasette van die probleem wat die ouer nie verstaan nie, ook wat die ouer moeilik kan aanvaar, ouerlike reaksie by oorplasing, siening van die kind se toekoms, wat die ouer soms ontstel, die beste wat nog met die kind gebeur het, ouerlike vrese, ouerlike houding ten tyde van oorplasing, advies aan ander ouers en optrede teenoor die kind.

Dit is duidelik dat hierdie veld 'n wye verskeidenheid ouerlike reaksies dek wat afsonderlik in die vorige gedeelte bespreek is en nie hier herhaal sal word nie. In die lig van Thurston se beskrywing: "cover the personal reactions and worries of the parents," kan daar tot die gevolgtrekkings gekom word dat by die meeste gevalle, soos blyk uit die voorafgaande ontleding, daar 'n positiewe siening by ouers was oor die verskillende aspekte en dat Spesiale Onderwys in geen geringe mate 'n bydrae gelewer het om die ouerlike las, as gevolg van sy kind se onvermoë, te verlig nie.

<u>Veld 2</u>. Houdings van ouers ten opsigte van die kind se tevredenheid - ontevredenheid.

Thurston stel die veld as volg: "Attitudes regarding the child's satisfaction - discomfiture : ...... relate to specific things or circumstances the child either likes or dislikes."

Die items wat hierdie veld insluit, is: 1, 4, 12, 14, 20, 31, 38, 49.

Ouers het verwys na erkenning deur die skool, ouers en andere, verbintenisse met die huis en gesinslede, toekomsverwagtinge en sekuriteit wat opleiding bied, die aard van Spesiale Klas-werk, sport, die goeie gesindheid van die leerkrag, maats en die skoollewe in die algemeen. Hierdie aspekte word deur ouers genoem as fasette van die lewe wat hul Spesiale Klas - kind gelukkig maak; trouens die positiewe siening van die skool, en veral die Spesiale Klas kom sterk na vore soos dit uit die ontleding van die response op die onderskeie sinstamme geblyk het.

Aspekte rakende die kind se probleme het hoofsaaklik betrekking op die leerling se onvermoë om vaardighede soos lees, spel, en berekeninge te bemeester. Probleme in verband met konsentrasie en retensie is ook genoem. Leerlinge se gevoeligheid oor die houding en reaksies van die gemeenskap het duidelik geblyk.

Veld 3. Houdings van ouers ten opsigte van broers en susters.

Thurston stel die veld as volg: "Reactions of brothers and sisters: .... give information about how the siblings feel about the handicapped child." Die reaksies op hierdie drie sinstamme kan ook anders vertolk word as Thurston se siening. Dit kan ook gesien word dat dit in werklikheid die ouer se siening is van die reaksies van broers en susters.

In hierdie lig gesien, is die reaksies oor die algemeen positief, soos uit die onderskeie ontledings blyk en dra

ouers daartoe by om die normaliteit van die situasie so veel as moontlik te beklemtoon. Is die gestremdheid opvallend probeer die meeste ouers om 'n verklaring te bied en die broer of suster te help om die posisie te aanvaar.

Items 15, 41, 53 het op hierdie veld betrekking.

Veld 4. Houdings ten opsigte van reaksies van die gemeenskap, vriende en bure.

Thurston stel hierdie veld as volg: "Reactions of community, friends and neighbours: ... Show how the community and its members relate to the handicapped child and his treatment."

Daar kan weer met Thurston verskil word ook met hierdie verduideliking - die onderskeie items oor hierdie veld kan gesien word as die ouerlike siening van die reaksies van die gemeenskap.

Die items wat hierdie veld insluit, is 3, 6, 23, 33, 42.

Aanvaarding deur die samelewing is die vernaamste begeerte van ouers in hierdie verband en word op verskeie wyses gestel. Saam hiermee is ook die wens van ouers dat voldoende opleidings-fasiliteite geskep moet word. Aanvaarding en voorbereiding vir die toekoms weeg baie swaar by hierdie ouers.

Veld 5. Houdings teenoor Spesiale Klas en personeel.

Thurston beskryf hierdie veld as volg: "Attitudes toward the institution-hospital and the staff: ... deals with the specific reactions of the parents to the treatment facility and its staff. In this edition the inquiry

centers about the Northern Colony."

In die onderhawige ondersoek het die betrokke sinstamme betrekking op die Spesiale Klas en personeel. Die items wat hierdie veld insluit, is: 9, 18, 21, 29, 32, 44, 47, 51.

Die oorheersende indruk wat verkry word, is dat die meeste ouers gunstig ingesteld is teenoor die Spesiale Klas en die leerkragte. Kritiek teen die klasse het gegaan oor die optrede van besondere leerkragte, onkunde omtrent die doelstellings van die Spesiale Onderwys en onrealistiese ouerlike verwagtinge. Die response in hierdie veld het opnuut die noodsaaklikheid vir voorligting aan ouers beklemtoon.

Veld 6. Houdings betreffende die verwagtinge en hoop van ouers van die gestremdes.

